# 'N HISTORIES-KRITIESE ONDERSOEK NA DIE ARMOEDE-VRAAGSTUK ONDER DIE GEKLEURDE GEMEENSKAP VAN KAAPSTAD 1910-1933

DEUR

IZAK JACOBUS VAN DER VENTEL

VOORGELê TER VERVULLING VIR DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOCTOR PHILOSOPHIAE (D.PHIL.) IN DIE DEPARTEMENT GESKIEDENIS, UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

PROMOTOR: PROF. P.S. DE JONGH

MAART 1993

046270U

THE
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
301.441 VEN
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

OPGEDRA AAN DIE HERE JESUS CHRISTUS WAT "ALHOEWEL HY RYK WAS, HET HY TER WILLE VAN JULLE ARM GEWORD...". (2 KORINTIëRS 8:9)

INHOUD | BLADSY


VOORWOORD

INLEIDING

HOOFSTUK 1

AGTERGRONDSGESKIEDENIS: DIE ARMOEDE-ERFENIS 1652-1909.

HOOFSTUK 2

DRIE DEKADES VAN INTENSE ARMOEDE 1910-1933

HOOFSTUK 3

INSTANSIES WAT BY KAAPSTAD SE ARM GEKLEURDES BETROKKE WAS.

(i) Die African Methodist Episcopal Church (A.M.E.) Die Bethel-gemeente, Distrik Ses.
(ii) Die Ned. Geref.-Sendinggemeente S.A. Gestig.
(iii) Die Ebenezer-Sendinggemeente Kaapstad.
(iv) Die St. Stephen's Ned. Geref-gemeente.
(v) Die St. Mark's Anglikaanse Gemeente Distrik Ses.
(vi) Die General Board of Aid.

HOOFSTUK 4

DIE WISSELWERKENDE EFFEK VAN ARMOEDE EN GESONDHEID.

1. Siektes wat armoede weerspieel het.
   (a) Tuberkulose.
   (b) Kindersiektes: Diaree (Buikloop), dermontsteking en ingewandskoors.
2. Oorbewoning as siektefaktor.
3. Algemene liefdadigheid t.o.v die siektefaktor.
4. Die Groot Griepepidemie (1919).
5. Die Hospitaalraad.
6. Hospitale: Die Ou -en die Nuwe Somersethospitaal.
7. Die St. Monica's-tehuis (Kraaminrigting).

BLADSY

HOOFSTUK 5

DIE ONDERWYS EN ARMOEDE. 159

1. Die wese van die Onderwys.
2. Verpligte Onderwys
3. Die Sending-\Kerkskool
4. Salarisse van gekleurde leerkragte.
5. Verdere knelpunte.
6. Enkele uitstaande persone in gekleurde onderwys.
   (i) Harold Cressy.
   (ii) Janet Jackson.

HOOFSTUK 6

ARMOEDE EN ARBEID. 201

1. Die algemene toestand van die gekleurdes in die armoedeopset.
2. Geskoolde en ongeskoolde arbeid: Ambagte en ander soort werk.
3. Arbeidswetgewing.
4. Die gekleurdes se rol in die vakbondswese.

HOOFSTUK 7

ARMOEDE EN DIE SOSIALE LEWE. 242

1. Armoede en verwaarlosing.
2. Drankmisbruik: Bestryders: Die Independent Order of True Templers (I.O.T.T.).
3. Misdaad en sedelike verval. Die werk van (a) Suster Nannie en (b) Christiaan Ziervogel.

Sosiale Instansies:

1. Die Gemeenskapskas.
2. Die Marion-instituut.
3. Die Young Men's Christian Association (Y.M.C.A.) en die Slakesby-Lewis Hostels.
4. Die Heilsleër.

Die Eerste Wêreldsoorlog (1914-1918).
Kaapstad se gekleurdes se sosiale lewe.

BLADSY

HOOFSTUK 8

SLOTBESKOUING: 'N KRITIESE EVALUERING. 321

BYLAES. 332

BYLAE 1. Poem (on Khoi-khoi). 332

2. Colonial Secretary's Ministerial Division 333

3. Sentrale Kaapstad 1901; Oostelike Kaapstad, Sentraal- en Westelike Kaapstad. 335

4. - Plan van Kaapstad 1845. 338

5. - Plan van Kaapstad 1933. 339

6. Kaapstad se bevolkingsgroei en rassegroepe. 341

7. Statistiek Tuberkulose 1896-1911. 342

8. Grafiek: Report of the Medical Officer of Health, Cape Town 1902 - 1922. 343

9. Statistiek: Tuberkulose 1924. 344

10. Sterfgevalle:Witmense en nie-Witmense 1896-1911. 345

11. Arbeiders: Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens 1916 - 1936. 346

12. Ambagte: Gekleurdes en Witmense 1921-1951. 347

13. Ambagte\Beroepe van Bevolkingsgroepe Kaapstad, 1921. 348

14. Onderwystoelaes van gekleurde en wit kinders 1909-1925. 349

15. Huwelike: gemengde gekleurde spruite 1925-1936. 350

16. Verspreiding: Afhanklikheid in Kaapstad. 351

17. Uittreksel: Presidentsrede van dr. A.Abdurahman, A.P.O.-kongres van 1919. 352

18. Uittreksel: Presidentsrede van dr. A.Abdurahman, A.P.O.-kongres van 1921. 353

BRONNELYS 356

OPSOMMING 381

# VOORWOORD

Hierdie verhandeling is die vrug van intensiewe nadenke en navorsing oor die armoedesituasie van gekleurdes van Kaapstad gedurende die jare 1910-1933. Die tydperk is gekies omdat dit besonderlik die teelaarde vir armoede was en vername gebeure soos die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919), die Groot Griepepidemie (1918), die Groot Droogte (1930) en die Depressies van 1920-1922 en 1930-1932 (Groot Depressie). Dit is egter met ʹn historiese aanloop (1652-1909) voorafgegaan om die grondslag van die betrokke mense se voorsate se armoede sowel as dié van hulself deeglik uit te lig en op skrif te stel.

Die gekleurde gemeenskap is as onderwerp gekies omdat die meeste gekleurdes in Kaapstad saamgetrek was. Hul regstreekse voorsate, die inheemse Khoi-khoi was reeds van die begin van die wit nedersetting in die omgewing van die Kaap woonagtig. Hulle was in dié vroeë stadium welvarend; gemeet aan destydse standaarde, maar is spoedig tot ʹn verarmde, besitlose proletariaat gereduseer. Dit is deur die slinkse handels- en geweldsmetodes van die Europese nedersetters veroorsaak. Dit het die basis van die armoede-erfenis van hul nasate die Kaapse gekleurdes gevorm. Die Khoi-khoi het met verloop van tyd ʹn metamorfose ondergaan deur ondertrouery met ingevoerde slawe en van die nedersetters. Daaruit is ʹn bepaalde groep gebore en ontwikkel wat mettertyd met die benaming "Kaapse gekleurdes" geëtiketteer sou word.

Omdat die politieke faktor ʼn deurslaggewende rol in die armoede-toestand van die gekleurdes gespeel het is die jaar 1910, toe die Unie van Suid-Afrika totstand gekom het, as begindatum vir die proefskrif gekies. Die gekleurdes het hoë politieke verwagtinge gekoester want hulle was van mening dat met Groot-Brittanje as hul belangrikste kampvegter (die gekleurdes was bekend vir hul pro-Britse sentimente veral m.b.t die Anglo-Boereoorlog - 1899-1902) het hul gehoop om ʼn beter politieke bedeling te bekom. Die gekleurdes is egter uit die eenwordingsproses uitgesluit en hul vertoë en deputasies tot die Imperiale Parlement was futiel. Hulle moes in die heerskappy van die witmense in die Unie-Parlement berus. Dit het egter een positiewe gevolg gehad nl. dat die gekleurdes besef het dat hulle op hulself aangewese was. Hulle moes hul mense verder polities mobiliseer en organiseer.

Na diepgaande besinning rondom die haglike posisie van die betrokke mense is gevolglik besluit om ʼn wetenskaplik-gefundeerde verhandeling daaroor aan te pak. Die meeste mense het ʼn redelike goeie leke-kennis van die agtergrondsgeskiedenis van die armoedetoestand van die betrokkenes. Hulle het ook geregverdigde vermoedens m.b.t. die oorsake daarvan maar die feite moes byeengebring word en tot ʼn eenheid op skrif gestel word.

Met betrekking tot die belangrike geskiedgebeure wat die basis vir die verhandeling gevorm het is die tematiese metode gevolg en bepaalde strukture (o.a. gesondheid, onderwys en arbeid) is behandel.

Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919) byvoorbeeld het die gekleurde gemeenskap se reeds benarde posisie verder benadeel. Die gekleurdes het weereens Groot-Brittanje gesteun en gehoop dat na 'n Britse oorwinning daar vir hulle 'n beter bedeling, veral op politieke gebied sou aanbreek. Hulle hoop is weereens beskaam. Brittanje het nie aan hulle verwagtinge voldoen nie. Die gekleurde soldate wat van die oorlogsfront teruggekeer het is ook deur die regering van die dag swak behandel. Hul opoffering is in groot mate nie behoorlik gewaardeer nie en hul verarmde gemeenskap is nie beloon of tegemoet gekom nie.

Die Groot Griepepidemie wat feitlik die hele wêreld in 1918 getref het, het ook in Suid-Afrika uitgebreek. Ook Kaapstad en spesifiek die arm gekleurde gemeenskap was 'n teiken van die groot uitwisser van menselewens. Die armes was die kwesbaarste want vatbaarheid vir siektes en armoede was die natuurlike bondgenote vir die griepvirus.

Insgelyks het die Groot Depressie en die Groot Droogte (en ander van geringer aard onderskeidelik) tot die armoedesituasie bygedra. Depressie en armoede gaan hand aan hand. Benewens die aanverwante faktore wat die Depressie met hom saamgesleep het was

voedselgebrek die haglikste. Die gekleurdes van Kaapstad het ook die Depressie in sy volle trefkrag ervaar. Die Droogte, hoewel landelik van aard, het ook die lewe in die stede o.a. Kaapstad, swaar getref. Die plaasboer, die land se voorste voedselprodusent was swaar geteister en die hele land het daaronder gely. Bogemelde rampe het groot werkloosheid in die hand gewerk. Die nie-wit gemeenskappe, o.a. dié in Kaapstad, is hierdeur rampspoedig getref. 'n Stroom van wit - sowel as gekleurdes het na die stede gevloei. Dit het die toestande van die reeds verarmde gekleurde stadsbewoners vererger veral wat arbeid en liefdadigheid betref het.

Om die spoor van die gekleurdes se armoede te volg en op te diep was 'n belewenis en 'n voorreg. Dit het soms groot woede gewek en ook soms tot trane beweeg. Albei dié oorheersende gewaarwordinge was gedurende die hele proses van navorsing aanwesig. Die emosie het egter nie getriomfeer nie want die navorser moes met die strewe na objektiwiteit rekening hou.

Die traumatiese gebeure van die afgelope paar dekades met die volle aanslag van Apartheid (vanaf 1948) was jare van storm en drang. Die navorser het sy volle kwota daarvan ontvang! Hy het die voorreg gehad om vir meer as 'n geslag skoolkinders gedurende die swaarkryjare te onderrig en op te voed. Hy meld dit spesifiek en wil daardeur die relevansie daarvan regverdig omdat dit hom as't ware geestelik in die verlede (onder bespreking) teruggeprojekteer het en hom iets van die lief en leed daarvan

laat "ervaar" het. Hy het iets van die betrokke geskiedenis voor hom sien afspeel en o.a. waargeneem hoedat die geskiedenis homself as onverbiddelike tugmeester laat geld. Meer nog; hy kon dit opteken en in verband met die verlede bring. Hy sou dit vir geen geld ter wêreld wou verruil nie!

Daar was 'n aantal struikelblokke wat die navorser te bowe moes kom. Eerstens, van die liefdadigheids- en godsdienstige instansies, byvoorbeeld die Heilsleër, het nooit juis hul werk met trompetgeskal verrig nie. Slegs beskeie verwysings is na hul liefdadigheidswerk en armsorg gemaak. Ook die Kerk, oor die algemeen, het nie sy werk t.o.v. die armes uitbasuin nie. Die notules van die kerkraadsvergadering het rakelings na hul werk in bogemelde verband verwys. Die meeste notules het om tugsake, gemeentelike funksies, verhouding met ander gemeentes en kerkverbande en die ampsdraers se werk gewentel. En tog was die navorser diep daarvan oortuig, n.a.v. gesprekke en onderhoude, dat daar baie meer t.o.v. die voeding, kleding en huisvesting van die armes gedoen is aas wat daar in die amptelike boekhouding opgeteken is.

Steurend (en ook frustrerend!) was die leemtes in die geval van sommige argiefstukke, naamlik dié van die Ned. Geref.-Sendingkerk en die Gemeenskapskas. Die navorser is egter dankbaar vir wat hy by die betrokke instansies kon bekom.

Nog ´n probleem was dat die Morawiese kerkargief te Heideveld se dokumente in ´n belangrike stadium van die navorsing nie toeganklik was nie. Met die navorser se herhaaldelike versoeke om by die instansie navorsing te doen is elke keer as rede aangevoer dat die dokumente en ander argiefstukke nog nie georden en gekatalogiseer is nie.

´n Ander probleem wat die navorser te bowe moes kom was dat sekere aspekte mekaar in sekere hoofstukke kon oorvleuel. ´n Voorbeeld daarvan is die honger kind in die skool (onderwys) en die honger kind van ´n swak besoldigde werker (arbeid), of die weduwee of weduweemoeder van ´n gesneuwelde soldaat se nood wat netsowel in die hoofstuk oor die Eerste Wêreldoorlog of oor algemene armoede vermeld kon word. Die navorser het egter die pad van die spreekwoordelike haarbreedte so nougeset en met balans as moontlik gestap. Dit was nie ´n maklike taak nie, maar die navorser is hoogs tevrede dat enkele oorvleuelings net nie verhoed kon word nie en in hul spesifieke verbande geregverdig was om te "herhaal".

Voorts het ´n "behoorlike" benaming vir die mense onder bespreking ´n probleem opgelewer. Na diepe besinning en oorweging is op die term "Gekleurdes" besluit. Dit is ´n meer omvattender benaming as die gebruiklike "Kleurling" en sluit, na die navorser se mening, diegene ook oor geloofsgrense in. Die aanhangers van die Islam wil in elk geval liefs net as Moslems bekend wees. (na die ouer geslag in daardie verband is na "Maleiers" verwys).

"Gekleurdes" is ook meer aanvaarbaarder as die "etiket" "Bruinmense" in wie baie 'n diepgesetelde renons het. Die navorser kondoneer glad nie bogemelde etniese benaminge nie maar om historiese redes en in historiese konteks, en die feit dat die mense oor die dekades onder sulke benaminge statutêr geklassifiseer is, had die navorser geen ander keuse nie.

'n Vermeldenswaardige struikelblok wat die navorser teëgekom het was, ironies genoeg, m.b.t die argivale bronne self. Sy benadering t.o.v. die tema, naamlik, die histories-kritiese, was voorwaar 'n gedugte taak. Die saak en die opdrag wat hy op homself geneem het was heeltemal anders as om net die bronne te laat spreek.

Die navorser het derhalwe, wat die amptelike dokumente betref, bitter min "ondersteuning" en "samewerking" in bogemelde verband ontvang. Dis vanselfsprekend dat 'n owerheid nie per se 'n situasie soos armoede van 'n bepaalde bevolkingsgroep soos die gekleurdes só sal beklemtoon dat dit 'n kritiese beeld sal skep nie. Dit strek hom nie tot eer nie! Slegs die amptelike syfers, statistiek en inligting met die nodige kommentaar word verstrek; byvoorbeeld; 'n inspeksieverslag sou van swak skoolbywoning en swak akademiese prestasies melding maak. Oor die redes vir die omstandighede, te wete arm, honger leerlinge en karigbesoldigde, ongemotiveerde leerkragte het die inspekteur hom, om begryplike redes, nie uitgelaat nie.

Met betrekking tot die arbeid het die amptelike verslae ook net hoogstens die statistiek en die nodige inligting met gepaste kommentaar verskaf. Omdat die owerhede en die werkgewers feitlik "bondgenote" was, het eersgenoemde hom nie juis krities teenoor laasgenoemde uitgespreek nie. Die navorser moes op die "stem roepende in die woestyn" staatmaak en dit was nie juis in oorvloed nie! Baie van laasgenoemde het ook buite die tydsgewrig m.b.t die tema geval.

Dit is belangrik om te meld dat die verhandeling moontlik oor die algemeen deur sommige as ´n sosiologiese relaas vertolk kan word. Dit is egter inderdaad deur-en-deur ´n historiese studie maar omdat die betrokke mense hoofsaaklik ´n gemeenskapsgerigte groep was en nie groot politieke en ekonomiese momente, nasionaal gesproke, beleef het nie (juis omdat hulle van daardie terreine uitgesluit was) word hulle groot gebeure en prestasies in die gemeenskap aangetref.

Laastens, was die Skrif-etiese eise m.b.t armoede vir die navorser van oorheersende belang. Daarby het die begrip van geregtigheid, en by uitstek Goddelike Geregtigheid, ´n deurslaggewende rol gespeel. Die suiwere Calvinistiese Gereformeerde Protestantse beskouing, waarvan die navorser ´n aanhanger is, het ´n groot invloed op hom uitgeoefen. Dit het sy protesstembenadering, so eie aan genoemde beskouing, met die nodige ewewig, geregverdig.

Allereers dank ek God die Here vir al Sy Goedheid en Genade, en vir wat Hy van die begin tot aan die einde van alles aan my bewys het. Soli Deo Gloria!

Tweedens my dank aan prof. P.S. De Jongh, wat weer eens as my studieleier opgetree het. Sy vereistes was deurgaans van hoë gehalte en sy leiding en afrigting het ook tot die voltooiing van die proefskrif bygedra. Sy akademise en historiese insig en deskundigheid was van deurslaggewende aard. Ek wil ook langs hierdie weg sy eggenoete Mev. H.J. De Jongh baie bedank vir haar vriendelikheid en hulpvaardigheid in alle opsigte. Haar optrede en hantering van my saak was deurgaans 'n riem onder die hart en gerusstellend.

Ek wil vervolgens vir dr. J.C. Visagie, my eksterne promotor, vir sy hulp en raad, veral m.b.t. die wetenskaplike en tegniese aspek van die verhandeling bedank. Dit was van onskatbare waarde.
My dank aan dr. D. Scher wat as interne eksaminator opgetree het. Sy raad en aanmoediging tydens onderhoude was baie waardevol en is prakties toegepas.

Ook dr. J.P. Hendricks van die Geskiedenisdepartement van die Universiteit van Wes-Kaapland verdien groot dank vir sy hulp, veral t.o.v. die finale afrondingswerk en die verantwoordelikheid wat hy aanvaar het om die navorser in alle opsigte vir sy rekening te neem.

Vervolgens wil ek die volgende instansies en persone bedank wat finansieel tot die voltooiing van my proefskrif bygedra het: ds. D.P. Botha, mnr. M.H. Bray, mnr Y.M. Bray, die Beurs- en Leningskomitee van die Universiteit van Wes-Kaapland, Ford Foundation, Kaaplandse Professionele Onderwysunie, New Era Booksellers, Bellville-Suid, dr. A. Paruk en Rapport se hulpfonds.

My dank ook aan mev. N.F.C. Wentley, wat met die uiterste bekwaamheid en groot opoffering die verhandeling op rekenaar geprosesseer het, asook die boekbinddeskundiges mnr. C.F.L. Swart (Kaapstad) en mnr J.P. Abels en sy span (Universiteit van Wes-Kaapland).

Daarbenewens wil ek al die personeellede van die volgende instansies vir hul hulpvaardigheid en vriendelikheid bedank: Die Kaapstadse Argiefbewaarplek, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Ned. Geref.-Kerk se Argiefbewaarplek (Kaapstad), die biblioteek van die Universiteit van Wes-Kaapland, die Historiese Navorsingsinstituut van die Universiteit van Wes-Kaapland, die biblioteek van die Teologiese Skool van die Universiteit van Wes-Kaapland, die J.S. Gericke-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch, die biblioteek van die Teologiese Kweekskool, Stellenbosch, die Afrika-Studieafdeling van die biblioteek van die Universiteit van Kaapstad, die biblioteek van die Universiteit van Witwatersrand, die Belhar Openbare biblioteek, die A.M.E.-Kerk se konsistoriebewaarplek (vir argiefstukke), die

Heilsleër se argiefstukke-afdeling en die Lilyhaven- en Oakhaven (Bonteheuwel en Heideveld onderskeidelik) en Grassy Park se tehuise vir bejaardes.

Voorts bedank ek die persone vermeld op pp.378-379, wat kosbare tyd ingeruim het om my te woord te staan. Hulle (die deskundiges op hul onderskeie vakgebiede en die bejaardes) se bydraes was van onskatbare waarde.

Ek is groot dank verskuldig aan my eggenote, Elize, vir haar volgehoue bystand, geduld, opoffering en aanmoediging in alle opsigte. Ook word my kinders Michelle en Brandon vir hul intense belangstelling en bemoediging bedank. Voorts gaan my dank aan my broer Fred (Boeta) en sy eggenote, Dianne vir hul voortdurende belangstelling en aanmoediging.

Ek spreek ook my postume dank teenoor my geliefde oorlede moeder uit vir haar liefdevolle aanmoeding en veral voorbidding toe sy nog geleef het asook my oorlede vader wat deur sy arbeid en opoffering die grondslag vir my onderwys en opvoeding gelê het. Ek wil ook langs hierdie weg hulle name en nagedagtenis vereer.

I.J. VAN DER VENTEL

BELHAR

MAART 1992

## INLEIDING

Oor die armblankevraagstuk is al baie geskryf waarvan die Eerste Carnegieverslag seker die vernaamste is. Staat en Kerk, by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het alles in werking gestel om die probleem uit te wis. Dit was, uit die aard van die saak, suksesvol.

Op fragmentariese wyse is die gekleurdes se armoedevraagstuk in heelwat boeke, verhandelings en geskrifte deur feitlik net wit-mense en vanuit hulle perspektief aangesny. Gevolglik is die gekleurdes se armoedesituasie nie werklik grondig en begripvol ontleed nie. Daarom is die witsentriese geskiedbeskouing oor die onderwerp koud, klinies en statisties en in die meeste gevalle ook verwytend.

Geen kritiese wetenskaplike verhandeling oor die Kaapse gekleurdes se armoedesituasie is al geskryf nie. Daarom, onder andere, is dié navorsing aangepak. Voorts word vertrou dat dié baanbrekerswerk ander navorsers sal aanmoedig om die onderwerp verder te deurtrap. Dit sou mettertyd kan uitkristaliseer in een "Magnum Opus" waarin ʼn geheelbeeld vergestalt is.

Shirley Judges het in 1977 die M.A.-Graad oor Poverty, living conditions and social relations - Aspects of life Conditions in Cape Town in the 1830's "(Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.K., 1977) voltooi. Dis ʼn ernstige, diepgaande studie wat

die armoede in Kaapstad in al sy ellende uitlig. Ofskoon dit die gekleurdes se armoede nie spesifiek aanspreek nie, slaag Judges daarin om die kontraste tussen die groepe uit te spel. Daar kan onmiddellik agtergekom word wie aan die kortste ent getrek het. E.L. Maurice beskryf die lief en leed van die gekleurde kind in onderwysverband in Suid-Afrika in "Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape, 1880-1940" (Ongepubliseerde D.Ed.-verhandeling, U.K., 1966). Maurice is deurentyd wetenskaplik en streef objektiwiteit na. Hy draai geen doekies om oor die betreurenswaardige toestand van die gekleurde skoolkind nie. Die owerheid word nie gespaar nie en hul nalatigheid word aan die kaak gestel. Vir Maurice is die politiek en die sosio-ekonomiese, tereg, ineengestrengeld. Sy deernis vir die lydende gekleurde kind kan hy ook nie verberg nie! Hy sny egter die armoede net rakelings aan en skryf nie globaal daaroor nie.

K. Elks se meestersgraadverhandeling lig die sluier oor o.a. Kaapstad se misdaadgeskiedenis in "Crime, Community and Police in Cape Town. (1825 - 1850)" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.K., 1986). Die proefskrif handel egter oor die breë Kaapse samelewing en nie spesifiek oor die gekleurdes nie. Die sosiale euwels se uit- en inwerking op die gemeenskap, word deeglik uiteengesit.

Howard Phillips het in sy doktorale proefskrif "Black October. The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa" (ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling U.K. 1984) die hele verhaal van die Groot Griepepidemie (1918-1919) beskryf. Dié hoogstaande standaardwerk m.b.t. daardie ramp verwys na die armes - ook na die gekleurdes. Phillips het lg. se nood en haglike lewenstoestande nie verswyg nie en dit met simpatie behandel. Weer eens, egter, gaan die tesis oor Kaapstad se hele bevolking.

In sy hoogswetenskaplike meesters- en doktorale studies, "A comparative study in the enforcement of compulsory school attendance in a South African and an American urban community with particular reference to the role of promotive and preventative health services" (Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling, U.W.K., 1981) en "The `Raison Detre´ of the Muslim Primary School in Cape Town and environs with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Islam-orientated schools" (Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling, U.K., 1986) onderskeidelik, sny M. Ajam die armoede van die gekleurdes rakelings aan. Eersgenoemde handel spesifiek oor die onderwys maar die sosiale toestand, waaronder ook armoede, in skoolverband, word aanvullend behandel. Laasgenoemde lê die klem op die Moslemleerling en die rol van die kolossale figuur van Dr. A. Abdurahman. Ajam het egter nie enkel en globaal oor die gekleurdes se armoede geskryf nie.

S.G. Pick se doktorale proefskrif "Maatskaplike werk-dienste van die Ned. Geref.-Sendingkerk in Suid-Afrika: 'n Evaluatiewe studie oor die rol van maatskaplike werkers in diens van die Kerk met spesifieke verwysing na die gebruik van gemeenskapsontwikkeling in die bekamping van gemeenskapsarmoede in Wes-Kaap" (ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling, U.S., 1987) gaan hoofsaaklik oor maatskaplike werk deur die Ned. Geref.-Sendingkerk. Uit die aard van die saak kry sosiale probleme, waaronder armoede, prominensie. Die studie gaan spesifiek oor gekleurdes in die Wes-Kaap. Daar is nie in detail oor Kaapstad se gekleurdes geskryf nie.

O. Wagner behandel in sy gepubliseerde proefskrif, Poverty and Dependency in Cape Town, (D.Phil. U.S. 1936), die nood van armoede-geteisterdes in Kaapstad. Die armoedeprobleem is op sensitiewe en simpatieke wyse uiteengesit. Die klem val egter op onafhanklikheid en dit behels al die inwoners van Kaapstad binne 'n spesifieke tydperk en nie spesifiek die gekleurdes nie. Die proefskrif is goed statisties toegerus.

In sy meestersgraadverhandeling "Die Kommissie vir Binnelandse Sending van die Ned. Geref. Kerk:'n Historiese ondersoek na sy rol en verhouding met die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref.-Sendingkerk 1852-1902"(ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.W.K., 1984) waarin I.J. Van der Ventel die sendingwerk van die Ned. Geref.- Kerk onder gekleurdes in Suid-Afrika binne 'n bepaalde

tydperk behandel, word ook rakelings na die betrokke mense se armoede verwys. Die hooftema bly egter sendingwerk en interkerklike verhoudinge in die hele land.

R.E. Van der Ross se "Magnum Opus", "A Political and Social History of the Cape Coloured People Parts I and II 1880-1940" (U.W.K., 1973) is 'n "goudmyn" van geskiedenisinligting. Die onderwerp, te wete die gekleurdes word begrypend, simpatiek en met deernis behandel. Hier is Van der Ross die volkskrywer en kampvegter, 'n man wie se hart warm vir sy mense klop aan die woord. Hy het egter nie in besonderhede oor die gekleurdes se armoede geskryf nie want sy werk het oor 'n breër spektrum gegaan.

In sy voortreflike werk <u>Rise and Decline of Apartheid (Cape Town, 1988)</u> slaan Van der Ross die spyker op die kop m.b.t. die gekleurdes se armoede-erfenis. Saam geïntegreerd is die politieke en die sosio-ekonomiese toestande. Hy onderskryf die beginsel dat die politiek alles ten grondslag lê. Hy was egter nie daarop ingestel om die armoede van die betrokke mense spesifiek te behandel, dit uit te pluis en 'n oplossing daarvoor aan te bied nie.

'n Baie insiggewende werkie is dié van die welbekende joernalis en kroniekskrywer G. Manuel. Dit heet <u>Kampvegters</u> (Kaapstad, 1967) en beskryf o.a., die stryd wat laasgenoemdes uit die gekleurde gemeenskap teen armoede moes voer. Dit bevat pittige

sketse van welbekende gekleurde leiers op politieke, sosiale en opvoedkundige gebied. Hierdeur wil Manuel die karikatuurbeeld wat veral baie witmense het (en aan die wêreld voorhou!) doodslaan. Ook sy District Six (Cape Town, 1967) is van onskatbare waarde. Manuel draai geen doekies om nie. Wanpraktyke, ook in sy eie gemeenskap, word aan die kaak gestel. Dog, die verdienstelike word ook hoog aangeprys. Die haglike ekonomiese en sosiale toestand van die gekleurdes word uitgelig, maar Manuel het nie spesifiek oor armoede geskryf nie.

In sy Opkoms van ons Derde Stand (Kaapstad, 1960). skets D.P. Botha die gekleurdes se verlede op politieke, ekonomiese en sosiale gebied. Hierdie alombekende en hoogsgerespekteerde Ned. Geref.-Sendingkerkleraar wat hom heelhartig aan sy Kerk verbind het, en 'n leidende internasionale en nasionale rol in daardie verband gespeel het, skryf met begrip en simpatie. Gelyktydig bepleit hy die saak van die gekleurdes; ook hul armes. Hy striem die heerser en die heersersklas waar dit nodig is. Botha sou baie graag wou hê dat die gekleurdes 'n beter bedeling moes toeval. Hy het egter nie per se oor armoede geskryf nie want dit was ook nie sy doel nie. Hy tree hoofsaaklik op as pleitbesorger.

Ook G. Lewis gee in sy Between the Wire and Wall (Cape Town, 1987) 'n beskrywing van die politieke en sosio-ekonomiese toestande van die gekleurdes. Sy relaas, waaronder ook armoede figureer, is hoogs feitelik en gedetailleerd en insiggewend.

Nogtans bly dit emosieloos en klinies-akademies. Oor die wesentlike armoede van die spesifieke mense skryf Lewis nie juis breedvoerig nie en is hy ook nie krities nie.

Een van die waardevolste werke oor die gekleurdes se armoede-erfenis is dié van H.C. Bredekamp, Van Veeverskaffers tot Veewagters, (Bellville, U.W.K., 1982). Dié uitstekend-nagevorsde werk spel die redes vir die gekleurdes se historiese kroniese armoede onomwonde uit. Die politieke ondertone skep die indruk dat die skrywer daarvan oortuig is dat die politieke faktor m.b.t. die gekleurdes se armoede baie belangrik is. Die werk is egter tydgebonde en lig nie die latere armoede van die nasate van die gekleurdes en Khoi-khoi onderskeidelik uit nie.

H.F Heese se standaardwerk Groep sonder Grense (Bellville U.W.K., 1984) handel oor die oorspronklike gemeenskap van die Kaapse Nedersetting. Vreesloos openbaar Heese die feit dat die Kaapse gemeenskap (t.o.v. die betrokke tydperk) 'n beduidende gemengde (kleur en stand) gemeenskap was. Kortom, wat Heese betref, was die Kaapse mense in sekere mate verwant aan mekaar en daardie lyn het nog nie doodgeloop nie! Heese is eintlik doelbewus besig om hulle by te kom wat so huigelagtig op rasse-suiwerheid aanspraak wil maak. Dog, hoewel die armoede-faktor in die sosiale opset aangeroer word, ontbreek daar die kritiese faktor. Armoede, gedurende die betrokke tydperk, word ook nie volledig uitgespel nie.

Die gekleurde geskiedskrywer, C. Ziervogel, behandel die politieke- en sosio-ekonomiese situasie van die gekleurdes in sy werke Brown South Africa (Cape Town, n.d.), Who are the Coloured People? n.p.; m.d.) en The Coloured People and the race problem (Cape Town, 1937). Ziervogel is in 'n mate verbitterd en ontnugter, want dis vir hom onbegryplik dat sekere landsburgers (witmense) hul medemens (gekleurdes) só swak behandel soos hulle wel doen (en histories gesproke gedoen het). Laasgenoemde is dan van die lojaalste wat daar is, aldus Ziervogel. En waarom is hulle dan só arm en ly hulle soveel gebrek? vra hy. Dog, Ziervogel se filosofie adem eerder versoening en regstelling as weerwraak en konflik. Hy glo in sy mense ten spyte van hul agterstand en tekortkominge. Ziervogel verwys egter net rakelings na armoede want hy wou 'n breër terrein dek.

H.P. Cruse het in sy Opheffing van die Kleurling Deel I en Deel II die politieke en sosio-ekonomiese situasie van die gekleurdes op wetenskaplike wyse uiteengesit. Dit is 'n verhaal van armoede, ontbering en agterstand. Dog, die werke is koud, klinies en geneig om paternalisties te wees. Dit is ook sonder meegevoel en begrip en die gebrek aan 'n kritiese uiteensetting van die politieke redes vir die betrokke mense se armoede is opvallend. Laasgenoemde aspek is dus 'n groot leemte in Cruse se werk.

'n Ouer geslag liberalistiese skrywers het ook as kampvegters vir die gekleurdes na vore getree. Lg. se situasie is sonder omhaal en onapologeties teenoor dié van die witmense s'n gestel. Die

bekendstes onder hulle is J.S. Marais The Cape Coloured People 1962-1937 (Johannesburg, 1937), W.M. Macmillan The Cape Colour Question (London, 1927). L. Marquard The Peoples and Policies of South Africa (Wynberg, Cape, 1960) en E. Brookes The Coloured Problem of South Africa (Lovedale, 1984). Baie van hul standpunte gaan eegter nie by die navorser op nie, omdat hulle na sy mening nie die gekleurdes se behandeling aan eie vel gevoel het nie. Hulle was as't ware op die periferie. Die indruk word geskep dat hulle ook maar die gekleurdes se nood uit 'n ivoortoring betrag het.

'n Bepaalde groep geskiedskrywers soos J. Western Outcast of Cape Town (Cape Town, 1981). Q. Whyte Behind the racial tensions in South Africa (Johannesburg, 1953). P.L. Van den Berghe South Africa. A study in conflict (Los Angeles, 1967) en S.A Patterson Colour and Culture in South Africa (London, 1953) se verwysings na die nie-witmense (gekleurdes ingeslote) se sosio-ekonomiese situasie openbaar 'n algemene meegevoel met en begrip vir die armgeteisterdes. Daar word na onreg en diskriminasie soos deur die regeerders en die besitters - en werkgewersklasse toegepas verwys. Dog, die geregverdigde kritiek teenoor diegene wat doelbewus onreg gepleeg het, ontbreek.

Die Afrikaanse akademici wat oor gekleurde armoede geskryf het, bv. S. Terreblanche: Gemeenskapsarmoede (Kaapstad, 1977), E. Theron (Red.): Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika (Stellenbosch, 1964) en I.J. Van Eeden: Armoede in sosiologiese

perspektief (Pretoria, 1980) openbaar 'n diepgaande kennis van hul onderwerp. Hul benadering t.o.v. laasgenoemde is verbasend medemenslik en simpatiek. Hulle verwysings na die werklike oorsake van die gekleurdes se armoede kom egter oppervlakkig voor en hulle is ook nie krities genoeg nie.

Tradisionele geskiedskrywers soos F.A. Van Jaarsveld, The Afrikaner's interpretation of South African History (Cape Town, 1964)., From Van Riebeeck to J.B. Vorster (Johannesburg, 1975)., From Van Riebeeck to P.W. Botha (Johannesburg, 1969) en C.F.J. Muller (Red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (Kaapstad, 1980) het die geskiedenis vanuit wit perspektief geskryf. Die navorser is van mening dat die witman in die sentrum staan en dat alles om hom wentel. Daar is ook geen wesenlike kritiek op die onreg wat teenoor nie-witmense gepleeg is nie.

R.T.H. Davenport verwys in sy gesaghebbende werk South Africa - A Modern History (Johannesburg, 1987) ook na die gekleurdes en hul plek in die landsgeskiedenis. Dis egter hoogstens wetenskaplikklinies en is beslis nie krities genoeg oor die behandeling wat die gekleurdes ervaar het nie.

Al.J. Venter het in sy groot werk, Coloured: A profile of two million South Africans (Cape Town, 1974) die gekleurdes omvattend onder die loep geneem. Venter staan krities teenoor die heersers se behandeling van sy mede-Suid-Afrikaners, die gekleurdes.

Hy behandel hul armoede-situasie met begrip en meegevoel en bepleit deurgaans 'n beter bedeling vir hulle. Venter het egter nie die gekleurdes se armoede in detail behandel nie want dit was in die eerste instansie nie sy oogmerk nie. Hy wou globaal oor hulle skryf.

Voorts is daar drie groot pogings aangewend om die gekleurdes omvattend en in diepte te ondersoek, te analiseer en aanbevelings te maak. Dit was die sg. Wilcocks - (1937), die Tweede Carnegie - (1984), en die Theronkommissies (1967). Geen moeite is in al drie gevalle ontsien om bogemelde doel te bereik nie. Die terreine wat onder die loep geneem is, was die politieke, die ekonomiese en die sosiale. Die uitslae was klinkklaar: die betrokkenes was 'n agtergeblewe, vernalatigde en verarmde gemeenskap; na al die jare nog! Die verslae het egter almal aan uitgesproke kritiek mank gegaan. Die oorsake is, na die navorser se mening, ook nie ver genoeg gaan soek nie.

Die Studies in the History of Cape Town - reeks o.a. Volumes 2\1980; 5\1984 en 6\1988 wat deur navorsers en dosente verbonde aan die Departement van Geskiedenis van die Universiteit van Kaapstad onderneem is dek histories die gekleurdes van Kaapstad se bestaan. Niks is ontsien om die gekleurdes se geskiedenis, ook hul armoede, te ondersoek, te ontleed en te dokumenteer nie. Dit was spanwerk van hoë gehalte en daar is nie geskroom om die gekleurdes se lyding van die wieg af tot by die graf uit te lig nie. Dis egter oor die algemeen hoogs feitelik en

versigtig-krities. Daar is ook nie 'n spesifieke hoofstuk oor armoede m.b.t. die gekleurdes van Kaapstad nie en dit is 'n groot leemte. Die reeks bly egter, histories gesproke, kosbaar en die cameo-styl van baie van die bydraes maak dit aanloklike leesstof.

Met betrekking tot geleentheidspublikasies soos "Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse samelewing" (referate gelewer op die Sesde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede Januarie 1955), "Die Kleurlinge in Suid-Afrika" (referate gelewer by die 25 ste Bondskongres van die Afrikaanse studentebond Julie 1971), "Die Naturel in die Zuid-Afrikaanse Nywerheidslewe." (Referate gelewer op die Tweede S.A.B.R.A.-jaarvergadering Januarie 1951), "Het armblankevraagstuk: Verslag van het kerklike Kongres (Cradock 22\23. November 1916)" en "Verslag van die Volkskongres oor die armblankevraagstuk gehou te Kimberley 2-5 Oktober 1934", is o.a. na die gekleurdes se armoede-situasie verwys. Dit was egter gewoonlik onpersoonlik en verwytend van aard en ontdaan van begrip en simpatie. Dit het nie krities teenoor die heersers en die bevoorregte wit mense gestaan nie. Dit wat oor die armblankes handel het lg. se saak bepleit en voorstelle aan die hand gedoen om die probleem uit te wis.

Die eerbiedwaardige, alombekende en alombeminde kerkman, Biskop (vroeër Kannunik) S.W. Lavis het hom breedvoerig en sonder omhaal oor die gekleurdes se armoede uitgelaat. Hy het met kenmerkende vuur die gewete van die ryk gemeenskap en veral sy Kerk' die wit-

mense in die Anglikaanse Kerk) aangespreek. Hy het hulle tot besinning t.o.v. hul verantwoordelikheid teenoor die arm niewitmense (o.a. die gekleurdes) opgeroep. Hy het hulle nie gespaar nie maar gestriem n.a.v. wat die Skrif en wat God van hulle as bevoorregtes verwag het. Die armes se nood het hom meer as na aan die hart gelê en hy het hom ook aan hul opheffing gewy. Dit is alles opgeteken in o.a. "The South African Poverty-stricken Proletariat"; (Cape Town, 1938); "Over-crowding and the sore of the slums" (Cape Town, 1927) en "The Pity of it! and Bethlehem" (Cape Town, 1924).

'n Baie waardevolle geskiedkundige werk is die van die sendingwerker G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad (Kaapstad, 1919). Hierin skets Loubser, n.a.v. sy persoonlike ervaringe, die haglike toestande in die agterbuurtes van Distrik Ses in al sy naaktheid. Vir hom gaan dit om die krag van die Evangelie en die reddende Genade van die Here Jesus Christus om die mense onder bespreking uit die moeras van sosiale euwels uit te lig. Ten grondslag van Loubser se beskrywing lê die nypende armoede. Hy en die befaamde Suster Nannie het 'n groot deel van hul lewe saam aan die geestelike en stoflike opheffing van die gevallenes gewy. Vir Loubser bly die oplossing geestelik. Hy spreek geen instansies aan nie en is ook nie krities teenoor die owerheid en dié se onregverdige strukture nie. Hy het ook nie na die wortels van die gekleurdes se armoede gesoek nie.

Heel onlangs het ´n omvattende werk oor armoede en alles daaraan verwant verskyn. Dit is geskryf deur F. Wilson en M. Ramphele en heet Uprooting Poverty (Cape Town, 1989). Dit behandel kontemporêre aangeleenthede rondom die onderwerp van armoede maar het bitter min oor die historiese wortels daarvan te sê. Dit is ´n standaardwerk en die skrywers behandel die betrokkenes, alle nie-witmense, met begrip en groot deernis. Hulle het meegevoel met hulle m.b.t. die groot nood waaronder hulle gebuk gaan. Hulle spel dit ook as sulks uit. Die gekleurdes word egter nie spesifiek behandel nie en dis ´n groot lugleegte in dié prysenswaardige werk.

´n Baie resente werk wat die politieke en sosio-ekonomiese toestande van nie-witmense in Wes-Kaapland uitlig, is The Angry Divide - Social and Economic history of the Western Cape (Cape Town, 1989). Dis ´n bundel van bydraes onder redaksie van W.G. James en M. Simons. Dis die werk van kenners en die armoede-faktor figureer prominent by die meeste van hulle. Klem word gelê op die geskiedkundige aspekte van die onderskeie terreine in die samelewing. ´n Omvattende beskrywing van werklike armoede en ´n kritiese uitspraak daarvan m.b.t. die gekleurdes ontbreek egter.

Die jongste groot werk oor armoede is die pasverskene Education: From Poverty to Liberty. Report for the Second Carnegie. Inquiry into Poverty and Development in South Africa (Cape Town, 1990) waarvan B. Nasson en J. Samuel die redakteurs is. Dit bevat

bydraes van deskundiges wat die armoedesituasie van veral die swartmense kontemporêr behandel. Die Onderwys is die hooftema. Die feit dat politiek die situasie grootliks ten grondslag lê, deursuur byna al die bydraes. Bemoedigend is die feit dat dit hoop vir die toekoms adem mits die onderwys struktureel-radikale veranderinge soos byvoorbeeld een sentrale Onderwysdepartement vir die land, sal ondergaan. Van die gekleurdes en hul historiese armoede m.b.t. die onderwys is daar feitlik niks.

Onlangs het R. E. Van der Ross van die belangrikste presidentsredes van dr. A. Abdurahman in 'n bundel byeengebring. Dit heet Say it out Loud (Bellville, 1990). Daarin verwys Abdurahman pertinent na die politieke, ekonomiese en sosiale probleme van die gekleurdes. Abdurahman het egter nie die armoedevraagstuk in detail en spesifiek behandel nie.

Na aanleiding van bovermelde inligting, o.a., is dit dus duidelik dat daar 'n behoefte en leemte aan 'n wetenskaplik-gefundeerde verhandeling oor die betrokke onderwerp bestaan. Dit was die navorser se voorreg en vreugde om die gedugte uitdaging te aanvaar, die taak aan te pak en 'n proefskrif in dier voege daar te stel. Die baan is gebreek en 'n hoofstuk, uit 'n besondere oogpunt geskryf, is tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gevoeg!

# HOOFSTUK 1

## AGTERGRONDSGESKIEDENIS

Die kroniese armoede waarmee diė deel van die Suid-Afrikaanse bevolking wat met verloop van tyd as "Gekleurdes" geëtiketteer is, is 'n onbetwisbare feit. Hierdie armoede wat by tye akute afmetinge aangeneem het, se wortels gaan terug tot by die land se wordingsgeskiedenis.[1] Dit het allengs 'n kenmerkende lewenswyse en uiteindelik 'n "sub-kultuur" tot gevolg gehad.[2]

Die toedrag van sake het die betrokkenes in 'n onderhorige posisie gedompel wat mettertyd polities-struktureel verstewig en verskans is.[3] Die onderliggende faktore wat tot die gekleurdes se geskiedkundige armoedetoestand bygedra het, is van politieke, sosiale en ekonomiese oorsprong.

---

1. A.P.O., 26 March 1910, p.1.; A.P.O., 16 May 1914, p.8.; A.P.O., 12 June 1915, p.5.; D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, pp.85-91; R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, pp.6-8.
2. A.P.O., 16 August 1909, pp.990-1030; UG 45-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp.19-20; Die Theronkommissieverslag 9 April 1976, pp.468-472; C. Ziervogel: Who are the Coloured People?, pp.2-4; G.H. Calpin: There are no South Africans, pp.188-191.
3. UG 45-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp.19-20; C. Ziervogel: Who are the Coloured People?, pp.2-4; G.H. Calpin: There are no South Africans, pp.188-191; A. Davids: The Mosques of Bo-Kaap, pp.1-20; F. Bradlow and M. Cairns: Early Cape Muslims, pp.9-17.

Maar wie is die sogenaamde gekleurdes? Waar kom hulle vandaan? Waarom was hulle só arm of het hulle só arm geword? Waar het hulle tot stand gekom en wat was die wieg van hulle bestaan?

Die gekleurdes was almal wat nie as Europeërs of Witmense beskou is nie. Hulle het Christene en Moslems ingesluit maar beslis nie die rasegte swartmense wat swart tale gepraat het nie. Hierdie gekleurdes het hul oorsprong in sekere bepaalde raselemente gehad. Daardie element ofte wel komponente was (i) die inheemse inboorlinge en (ii) uitheemse groepe en individue wat, om bepaalde redes die land binnegebring is. Volgens die vroegste dokumentêre getuienis het die gekleurdes basies uit drie komponente ontspruit, naamlik 1. die inheemse Khoi-khoi, 2. ingevoerde slawe, 3. vermenging van Khoi-khoi met die Europese setlaars en in ´n geringe mate met matrose van verbygaande skepe.[4)]

Die Khoi-khoi was die eerste mense met wie die Nederlandse nedersetters in noue aanraking gekom het - "there was a degree of assimilation from the start".[5)] Teen 1666 was sowat 80 Khoi-khoi reeds as die nedersetters se gelykes aanvaar - "Van Riebeeck recommended mixed marriages overtly as a means of increasing

---

4. Al.J. Venter: Coloured: Profile of 2 Million South Africans, p.15. J. Western: Outcast Cape Town, p.16; C. Ziervogel: Who are the Coloured People?; p.4; H.P. Cruse: Die opheffing van die Kleurlingbevolking I, pp.13-14.
5. Al.J. Venter: Coloured: Profile of 2 Million South Africans, p.15; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June - 28 June 1933, pp.43-48.

settler strength".[6] Hierdie vermenging was hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan vroue. Ten spyte van die vrylike omgang is die eerste en enigste wettig-opgetekende huwelik tussen 'n kolonis en 'n Khoi-khoivrou; die klassieke huwelik van Pieter van Meerhoof, die Deense onder-sjirurg en die alombekende Eva (Kratoa) niggie van die ewebekende Herrie, (Autshumao), die tolk vir Van Riebeeck en sy mense en die sogenaamde Strandlopers.[7] Hierdie huwelik was bedoel om die basis vir goeie verhoudinge tussen nedersetter en Khoi-khoi te lê en so die veeruilhandel te bevorder. Tereg konstateer Van Jaarsveld:

"nevertheless it remains a fact that the Whites who established the first community in the Western Cape were also the <u>fathers</u> of the <u>coloured</u> community whose <u>mothers</u> (my onderstreping) were the emancipated slaves and Hottentots".[8]

Khoi-khoi was die kollektiewe naam vir sekere veebesittende stamme wat 'n nomadiese lewenswyse gelei het. Die meeste historici en antropoloë is dit eens dat hulle uit Oos-Afrika oor die Oostelike hooglande suidwaarts beweeg het en uiteindelik aan

---

6. Al.J. Venter: <u>Coloured: Profile of 2 Million South Africans</u>, p.15; UG 53\1948 Sosiale en Ekonomiese Planneraad: Verslag nr. 13: Die Ekonomiese en Maatskaplike toestande van die Rassegroepe in Suid-Afrika, p.12.
7. H.F. Heese: <u>Groep sonder Grense</u>, p.6; H.C. Hopkins: <u>Die Moeder van ons Almal</u>, p.213; A.J. Boëseken: <u>Die koms van Blankes onder Van Riebeeck</u>, (C.F.J. Muller (Red.): <u>Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>, pp.33-34).
8. F.A. Van Jaarsveld: <u>From Van Riebeeck to Vorster 1652-1974</u>, p.27.

die suidpunt van Afrika beland het.[9] Daar is egter uiteenlopende menings oor die roetes wat hulle gevolg het. Een mening is dat daar 'n reguit migrasie van herdersvolke van Oostelike Afrika tot in die suid-westelike deel van die vasteland was. Dit het moontlik Khoi-khoi ingesluit.[10] 'n Ander mening was dat daar 'n beweging vanuit die Noord-Ooste van Afrika oor Zimbabwe en Botswana en dan Suidwaarts langs die weskus en uiteindelik Ooswaarts van die Kaap af plaasgevind het. Dit kon Khoi-khoi gewees het maar taal-herklassifikasie deur die herdersvolke en versamelaarsjagters lewer probleme in daardie verband op.

Sommige antropoloë redeneer dat proto-Khoikhoi Suidwaarts vanaf Noordelike Botswana beweeg het totdat hulle tot by die bo-opvanggebiede van die Oranje-Vaalrivier aangekom het. Hier het hulle in 'n "voor-Nama-groep" wat langs die Oranjerivier gereis het en 'n "Kaapse Khoikhoigroep" wat na die Suide en toe weswaarts en ooswaarts langs die Kaapse kus versprei het, verdeel.[11]

Phillipson kom tot die gevolgtrekking dat die Khoikhoi wat in die suid-westelike Kaap aangetref was waarskynlik oorblyfsels van 'n

---

9. S.G. Pick: Maatskaplike dienste van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. 'n Evaluatiewe studie oor die rol van Maatskaplike werkers in diens van die Kerk met spesifieke verwysing na die gebruik van gemeenskapsontwikkeling in die bekamping van armoede in Wes-Kaap, p.45.
10. M. Hall: <u>The Changing past. Farmers, Kings and Traders in Southern Africa 200-1860</u>, p.34.
11. M. Hall: <u>The Changing past. Farmers, Kings and Traders in Southern Africa 200-1860, p.34.</u>

vorige meer wyd-verspreide bevolking was wat moontlik hul oorsprong in die gebied Suid van die Sahara en ten Weste van die Horing van Afrika gehad het.[12]

'n Ander teorie is dat herdersgroepe wat na die middel - sewentiende eeu in die Suid-Ooste opgemerk is hul verwantskap eerder met Oostelike gemeenskappe dan met die van die Noorde gesien het; trouens hulle het die mense van Namakwaland as volkome verskillend van hulself beskou.[13]

Die Khoikhoistamme byvoorbeeld die Goringhaikonas (Strandlopers), Goringhaikwas (Kaapmans), Cochakwas (Saldanhas) en die Chainoukwas het hulle met verloop van tyd in die omgewing van die wit nedersetting gaan vestig.[14] Hierdie stamme het groot troppe vee besit en was uit die staanspoor die "offisiële" slagveeverskaffers vir die nedersetting.[15] Vee is in groot getalle geruil en onderhandelinge is voortdurend aangeknoop en voortgesit om daardie proses te bevorder. Die Kompanje was ook gretig om sy

---

12. D.W. Phillipson: <u>The later pre-history of Eastern and Southern Africa</u>, p.6.
13. M. Hall: <u>The Changing past. Farmers, Kings and Traders in Southern Africa 200 - 1860</u>, p.35.
14. H.F. Heese: <u>Groep sonder Grense</u>, p.6; H.C. Hopkins: <u>Die Moeder van ons Almal</u>, p.213; A.J. Boëseken: <u>Die koms van Blankes onder Van Riebeeck</u>, (C.F.J. Muller (Red.): <u>Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>, pp.33-34.
15. H.C. Bredekamp: <u>Van Veeverskaffers tot Veewagters</u>, p.46; H.J.J.M. Van Der Merwe: <u>Scheepsjournaal ende Daghregister</u>, pp.112-119; H. Gioliomee en R. Elphick (Reds.): <u>'n Samelewing in wording in Suid-Afrika 1652-1820</u>, pp.173-174; pp.218-220; J.S. De Lima: <u>Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop</u>, pp.8-10.

eie veestapel te bekom en uit te bou. Maar dit het onversadigbare afmetinge begin aanneem en oorheersing nie uitgesluit nie.

Die Khoi-khoi was teen 1675 nog groot veebesitters. Die koloniste wou egter die veeboerdery bekom. Om dit te verwesenlik het van hulle van sluwe ruilhandelmetodes, veeroof (ook soms amptelik deur die Kompanje gekondoneer) en superieure wapens gebruik gemaak. Hul pogings is met klinkende sukses bekroon.[16)]

Dit was die begin van die Khoi-khoi se verarming. Baie van hulle het vanweë hul nomadiese lewenswyse en die soeke na weiding die binneland ingetrek. Diegene wat egter aan die Kaapse nedersetting gebly het, het spoedig 'n onafwendbare verarming in die gesig gestaar. Binne enkele dekades was die eens ryk veeverskaffers, die veewagters en 'n "besitlose werkersklas binne die grense van die blanke nedersetting".[17)] Algaande is hul lewenspatroon verder deur allerlei negatiewe faktore versteur. Laasgenoemde was, onder andere, die wit nedersetters se alkoholiese drank met sy verwoestende uitwerking op dié natuurmense. Ook is die Khoi-khoi deur die ekonomiese gebruike en metodes uit rat gegooi - "hulle was nie opgewasse teen die Hol-

---

16. H.C. Bredekamp: Van Veeverskaffers tot Veewagters, pp.59-63; H. Giliomee en R. Elphick (Reds): 'n Samelewing in wording Suid-Afrika, 1652-1820, p.25; G. Mc. C. Theal: Chronicles of Cape Commanders, pp.68-91.
17. H.C. Bredekamp: Van Veeverskaffers tot Veewagters, p.92; J. Western: Outcast Cape Town, p.32; Al.J. Venter: Coloured: Profile of 2 Million South Africans, p.17.

landers se sakevernuf en ruilbesigheid nie, en was kullery, uitoorlêery en selfs uitbuiting allig nie uitgesluit nie".[18] Bydraend tot die Khoi-khoi se ondergang was hul vroue en kinders wat gedwonge dwangarbeid moes verrig en dit het verbrokkeling van die gesinsstruktuur in die hand gewerk.[19]

Die verwoestende pokke-epidemie van 1713 en 1755 het egter die grootste tol geëis. Onderlinge struwelinge en botsende naywer onder die Khoi-khoi leierskap het hul posisie verder verswak en die onvermydelike verbrokkeling bespoedig.[20] Terwille van oorlewing het hulle hul vir diens by die koloniste aangemeld. Oor die algemeen is hulle karig besoldig. Kort voor lank het hulle inderdaad die houthakkers en waterdraers van die Kaapse samelewing geword.[21] Voorts is hulle op elke terrein permanent onderhorig aan die Nederlandse owerheid se gesag geplaas.

Hierdie bogemelde faktore het die grondslag van die verarmde posisie waaronder die later nasate van die Khoi-khoi, die gekleurdes van Suid-Afrika oor die algemeen, en dié in Kaapstad

---

18. H.C. Bredekamp: Van Veeverskaffers tot Veewagters, p.92.
19. H. Giliomee en R. Elphick (Reds) 'n Samelewing in wording Suid-Afrika 1652-1820, pp.30-31); S.P. Cilliers: Wes-Kaapland, 'n sosio-ekonomiese studie van die Kleurlinge van Suid-Afrika, pp.103-104; A. Wilcot: History of the Colony of the Cape of Good Hope. From it's discovery to the year 1869, pp.55-56.
20. H.F. Heese: Groep sonder Grense, p.6; H.C. Hopkins: Die Moeder van ons Almal, p.213; A.J. Boëseken: Die koms van Blankes onder Van Riebeeck, (C.F.J. Muller (Red): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp.33-34.

in die besonder, gebuk sou gaan. Tereg konstateer Van der Ross: "the basis of this poverty had been laid in the 18th Century...the Hottentots having lost their land had also lost their cattle and became vagrants by fate not by choice".22) Aan die Khoi-khoi se afstammelinge is die armoede-erfenis oorgedra.

Van meet af aan het Jan Van Riebeeck en die Vryburgers arbeidsprobleme ondervind.23) Die trotse nomadiese veebesittende Khoi-khoi was nie geneë om vir die wit nedersetters te werk nie.24) Werkers moes dus ingevoer word en Van Riebeeck het die V.O.C. versoek dat van slawe-arbeid gebruik gemaak kon word. Die heel eerste betekenisvolle slawe wat ingevoer is, was hoofsaaklik kinders uit Dahomey (Wes-Afrika-koloniste) en dié wat van 'n Portugese skip, op weg van Angola na Brasilië, deur die Nederlanders gebuit is.25) Daarna is slawe vanaf Madagaskar (die huidige Malgassiese Republiek) verkry. Die Oos-Indiese Eilande (tans as Indonesië bekend) sou 'n ryk bron van slawe vir die Kaap bied. Dit was immers Nederlandse koloniale eiendom. Vanuit die Ooste is ook slawe van Ceylon (die huidige Sri Lanka) en 'n

---

21. T.R.H. Davenport: South Africa. A Modern History, pp.25-26; F.A. Van Jaarsveld: The Afrikaner's Interpretation of History, pp.16-17; H.C. Bredekamp: Van Veeverskaffers tot Veewagters, p.77.
22. R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, p.6.
23. H. Giliomee en R. Elphick. (Reds): 'n Samelewing in wording. Suid-Afrika 1652-1820, pp.81-82.
24. W. Hoods: The Cape Coloured Corps of South Africa 1795-1977, p.9; H. Adam: South Africa. Sociological perspective, p.3.
25. T.R.H. Davenport: South Africa. A Modern History, p.26; I.D. Du Plessis: The Coloured People of South Africa, Some aspects of their present position. (Referaat gelewer by die Sesde Jaarvergadering van S.A.B.R.A. Jan. 1955, p.14.)

geringe aantal Chinese ingevoer. Voorts is die slawekorps vanuit Mosambiek - op die slawevaarders onderweg na Noord- en Suid-Amerika gebuit - aangevul.[26)]

Die vermenging wat tussen die slawe en die wit nedersetters plaasgevind het, het ook tot die totstandkoming van die gekleurde bevolking bygedra.[27)] Van die Vryburgers en amptenare het met slawe in die huwelik getree. Die eerste bekende geval van 'n huwelik tussen 'n witman en 'n vrygestelde slavin was in 1656 toe Jan Wouterz van Middelburg en Catherine Anthonia van Bengale in die huwelik bevestig is. Voorts het die Vryburger Jan Sacharias van Amsterdam en Maria van Bengale, Willemz Basson (Van Wesel) en Angela van Bengale (in 1669) en Olof Bergh en Anna de Koning (in 1679) ook in die huwelik getree.[28)]

Daar was ook losse verhoudings tussen nedersetter en slavin. Die owerheid het dit afgekeur en sekere regulasies uitgevaardig om dit te bemoeilik en te verhoed.[29)] Dog, die rassevermenging - binne of buite die eg - het onverpoosd voortgeduur. Baie van die kinders wat uit die verhoudinge gebore is, is deur die wit neder-

---

26. S. Marks and S. Trapido (Eds.): <u>The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth Century South Africa</u>, p.27; UG 54-1937 Report of the Commission of Inquiry regarding Cape Coloured Population of the Union, p.7.
27. UG 54-1937 Report of the Commission of Inquiry regarding Cape Coloured Population of the Union, p.8.
28. H.F. Heese: <u>Groep sonder Grense</u>, p.7.
29. P. Van den Bergh: <u>South Africa, A study in conflict</u>, p.18; R. St. John: <u>Through Malan's Africa</u>, p.17; C. Ziervogel: <u>Who are the Coloured People?</u> p.4.

setters aanvaar en deur hulle in hul geledere opgeneem, maar nie almal nie.

Die slawe wat van die Oos-Indiese Eilande af gekom het is die voorsate van die Kaapse Moslemgemeenskap wat 'n integrerende deel van die ganse gekleurde gemeenskap gevorm het.[30] Dié slawe het 'n sterk kultureel-godsdienstige inslag gehad. Hul fondamente is verder verstewig en uitgebou deur die aankoms van hoë geestelikes en hoogaangeskrewe sosiale lui wat uit hul vaderland na die Kaap deur die Nederlandse regeerders verban is. Dit was die gevolg van hul verset teen laasgenoemde se oorheersing. Die bekendste onder hulle was Sjeg Joessef - eintlik van koninklike afkoms.[31]

Die Oos-Indiese invloed het spoedig op sosiale gebied neerslag gevind en die kookkuns, die Afrikaanse taal en hoogsgeskoolde arbeid (bouers en kleremakers) is uitstaande voorbeelde daarvan.[32] Die slawe het op die laags moontlike sport van die sosiale leer gestaan. Die slawe en die Khoi-khoi sou spoedig, vanweë hul

---

30. D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, p.40; H.S. Coetzee: Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Kleurlinge, (Referaat gelewer by die 23ste Bondkongres van die S.A. Studentebond Julie 1971, p.20). R.E. Van der Ross: Myths and Attitudes, p.7; F. Bradlow and M. Cairns: Early Cape Muslims, pp.7-19, 86-89.
31. H.F. Heese: Groep sonder Grense, p.23; J. Western: Outcast Cape Town, p.12; A. Davids: The Mosques of Bo-Kaap, pp.1-20.
32. C. Ziervogel: Who are the Coloured People? pp.2-4.

gemeenskaplike haglike posisie, gemene saak maak.[33] Insgelyks het hulle hulself gou in die smeltpot van die Kaapse samelewing bevind.[34] Derhalwe was hulle gevoelig vir hul gemene saak, te wete dié van ontbering en gebrek. Die slawe was vir die ekonomie van hulle eienaars en dié van die Kompanjie ´n groot bate. Hulle het nie-besoldigde arbeid verrig en fisies was hulle geldelik ook baie werd.[35] Om bogemelde redes is dit verstaanbaar dat hul vrystelling in 1834 vir hulle geen ekonomiese voordele ingehou het nie. Hulle is as´t ware weerloos gelaat en aan hul eie lot oorgelaat.[36] Hulle vrystelling het dus net ´n groot verarmde proletariaat geskep - "in the absence of a firm welfare policy and of a national commitment to economic uplift, emancipation laid the basis for wide-spread poverty and acceptance of an inferior social and economic position which were to pervade large areas of the Coloured social structure for a very long time".[37] Die slawe het ook na die ander onderdruktes, die Khoi-khoi en

---

33. S.G. Pick: Maatskaplike dienste van die N.G. Sendingkerk in S.A. ´n Evaluatiewe studie oor die rol van maatskaplike werkers in diens van die Kerk met spesifieke verwysing na die gebruik van gemeenskapsontwikkeling in die bekamping van gemeenskapsarmoede in Wes-Kaap, p.61; M. Latsky: Slawewetgewing 1806-1834, pp.43-49.
34. Dr. W.J. De Kock: Die Kleurling in die raamwerk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. (Toespraak Hoërskool en Opleidingsinstituut Johannesburg September 1957, p.10.)
35. J.C. Adonis: Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou, p.16; F.A. Van Jaarsveld: Van Riebeeck tot P.W. Botha, pp.31-32.
36. R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, p.7; C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten en die toestand van die Kaapkolonie in 1795, p.55; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.8.
37. R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, p.8.

Vryswartes uitgereik.[38] Sodoende is 'n vergrote korps armes en verarmdes na benede getrek. Dit was ook die erfenis van hulle nasate die gekleurdes, veral dié van Kaapstad, "dié klas wat Suid-Afrikaners van die negentiende eeu die Kaapse Kleurlinge sou noem".[39]

Gedurende die Kompanjie se bewindsjare het die vrystellingsaksie vir Kompanjieslawe en dié in private besit voortgeduur. Sekere voorwaardes was egter aan die vrystelling verbonde: bedrae tot soveel as vyftig riksdaalders (wat ook sporadies verhoog is moes deur slawe-eienaars in die sogenaamde armesorgfonds gestort word voordat 'n slaaf vryheid kon verkry en die Politieke Raad moes tot so 'n vrystelling toestem.[40] Voorts moes 'n onderneming gegee word dat die vrygesteldes vir die daaropvolgende tien jaar vir die kerk nie armlastig sou wees nie. Daar was egter maar min vrylatings. Die ekonomiese vooruitsigte van vrygestelde slawe was ook nie juis rooskleurig nie.[41] Hulle kon hoogstens 'n bestaan maak. Daarom het hulle hulself uiteindelik weer aan die koloniste - in baie gevalle hul vorige eienaars - teen karige besoldiging verhuur.

---

38. R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, p.6.
39. H. Giliomee en R. Elphick. (Reds): 'n Samelewing in wording, Suid-Afrika 1652-1820, p.1.
40. H. Giliomee en R. Elphick. (Reds): 'n Samelewing in wording, Suid-Afrika 1652-1820, pp.145-146; A.J. Boëseken: Slaves and Free Blacks at the Cape 1658-1700, pp.77-78.
41. H. Giliomee en R. Elphick. (Reds): 'n Samelewing in wording, Suid-Afrika 1652-1820, pp.166-167.

Uit die "vrygestelde" slawekorps het daar mettertyd 'n nuwe groep - 'n status-groep in eie reg - bekend as die Vryswartes ontstaan.[42] Hulle geledere is deur diegene wat tot die Christelike geloof bekeer is en bloedvermenging, aangevul. Die Vryswartes was tot slawe uit Oos-Afrika en die Ooste (ook 'n klein aantal Chinese) beperk. Die Vryswartes was egter nie afkomstig uit Khoi-khoi geledere nie. Sommige het grond, vee- en selfs slawebesitters geword en kon al die regte en voorregte wat vir die koloniste beskore was geniet. Tog is hulle nooit gelykwaardig beskou en behandel nie. Daar is op grond van hul stand en kleur teen hulle gediskrimineer...[43]

Die meeste Vryswartes is in Kaapstad en omgewing gebore en sou as "mense van die Kaap" bestempel kon word. Van hulle het 'n heenkome in Kaapstad se herberge, wynhuise, koffiewinkels en bordele gevind. Van hulle, egter, was ambagslui soos byvoorbeeld klere- en skoenmakers. Ander weer, het hoogsgeskoolde arbeid as kuipers, tuie- en saal- en hoedemakers verrig. Nog ander het as vissers 'n bestaan gemaak wat onder die Kaapse gekleurdes 'n tradisionele bedryf geword het. Vanweë hul ondergeskikte stand het die oorgrote meerderheid van Vryswartes nooit ekonomiese opgang gemaak nie. Hulle het nooit deel aan die groot handelsondernemings gehad nie en metter-

---

42. A.J. Boëseken: Slaves and Free Blacks at the Cape 1658-1700, pp.76-78; J.S. De lima: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, pp.96-97.
43. H. Giliomee en R. Elphick (Reds): 'n Samelewing in wording, Suid-Afrika 1652-1820, p.161.

tyd in die sterk wedywerende handels- en landbouwedloop veragter.[44] Tereg kan met Van Eeden saamgestem word "dat die deursnee Kleurling die vroegste tye in armoede ontvang en gebore is.[45]

'n Vierde komponent wat heelwat later tot die ontstaan van die gekleurdes bygedra het, was die Swartmense. Die vroeë suidwaartse beweging van laasgenoemde is histories bekend. Baie groepe is in sogenaamde tradisionele kleurlinggebiede gevestig. Die Kaapse regering het alreeds in 1839 sowat 350 Xhosas te Schietfontein (Carnavon) en ongeveer 500 naby Pramberg (suidoos van Carnavon) gevestig. Teen 1859 het reeds sowat 870 swartmense in laasgenoemde gebied gebly. Van hulle het later naby Prieska gaan woon. Saam met van die Khoi-khoi en San-mense het hulle op die boere se plase gaan werk. Vansselfsprekend het met verloop van tyd vermenging tussen bogenoemde groepe plaasgevind. Dit het die heterogene aard van die gekleurdes verder verbreed.[46] Baie van die mense het later verstedelik omdat die nywerhede hulle beter besoldiging gebied het.

---

44. J.L. Hattingh: Grondbesit in die Tafelvallei. (J.L. Hattingh, H.F. Heese, H.C. Bredekamp (Reds.): Kronos, Vol. 10. pp.39-43.)
45. I.J. Van Eeden: Armoede en Sosiologiese perspektief, p.49.
46. S.A. Patterson: Colour and Culture in South Africa, p.21; J.P. Cilliers: The Coloureds of South Africa, p.9; UG 45-37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p.227.

Die San se bydrae tot die gekleurde gemeenskap se ontstaan en vorming was nie onbeduidend nie.[47)] Die San- ook as "Bosjesmans" bekend, was 'n jagtersvolk wat vanweë hul jag- en roofgewoontes as 'n groep in eie reg beskou is. Hulle lewenswyse het onder andere veediefstal en die wegvoer van slawe ingesluit. Laasgenoemde het onteenseglik bloedvermenging geïmpliseer.[48)] Die trekboere het later strafkommando's teen hulle georganiseer. Die Sanmans is meestal doodgeskiet terwyl die vroue en kinders as slawe na die plase weggevoer is. Dáár het vermenging tussen Khoi-khoi en San plaasgevind. 'n Subgroep van die Khoi-khoi en San is dus daaruit gebore.

Die nedersetting aan die Kaap het mettertyd 'n florerende gemeenskap geword.[49)] Maksimum wins was die V.O.C. se amptelike ekonomiese beleid. Derhalwe moes uitgawes beperk word om maksimale wins te verseker. Die nedersetters wat in 1657 Vryburgers geword het en die amptenare, het hulself verryk en welvarend geword.[50)] Welvarendheid vir die minderheid het egter gepaard gegaan met 'n ondergeskikte en minderwaardige posisie van die

---

47. J.S. Marais: The Cape Coloured People 1652-1937, p.24; H. Cruse: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking I, pp.11-13; J.C. Chase: The Cape of Good Hope and the Eastern Province of Algoa Bay, p.70.
48. H.S. Coetzee: Die ontstaansgeskiedenis van die Kleurlinge. (Referaat gelewer by die 23ste Bondskongres van die S.A. Studentebond Julie 1971, p.23-26.)
49. C. Wilson: The Dutch Empire, pp.206-210; C.R. Boxer: The Dutch Seaborne Empire 1600-1800, pp.243-257.
50. C.R. Boxer: The Dutch Seaborn Empire 1600-1800, pp.255-260; A.J. Boëseken: Die geheime en bekoring van Afrika, (C.F.J. Muller: (Red): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp.39,43,48).

meerderheid, te wete die inheemse nie-Europeërs die slawe en diegene wat deur bloedvermenging tot stand gekom het. Benewens die negatiewe en onderdrukkende maatreëls teen laasgenoemde, het die goedkoop- en in die meeste gevalle nie-besoldigde arbeid 'n groot rol in hul ondergang gespeel. Die besitlose proletariaat het die ellendigste armoede ten prooi geval.[51] Dit was hierdie haglike toedrag van sake wat die grondslag vir die kroniese armoede van die gekleurdes gelê het.

Die wieg van die gekleurdes se ontstaan, was die nedersetting aan die Kaap. Dit was die bakermat vir die ganse land en die smeltpot van die oorspronklike samelewing.[52]

Dit was egter eers tussen 1873 en 1883 dat die verwysing "Gekleurde" vorm begin aanneem het. Daar is gesê dat "the stratum of 'Non-Europeans' between 1873-1883 provided the driving force for the development of a coloured identity".[53] Dog; dit was vir agtereenvolgende regimes 'n dilemma om die gekleurdes behoorlik te omskryf en te bepaal.

Hierdie gebied sou later Kaapstad, die metropolis, die Moederstad word. Daar het die oorgrote meerderheid gekleurdes saamgetrek as

---

51. Verslag van die Theronkommissie April 1976, pp.468-469.
52. H.F. Heese: Groep sonder Grense, pp.1-14.
53. I. Golden: Making Race - The Politics and Economics of Coloured identity in South Africa, p.16; G. Lewis: Behind the Wire and the Wall, p.3.

´n integrerende deel van ´n samelewing in wording.[54])

Groepe mense wat geen politieke seggenskap het nie, kan armoede ten prooi val.[55]) Sommige kenners beweer dat politieke impotensie armoede ten grondslag lê. Dit is oor en oor bewys dat politieke hefbome en politieke meganismes gemeenskappe in staat stel om hulself uit armoede op te hef. Wit Afrikaanssprekendes is ´n klassieke voorbeeld van ´n groep mense wat hulle pertinent uit die sogenaamde armblankesituasie opgehef het.[56])

Wat was die gekleurdes se politieke situasie en hoe is hulle deur die jare in die staatkundige huishouding ingeruim? Die beantwoording van sulke vrae is noodsaaklik as bewys wil word dat politieke diskriminasie tot die gekleurdes se armoede bygedra het of dit selfs ten grondslag gelê het. En dit moet in detail geanaliseer en uiteengesit word om aan bogemelde beskouinge reg te kan laat geskied.

Die gekleurdes het aan die begin van die landsgeskiedenis af geen

---

54. H. Giliomee en R. Elphick (Reds.): ´n Samelewing in wording, Suid-Afrika 1652-1820, pp.173-174; G. Mc. C. Theal: Chronicles of Cape Commanders, pp.69-92; P.W. Laidler: A Tavern of the Ocean, pp.78-80.
55. H.W. Van der Merwe (Samesteller): Identiteit en Verandering, pp.98-99; (J.L. Sadie: Die Ekonomiese Faktor in die Afrikanergemeenskap, pp.98-101), W.M. Mac Millan: Complex, South Africa, p.16; F. Wilson and M. Ramphele (Eds.): Uprooting Poverty: The South African Challenge, pp.131-132; G.V. Doxley: The Industrial Colour Bar, pp.2-3.
56. Het Armblankevraagstuk: Verslag van kerklike Kongres. Cradock, 22-23 Nov. 1916, pp.10-51; Verslag van die Carnegie-Kommisse, Deel I. (Die Armblankevraagstuk) pp.1-27.

deel aan die bestuursstrukture gehad nie. Weens hul onderhorige posisie het hulle nie juis regte of voorregte geniet nie.[57]

Die inheemse bewoners en ingevoerde slawe het geen verteenwoordiging in die Politieke Raad of Raad van Justisie gehad nie. Hoofmanne van inheemse stamme het verdrae of ooreenkomste met betrekking tot veeruilhandel aangegaan en gewone stamlede moes hulle by die beslissing neerlê. Laasgenoemde was dus onderhorig en verantwoordelik aan die bepaalde stamstelsel en die stamopperhoof. Laasgenoemde het mag oor lewe en dood ten opsigte van sy stamlede gehad en waar dit om onderhandeling met die regeerders gegaan het, was hy die verteenwoordiger en die segsman en die besluitnemer.[58] Dog, die gesag van die opperhoof is geleidelik só ondermyn en het derhalwe só afgeneem dat laasgenoemde kort voor lank ook nie meer invloed gehad het nie. Bogemelde situasie was deels toe te skryf aan die owerheid se doelbewuste optrede en deels ten gevolge van onderlinge struwelinge en naywer. Die vroeë trotse selfstandigheid het later in 'n lakeiskap oorgegaan. Tereg konstateer Davenport "within a few decades the European community was dominant and all others had been relegated to, or confirmed in a position of legal and political inferiority".[59]

---

57. D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, p.97.
58. T.R.H. Davenport: South Africa, A Modern History, pp.24-28; D.H. Varley and H.M. Matthews (Eds.): Merriman's Cape Journal.1848-1855, pp.33-36.
59. T.R.H. Davenport: South Africa, A Modern History, p.34.

Onder die Bataafse bewind van 1803 af was die Khoi-khoi en voormalige slawe hoogstens "vry" maar politieke regte het hulle nie gehad nie. Die sogenaamde Khoi-khoi-wetgewing van 1809 en 1812 het nie politieke vryheid gebring nie. Dié regulasies het die dra van passe (1809) en die inboek van Khoi-khoi-kinders (1812) behels. Die slawe-wetgewing van 1816 tot 1823 was hoogstens daarop gemik om verdere mishandeling van slawe deur hul eienaars aan bande te lê.

Die alombekende en veelbesproke Ordonnansie 50 van 1828 het, op die oppervlak gesien, heelwat verligting aan die Khoikhoi gebring. Sommige historici beskou dit as die "Magna Carta" vir laasgenoemde.[60] Ander is egter van mening dat dit eintlik net die koloniste se oorheersing oor die Khoikhoi verstewig het.[61] Die feit bly egter staan dat die koloniste se behandeling van die Khoikhoi strenger statutêr voorgeskryf is en dat hulle optrede verder aan bande gelê is. Dit het ook die beginsel van gelykheid voor die gereg vir alle mense ongeag ras of kleur bevestig.[62]

---

60. C.F.J. Muller: Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p.141.
61. R. Erntzen: From Proprietors to Proletarians: An analytical review of the Cape's Ordinance 50 and the position of the Khoikhoi in colonial society. 1819-1828, p.118.
62. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.8.

Die vrystelling van slawe in 1834 het geen positiewe uitwerking op die gekleurdes se politieke en sosiale posisie gehad het nie. Hulle was steeds besitloos, stemloos, onversorgd en arm. Die Britse Parlement het nie vir hulle 'n bedrag met betrekking tot hervestiging en bystand bewillig soos b.v dit die geval later met die verslane Boere na die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) die geval was nie. Hulle is hoogstens weer aan hul lot oorgelaat. In daardie stadium was die slawebevolking sowat 5000 en die Kaapse nie-wit bevolking ongeveer 13 065. Daar was sowat 15 118 witmense. Toe reeds was die "gekleurdes" 'n redelike gevestigde, dog, heterogene komponent van die Kaapse samelewing.

In 1836 het die Wetgewende Raad van die Kaap, deur Ordonnansie 9 van 1836 stadsrade in dorpe (grotes en kleines) in die Kolonie in die lewe geroep.[63)] In 1840 het Kaapstad munisipale status gekry. Enigeen wat die nodige kwalifikasies gehad het, was vir die stadsraad verkiesbaar. 'n Gekleurde is wel tot wyksverteenwoordiger verkies maar het om een of ander rede nooit die amp aanvaar nie.

William Porter, die Prokureur-generaal van die Kaapkolonie was 'n sterk voorstander van politieke regte van nie-witmense en die uitbreiding daarvan met verlaagde kwalifikasies.[64)] Van 1841 af

---

63. UG 45-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p.227.
64. J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.65.

is weer pogings aangewend om universele politieke deelname vir almal te bewerkstellig.

Die Ordonnansie van 1843 vir die instelling van Padrade het gekleurdes instaat gestel om vir Afdelingspadrade te stem. Hulle moes egter vaste eiendom van R100 of meer besit.65)

In 1849 was die Britse regering gretig om 'n mate van selfregering aan die Kaapse bewoners te gee. In 1850 is 'n verkiesing vir die Wetgewende Raad gehou waaraan witmense sowel as gekleurdes (op daardie stadium is daar spesifiek na hulle as "Gekleurdes" verwys) kon deelneem.66) Net witmense, sommige met behulp van die sogenaamde kleurlingstem, is verkies. Die jong Wetgewende Raad het o.a. wetgewing aangeneem wat stemreg op die besit van vaste eiendom van tot op R50 bepaal het.67) Dit sou baie gekleurdes bevoordeel. Ook die liberale klousules in die Konstitusionele Ordonnansie van 1852 het baie deure m.b.t. die stemreg vir meer gekleurdes geopen as wat vroeër die geval was.68)

---

65. J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.63.
66. UG 45-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p.227.
67. J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.63.
68. J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.65.

In 1853 sou "al haar majesteit se onderdane aan die Kaap sonder onderskeid van klas of kleur" in die uitoefening van politieke regte kon deel. Gekleurdes kon dus hul stemreg benut en ook verteenwoordigers verkiesbaar stel. Hulle moes egter aan sekere eiendoms- en loonkwalifikasies voldoen, iets wat vir die oorgrote meerderheid 'n probleem was. Die Kaapse liberalisme was in der waarheid vir die gekleurdes 'n konserwatiewe belydenis wat sosiale en ekonomiese ongelykheid as die natuurlike lewenswyse aanvaar het.[69)]

Die gekleurdes het hulle nie deur bogemelde laat afskrik nie en was polities steeds geesdriftig. Veral in Moslemgeledere was daar groot bedrywigheid. Hulle het hulle rondom Abdol Burns (die "Mahdi" van Kaapstad) geskaar en hulle op sosiale en godsdienstige sake toegespits.[70)]

Met die verkryging van Verantwoordelike Bestuur in 1872 het die stemregkwalifikasies dit vir gekleurdes moeilik gemaak om hulself polities te laat geld. Onder die oppervlak was daar by hulle groot politieke roeringe. In 1880 het sommige wit partye soos die Afrikanerbond steun by gekleurdes gewerf.[71)] Hul stem was

---

69. G. Lewis: <u>Behind the Wire and the Wall</u>, p.8.
70. G. Lewis: <u>Behind the Wire and the Wall</u>, p.10.
71. W.G. Hendricks: Die reaksie van gekleurdes op die Suid-Afrikaanse politieke ontwikkelinge van die begin van die twintigste eeu met besondere verwysing na die Kleurlingbevolkingsgroep, p.9; J.L. Mc. Cracken: <u>The Cape Parliament 1854-1910</u>, p.75.

belangrik.[72] Die sogenaamde stemregwetgewing van 1892 het veel daartoe bygedra dat die gekleurdes hulleself polities begin organiseer het. Dit het tot die stigting van die sogenaamde Coloured People's Association of S.A. aanleiding gegee. Dié organisasie het die 1892-stemregwetgewing beveg. Die gekleurdes het teen dié tyd besef dat hul politieke toekoms in hulle eie hande was. Dit sou ook hul sosio-ekonomiese posisie bepaal.

Teen die laat 1890-jare het die groeiende stedelike gekleurde elite tekens van toenemende politieke bewustheid begin toon. Hulle is hierdeur aangemoedig deur sekere wit politieke partye wat hul stemme in 'n verkiesing wou bekom. Vanuit uit Kaapstad het die gekleurdes polities begin mobiliseer. Die solidariteitsgevoel het tot gevolg gehad dat 'n sekere Ahmed Effendi in 1894 homself as kandidaat vir die Wetgewende Raad verkiesbaar gestel het.[73] Die witmense het egter deur 'n wysiging aan paragraaf 46 van die Grondwet verhoed dat Effendi die Parlement bereik. W.P. Schreiner, die latere kampvegter vir gekleurdes se politieke regte was, ironies genoeg, toe teen die teenwoordigheid van gekleurdes in die Wetgewende Raad gekant.[74]

---

72. J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.82.
73. R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, p.12; J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.75.
74. W.G. Hendricks: Die reaksie van gekleurdes op die politieke ontwikkelinge van die begin van die twintigste eeu met besondere verwysing na die kleurlingbevolkingsgroep, p.9.

Inderdaad het die Kaapkolonie, anders as die Boere-republiek, die gekleurdes toegelaat om aan die politieke lewe deel te neem.[75]

In 1898 het 'n sekere La Vita, nadat hy uit die South African League bedank het, die Colonial League gestig. Laasgenoemde organisasie sou 'n onafhanklike kandidaat teen die Progressiewe Party steun. Die gekleurdes se politieke slaankrag is egter in daardie stadium deur onderlinge verdeeldheid en gebrek aan bekwame leierskap gestrem.

Die Ghaneesgebore F.Z.S. Peregrino het in die vroeg 1900-jare op die Kaapstad se politieke toneel verskyn. Hy was hoofsaaklik op die swartes se belange ingestel. Hy het tóg met die gekleurde leiers geskakel en dit het hulle gestimuleer om vir hul mense se regte te veg. Hy was juis goed bevriend met John Tobin die sameroeper van die sg. "Stone meetings". Sy ideologie van "Swartes Eerste" het beslis nie werklik tot die gekleurdes deurgedring en blywende impak gemaak nie.

Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die gekleurdes meestal die Britte gesteun. Gevolglik het wrywing tussen die

---

75. J.L. Mc. Cracken: <u>The Cape Parliament 1854-1910</u>, p.63

gekleurdes en die wit Afrikaanssprekendes ontstaan. Dit het veral op kerklike gebied neerslag gevind.[76] Die gekleurdes het gehoop en geglo dat 'n Britse oorwinning hulle politieke lot sou verander. Hulle was immers lojaal teenoor Groot-Brittanje. Hulle het selfs 'n deputasie na Lord Milner gestuur met die versoek dat die Britse liberale beleid na die Noorde uitgebrei moes word. Hulle hoop is egter verydel. Hulle is gepaai en gemaan om geduldig te wees. Die Vrede van Vereeniging (1902) het vir die gekleurdes polities niks positiefs opgelewer nie. Vir baie gekleurdes was Brittanje se reaksie suiwer verraad.[77] Voortaan sou hulle op hulself aangewese wees.[78]

Eers is die "Stone meetings" onder leiding van John Tobin in 1901 begin - die toehoorders het hul sitplekke op die rotsblokke in Cliftonstraat Kaapstad, ingeneem, vandaar die naam. Hieruit het later die groot politieke party vir die gekleurdes, die African Political Organisation in 1902 tot stand gekom.[79] Dié

---

76. I.J. Van der Ventel: Die Kommissie vir Binnelandse Sending van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. 'n Historiese ondersoek na sy rol en verhouding met die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Sendingkerk. 1852-1902, pp.125,144.
77. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.16; L. Thompson: The Compromise of Union (M. Wilson and L. Thompson. (Eds.): The Oxford History of South Africa. Vol. 2. p.331).
78. A.P.O., 31 July 1905; p.1.
79. R.E. Van der Ross: The Founding of the African Political Organization in Cape Town and the Role of Dr. A. Abdurahman, p.11; N.E. Morris: Die rol van die African Political Organization in die Suid-Afrikaanse politiek 1902-1924, p.17.

party het hom landswyd beywer om die politieke en sosiaal-ekonomiese lot van gekleurdes te verbeter. Tegelykertyd wou hulle hul uit die moeras van armoede probeer uitlig.[80)]

Die A.P.O. was "at the outset an elite organization which sought to defend the franchise, residence and unemployment of "civilized Coloureds".[81)] In 1903 het net 5 van die 46 kiesafdelings van die Kolonie geen nie-wit kiesers gehad nie en teen 1907 het elke kiesafdeling nie-wit kiesers gehad.[82)]

Dit was egter eers in 1905 dat die A.P.O. volle geloofwaardigheid en aansien verwerf het toe die merkwaardige en legendariese dr. Abdullah Abdurahman tot president van dié organisasie verkies is. Dr. Abdurahman het uit die staanspoor as kampvegter op politieke

---

80. E. Mantzaris: The Promise of the impossible Revolution. The Cape Town Industrialist Socialist. League (1918-1921). (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town. Vol 4\1981, pp.146-147; A. Odendaal: Yukani Bantu - The beginning of Black Politics in South Africa to 1912.
81. I. Golden: Making Race - the Politics and Economics of Coloured identity in South Africa, p.32.
82. J.L. Mc. Cracken: The Cape Parliament 1854-1910, p.81.

en sosio-ekonomiese gebied vir sy mense opgetree.[83] Hy het al in 1904 Distrik Ses in die Kaapstadse Stadsraad verteenwoordig. Toé was die gebied alreeds as "one of the city's poorest constituencies" bestempel.[84] Dr. Abdurahman was selfs stadsbewoner en dus nou betrokke by die wel en weë van sy mense. Hy het vir geruime tyd op die stadsraad se Gesondheidskomitee gedien. Dr. Abdurahman het altyd daarop geroem dat die veelgeroemde Teacher's League of South Africa in sy huis gestig is.[85] Ook sy beroep as mediese praktisyn onder sy mense het hom die lief en die leed van hulle laat deel.

Die A.P.O. met dr. Abdurahaman aan die spits, het 'n verbete aanslag op die sogenaamde School Board Act van 1905 geloods. Laasgenoemde Wet het in alle opsigte teen die gekleurde kind gediskrimineer.[86] Die onderwys en opvoeding van gekleurdes het toé reeds 'n swak reputasie gehad. Die staat se gruwelike verwaarlosing daarvan en die doelbewuste veronregting in daardie verband, was toe alreeds 'n voldonge feit.[87]

Die onderwysstandaarde wat ten opsigte van die gekleurde kind

---

83. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Coloured People 1880-1940 Part 1, pp.51-54; A. Odendaal: Vukani Bantu - The beginning of Black Politics in South Africa to 1912, p.99.
84. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.27.
85. Educatio. First Quarter Edition 1987. Vol. No. 1, p.19.
86. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp.30-31.
87. A.P.O., 26 August 1911, pp.5-6; A.P.O., 22 February 1913, p.6; The Cape of Good Hope Government Gazette, 6 April 1909, p.1080.

toegepas is sou nooit voldoende wees om hom vir sy rol as toekomstige volwaardige landsburger kon toerus nie.[88] Trouens, 'n voormalige Superintendent-generaal van Onderwys, Sir Langham Dale, het al so vroeg as 1890 bepaal dat die skoolleerplan só opgestel moes word om die gekleurde kind se ondergeskikte status in die samelewing te verseker. Dié toedrag van sake sou ook sy lot as volwassene wees.[89] Voorts is hierdie opvatting van Dale in die volgende uitgedruk. "if the European race is to hold supremacy the school instruction of its children must not only be the best and the most advanced but must be followed by a systematic training of the young colonist in directive intelligence to be brought to bear on all industrial arts".[90] Onderwys is dus as instrument ingespan om die gekleurde permanent in 'n onderhorige posisie en knegskap te hou. Vanselfsprekend sou die gekleurdes nooit op so 'n basis hul voete polities en ekonomies kon vind nie. Dr. Abdurahman het dit geweet en dit onomwonde gestel dat vir die staat onderwys vir gekleurdes 'n las en 'n struikelblok was. As dit nie vir die alombekende kerk- of sendingskool was nie, sou derduisende gekleurde kinders nooit onderwys ontvang het nie.[91] Hul ouers sou egter daarna streef om

---

88. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.31.
89. E.L. Maurice: The History and Administration of the Education of the Coloured People of the Cape 1652-1910, p.267.
90. E.L. Maurice: The History and Administration of the Education of the Coloured People of the Cape 1652-1910, p.268.
91. S.G.E. Volume 1\78 Letters received from Missionaries: Rev. A. Compaan - Superintendent-General of Education, 23 January 1884, S.G.E. Vol. 1\68 Letters received from Missionaries: Rev. C. Murray - Superintendent-General of Education, 5 November 1883.

goeie onderwys vir hulle te bekom .[92] Hulle het besef dat onderwys een van die doeltreffendste hefbome was om 'n goeie toekoms vir hul kinders te verseker.[93] In daardie verband het die wit kinders 'n groot voorsprong op hulle gehad.

As president van die A.P.O. het dr. Abdurahman in al sy presidentsredes op die kongresse, onder andere die politieke voornemens en versugtinge van sy mense bepleit. Hy het die noodsaaklikheid van eenheid onder gekleurdes benadruk en juis na die eenwordingspogings van die wit groepe verwys. Voorts het hy groot klem op morele gedrag gelê. Dr. Abdurahman het ook gereken dat welwillende witmense, soos die gewilde Morris Alexander, voorlopig polities ondersteun moes word indien laasgenoemdes hulle verkiesbaar sou stel.[94] Op die kongres van die A.P.O. van 1909 is 'n mondstuk vir die organisering van die party van stapel gestuur.[95] Die koerant sou die A.P.O. - African Political Organization - heet en sou die belange van gekleurdes op elke terrein bepleit en dien. Volle politieke regte vir gekleurdes sou die hoogste prioriteit wees. Met verloop van tyd is die A.P.O. se naam na African People's Organization verander.

---

92. S.G.E. Volume. 1\84 Letters received from Missionaries: Rev. A.F. Weich - Superintendent-General of Education, 26 October 1882.
93. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.4.
94. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Part I, p.70.
95. N.E. Morris: Die Rol van die African Political Organization in die Suid-Afrikaanse Politiek 1902-1924, p.33.

Op die Nasionale Konvensie (1908-1909) waar die wit politieke leiers byeengekom het om oor vereniging te besin en te onderhandel[96], het die gekleurdes nie juis noemenswaardig gefigureer nie. Selfs hul petisies aan die Konvensie is geignoreer.[97] Alles het feitlik om die belange van die witmense gegaan. Die Suid-Afrika-Wet wat in 1909 deur die Britse Parlement aangeneem is, het polities niks positief en sinvol vir die gekleurdes ingehou nie. "It began the process of discrimination by limiting membership of Parliament to Europeans.[98]

Op sy beste sou die gekleurdes van Kaapland hul stemreg behou wat slegs met 'n twee-derde meerderheid van elk van die twee Huise verwyder kon word.[99] Die gekleurdes se stem sou egter genoeg wees om 'n belangrike rol te speel in die oorwinning van enige wit kandidaat.[100]

Die houding van die witman teenoor gekleurdes was in daardie stadium een van verdraagsaamheid weens lg. se westerse uitkyk en hul saamwoon in veral die Westelike provinsie vir baie jare.[101]

---

96. Cape Times, 16 April 1910, p.13.
97. L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.375.
98. E.H. Brookes: The Colour Problem in South Africa, p.2.
99. L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.223.
100. L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.111.
101. L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.113.

Dog; wat die politiek betref sou hy hom nie sy gelyke ag nie. Die gekleurdes sou dus geen direkte deel hê aan die politieke prosesse in die nuwe staatkundige struktuur nie. Maar die helfte van die Senaat se lede is darem gekies op grond van hul deeglike kennis van die gekleurdes![102]

In 1909 is 'n deputasie onder leiding van W.P. Schreiner, kampvegter vir gekleurdes se politieke regte met dr. Abdurahman in sy geledere, na England.[103] Dié afvaardiging het by die Britse regering aangedring dat 'n soort Unie wat ook die gekleurdes sinvol polities sou akkommodeer tot stand gebring moet word. Gesiene Britse politici soos Sir Charles Dilkes, Ellis Griffith, Sir W. Robinson en Keir Hardie het die deputasie se saak gesteun en in die Britse Parlement bepleit, maar sonder sukses.[104] Die Britse regering was met net een faktor behep en dit was die versoening van die verdeelde wit groeperinge en die vereniging van die onderskeie Suid-Afrikaanse state.

---

102. L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.201.
103. Cape Times, 16 April 1910, p.13; A. Odendaal: Vukani Bantu - The beginning of Black Politics to 1912, pp.197, 211; L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.403.
104. A.P.O., 3 July 1909, p.1; R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People Part I, p.81; A. Odendaal: Vukani Bantu - The beginning of Black Politics in South Africa to 1912, p.223.

Gedurende die tydperk 1844 en 1909 ('n dekade na die Vrystelling van slawe) was deur ongekende armoede en ellende onder die Kaapstadse gekleurdes gelenmerk.[105] Dit is belangrik dat dit uiteengesit word omdat dit die bestaande fondamente van armoede verder verstewig het.

Die aanvanklike nie-verbondenheid van gewese slawe aan hul werkgewers en dus hul werkloosheid het grootskaalse rondlopery tot gevolg gehad. Voorts was lone só laag en woonplek só skaars en onbekombaar dat die vrygestelde slawe hulle nie aan vaste verblyf verbind het nie. "The existing deplorable living conditions of the majority of the local population deteriorated and Cape Town's workers were crowded in dozens into cellars, back courts and cavern-like holes".[106]

In bogemelde stadium is die slawelosie in 'n herberg vir armlastiges (die sogenaamde Pauper's Asylum) omskep om bejaardes en siek armlastiges wat nie na hulself kon omsien nie te huisves. Daar is ook na melaatses en arm kroniese sieklikes omgesien. Die opsieners en weldoeners was baie teleurgesteld met van die ingesetenes van die inrigtings want na ontslag het baie van hulle weer afvallig geword. - "to beg, get drunk and commit sundry

---

105. UG 54-'37 Report on Commission of Inquiry regarding Cape Coloured Population of the Union, pp.18-19.
106. B.H. Kinkead-Weekes: <u>A History of Vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa</u>, p.3.)

nuisances".[107] Teen 1847 het die Armlastige Herberg só bouvallig geword dat van die melaatses en kroniese sieklikes na Robbeneiland verplaas moes word. Die armlastiges self is in lokale in en rondom die Ou Somersethospitaal gehuisves. Die werkloses en dakloses wat nie toegang tot gemelde inrigtings kon verkry nie, het hulle na die vuil strate en die steë van die stad gewend om kos uit die vullisblikke te aas. Hul toestand het só versleg en hul getalle het só toegeneem dat die alombekende en agtenswaardige eerwaarde Lightfoot, leraar van die St. Paul's Anglikaanse gemeente, hom oor hulle ontferm het en 'n tydelike skuiling in Riebeeckstraat opgerig het. Eerwaarde Lightfoot was só nou verweef met die gekleurdes se armoede dat dié twee feitlik sinoniem en onafskeidbaar was.[108]

Met eerw. Lightfoot se aankoms in 1858 was Kaapstad se bevolking sowat 30 000 waarvan 14 000 gekleurdes was. Sy eerste werklike kennismaking met die gekleurdes se nood was met die uitbreek van pokkies in Kaapstad. 'n Vry apteek (die sogenaamde Free Dispensary) is op die been gebring want "there exists among the poorer classes of Cape Town much sickness and distress".[109] Daardeur is die getroffenes met raad en daad bedien en van gratis

---

107. B.H. Kinkead-Weekes: A History of Vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa. p.3.)
108. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, pp.V-X.
109. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.119.

medikasie voorsien. In 1861 het 'n ernstige masselepidemie Kaapstad getref. Baie arm gekleurdes, onder andere, het dit ten prooi geval. Tonele van "hungry children, the empty larder, the beggarly array of household furniture and family rags" was alledaags en algemeen.[110] Huise was in 'n benarde toestand, dit wil sê as daar van huise gepraat kon word. Daar is na die haglike skuilings en "hondehokke" wat aan die voet van Leeukop verrys het verwys.

Ironies genoeg het die huisbase (die sogenaamde landlords) fortuine in hierdie krotbuurtes gemaak. Vuilheid en onsedelikheid het daar gefloreer. Die huisbase het egter niks gedoen om toestande te verbeter nie. Eerw. Lightfoot het egter sy taak en lewensroeping gelowig aanvaar want die mense wat deur die haglike omstandighede geteister was, was deel van sy kudde. Die woorde "sickness", "distress" en "death" het daagliks in sy dagboek voorgekom.

In 1864 het daar 'n soort koors onder die bewoners van Breë- en Buitengrachtstraat uitgebreek. Weer was dit die armes wat in die kelders en skuilings gewoon het, wat swaar getref was. Oor die algemeen is daar van "Famine Fever" gepraat. Dit was ook as "Zwarte Koorts" of "Rotte Fever" bekend. Daar is vermoed dat dit

---

110. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.123.

slegs deur armoede, depressie, 'n onsedelike lewenswyse en vuil woonkwartiere veroorsaak is. Gelukkig het dit nie in 'n epidemie ontaard nie.

In 1865 die jaar van sensusopname deur die Kaapse koloniale owerheid, was Kaapstad 'n redelike groot gevestigde gebied met 'n redelike groot getal inwoners. Die totale bevolking was 28 457.[111)] Die getal gekleurdes was nog nie spesifiek bepaal nie.*

Die oorgrote meerderheid gekleurdes van Kaapstad was huisbediendes en arbeiders. Hulle het hulself hoofsaaklik teen die hange van Seinheuwel, in Distrik Ses en Schotsche's Kloof gaan vestig. Laasgenoemde gebied is meestal deur voormalige slawe bewoon en het mettertyd die tradisionele woongebied van die Kaapstadse Moslems geword. Die witmense, die gekleurdes se werkgewers, het in die sogenaamde Tuine en omgewing gewoon, terwyl die mindergegoedes naby die Middestad in Caledon- of Buitengrachtstraat gewoon het.[112)] Daar het toé alreeds 'n natuurlike woonbuurtskeiding tussen wit en gekleurdes bestaan. Dit is egter grotendeels deur die maatstaf van klas, rykdom en armoede, bepaal.

'n Groot gedeelte van Kaapstad se inwoners was in daardie stadium

---

111. G 20-'65 Census of the Colony of the Cape of Good Hope 1865.
112. M. Marshall: Growth and Development of Cape Town, p.11.

* Daar word slegs na "Europeans" en "Non-Europeans" verwys.

snoesig rondom die hange van Leeukop in Duiwelspiek genestel. Oorbewoning het die welgesteldes na laasgenoemde gebiede laat uitwyk.[113)] Hulle is as't ware deur die instroming van nie-witmense na die Middestad daarheen uitgedruk. In en om die stad self was daar heelwat waterslote, ofte wel kanale wat die stad deurkruis het en na die see gelei het.[114)] Om in die gebied wat as Distrik Ses bekend gestaan het te kom moes van die kanale oorgesteek word, vandaar die bynaam "Kanaladorp" vir Distrik Ses.[115)] Na aanleiding van die oorlewering het dié benaming ook ontstaan uit die Maleisiese woord "Kennallah" wat "asseblief" beteken.[116)] Dit het geïmpliseer dat die nie-witmense van Distrik Ses die mooi gewoonte van mededeelsaamheid en hartlikheid jeens mekaar openbaar het. Deur die jare was dit kenmerkend van hulle.

Gedurende bogemelde tydperk het die gekleurdes in al hoe groter getalle in die agterbuurtes van Kaapstad saamgetrek.

---

113. M. Marshall: Growth and Development of Cape Town, p.11.
114. C. Pama: Regency: Cape Town, p.53.
115. G. Manuel: District Six, p.1.
116. R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill - A History of St. Marks's District Six, pp.2-3.

Baie van hulle het in klein vertrekke in die strate en steë gewoon. Die strate was vuil en gedurig met vullis bestrooi. Dit was ʼn vingerwysing na die stadsraad se gruwelike verwaarlosing van die gebiede se gesondheidsdienste. Daar was juis ʼn gebrek aan straatskoonmakers in Distrik Ses.

In 1866 was die nood in Kaapstad baie hoog. Die toestand van die verarmdes was só haglik dat ʼn nagtoevlugsoord (die sogenaamde Night Refuge) opgerig is.[117] Dit sou funksioneel en opbouend van aard wees. Arbeid in ruil vir voedsel sou die wagwoord wees. Hierdie toevlugsoord is in ʼn houtpakkamer in Riebeeckstraat ingerig. Eers is komberse en brood aan die eerste aansoekers verskaf. Die nood het tydelik ietwat afgeneem maar teen 1867 het dit weer opgevlam. Die toevlugsoord wat vir ʼn wyle gesluit was, is heropen en ʼn sopkombuis is daaraan bygevoeg.

Distrik Ses is in 1867 tot munispale gebied verklaar. Teen daardie tyd egter, was dit alreeds oorbewoon en vullisbestrooid.[118] Dit het van straatvroue en diere gewemel.[119] Daar was ook nie voldoende riolering nie en agt jaar later het daar ʼn maagkoorsepidemie uitgebreek. Gedurende daardie tydperk is bitter min aan die gesondheidssituasie van die

---

117. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, pp.140-144.
118. Cape of Good Hope Government Gazette. July 30 1867.
119. G. Manuel: District Six, p.1.

bewoners gedoen. Buiten die vuil toestande was armoede, wat skamele kleding, verhongering en dakloosheid ingesluit het, alledaags. Daar is gesê: "you cannot conceive the wretchedness of the inmates and the filthy state of the house we visited yesterday".[120] Die reeds vermelde koors wat nog steeds onverpoosd gewoed het was só verwoestend dat die volgende stelling gemaak is: "(it) decimated a large portion of our Coloured fellow-citizens".[121] Die gemeenskap het geen geloofsgrense geken nie. Christene en Moslems het mekaar in hul onderlinge nood bygestaan. Vervolgens is die sogenaamde "Relief Committee" gestig want die armoedenood was groot. Laasgenoemde instansie is deur die "Ladies Benevolent Society" bygestaan om die nood te verlig. Aan die "seinwagter" op Seinheuwel is opdrag gegee om die getal begrafnisstoete daagliks vanuit sy uitkyktoring te

---

120. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.143.
121. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.143

monitor en op te teken. Hier volg een van sy opnames:

| BEGRAAFPLASE<br>Getal begrafnisse | NOVEMBER 1867<br>Dag: 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vogelgesang (Ebenezer NGSK) | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 |
| Ned. Geref. Kerk | 4 | 2 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 |
| Lutherse | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| Skotse | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Rooms-Katolieke | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Beck´s | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Militêre | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Anglikaanse | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 |
| Breakwater (Mosambiek) | 1 | 2 | 1 | 4 | 0 | 1 | 1 |
| Maleiers | 3 | 3 | 9 | 7 | 7 | 4 | 5 |

Distrik Ses was ook in hierdie stadium geheel-en-al oorbewoon. Die gebied tussen Harringtonstraat en Glynn Square is as ´n "horrid pest hole" beskou.[122)] Dit het van "prostitutes and thieves of the worst description" gewemel.[123)] Die huisbase (die sogenaamde Landlords) het eter die situasie uitgebuit en hulle sakke deeglik gevul. In ´n stadium het hulle, vanweë hul oneerlikheid op een of ander wyse heelwat finansiële verliese ondervind. Die inwoners het met hul huurgeld agterstallig geraak en eenvoudig in gebreke gebly om te betaal. Wetlike optrede deur die huisbase het nie resultate opgelewer nie. Hulle was ´n

---

122. G. Manuel: <u>District Six</u>, p.1.
123. M. Ajam: The ´Raison Detre´ of the Moslem Mission School in Cape Town and environs. 1860-1980 with special reference to the roll of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Islam-orientated schools, p.127.

gedugte en skatryk korps wat verenig en solidêr in hul motiewe en strewe was. Dit het op onbeheerste profyt neergekom sonder dat die minimum verbeteringe aan en opknapping van hul bouvallige eiendom bestee is. Daarbenewens was hul invloed groot in hoë- en gesagskringe, onder andere, in die binnekringe van die stadsraad.[124)]

In 1875 was die totale bevolking van die Kaapkolonie 720 984. Daarvan was 236 783 witmense en 48 420 gekleurdes. Kaapstad het 33 239 inwoners gehad waarvan 18 973 witmense en 14 266 gekleurdes was.[125)] In daardie stadium het klassebewustheid by witmense alreeds bestaan. Kleurskeiding was ´n voldonge feit. Daar is toé al na "Grand Bourgeoisie" en "Petty Bourgeoisie" verwys.[126)] Eersgenoemde was die ryk nyweraars, welgestelde amptenare, groot handelaars en professionele lui. Laasgenoemde het die ambagsmanne, veral ingesluit. Die gekleurdes se sosio-ekonomiese situasie moet teen hierdie agtergrond gesien word. Hulle was hoofsaaklik kebdrywers, huisbediendes en ongeskoolde

---

124. D. Warren: Property, Profit and Power. The Rise of a landlord class in Cape Town in the 1840´s; (C. Saunders, A. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 6\1988), p.53.)
125. G 42-´75 Cape of Good Hope Colony Census Part 11, p.4.
126. V. Bickford-Smith: Cape Town at the advent of the Mineral Revolution (c.1875) Economic Activity and Social Structure (C. Saunders, H. Phillips, E. Van Heyningen, V. Bickford-Smith. (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol 6\1988. p.68).

arbeiders. Hulle was só laagbesoldigd dat hulle nie eens ordentlike onderwys vir hul kinders kon bekostig nie.[127] Gelukkig het die Kerk; by name die Anglikaanse Kerk, heelwat noodlenigings- en opvoedingswerk onder hulle verrig.

Teen 1880 was die stadowerheid baie bekommerd oor sanitasie. Van die sogenaamde "Free Dispensary" is verneem dat die uitbreek van siektes aan die haglike sanitêre toestande te wyte was.[128] "In many parts of the town the drains are in a fearful state of filthiness and some of the lanes, both private and public, are fearfully neglected".[129] Dié vrese van die stadsraad was nie ongegrond nie want 'n pokke-epidemie het nog dieselfde jaar (1880) uitgebreek. Die stadsraad is van skromelike vernalatiging met betrekking tot sanitasie, dreinering, riolering en algemene gesondheidsmaatreëls beskuldig. Laasgenoemde was nogal sensitief oor dié aanklagte en 'n spesiale vergadering is belê om die toedrag van sake deeglik onder die loep te neem. Vuil strate en oorbewoning was hoog op die agenda. Daar is gerapporteer dat groot dele van Kaapstad in 'n vieslike, vuil toestand was. Ook

---

127. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, pp.27-28.
128. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.182; M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Moslem Mission Primary School in Cape Town and environs. 1860-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Islam-orientated schools, p.106.
129. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. Van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 4\1981, p.31.

Distrik Ses is geïdentifiseer as 'n gebied wat in haglike omstandighede verkeer het. Dele van Distrik Drie, bokant Chiapinnistraat, was ook nie ver agter in daardie verband nie.

In 1881 het daar weer 'n pokke-epidemie in Kaapstad uitgebreek. Dit was die skepe "Garonne" en later die "Drummond" se bemanning wat die virus die Tafelbaaise hawe binnegebring het.[130] Dit was rampspoedig vir die Kaapstadse bewoners veral die gekleurdes. Laasgenoemde se stertesyfer was baie hoog. Eerwaarde Lightfoot was weer kniediep in die stryd. Hy het niks en niemand ontsien om sy herderlike verpligtinge en noodlenigingswerk in daardie verband te verrig nie. Geloofsgrense het ook nie by hom 'n rol gespeel nie.[131]

Teen 1886 was die fondse van die 'Relief Committee" opgedroog. Terselfdertyd het die Arbeidsburo 1141 persone, wat as werkloses geregistreer het, op sy lys gehad. 'n Noodskuiling vir dakloses en behoeftiges is in Boomstraat, middelpunt van 'n hoofsaaklike gekleurde gebied, op 21 Augustus geopen. Vyftig hulpbehoewendes is daarin opgeneem. Op 13 September is daar ook in dieselfde straat 'n 'noodlenigingshuis' geopen en 4408 kwarte (destydse inhoudsmaat) sop en 9370 brode is aan noodlydendes uitgedeel.[132]

---

130. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.188.
131. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.190.
132. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.218.

Terselfdertyd is meer kennis en inligting met betrekking tot die mense se armoedetoestand opgedoen en bekom. Daar is ontdek dat die nood baie groter was as wat aanvanklik besef is.

Teen die jaar 1890 is die gekleurdes as die gevaarlikste elemente in die verarmde gemeenskap bestempel.[133)] Die "etiket" het die gramskap van die oorgrote meerderheid van die vredeliewende en respektabele elemente gewek. Wat hulle betref was dit maar net vooroordeel van die kant van sekere witmense.

In 1895 het 'n maagkoorsepidemie die stad in sy wurggreep gehad. Onvoldoende riolering van afvalstowwe, besoedelde voedsel en 'n gebrek aan voldoende bruikbare water was die grondoorsake daarvan. Dit het veral vir die buitewyke van Kaapstad gegeld; die sogenaamde slumgebiede waar die meeste gekleurdes gewoon het.[134)] Die maagkoors het verwoesting onder die gekleurdes gesaai. Daar is ook ontdek dat ondervoeding die groot sondaar was. Swak opvoeding en onkunde by kinderoppassers en sommige moeders het ook tot die haglike situasie bygedra. Die mense was te arm om die broodnodige voedsel wat die lewensnoodsaaklike elemente, soos

---

133. S. Marks and S. Trapido (Eds.): <u>The Politics of Race, Colour, Class, and Nationalism in Twentieth Century South Africa</u>, p.162.
134. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): <u>Studies in the History of Cape Town Vol.4\1981</u>, pp.138-139.)

vitamines en protëine bevat het, te bekom. Waar borsvoeding toegepas is het die babas beslis oorleef, dit wil sê as die moeders welgevoed was. Die volgende feite spreek vanself en boekdele:[135]

| 'n Kind wat gesterf het op die ouderdom van: | was gewoond aan die volgende (benewens melk.) |
|---|---|
| 11 maande | brood en tee |
| 6 maande | allerhande soorte koekies |
| 14 maande | vis, vleis en groente |
| 19 maande | opgekookte perskes |
| 15 maande | allerlei soort gekookte vrugte |
| 18 maande | enige soort kos |
| 13 maande | druiwe |
| 15 maande | brood en vleis ens. |

In 1895 het tuberkulose baie lewens onder die gekleurdes van Kaapstad geëis. Trouens, die gekleurdes het in die hele land die meeste tuberkuloseslagoffers gehad.[136] Oorbewoning en ondervoeding is as die grondoorsake daarvoor bestempel. Die dieet en

---

135. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984, p.145).
136. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984, p.259).

eetgewoontes onder die gekleurdes was ook nie voldoende om daardie "moordenaar" te verhoed of hok te slaan nie.[137] ´n Jaar later, 1896, het daar weer ´n maagkoorsepidemie in die stad uitgebreek. Die gekleurdes asook die swartes, is daarvoor geblameer. Hulle is uitgesonder as die sondaars wat hulle nie oor sindelikheid bekommer het nie. Hulle sou hulle glo nie aan gesondheidsmaatreëls en die nadele van oorbewoning gesteur het nie. Sommige gekleurdes was egter van mening dat daardie argument maar net gebruik is om hulle uit Kaapstad uit te dryf, of om die arm witmense te bevoorreg.[138]

Terwyl die armoede getier het, het misdaad hoogty gevier. Straatbendes het die gemeenskap geterroriseer. Die gekleurdes is hiervoor uitgesonder en hul dade is aan die groot klok gehang. Hulle is deurentyd as die misdaadplegers voorgehou. Aandklokreëls is in 1895 deur die Stadsraad "for the protection of Europeans" voorgestel. Die rede daarvoor was dat die gekleurdes glo ´n oorlas op die strate was. "Brownies" (gekleurdes) sou glo die wit dames van die strate af verdring het en dit is as "ondraaglike parmantigheid" beskou.[139]

---

137. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984, p.95.)
138. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984, p.95.)
139. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984, p.95.)

Die vooroordeel teen die gekleurdes het landswyd uitgebrei en hulle is as 'n gevaar vir die samelewing beskou. Kaapstad is as die beste voorbeeld in daardie verband bestempel. 'n Openbare figuur soos Olive Schreiner is deur die stortvloed van kritiek meegesleur. Volgens haar was driekwart van die vroue in die Docks-hospitaal vir aansteeklike siektes gekleurdes. Dit was baie duidelik dat die behandeling van die gekleurdes oor die algmeen, en hul armes in die besonder, met kleurvooroordeel deurspek was. Selfs die swartmense sou, volgens Olive Schreiner, op die gekleurdes neergesien het.[140)]

Misdaad en armoede het in Kaapstad hand aan hand geloop. Die kroniese werkloosheid het die toestande verder versleg. Kaapstad is in dié stadium "the city of the unemployed" genoem.[141)] Een van die hoofoorsake van die voortslepende toestande was dat daar geen betekenisvolle wetgewing met betrekking tot die gekleurdes se armoedesituasie bestaan het nie. Gevolglik is hulle ook op sosiale gebied veral ten opsigte van sport, die teater en ander openbare vermaak uitgestoot. Rasse- en klasseskeiding was toe al 'n ontstellende realiteit.[142)] Die witmense het in die bevoorregte en luuksieuse "bo-vertrekke", en die gekleurdes in die ver-

---

140. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): <u>Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984</u>, p.55.)
141. I. Golden: <u>Making Race - the Politics and Economics of Coloured identity</u>, p.15.
142. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): <u>Studies in the History of Cape Town Vol. 5\1984</u>, p.58.)

valle, skameltoegeruste "ondervertrekke" van die "Volkshuis" gewoon. Kaapstad, die Moederstad, was toé alreeds 'n mikroskosmos daarvan.

Teen 1900 het Kaapstad steeds letterlik honderde rondlopers gehad. Dit het die gekleurdes tot straatbedelary gedryf.[143]) Die haglike situasie het só hoogty gevier dat die Kerk en die staat noodgedwonge moes ingryp om die toestand te verlig. Die gekleurdes het egter steeds aan die kortste ent getrek. Daar word vertel van een van die verarmdes wat homself nie sover kon kry om te bedel nie en verkies het om 'n hongerdood te sterf!

Die bewering is gemaak dat die howe teenoor die gekleurde rondlopers gediskrimineer het. 'n Wit rondloper byvoorbeeld is by geleentheid tot twee Britse ponde of 14 dae tronkstraf gevonnis, terwyl sy ses gekleurde eweknieë een maand harde-arbeid elk opgelê is. Gedurende die Anglo-Boereoorlog (rondom die jaar 1901) het die staat met ontferming na die armblankes omgesien. Die arm gekleurdes is egter tot so 'n mate verwaarloos dat die African Political Organization daarop aangedring het dat gekleurdes ook hulp met die sogenaamde "Relief Schemes"[144]) moes ontvang; iets wat hulle nie beskore was nie.

---

143. B.H. Kinkead-Weekes: A History of vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa, p.7.)
144. B.H. Kinkead-Weekes: A History of vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa, p.8.)

Eers nadat plaaslike hongeronluste in 1906 uitgebreek het is aan bogemelde organisasie se pleidooie gehoor gegee. Die "Social Democratic Federation" het sopkombuise, uitsluitlik vir gekleurdes, opgerig. Die A.P.O. het tersluiks geskimp dat voedsel aan die arm-blankes deur die gekleurdes en die swartes (en nie soseer deur die wit gemeenskap nie) verskaf is. Dit was glo volgens Tolstoy presies die geval in Rusland voor die Rewolusie.[145)]

Op 31 Januarie 1901 het builepes in Kaapstad uitgebreek. Dit het vir 'n volle jaar gewoed en het baie lewens, veral van die armes wat in die agterstrate en stegies van Distrik Ses gewoon het, afgemaai.[146)] Veral, Distrik Ses is, vanweë die haglike omstandighede daar, swaar getref. Daar is van owerheidsweë beveel dat van die geboue in die slumgebiede gesloop moet word. Die getroffe huisgesinne het, in wat vandag as Pinelands bekend staan en op die Kaapse Vlakte (soos dit vandag bekend is) beland. Gelyktydig het die Kaapstadse gekleurdes in getalle toegeneem en daarmee 'n vlaag van werkloosheid veroorsaak. Só ernstig was dit dat 'n sogenaamde "unemployed strikers' march" onderneem is. Dit het handuit geruk want die mense was, vanwee" hul armoede, só desperaat dat hulle by die winkels ingebreek het en hulself aan eetware gehelp het.

---

145. B.H. Kinkead-Weekes: A History of vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie Inquiry into poverty and development in Southern Africa, p.8.
146. H.P. Barnett-Clarke: The Life and Times of Archdeacon Lightfoot, p.247.

Tussen 1880 en 1900 het gekleurdes se armoede veral op die onderwysterrein ernstige gevolge gehad. Ouers kon eenvoudig nie hul kinders skool toe stuur nie want laasgenoemde moes gaan werk om die huisgesin se inkomste aan te vul. "The parents were often exceedingly poor and their offspring constituted the very lowest class of children".[147] Vir die ouers en die kinders was die korttermynnood groter as die langtermyn-opvoedkundige belange. Gewoonlik het van die kinders randwerkies by die vismark en die wasplekke gaan verrig. Sommige het as huisbediendes en boodskapdraers diens gedoen. In daardie stadium het daar alreeds 'n werkerkorps van kinders van skoolgaande ouderdom bestaan.[148]

Teen 1895 is daar van owerheidsweë geagiteer dat wit en gekleurde kinders nie dieselfde skole moet bywoon nie.[149] Dit moes bywyse van wetgewing vasgelê word. Die wit ouergemeenskap, veral op die platteland het hierdie voorstelle ondersteun. Dit sou verseker dat die gekleurde kind nie die standaardonderwys wat die wit kind sou ontvang geniet nie. Derhalwe sou dit hom vir sy toekomstige onderhorige posisie toerus.[150] Daar is gevrees dat

---

147. E.L. Maurice: The Development of Policy in regard to the Education of Coloured Pupils at the Cape. 1880-1940, p.26.
148. M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Moslem Primary School in Cape Town and environs - 1860-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Islam-orientated schools, p.106.
149. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p.118.
150. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p.121.

hy moontlik met gelyke onderwys 'n kompeterende of selfs oorheersende rol kan speel.

Die stad se sendelinge het uit hul pad gegaan om die kinders in skoollokale te huisves. Soms het van hulle selfs die afwesige leerlinge gaan opsoek en tallose van hulle doelloos en ledig op die strate gevind. Een van die sendelinge, by name eerwaarde Kolbe, het by geleentheid binne 'n afstand van ongeveer een kilometer nie minder as 123 kinders tussen die ouderdomme van 4 tot 12 jaar raakgeloop. Sommige van hulle het albasters gespeel en ander was besig "running errands or idling about or sitting on stoeps, perhaps looking after babies".[151)] Gekleurde kinders was natuurlik nie aan leerplig onderhewig nie. Voorts was daar 'n skreiende gebrek aan ameublement en die broodnodige leermiddels in gekleurdes se skole.[152)]

Die kerk- ofte wel sendingskool het merkwaardige diens, hoe gebrekkig ookal, verrig.[153)] Die kerke het hul geboue tot die beskikking van die onderwys gestel want die owerheid was maar traag om skoolgeboue vir gekleurdes op te rig of te laat oprig.

---

151. E.L. Maurice: The Development of Policy in regard to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p.29.
152. E.L. Maurice: The Development of Policy in regard to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p.25.
153. G. Manuel: Kampvegters, p.1.

Indien daar wel periodieke ondersteuning in hierdie verband was was dit die spreekwoordelike druppel aan die emmer en nie naastenby genoeg om in die behoeftes te voorsien nie. Die tragedie en die ironie was dat die gekleurde kind onderwys geweier is juis omdat hy arm was! Die toelatingsgvereistes, soos deur die owerheid en by name die Superintendent-generaal van Onderwys neergelê, was van só aard dat die arm gekleurde kinders nie daaraan kon voldoen nie.

In vergelyking met die gekleurde kinders se haglike posisie was die wit kinders oor die algemeen in 'n baie gunstige en rooskleurige posisie. Laasgenoemde (selfs die armes onder hulle) het die weelde van goeie sowel as verpligte onderwys vanweë hul bevoorregte ekonomiese posisie gesmaak. Daar is ook van staatsweë na die behoeftige wit leerling omgesien.[154] Voorts het ruim bydraes en skenkings vanuit 'n welvarende gemeenskap en die owerheid se beleid om die witkind 'n voorsprong in die lewe te gee, laasgenoemde se toekomstige heersersposisie gewaarborg.[155] Die gekleurdes was egter op die skenkings van enkele weldoeners en liefdadigheid aangewese. Hulle voorland was om 'n doeltreffende arbeidersklas te wees. Dit het die gekleurde leiers min hoop vir die toekoms gegee.

---

154. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.14.
155. M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Moslem Primary Schools in Cape Town and environs 1880-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Islam-orientated schools, p.78.

Met die sensusopname van 1904 was die totale bevolking van Suid-Afrika 5 175 824. In die Kaapkolonie was daar 2 409 804 mense waarvan 1 830 063 gekleurdes was. Daar is eers in die sensusopname van 1911 aangeteken dat Kaapstad 125 344 inwoners gehad het waarvan 58 561 gekleurdes was.[156]

Die Kaapstadse bevolking is na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deur die instroming van vlugtelinge uit Transvaal aangevul.[157] Baie is van staatsweë gedoen om die lot van die armblankes wat deur die vlugtelinge se aankoms vermeerder is, te hulp te kom. Die staat het veral maatreëls getref om hulle deur die moeilike depressiejare te help. Die gekleurdes is gedurende laasgenoemde tydperk grootliks afgeskeep.[158] Hulle het nie ´n ander keuse gehad as om voedsel op ´n onwettige wyse of met geweld te bekom nie. Dit was vir hulle ´n oorlewingstryd. Daar is egter ´n aantal sopkombuise vir hulle opgerig terwyl werk aan ´n aantal werkloses verskaf is. Vir die stadsvaders, wit kerkleiers en wit sakelui was die arm witmense ´n verleentheid. Hulle moes so gou moontlik uit hul toestand opgehef word en ´n beeld wat hulle as "witmense betaam", weerspieël.[159]

---

156. S.R.P.7/3. Official Year Book 1910-1920, pp.149-152,160.
157. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p.12.
158. B.H. Kinhead-Weekes: A History of vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie. Inquiry into Poverty and Development in South Africa, p.7.)
159. R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton-Hill. A History of St. Marks´ District Six, pp.1-4.

Die agtergrondsgeskiedenis van die gekleurdes van Kaapstad en hul voorsate is 'n armoedegeskiedenis. Die grondslag daarvan is van die begin af stewig gelê. Dit het in alle opsigte op die politieke, die ekonomiese en die sosiale terreine neerslag gevind.

## HOOFSTUK 2

## DRIE DEKADES VAN INTENSE ARMOEDE IN DIE GEKLEURDE GEMEENSKAP VAN KAAPSTAD.

Die jaar 1910 was vir Suid-Afrika 'n besonder betekenisvolle jaar. Die land se voorste wit leiers het met hul verskillende politieke partye daarin geslaag om hulle verskille te oorbrug en vereniging tot stand te bring.[1] Dit was 'n grootse prestasie en een van die mylpale in die land se geskiedenis. Vir die gekleurdes egter het dit weinig verligting gebring en troos ingehou.[2]

Die gekleurdes oor die hele land en in die besonder in Kaapstad was deur armoede getref. Distrik Ses, aan die voet van die majestieuse Tafelberg was 'n uitstaande voorbeeld van 'n armoede-geteisterde gebied in die stad. Reeds toé was dit al 'n berugte agterbuurtgebied. Hier het 'n groot getal gekleurdes gewoon. Sosio-ekonomiese toestande onder hulle was haglik want hulle het nie die normale regte en voorregte geniet wat gewone stadsbewoners en landsburgers toekom nie. Die volgende uitspraak het die situasie treffend opgesom: "De oorgrote meerderheid der Kleurlingen is zeer arm".[3]

---

1. Cape Times, 31 May 1910, p.11; Commemoration Number of the Cape Times, 31 May 1910, p.5; A.P.O., 16 Julie 1910, p.2.; T.R.H. Davenport: South Africa A Modern History, pp.245-252.
2. A. Odendaal: Vukani Bantu: The beginning of Black politics in South Africa to 1912, p.240.
3. De Kerkbode, 30 Mei 1919, p. 522; De Zaak des Konings! De behartinging ervan door de N.G. Kerken van Zuid-Afrika. Uitgegeven op last van de Alg. Zending Commissie, p. 8.

Die kinders van die arm gekleurde gemeenskap was altyd die kwesbaarste. Baie keer moes hulle met honger mae gaan slaap en die allernodigste kleding was vir baie 'n luukse.

Met laasgenoemde faktore as redes was kindersorg altyd prominent op die agenda m.b.t. gemeenskapsversorging. Veral die armes onder die geteisterde kinderkorps het baie aandag geniet. By die Kinderwelsynkonferensie van 1917 is op die vorige jare teruggekyk en die volgende stelling kwytgeraak: "Armoede lê aan die wortel van al die fases van die sosiale euwels van ons dag."[4] Ouers, veral gekleurde ouers, het eenvoudig net nie genoeg verdien om die nodige lewensmiddele soos voedsel en kleding te bekom nie. Dit het veral by gekleurdes voorgekom en het tot misdaad, onwettige drankhandel en grootskaalse dronkenskap aanleiding gegee. Die gesinslewe het verbrokkel en onkuisheid het ook nie uitgebly nie. Huishoudings was vuil, verwaarloos en onversorg.[5]

Voorts was die mense ook in 'n depressiewe toestand gedompel want vooruitsigte was vir hulle donker en sonder hoop. Die onmoontlikheid om iets in die lewe te bereik, het sake net vererger.

---

4. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference, Cape Town, March 1917: Report of the Proceedings, p.87.
5. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference. Cape Town, March 1917; Report of the Proceedings, p.87.

Die Kinderwelsynkonferensie was veral begaan oor die toekoms van die behoeftige witkind en sekere voorstelle is in daardie verband gemaak.[5] Doelmatige huisvesting moes aan ordentlike arm witmense verskaf word. Die skole vir witkinders moes in die onmiddellike omgewing gebou word. Die staat moes aangespreek word om die toekoms van die witkind te verseker.[6] Ook die Kerk moes by die opheffing van die witkind betrek word. Daar is ook voorgestel dat groot oop ruimtes vir speelplek vir kinders in die groot stede beskikbaar gestel moet word. Stadsrade is aangespoor om stappe te doen om hul bydrae in daardie verband te lewer.[7] Die konferensie het afgesluit met die waarborg dat die nood van noodlydende en minderbevoorregte kinders, gekleurdes ingeslote, oor die algemeen, maar veral in die stede o.a. ook Kaapstad, hom na aan die hart gelê het.[8]

Teen die einde van die konferensie is die moontlikheid van die oprigting van 'n weeshuis vir "ordentlike gekleurdes" geopper. Die regverdiging daarvan het grond gehad.[9] Dog, daar is vir die uitvoering van só 'n projek teruggedeins. Dit sou glo meer probleme veroorsaak het as wat dit t.o.v. die witmense die geval was.[10]

---

6. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference, Cape Town, March 1917; Report of the Proceedings, pp.88, 102-103.
7. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference, Cape Town, March 1917; Report of the Proceedings, p.86-113.
8. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference, Cape Town, March 1917; Report of the Proceedings, p.85-115.
9. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference, Cape Town, March 1917; Report of the Proceedings, p.113.
10. The Child Welfare Conference; The First Annual Conference, Cape Town, March 1917; Report of the Proceedings, p.113.

By die vyfde Kinderwelsynkonferensie in 1922 is die volgende aspekte t.o.v. die armoede-situasie aangespreek: gebrek aan huisvesting, oorbewoning, buite-egtelikheid, die gesondheid van suigelinge en veneriese siektes en hoe dit die kind kan affekteer. Daar is sterk aanbeveel dat in laasgenoemde verband dit verpligtend gemaak word dat "all Coloured servants to be medically examined from time to time".[11)]

Voorts is aanbeveel dat skoolklinieke onmiddellik in die groot stede naby die voorste opvoedkundige inrigtings opgerig word. Veral kinders en sendingskole moes gereeld gesondheidsinspeksie en behandeling ontvang.[12)]

Aandag is ook bestee aan jeugdiges wat in die stad kom werk het. Hulle sou maklik deur die stroom van misdaad in die stad meegesleur word. Die losieshuise waar hulle woonagtig was, moes gemonitor en onder strenge toesig gehou word. Daar is ook voorgestel dat die oprigting en onderhoud van hostelle in die stad die verantwoordelikheid van die staat moet wees. Daar moes egter met instansies soos die Y.M.C.A. (Young Men's Christian Association), die Y.W.C.A. (Young Women's Christian Association) en die Heilsleër geskakel word om bystand te verleen. Die staat sou moontlik laasgenoemdes kon subsidieer. Bogemelde het natuurlik net op witmense betrekking gehad.

---

11. The Child Welfare Conference; The Fifth Annual Conference, Port Elizabeth, 1922; Report of the Proceedings, p.13.
12. The Child Welfare Conference; The Fifth Annual Conference, Port Elizabeth, 1922; Report of the Proceedings, p.28.

Die toestand van behuisingstekort in Kaapstad en ander stede het prominente aandag op die Konferensie geniet. Dit is as die grootste bedreiging vir die gesondheid van kinders beskou en het ook morele verval in die hand gewerk. Voorts is die verskaffing van maaltye aan hulpbehoewende kinders gedurende skooltye en ook skoolvakansies bepleit.13)

Suid-Afrika was nog altyd histories 'n droogtegeteisterde land. Weliswaar het die plattelandse gemeenskap die meeste onder hierdie gésel gelei maar ook die stadsbewoners is daardeur getref want die voedseltoevoer - hoofsaaklik vleis, groente, vrugte en koring- van die plase af na die stedelike gebiede is feitlik afgesny.14) Die boer, die ruggraat van die land was gebreek en die "landsliggaam" het desnoods daaronder gely. Droogte het niemand ontsien nie. Dit het elke beroep, saak en arbeidsterrein geaffekteer.15)

Omdat voedselvoorsiening gebrekkig was, moes die mense ook die kwaliteit daarvan ontbeer. Lewensnoodsaaklike voedselelemente soos koolhidrate, proteïne, minerale en vitamines het ontbreek. Wanvoeding en swak weerstand was sinoniem.16) Die stede het al

---

13. The Child Welfare Conference; The Fifth Annual Conference, Port Elizabeth 1922; Report of the Proceedings, p.24.
14. C.W. De Kiewiet: Poor Whites and Poor Blacks, p.190; UG. 49-'23 Final Report of the Drought Commission
15. C.W. De Kiewiet: Poor Whites and Poor Blacks, pp.189-190. UG 49-'23 Final Report of the Drought Investigation Commission, p.8.
16. C.W. De Kiewiet: Poor Whites and Poor Blacks, p.190. De Kerkbode, 17 Mei 1933, p.930; De Kerkbode, 1 Junie 1933, p.1073.

tyd die slegste daarvan afgekom want wat nog van voedsel oor was is daar en dan deur die platteland se mense opgebruik.

Die stedelike bevolking het vermeerder weens die haglike omstandighede op die platteland a.g.v. die naweë van die Depressie en die droogtes. Gedurende 1927 het daar juis baie plattelanders - witmense sowel as gekleurdes - na die stede gestroom. Ook Kaapstad het sy kwota daarvan gekry. Weldra was hulle slagoffers van die nood in die stad en liefdadigheidsorganisasies moes naarstiglik inspring om hulle te hulp te kom. Die oorheersende probleme waarmee die mense te kampe gehad het was werkloosheid, gebrek aan behuising en siektes. Daarby was baie van die nuwe aankomelinge ongeskoold.[17] Die witmense het egter die beste daarvan afgekom want die Kerk en by name die Ned. Geref. Kerk, het hulle weer eens tegemoet gekom.[18] Die meeste van die intrekkers uit die platteland het tot laasgenoemde kerkverband behoort.

---

17. De Kerkbode, 17 November 1926, p.719.; De Kerkbode, 29 Februarie 1928, p.305.; C.W. De Kiewiet: Poor Whites and Poor Blacks, p.216. UG 49-'23 Final Report of the Drought Investigation Commission 1923, pp.208-211.
18. De Kerkbode, 17 Maart 1928, p.334.; C.W. De Kiewiet: Poor Whites and Poor Blacks, p.181.

Daar is aanbeveel dat die witmense industriële en spesifiek fabrieksopleiding kry en dat losieshuise opgerig word om die woningnood onder hulle aan te spreek. Die staat was natuurlik baie bekommerd oor die witmense en hul toekoms. Hul opheffing was hoog op sy sosio-ekonomiese agenda. Die vlaag van armblankedom moes desnoods gekeer word. Dit was 'n onhoudbare situasie m.b.t. die witmense en het hul eer aangetas. Hulle kon nie onverwyld die vernedering wat armblankedom meegebring het, verduur en laat voortduur nie.[19] Wat die saak vererger het was dat hulle nie net met die gekleurdes in die stad skouers geskuur het nie maar ook sosiaal met laasgenoemde begin integreer het - veral in 'n stad soos Kaapstad.[20]

Die erns en die wetenskaplike obsessie waarmee die witarmoede deur die Kerk (Ned. Geref.-Kerk) en die staat aangespreek en aangepak sou word, sou ongeëwenaard wees en dit sou noodwendig met sukses bekroon word. Aan die kroniese armoede van die gekleurdes sou organisatories egter weinig gedoen word en hul

---

19. UG 49-'23 Final Report of the Drought Investigation Commission 1923, pp.208-210.
20. A.G.H. Loubser: <u>De Achterbuurten van Kaapstand</u>, pp.81-82.

armoede-situasie het nie net voortgeduur nie maar ook verder versleg. Die nood van die gekleurdes gedurende die droogte-tydperk het ten hemele geskrei. Daar is kennis geneem van die haglike toestande waarin die "behoeftige Kleurlingen" gedompel was. Hulle was ook "noodlydend wegens de droogte".[21] Die meeste van hulle het honger gely; meer nog: "hulle het vergaan van honger".[22] Die plaaslike- en sentrale owerhede het egter geredeneer dat om gratis kos aan hulle te verskaf nie in hul beste belang was nie![23]

Veral die arm gekleurde kindertjies - op die platteland sowel as in die stedelike gebiede, o.a. Kaapstad - het gedurende die droogte baie honger gely. Daar was "honderden van honger uit-geteerde arme kleurlingkindertjies".[24] Daar is veral 'n oproep om na lg. ten minste met Kersfees om te sien en om die "droewige hartjies te verblyd".[25] Vir die wit kindertjies is in bogemelde verband baie gedoen en die naam van ds. A.D. Lückhoff is ten op-sigte daarvan genoem.

---

21. De Kerkbode, 2 Februarie 1927, p.174.
22. De Kerkbode, 23 Februarie 1927, p.288.
23. De Kerkbode, 11 Januarie 1928, p.69.
24. De Kerkbode, 11 Januarie 1928, p.69.
25. De Kerkbode, 11 Januarie 1928, p.69.

Die welbekende en alombeminde Kannunik S.W. Lavis was een van die mees gerespekteerde kerkmanne van die Anglikaanse kerk. Hy was ook 'n gedugte en verbete kampvegter vir die armes en die minderbevoorregtes en veral t.o.v. die Kaapstadse gekleurdes.[26]

In 1927 het Kannunik Lavis in sy periodieke vurige geskrifte breedvoerig oor die armoedetoestand van die verlede uitgewei. Hy was van mening dat die stadsvaders baie bekommerd was oor die meteoriese groei van Kaapstad se bevolking. Dit het in daardie stadium op 210 000 te staan gekom. Daarvan was 95 000 gekleurdes. Die broodlyn, verspreiding van armoede en wanvoeding onder laasgenoemdes het rede tot kommer gehad. Daar is verwys na die "devastating poverty of the Coloured people".[27] Voorts is beweer dat "poverty is the hell in which the majority of the Coloured people live and move and have their being".[28] Laasgenoemde het feitlik alles m.b.t. 'n normale lewe kortgekom: "proper feeding, decent shelter, adequate clothing".[29]

---

26. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, pp.1-3; S.W. Lavis: "The Pity of it!" and Bethlehem, pp.1-4.
27. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, p.4.
28. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, p.4.
29. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, p.5.

Daar is bevind dat in die einste Moederstad byna driekwart van sy bewoners onder die broodlyn geleef het. Daarvan was die meerderheid gekleurdes. Die meeste kinders het met honger mae skool toe gegaan, en ook honger gaan slaap. Die regering is heftig in daardie verband gekritiseer. Veral die department wat met werkverskaffing gemoeid was, moes dit ontgeld. Lone was karig maar die Departement van Spoorweë het bv. met "we are a business concern; we pay no better nor worse wages than are paid by most employers", teruggekrabbel.[30]

Kannunik Lavis het altyd armoede as rampspoedig beskou. Saam daarmee, het hy gesê, word die "drie-eenheid" van swakbehuising, siektes en onkunde saamgesleep. Voorts het die Kannunik gemeen dat die meeste mense nie die vaagste benul van die "sqaulor, filth, misery and degradation" waarin die armes geleef het, gehad nie. Dit kon aan die verwaarlosing van die betrokke mense deur die stadsraad toegeskryf word. Laasgenoemde se gesondheids- en vuilisverwyderingsdienste was nie juis op die agterbuurtes toegespits nie.[31]

---

30. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.6.
31. 3/CT 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the City of Cape Town, pp. 1-2.

Op gekleurdes self is 'n beroep gedoen - blykbaar die meer vermoëndes onder hulle - om fondse te stig, om by bougenootskappe en banke te spaar en om met welgestelde witmense te onderhandel om daardeur tot die opheffing van hul mense by te dra.[32] Hul primêre doelstelling t.o.v. bogemelde moes op die verskaffing van huise vir die armes gemik wees.

Vanselfsprekend gaan enige armoedesituasie met 'n groot mate van afhanklikheid gepaard. Soms het dit, wat die armes van Suid-Afrika betref, in grade gewissel. Dog, 1933 was so 'n jaar van afhanklikheid by uitstek want dit was die jaar na die Groot Depressie. Hierdie maatskaplike ramp het hom ook in die groot stede b.v. Kaapstad afgespeel. Kerkgenootskappe, liefdadigheidsorganisasies en individuele wit weldoeners het die arm gekleurdes van voedsel en klere voorsien. Die sg. sopkombuis het 'n algemene instelling geword want dit was die mees ekonomiese en praktiese wyse waardeur die armes doeltreffend gevoed kon word.[33] In 1933 sou die land ook die Groot Droogte beleef.[34] Gedurende bogemelde tydperk was die weeklikse inkomste van 'n gekleurde gesin in Kaapstad 12,4 sjielings (R1,25)

---

32. The First Coloured-European Conference Cape Town, Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p.105.
33. The Minutes of the Meeting of the General Committee of the Marion Institute, 29 September 1933; Report of the General Board of Aid 1931-1932, p.4; UG. 54-1937 Report of Commission of inquiry regarding Cape Coloured the Union, p.127. Al.J. Venter: <u>Coloured, a profile of 2 million South Africans</u>, pp.70-71.
34. O. Wagner: <u>Poverty and Dependency in Cape Town</u>, p.4-21. C.F.J. Muller: Vyfhonderd jaar van Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp.431-432; De Kerkbode 17 Mei 1933, p.930; Report of the General Board of Aid 1933, pp.4-13.

terwyl dit m.b.t. die witmense 21,5 sjielings was. Eersgenoemde kon beswaarlik daarmee uitkom en dit moes met liefdadigheid aangevul word. Ironies genoeg was die uitgawes van gekleurdes meer as dié van witmense, te wete 55 persent en 45 persent respektiewelik. Gewoonlik het die arm gekleurdes nie geld aan klere bestee nie.

Hulle het dit deur liefdadigheid gekry. Wat medisyne betref het hulle dit van die sg. Vry Apteek en die klinieke ook gratis gekry. Gekleurdes het nie juis baie geld aan assuransie bestee nie maar baie van hulle het aan begrafnismaatskappye behoort. Huishuur was 'n groot hap uit die inkomste. Dit het soms buitensporig, tot 50% daarvan, beloop want die huisbase (landlords) het buitensporige bedrae geëis. Die gemiddelde weeklikse huishuur vir gekleurdes was 10 sjielings terwyl dit vir witmense dertien sjielings was. Die gekleurdes het om vanselfsprekende redes gou met hul huishuur agterstallig geraak. Die huisbase was genadeloos en het hulle dan summier uitgesit.[35)]

Ten spyte van hul armoede het die mense ook nog skuld aangegaan. Baie daarvan was "luukse" artikels soos grammofone, foto's, horlosies en naaimasjiene. Huurkoop was ook 'n oorsaak van die skuldlaste van die armes en veral t.o.v. meubels. Vreemd genoeg

---

35. O. Wagner: <u>Poverty and Dependency in Cape Town</u>, p.26.

het die witmense meer huurkoopskuld as die arm gekleurdes gehad.[36] Die skuld m.b.t. die noodsaaklikste lewensmiddele, nl. voedsel, was ook aan die orde van die dag.

Die arm gekleurdes was baie afhanklik van staatstoelaes. Veral die bewoners van Distrik Ses was daarvan afhanklik. Toestande aldaar was haglik. Huise was gewoonlik bouvallig en vuil. Baie van die "huise" was voorheen pakkamers of ontruimde sakegeboue. Daarin het groot getalle gekleurdes gewoon en dit was 'n ongewensde toedrag van sake. Die bont mengelmoes van krotte en bousels het daagliks aangegroei en teen die berghange begin "opkruip". Die berugste armoedegebiede was in die omgewing van Chiapinni- en Buitengracht-, Bloem-, Pepper-, en Bryanstraat. In baie gevalle het arm gekleurdes en arm witmense daar saamgebondel.

Die haglikste gebiede was egter in die omgewing van Horstley-, Arundel-, Reform -en Ayrestraat. Die mense wat daar gewoon het was daagliks van liefdadigheid en bedelary afhanklik. Hierdie gebied was baie vuil en die haglikste toestande het daar hoogty gevier.[37] Hanoverstraat, "hoofweg" van Distrik Ses en bymekaarkomplek van die onguurste karakters was een van die

---

36. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.25.
37. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.33.

belangrikste sakegebiede van Distrik Ses. Die geboue daar was vuil en onooglik. Die gebied was oor die algemeen "a filthy place housing a socially deficient Coloured element".[38]

'n Kenmerk van dié tydperk onder bespreking nl, 1933, was die skares van kinders wat in die vuil strate gespeel het. Dit was wit- sowel as gekleurde kinders. Baie mense het nie juis van die saamwonery en familiariteit gehou nie![39]

Voorts was die munisipale slagpale ook in die gekleurde gebied geleë en wel aan die onderent van Stuckerisstraat. Dit het afbreuk aan die sindelikheid van die gebied gedoen. Vir die besoeker of vreemdeling het dit altyd gelyk asof die mense nie genoeg beweeg- en lewensruimte gehad het nie.[40] Indaardie stadium (1933) het die Depressie baie swaar op die arm inwoners van bogemelde gebiede gedruk. Selfs vir hulle wat 'n redelike goeie inkomste gehad het, was dit 'n stryd om aan die materiële eise van die lewe te voldoen. Eweneens was hulle op liefdadigheid en toelaes, van watter aard ook al, aangewese.

Armlastigheid was ook 'n kenmerk van die betrokke tydperk. Oor 'n breë spektrum heen was die inwoners van Kaapstad - witmense

---

38. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.33.
39. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.33.
40. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.35.

sowel as gekleurdes - afhanklik van die staat. Weer eens was dit instansies soos die General Board of Aid, die Kinderbeskermingsvereniging, die Gemeenskapskas en indiwiduele weldoeners wat hulle die nood van die armes aangetrek het. Gedurende daardie tydperk het die Kerk ook met groot armoede te doen gekry. Dit het veral betrekking op die hulpverenigings en armesorgdienste van die Ned. Geref- Kerk gehad. Laasgenoemde het egter baie meer na die arm witmense omgesien en alles in hul vermoë gedoen om na daardie bevolkingselement sosio-ekonomies en polities om te sien. Veral het hulle 'n regering gehad wat hul belange op die hart gedra het en uit hul pad gegaan het om hul lot te verlig.[41)]

Dié armlastigheid het swaar op die gekleurdes gedruk. Alle ouderdomme en geslagte het in daardie verband deurgeloop. Kinderarbeid was 'n aanvaarbare, vanselfsprekende situasie en oor die algemeen was werk skaars. Die volgende stelling, "at this stage (1933) the exceptional high degree of dependency which exists among Europeans and non-Europeans between the ages 30-39".[42)], was betekenisvol.

---

41. UG 49-'23 Final Report of the Drought Investigation Commission, pp.29-39, 208-210; Het Armblanke vraagstuk: Verslag van Kerklike Kongres te Cradock, 22-23 November 1916, pp.10-21, 39-42; De Kerkbode, 20 Julie 1927, p.76; De Kerkbode, 31 Julie, p.171.; De Kerkbode, 24 Desember 1930, p.1221.; De Kerkbode, 21 Januarie 1931, p.102.
42. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.42.

Hoe ouer gekleurde persone geword het hoe erger het die afhanklikheid toegeneem. Bejaardes is uit die aard van die saak die swaarste getref. Die witmense het immers tehuise aan hul bejaardes voorsien. Die begrip "pauperism" het tot "habitual pauperism" oorgegaan. Dit het, met ander woorde, vir sommige gekleurdes 'n lewenswyse geword met die vooruitsig dat dit nooit sal eindig nie. Die stadium is bereik dat sommige opgehou het om oor hul armlastigheid skaam te voel.[43]

Met betrekking tot die gekleurdes se situasie is tot die slotsom gekom dat "the dependency amongst non-Europeans is found to be about four times that of the Europeans".[44] Dit is bevestig met die verdoemende uitspraak dat "the greater extent of dependency amongst the Coloured and Malays may also possibly be ascribed largely to the social conditions under which these racial groups grow up and live".[45]

Gedurende die tydperk onder bespreking is daar groot ophef van ondertrouery tussen wit en nie-witmense gemaak. Laasgenoemde element het deurmekaar en saamgewoon en dit feitlik as normaal

---

43. O. Wagner: <u>Poverty and Dependency in Cape Town</u>, p.45.
44. O. Wagner: <u>Poverty and Dependency in Cape Town</u>, p.46.
45. O. Wagner: <u>Poverty and Dependency in Cape Town</u>, p.46.

beskou.[46] In 'n ondersoek is bevind dat altesaam 53% van al die gevalle van afhanklikes die gevolg van gemengde huwelike en saamwonery was.[47] Dit het op die groot nood gedui. Mense het hulle in beduidende mate nie aan ras of kleur gesteur as die nood gedruk het nie. Vir hulle was armoede en nood gemeenskaplik.[48]

Voldoende sanitêre geriewe was ook 'n ernstige probleem. Van privaatheid was daar weinig sprake. Vanselfsprekend was daar altyd die gepaardgaande onwelriekendheid. Hier was dit werklik 'n geval van uiterste armoede en onkunde aangaande higiëniese toestande.[49] Die mense het nie net saamgebondel in die spreekwoordelike "enkelkamerhuis" nie maar ook het baie saam op een bed geslaap. Hierdie kamers was uit die aard van die saak bedompig en swakgeventileerd. In sommige van die kamers het van 7 tot 9 mense saamgewoon en van tien tot elf mense het saans daarin saamgeslaap. Die meeste van die tyd was daar kinders onder laasgenoemde.

Die vertrekke wat die ergste daaraan toe was, was die gemeenskaplike badkamers en toilette. Die badkamers, wat min in getal was, is gewoonlik deur tot sestien gesinne gebruik. Die toilette was in 'n skokkende toestand. In een gebou was die

---

46. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.54.
47. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p. 54.
48. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp.33-34. G. Manuel: District Six, pp.1-4; G. Manuel: Kampvegters, p.33.
49. O. Wagner: Poverty and Dependency in Cape Town, p.65.

latrine vir drie weke verstop sonder dat daar enige aandag aan die saak gegee is.[50] Die huisbase het nie daarin belanggestel om die nodige reparasies aan te bring nie. Voorts het van die gesinne kombuise en 'n spens, waarin voedsel gemeenskaplik geberg is, gedeel.

Terwyl enkelinge en liefdadigheidsorganisasies hulp aan die gekleurdes verskaf het, het die staat daadwerklike bystand aan die arm witmense verleen.[51] Die Departement van Arbeid het hom ook oor laasgenoemde ontferm, maar vir die gekleurdes het hulle feitlik niks oorgehad nie. "Coloured people are starving, (and they want to work![52] but no provision is made for them by either government or local authorities".[53] Soms is krasser uitdrukkings gebesig: "are they then as wild animals? As a matter of fact just now the animals are receiving more attention than the coloured people".[54]

Bogemelde situasie het na alle rigtings uitgekring. Huishoudings is in die besonder getref. Die huishuur (vir een kamer) was in daardie stadium 15 sjielings tot 17 sjielings

---

50. UG 4-'20 Report of the Housing Committee to enquire into matters concerning Housing Accommodation in Urban Areas and the amendment of the Unhealthy Areas Bill, pp.11-12.
51. <u>Cape Times</u>, 17 February 1930, p.9.
52. <u>Cape Sun</u>, 15 September 1933, p.15.
53. <u>Cape Sun</u>, 15 September 1933, p.15.
54. <u>Cape Sun</u>, 15 September 1933, p.15.

per week en daarin is geslaap, kos voorberei en geëet.[55] Daar is ook hul kinders onder die haglikste omstandighede gebore.[56] Gelukkig was daar die legendariese St. Monica's Home (hoofsaaklik 'n kraaminrigting) "which gives maternity to the poorest in the city in their own homes".[57]

Toestande was maar haglik m.b.t. geboortes: "Some prospective mothers have only a makeshift bed, hardly any bedding and a piece of old rag or one of her own garments - its all she can provide as clothing for the child".[58]

Gedurende 1930-1934 het 'n opname m.b.t. behuisingsnood aangedui dat bykans 4 100 gekleurdes in Kaapstad in enkelkwartierwonings gewoon het.[59] Laasgenoemde het die twyfelagtige benaming "the one-family room" gekry. Daar, in die teelaarde van armoede, het misdaad en siektes onbeperk gebroei en gegroei.[60] "There is no space whatever to be born, to love to die in decency".[61] Die slumbewoners het soggens onverkwik opgestaan, somtyds sonder kos en heeltemal te uitgeput vir die dag se werk.[62] Die armoede onder die gekleurdes is die ergste deur die kindersterftesyfer uitgedruk, nl. dat dit drie keer so hoog as by die witmense

---

55. Cape Sun, 5 May 1932, p.4.
56. Cape Sun, 12 May 1933, p.6.
57. Cape Sun, 12 May 1933, p.6.
58. Cape Sun, 12 May 1933, p. 6.
59. S.W. Lavis: Cape Town's underworld, p.13.
60. S.W. Lavis: Cape Town's underworld, p.14.
61. S.W. Lavis: Cape Town's underworld, p.14.
62. S.W. Lavis: Cape Town's underworld, p.15.

was.[63]

Kannunik Lavis het voortdurend die Kerk tot aksie opgeroep om na die noodlydendes in sy midde om te sien. Daarbenewens het hy hom tot die gewete van die Kaapstadse gemeenskap en veral diegene wat in oorvloed geleef het, gerig. Kon laasgenoemde dit toelaat en dit oor hul hart kry dat so 'n groot gedeelte van hul medemense in sulke ellende leef?, het hy gevra.[64]

In die dertigerjare het Kannunik Lavis weer van hom laat hoor. "It is a commonplace fact that the vast majority of the people of the Union form a proletariat with poverty as the chief social characteristic".[65] Hierdie "proletariaat" waarna die Kannunik verwys het, was hoofsaaklik gekleurdes - 800 000 in getal. Hulle was grotendeels die mense in die slumgebiede wat slagoffers van siektes was en hongerly as daaglike ondervinding geken het. "whose lives from the cradle to the grave are dominated by devastating poverty.[66] Daar is gesê dat armoede die hel is waarin duisende gekleurdes gelewe het. Hulle moes met die minimum voedsel, skuiling en beskikbare kleding klaarkom. "In this poverty-stricken class there are great social evils - adult crime, juvenile delingency, illegitimacy and drunkenness".[67]

---

63. S.W. Lavis: <u>Cape Town's underworld</u>, p.15.
64. S.W. Lavis: <u>"The pity of it!" and Bethlehem</u>, pp. 1-4.
65. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.1.
66. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.1.
67. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.1

Baie mense het gedrink omdat hulle arm was. Siektes het hoogty gevier onder die gekleurdes en kindersterftes was aan die orde van die dag. Daar is gekonstateer dat in Kaapstad bykans 60% van die bevolking gesterf het voordat hulle vyf en twintig jaar oud was.[68] Die stadsowerhede is gestriem vir hul aandeel aan daardie toedrag van sake. Ook die rykes is verwyt vir hul ongevoeligheid teenoor hul arm werknemers. Hulle optrede is as "a slave-owner mentality" beskryf.[69]

Die staat het in die vroeë dertigerjare m.b.t. voedselverskaffing reëlings getref. Daar was egter klagtes van diskriminasie op grond van kleur. ′n Gekleurde arm gesin moes armer wees as ′n arm wit gesin om vir byvoorbeeld gesubsidieerde botter in aanmerking te kom. ′n Gekleurde pensioentrekker is destyds 21 Britse ponde toegeken terwyl dit in die geval van die witmens R84 42 Britse ponde was. "Here again a distinction is made not on the measure of need but on the colour of the skin".[70]

Voorts was die basiese stapelvoedsel ook nog belas. Belasting op ′n sak mielies is met vier sjielings (40c) verhoog. Dit was ′n slegte toedrag van sake want die mense het alreeds onder

---

68. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.2.
69. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.2.
70. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.3.

wanvoeding gebukkend gegaan.[71)]

Die besoldiging van die werkers was ook nie juis rooskleurig nie. Salarisse en weeklikse lone is besnoei. Globaal het dit op ongeveer 16 000 Britse ponde te staan gekom. Vir die 45 000 gekleurde arbeiders (28 000 was tydelike of afloswerkers) het dit op ongeveer op 'n loon van 32 per persoon per jaar te staan gekom. Siekteverlof was buite die kwessie en daar was net vyf openbare vakansiedae. Vir die deursnee gekleurde gesin was so 'n situasie 'n kwessie van oorlewing. Die volgende was tipies van 'n agterbuurtgesin: 'n Agterbuurtkamer het 60 pennies tot 10 sjielings per maand gekos; kos vir 'n man, sy vrou en drie kinders het 1 Britse pond en 10 sjielings per week beloop. Die Stadsraad se minimumloon was 2 Britse ponde per week en dit was uitsonderlik. Soms het die weeklikse besoldiging tussen 1 Britse pond, 40 sjielings en 6 Britse ponde, 1 sjieling gewissel; afhangende van die fabriek waar die arbeiders gewerk het. Arbeiders in die boubedryf het 7 Britse ponde, 10 sjielings per week ontvang. Deskundiges van oorsee wat die toestande plaaslik eerstehands kom ondersoek het, het tot die gevolgtrekking gekom dat die een enkele rede vir dié onreelmatigheid die kleur van die persoon se vel was Die armes het maar altyd aan

---

71. S.W. Lavis: <u>The South African Poverty-stricken Proletariat</u>, p.3.

die kortste ent getrek en ou brood was hul voorland en selfs vir baie ʼn luukse.[72] Voorts is van die armes gesê: "they manage some-how". Dit was ʼn leuen volgens Kannunik Lavis. Dog, as dit beteken het dat as swakbehuising, wanvoeding, en dat die gesinsinkomste deur die werkende moeder wat noodgedwonge haar huis en haar kinders moes nalaat, aangevul moes word dan was dit volgens Lavis ironies, ʼn ware gesegde.[73]

In die lig van bogemelde het Kannunik Lavis tot die volgende gevolgtrekking gekom: "starve a man's body and you will starve more than his body. What blasphemy would be if we should write over the graves of little children who die in the slums 'Thy will be done'".[74] Daardeur het hy weer eens die Christelike gewete van die Kaapstadse publiek aangespreek.[75]

Kos was ook nie juis ʼn alledaagse vanselfsprekende bekombare kommoditeit vir Kaapstad se arm gekleurdes nie. Om daardie rede is kosdepôts by sommige punte in en om Kaapstad tot stand gebring. Die gekleurdes het gekla dat teen hulle met die uitdeling van voedsel by sommige van die depôts gediskrimineer is. Baie van hulle moes ook oor groot afstande na, byvoorbeeld die

---

72. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, p.6.
73. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, p.6.
74. S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, p.6.
75. S.W. Lavis: "The Pity of it!" and Bethlehem, pp.1-4; S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, pp.7-8.

kosdepôt in Distrik Ses reis, terwyl die witmense sommer sentraal in die Middestad bedien is[76])

Voorts is daar voorgestel dat 'n raad gevorm moet word om die gekleurdes se armoede daadwerklik aan te spreek. Dit het veral vir lone, behuising en onderwys gegeld. Daar sou ook 'n bykomstige voedseldepôt by Seinheuwel in die lewe geroep word. Dit moes deur die sg. Burgermeestersfonds gefinansier word.[77])

Bogemelde situasie het veral m.b.t. die sending, ook in Kaapstad, uitgekring. Geld wat spesifiek vir die sending bedoel was het nie sommerso outomaties, vrylik en gereeld na die behoeftige stadsgemeentes gevloei nie. Dit het die arm lidmate nadelig getref.[78])

Stemme het uit die Kerk en die gemeenskap opgegaan en die Suid-Afrikaanse volk aangespoor om m.b.t. die Droogte, die hand in eie boesem te steek. Die mens moes homself afvra waarom hy op só 'n wyse deur God gestraf of beproef word. 'n Dag van verootmoediging voor die Here is uitgeroep en dit moes met skuldbelydenis gepaardgaan.[79]) Bo-alles het die Kerk 'n oproep aan sy lidmate gerig om die arme gekleurdes te help.[80]) Dit het vir hulle op die platteland sowel as in die groot stad gegeld.

---

76. Cape Times, 19 March 1931, p.11.
77. Cape Times, 13 March 1931, p. 11.
78. De Kerkbode, 21 Maart 1928, p. 435.
79. De Kerkbode, 16 Februarie 1927, p. 225.
80. De Kerkbode, 9 Maart 1927, p. 354.

Die geboortesyfer onder gekleurdes het ook geweldig indaardie stadium gestyg. Die kindertjies is in die haglikste omstandighede gebore; skynbaar gesond en welgevormd. Dog 'n tydjie na hulle met die aardse lewe kennis gemaak het, het die harde werklikheid van armoede hulle getref: "Many then faded away into undernourished little wretches as soon as their mothers stopped feeding them and they got on to the ordinary food of the household".[81] Daarna het die bose kringloop oorgeneem. Baie van die kinders het op vroeë jeugdige leeftyd gesterf. "If liquor did not get them, disease did - or the knives of the gangs that roamed the narrow street".[82] Die goedgeorganiseerde boewe-elemente het ook in daardie stadium met intimidasie en geweld 'n skrikbewind gevoer. Die maatskaplike toestande het in daardie verband ten hemele geskrei.

In die laat twintigerjare het die mense skaars kos gehad om te eet. Die Board of Aid is om hulp genader maar dié liggaam kon dit nie bybring nie. Indien bydraes en skenkings van goedgesindes egter sou voortgaan sou die toekoms positief en hoopvol gewees het.[83]

---

81. Al. J. Venter: <u>Coloured; A profile of two million South Africans</u>, pp.70-71.
82. Al. J. Venter: <u>Coloured; A profile of two million South Africans</u>, p.69.
83. Report of the General Board of Aid 1927-1928, pp.21-22; Report of the General Board of Aid 1929, pp.9-13; Report of the General Board of Aid 1931-1932, pp.4-7; Report of the General Board of Aid 1933, pp.4-15.

Die First National European-Coloured Conference het op sy sitting en verrigtinge in Kaapstad in 1933 die armoedetoestand vir bykans twee dekades omvattend geskets en bevind dat die gekleurdes se armoedetoestand ook met ʼn geestelike depressie gepaardgegaan het. Baie van hulle het ook daarin berus en geglo dat dit die "Wil van God" was dat hulle so arm moet wees. Sommige geestelike leiers wat die houthakkers-en-waterdraers-filosofie gepredik, het het dit so by hulle ingeprent.[84)] Daar was net nooit genoeg reserwes om in hul nood en behoeftes te voorsien nie. Dit het landswyd gegeld en ook in die besonder in Kaapstad. Sommige van hulle het noodlenigingswerk verrig en daardeur gemiddeld een sjieling en ses pennies (15c) ontvang. ʼn Gesin kon voorwaar nie met daardie bedrag gevoed word nie.[85)] Rantsoene is aan laasgenoemdes toegestaan maar dit was ʼn druppel aan die emmer.

In 1933 is die gekleurdes se visvangbedrywighede tydelik sonder redes stopgesit. Dit het groot nood onder die vissersgemeenskap veroorsaak want die mense was afhanklik vir hul bestaan van die "oes van die see". Arbeidswetgewing het dit boonop vir hulle moeilik gemaak om slegs vakleerlingskap in sekere bedrywe te bekom. Hul lone het só gedaal dat dit ʼn stryd geword het om liggaam en siel aanmekaar te hou. Daar is onom-

---

84. F.A. Van Jaarsveld: The Afrikaner's interpretation of South African History, p. 6.
85. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June-28 June 1933, p.103.

wonde na die lot van gekleurdes wat besig was om van honger te vergaan verwys.[86]

Die Depressie het ook sy stempel op die gekleurdes gelaat want hulle wat weens dié trauma van die platteland in die Moederstad 'n heenkome kom soek het, is ook in die armoede-moeras gedompel. Saam met die reeds gevestigde stedelike armes het die armoede-situasie onder die gekleurdes verder vergroot.[87] Dit was ook duidelik dat daar nie staatshulpfondse vir die verarmde stadsbewoners sowel as vir die verarmde plattelanders bestaan het nie.

Deur die armoedesituasie heen was daar gedurig die probleem van behuisingtekort en oorbewoning. "The overcrowding and slum evil is working havoc among the poorer coloured people".[88] Dit is ook altyd as 'n rampspoedige faktor beskou - "inflicting grievous damage to the physical, social, moral and spiritual welfare of the poorer inhabitants (Coloured) and shortening the lives of many thousands of persons".[89] Daar is voortdurend gepleit dat agterbuurtes opgeruim moet word sodat ordentlike huise vir die

---

86. The First Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, pp.103-104.
87. The First Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p.103.
88. The First Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p.104.
89. The First Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p.105.

armer klas van gekleurdes opgerig kan word. Tot op munisipaliteite is 'n beroep gedoen om om lenings by die Unie-regering aan te klop om in behuising vir die armes te voorsien.[90] Voorts is ook die gewete van die regering aangespreek om na die arbeiders se gesondheid om te sien en om toe te sien dat die regte beginsels van higiëne en selfrespek aan skoolkinders geleer word.

Teen die einde van 1933 was die Kaapstadse gekleurdes steeds dieper in die armoedemoeras.[91] Enkeles uit hul geledere het die mas opgekom en eenmansake bedryf en hul vermoëns opgebou. Hul ekonomiese beweegruimte was egter beperk en hulle het voortdurend ondergang in die gesig gestaar. Voorts was hulle van die ekonomiese hoofstroom afgesny.[92]

---

90. The First Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p.105.
91. Report of the Cape Town General Board of Aid 1933, pp. 7-17.
92. UG 54-1937 Report of Commission of Inquiry regarding Cape Coloured population of the Union, pp. 32 and 80.

# HOOFSTUK 3

## INSTANSIES WAT BY KAAPSTAD SE ARM GEKLEURDES BETROKKE WAS.

Die Kerk was uit die aard van die saak asook uit historiese oogpunt, in die branding van die gekleurdes se gemeenskapslewe en veral m.b.t. hul armoede. Die Kerk was ook die eerste toevlugsoord waarheen die armes hulle gewend het.

Die African Methodist Episcopal Church (A.M.E.) wat in 1896 in Suid-Afrika tot stand gebring is, was ʼn uitstaande voorbeeld in bogemelde verband. Hierdie kerkgenootskap het hul eerste kerkgebou in Hanoverstraat opgerig. Met die uitbreiding van die gemeente is ʼn pragtige siersteengebou in Blythestraat, die Moederkerk van die A.M.E. kerk in Suid-Afrika, opgerig.[1] Die Swart Episkopaalse Metodiste van die Verenigde State van Amerika het die projek gefinansier want die plaaslike gemeentelede was nie tot só ʼn grootse onderneming in staat nie. Een van hul befaamde leraars was die legendariese eerw. F.M. Gow. Hy het sy fotografiese sakebelange verkoop en hom voltyds aan die

---

1. A.M.E. Church 1896-1971. 75th Anniversary of the 15th Epicopal District Republic of South Africa and South West Africa, p. 14; Minutes of the meeting of the Women's Mite and Missionary Society A.M.E. Bethel-Congregation, Cape Town, 11 May 1920, p.5.

geestelike en stoflike opheffing van sy mense gewy. Mettertyd het die gemeente, sy ekonomiese agterstand ten spyt, 'n selftrots ontwikkel en 'n groot krag in die gemeenskap veral op onderwys gebied geword.[2] 'n "Penny Bank", die eerste van sy soort in die gebied is gestig. Namate die beleggerstal gegroei het, het die gemeente ook tegelykertyd na die minderbevoorregtes van die gemeenskap uitgereik. Dit was 'n grootse prestasie want hierdie mense was "almost literally as poor as church mice".[3]

'n Dame van formaat was mej. Mattie Belle Williams wat in 1909 uit die V.S.A. as verpleegster in Transkei en Zoeloeland kom werk het. Sy het later die eggenote van die welbekende dr. Francis Herman Gow geword. Laasgenoemde was later die eerste Suid-Afrikaner wat in 1956 tot Biskop van die A.M.E.-kerk georden is. Sy gade was geliefd as "Mother Gow" bekend.[4]

Die A.M.E.-gemeente van Distrik Ses was grotendeels, naas die geestelike verpligtinge, op liefdadigheid ingestel. Dié gemeente was 'n sentrum van kultuurbedrywighede. By sulke geleenthede is geld vir gemeentelike werk en vir die armes van die gemeenskap ingesamel. Daar was ook die altyd gewilde "Socials", bymekaar-

---

2. Minutes of the Meeting of the Women's Mite and Missionary Society. A.M.E. Bethel-Congregation Cape Town, 23 August 1921, p.71.
3. G. Manuel: <u>District Six</u>, p.10.
4. G. Manuel: <u>District Six</u>, p.11.

komaande waar musiek-items gelewer en koek en tee bedien is. Deels van die opbrengste van laasgenoemde funksie is aan die armes bestee.[5] Voorts het die gemeente ook sy sg. "Benevolent Fund" gehad. Soos die naam aandui was dit op liefdadigdheid onder die armes gemik.[6]

Die talryke funksies van die gemeente het ook opvoedingswaarde gehad en die mense was gretig om te leer. Gelukkig was van die leraars uitgelese en hoogsgekultiveerde manne wat hul talente met die gemeente gedeel het. By sulke geleenthede was die toegangsgelde minimaal maar selfs dan kon baie gemeentelede dit kwalik bekostig. Tog het hulle opgeoffer en is soms by sulke funksies hoofsaaklik konserte, "rojale" bedrae, tot tien Britse ponde, byeengebring. Telkemale is by die gemeentelike vergaderings van die gemeentelede se broodgebrek melding gemaak. Soms was mediese aandag ook buite die kwessie. Die mense kon dit eenvoudig net nie bekostig nie en "the white doctors did not care to attend to them as they were out of town.[7]

---

5. Anonymous: A.M.E. Church. 75th Anniversary: 15th Episcopal District - South Africa and South West Africa 1896-1971, p.14.
6. Minutes of the Meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E. Church Bethel-Congregation, Cape Town, 22 April 1920, p.4.
7. Minutes of the Meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E. Church Bethel-Congregation, Cape Town, 14 September 1920, p.117.

Die A.M.E.-gemeente was ook baie oor die lot van oudsoldate van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919) begaan. Hulle het deur hul "Poor distribution"-fonds spesiaal geld vir die "Cape Corps Comforts expenditure" ingesamel.8) Daar is ook by Nagmaalsdienste spesiale kollektes gehou. Ook die Vry Apteek (Free Dispensary) het by dié kollektes gebaat. Alle oorblywende gelde is dan vir algemene liefdadigheid en armsorg bewillig.

By die A.M.E.-Kerk se kwartaallikse konferensies was armoede en liefdadigheid prominent op die agenda. By die 1910-konferensie is van die finansiële depressie van die gekleurde gemeenskap gewag gemaak. Veral die gemeenteskool moes daaronder ly: "also owing to the parents of some of the children being out of work".9)

Daar is gereeld kollektes vir die armes gehou en dié geld is gebruik om kos en klere aan die behoeftigstes te verskaf.10)

"Liefdadigheidswerk" is nooit oorgeslaan nie. Tegelykertyd is na die mense se geestelike lewe en sieleheil omgesien. Daar is ook

---

8. Record of minutes of procceedings; Statements of the Cape Corps Gifts and Comforts Committee A.M.E. Church Bethel-Congregation, 28 March 1917, (n.p.)
9. Minutes of the Meetings of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E. Church Bethel-Congregation, Cape Town 5 October 1910, (n.p.)
10. Minutes of the Meetings of the Home and Foreign Mission Society of the A.M.E. Church Bethel-Congregation, Cape Town, 5 October 1910, (n.p.)

'n sg. "siektekomitee" aangestel. Hulle moes die siek armes van die gemeente besoek en voedsel en medisyne met hulle saamneem. Die siekebesoekers het dan ook 'n geldjie uit die armfonds aan die siekes oorhandig.

Die leiers van die gemeente het hul mense voortdurend gemaan om ekonomies en spaarsaam te leef. Ou klere (wat bedoel was om weggegooi te word) moes in onderklere omskep word. Tuisrate moes toegepas word wanneer 'n dokter nie beskikbaar was of bekostig kon word nie. Die mense is aangeraai om 'n basiese kennis van noodhulp te hê.

Die Jaarlikse Konferensie wat aanvanklik in Amerika plaasgevind het, het óók die armoedekwessie op hul agendas gehad en die gemeentes, ook dié van Kaapstad, het die besluite getrou geïmplimenteer.[11] Die gemeente het voorwaar 'n teer hart gehad vir die armes wat aan sy sorg toevertrou was.

Die twee Ned. Geref.-sendinggemeentes, Ebenezer en die Suid-Afrikaanse Gestig (in 1839 en 1799 onderskeidelik gestig) was twee belangrike vestings in die Kaapstadse gekleurde gemeenskap. Hulle was belangrike saamtrekpunte vir die armes en het benewens die geestelike bearbeiding, ook die onderwys van die

---

11. Minutes of the Meetings of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E. Church Bethel-Congregation, Cape Town, 29 March 1921, pp.45-46.

gekleurdes op die hart gedra. Die gemeentelede en weldoeners uit die wit gemeenskap het die sendinggemeentes bygestaan sodat die gekleurde kinders onderwys kon ontvang.[12] Liefdadigheid is deur organisasies soos die "Vriendschaps Genootschap" bedryf. Laasgenoemde het veral na mense tydens siekte en dood omgesien. Die gemeente was by tye só arm dat die leraar se salaris besnoei moes word. Gelukkig het invloedryke en welgestelde witmense as 'n direksie die sakebelange van die gemeente behartig en kon die nood gestuit word. Mettertyd het daar 'n "Dames Penny-per-week-Genootschap" ontstaan. Hulle het hoofsaaklik geld vir die onderwys, bejaardes en kinders ingesamel.[13]

Die Ebenezer-kerkgebou in Aspelingstraat en dus in die hartjie van Distrik Ses, geleë was die saamtrekpunt van baie gekleurdes in daardie gebied.[14] Die noodlydendes en behoeftiges het hulle deurentyd tot die gemeente gewend. Die gemeente self was arm, maar het tog steeds mededeelsaamheid beoefen. Die sogenaamde "Dreyerkerk" (genoem na die alombekende eerw.Dreyer en in 1867 gestig) was op die hoek van Hanover- en Can-

---

12. D.J.A. Jordaan: Gedenkskrif oor die Suid-Afrikaanse Sending-gestig Kaapstad (1799-1978), p.89; S.G.K.I. 1\2 Notules van die Kerkraadsvergadering van die Ned. Geref. Sendinggemeente S.A. Gestig 17 Augustus 1911, p.196.
13. D.J.A. Jordaan: Gedenkskrif oor die Suid-Afrikaanse Sending-gestig Kaapstad, (1799-1978), pp.10-11; G.S.K.G7-2\1. Brieweboek van die Ned. Geref. Sendingkerk Ebenezer Kaapstad 5 Junie 1928. (n.p.)
14. G. Manuel: District Six, p. 11; R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill - A history of St. Marks' District Six, p.6.

nonstraat geleë. Die gemeente se skool is deur die kontrakteur Abdol Samodien ('n Moslem) aan die westelike kant van Hanoverstraat gebou.

Die gemeente moes hul finansiële tekorte met spesiale funksies soos basaars en sosiale aande, die sg. "tee-byeenkomste", aanvul.[15] Die opbrengste by laasgenoemde is aan die arme krankes in die gemeente" bestee. Die gemeente het ook 'n "Reddingsaksie" onder die menslike opdrifsels van Kaapstad van stapel gestuur. Daarvoor is 'n spesiale "Reddingskommissie" in die lewe geroep. Die "Reddingswerk" het benewens noodleniging ook spesifiek na gevalle jong meisies, d.i. ongehude moeders, omgesien. Laasgenoemde kon byvoorbeeld nie die bevallings en gepaardgaande uitgawes bekostig nie, en die gemeente het tot hul redding gekom. Spesiale werksters is aangestel om die opsporingswerk te doen.[16]

Die Kaapstadse publiek was baie simpatiek teenoor bogemelde werk en het hul ondersteuning daaraan toegesê en gegee. Die gemeente het wel sy gemeenskapskollektes d.m.v. die Gemeenskapskas laat plaasvind, maar die publiek het geweet dat die Kerk by die algemene fondsinsamelings betrokke was. Die gemeentelike "armen

---

15. A.S.K.S. 5/1/1/1 Notules van die Kerkraadsvergadering Ebenezersendinggemeente Kaapstad, 22 Mei 1860, p. 5; F.Kriel: Die lewe van Frans Lion-Cachet; Sy betekenis vir die Sending, p. 22.
16. N.G.S.K. G7-2/1 Brieweboek van die Ebenezer-sendinggemeente Kaapstad, 15 Junie 1928, (n.p.)

kollekten" het egter nooit opgedroog nie. Dit was daar tot die beskikking van die arm gemeentelede maar is op baie oordeelkundige wyse uitgedeel. Die gemeente het egter steeds swaar gekry om kop bo water te hou: "omtrent de financiéle toestand van onze gemeente - wij eigenlijk te arm zijn.[17]

Die Kerk in die stad was uit die aard van die saak verskillend van dié op die platteland. Laasgenoemde was baie meer uitgestrek en die gemeentes het ook nog buitewyke gehad. Eersgenoemde was meestal ´n duidelik omlynde en geslote gemeenskap. In die stad was sieleheil en fisiese- en materiële arbeid ineengestrengeld, d.w.s. onlosmaaklik van mekaar. Die kerklike amptenare soos die ouderlinge en diakens by die Ned. Geref.-Sendingkerk en die "churchwardens" en die "sidesmen" by die Anglikaanse kerk was kerkbouers, kerkinstandhouers sowel as gemeenskapswerkers.[18]

Die Ned. Geref. Sendingkerk het onder moeilike omstandighede, hulpverlening en noodleniging aan die armes verrig. Dit het egter nie met publisiteit en trompetgeskal gepaardgegaan nie. Die gekleurde stadsgemeentes het hul eie, unieke wyse van bystand

---

17. N.G.S.K. G7-2/1 Ebenezersendinggemeente. Brief van Eerw. N. Van Niekerk aan De Binnelandsche Zending Commissie, 9 Julie 1918, (n.p.)
18. C.J. Kriel (Opsteller): Die Eerste Eeu: Geskiedenis van die Ned. Geref.-Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1981, pp. 103-104; H.C. Hopkins: Die Moeder van ons Almal, pp.216-233; R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill - A history of St. Mark´s District Six, pp.2-3.

gehad. Dit het veral vir die sendinggemeente S.A.-Gestig gegeld. Die "Behoeftigen Krankenfonds" was spesiaal vir die noodlydendes in dié lewe geroep. "Er word besloten aan lidmaat de weduwee Susanna Botman in drie maanden een donatie van vyf shillings per maand te geven".19) Ook die broeder Johannes Marsmell het elke maand getrou vyf sjielings ten behoewe van sy kamerhuur ontvang. Voorts was daar in die gemeente ′n "speciale collecten" vir die armes. Daar is ook "speciale collecten busjes" aan die gemeentelede gegee om vir noodleniging en vir die delging van die "Kerkschuld" te kollekteer.20)

Die "voorstanders" (gemeenteleiers, o.a. kerkraadslede) van die gemeente het die leiding m.b.t. die kollektes geneem. Die sg. "Alimentasie," die maandelikse "toelae" wat aan siekes en bejaardes uitbetaal is, was ′n blywende instelling.21) Dié bedrae is van tyd tot tyd van 7 sjielings en 6 pennies tot 12 sjielings en ses pennies na gelang van die ontvanger se omstandighede, verhoog.22) Somtyds het die kerkraad ook vleis aan sommige van sy gebreklydende lidmate voorsien, maar dit het verval wanneer die "alimentasie" verhoog is.

---

19. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A.Gestig, Sendinggemeente, 20 Augustus 1914, pp.311-312.
20. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 20 Junie 1915, p.255.
21. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 21 Januarie 1915, p.321.
22. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerksvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 16 Januarie 1911, p.196.

By Nagmaalsdienste is ook spesiale kollektes vir die armes opgeneem. Die gemeente het 'n ekstra sagte plekkie vir sy siek armes gehad en hulle het altyd iets ekstra ontvang. Die uitbetalings is met oorleg en oordeelkundigheid gedoen. 'n Vaste instelling was die sg. "Tea meetings" (want só het die mense dit genoem!). Laasgenoemde se opbrengste is in die armsorgfonds gestort. Benewens die genot en plesier wat die genoemde byeenkomste gebied het, het die armes ook direk daarby gebaat.

Soms was die kerkleiers erg verontwaardig oor die "nalatigheid en onverschilligheid" van die meeste lidmate "die niets tot dit "Fondse bijdragen of willen bijdragen".23) En dan, het die leidsliede geskimp, was baie van hulle van die wat "eerste zijn dié later aanzoek om ondersteuning doen".24) Daar is gevoel dat diegene wat nie bydraes maak nie, nie vir gratis medikasie by die Vry Apteek (Free Dispensary) en vir behandeling by die hospitale aanbeveel moet word nie. Hulle moes ten minste een sjieling daartoe bydra.

---

23. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 16 Januarie 1913, p.269.
24. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 19 Februarie 1914, p.300.

Gedurende 1914 is daar baie aan "alimentasie" uitbetaal.[25] 'n "Halfkroon" en 'n "Kroon" per maand was vir behoeftiges in daardie jare groot bedrae.[26] Die kerkraad het later strenger met die uitdeling van "alimentasie" opgetree. Daar is met 'n "vergrootglas" na ontvangers gekyk. Laasgenoemde moes ten minste op een of ander tyd hul deel doen om die fondse te styf. Wanneer 'n geval egter baie kritiek was kon die leraar van die gemeente d.m.v. 'n "klein donatiën uit de Avondmaalscollecten" so 'n lidmaat tegemoet kom.

Die St. Stephen's Ned. Geref-gemeente (in 1801 gestig) het dit ook maar opdraend gehad. Hierdie gemeente was "uniek" in dié sin dat hy die enigste gekleurde gemeente was wat tot die wit Ned. Geref. Kerk behoort het en in laasgenoemde se Sinodes sitting gehad het. Sy leraars se besoldiging was geborg maar na sy arm lidmate moes hy self omsien. In 1915 is aangekondig dat die "bijdragen der gemeente wegens landsomstandigheden zwakken zijn."[27] Verwysings na "de treurige toestanden (ekonomiese gesproke) waarin wij ons op het oogenblik bevinden"[28] was simptomaties nie net van die tyd

---

25. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 29 Januarie 1915, p.324.
26. N.G.S.K. S1 1/2 Notules van die Kerkvergadering van S.A. Gestig, Sendinggemeente, 21 Januarie 1915, p.324.
27. G 66 1/7 Notules van die Kerkraadsvergadering St. Stephen's Ned. Geref-gemeente, 14 Junie 1915, p.35.
28. G 66 1/7 Notules van die Kerkraadsvergadering St. Stephen's Ned. Geref.-gemeente, 14 Junie 1915, p.35.

nie, (onteenseglik die land se betrokkenheid by die Eerste Wêreldoorlog) maar ook van die armes van die gemeente. Die gemeente het die situasie met sy jaarlikse basaars en sy spesiale kollektes deurgeworstel om kop bo water te hou. Dié toedrag van sake het hom jaar na jaar herhaal.

Die St. Mark's-gemeente in Distrik Ses (in 1887 gestig) was van meet af aan 'n gemeenksapsgemeente. Die kerkgebou was aanbiddingsplek, "gemeenskapsentrum" asook toevlugsoord. Die leraar was naby en maklik bereikbaar vir sy gemeentelede. Anders as in die geval van die Ned. Geref.-sendinggemeentes, was sy pastorie op die kerkperseel. Onderwys is gegee en daar is na die nood van die armes omgesien. Daarvoor is daar gekollekteer. "The help the inhabitants were always ready to give each other" was 'n ware stelling.[29] Hulle was per slot van rekening grootliks die afstammelinge van slawe en die oorspronklike, inheemse bewoners van die Kaap. Die mededeelsaamheid by hulle het diep geloop want hulle was uit die staanspoor 'n afhanklike en minderbevoorregte gemeenskap.

---

29. R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill - A history of St. Mark's, District Six, pp.3,4,10.17.

Die kollektepogings is mettertyd uitgebrei. Daar is ´n oproep deur die leraars self gedoen "that many more workers would come forward to assist the church in this respect".[30]

Die jaarlikse kerkbasaar was ´n hoogtepunt in die gemeente en die breë gemeenskap se lewe. Dit was vir baie wat van die genietinge van ´n normale sosiale lewe verstoke was, ´n belewenis. Dan was die hele kerkgemeenskap en ook andere, soos die Moslems betrokke. Geloofsverbintenisse was nie ´n struikelblok nie. Ook hier het "Kennalah" - hartlike gemeenskaplike naasbestaan - gegeld.[31]

Die dood het die samehorigheidsgevoel en die innige meelewing sterk na vore laat kom. Selfs geloofsoortuiginge en kerkverband is nie toegelaat om gedurende daardie droewige tye in die pad te staan nie. So ´n geleentheid het die feit ook sterk beklemtoon dat daar geen klasseverskil onder die gekleurdes bestaan het nie. Die armes en diegene wat beter daaraan toe was, was verenig in hul optrede m.b.t. hulpverlening.[32]

Daar was tye toe die St. Mark´s se kerkbestuur van mening was dat

---

30. R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill - A history of St. Marks, District Six, p. 3.
31. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark´s Anglican Congregation Cape Town, 19 May 1917, (n.p.); R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill - A history of St. Mark´s District Six, pp. 3, 5.
32. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark´s Anglican Congregation Cape Town, 19 April 1922, 28 April 1924, (n.p.)

die hulpbehoewendes van die gemeente verwaarloos is. Dan is daar met die betrokkenes in aanraking gekom om hulle aan te spreek en aan te moedig om hul pligte na te kom. Hulle was dit aan die gemeenskap verskuldig.[33] Daar was tye toe die gemeentelike funksies nie baie suksesvol was nie. Dit was aan ekonomiese faktore toe te skryf maar die leraar het gehoop "that this year the parishioners will all work their very best to make it a successful effort".[34]

Om die fondse verder te styf is spesiale "kollektevergaderings" gehou. By daardie geleenthede is bedraggies inbetaal wat van die feit getuig het dat die mense uit hul behoefte bygedra het.[35] Al wat kerkamptenaar was is by hierdie onderneming betrek. "Churchwardens, sidesmen, Sunday School teachers, Mothers' Unions etc", het hul gewig daarby ingegooi.

Die leraar van die gemeente het gedurig op die swak finansiële toestande gesinspeel. Hy het na "the many difficulties which may occur if such a state of affairs are going to continue" verwys.[36] Die afname van die inkomste het altyd die toename

---

33. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark's Anglican Congregation Cape Town, 4 December 1924, (n.p.)
34. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark's Anglican Congregation Cape Town, 28 April 1924, (n.p.)
35. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark's Anglican Congregation Cape Town, 4 December 1924, 1 October 1924, (n.p.)
36. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark's Anglican Congregation Cape Town, 16 April 1931, (n.p.)

oorskry. Baie van die geldelike verpligtinge van die gemeente moes tot die "volgende" jaar oorstaan. Selfs die jaarlikse basaar kon nie die situasie red nie. Die gemeente kon ook nie sy sinodale gelde vereffen nie. Daar is 'n dringende en ernstige beroep op die gemeente gedoen om al die gemeentelike funksies te ondersteun.[37]

Voorts het die gemeente al sy diensorganisasies finaal opgeroep om die armes in hul nood raak te sien. Hulle is byvoorbaat bedank vir die werk wat hulle sou verrig. Hulle kon met groot vrymoedigheid, so is hulle verseker, na die gemeenskap gaan. Die oorgrote meerderheid het onder die broodlyn geleef. Die vrug van die arbeid sou immers maar net weer in hulle teruggeploeg word.

Die Morawiese Broederkerk was ook 'n belangrike sentrum met betrekking tot die geestelike en sekulêr-sosiale werk onder die gekleurdes van Kaapstad. Voorts het hulle 'n groot bydrae tot die gekleurdes se onderwys gelewer. Die gemeente was maar arm en skenkings is vir die opheffingswerk uit Duitsland, Nederland en Brittanje ontvang. Baie interessant was die skenking van die Eskimo's van Labrador. Laasgenoemde was die vrug van die Morawiërs se sendingwerk aldaar. Grond is in 1885 aangekoop en

---

37. Minutes of Vestry Meetings (1913-1933), St. Mark's Anglican Congregation Cape Town, 14 April 1932, (n.p.)

'n pragtige kerkgebou, 'n pastorie en 'n skool is opgerig. Die kompleks is "Moravian Hill" genoem. Groot werk is hier in die see van armoede, misdaad en sedelike verval verrig.[38]

Die Presbiteriane het in 1887 sendingwerk by "Ashley's Saloon" aan die bopunt van Caledonstraat begin. 'n Jaar later het hulle hul Clifton Hill-saal in Hanoverstraat geopen waar hulle Sondagskool en Sondagmiddagdienste gehou het. Teen 1893 was daar alreeds 193 name op hul Nagmaalsrol. Terselfdertyd is daar na die behoeftiges se stoflike nood omgesien. Die gemeente het van krag tot krag gegaan.

Die Metodiste het hulle alreeds vanaf 1837 in Kaapstad gevestig. Uit 'n totaal van 500 was daar toe 150 gekleurde lidmate. Daarbenewens het 189 Sondagskool en 67 volwassenes die aandskool bygewoon.[39] Ook dié kerkgenootskap het die materiële belange van hul lidmate op die hart gedra.

---

38. R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton Hill. - A history of St. Mark's District Six, pp. 6-7; M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Muslim Primary School in Cape Town and environs 1880-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Islam-orientated schools, p. 147.
39. R.R. Langham Carter: The Church on Clifton Hill. - A history of St. Mark's District Six, p. 6.

Die wit Nederduitse Gereformeerde Kerk in Kaapstad het ook in die branding van die geestelike sowel as die sosiale lewe van die Kaapstadse behoeftige gekleurdes gestaan.[40] Teen die middel van die sewentiende eeu reeds het dié kerk al 'n uitgebreide sendingaksie in die stad se slumgebiede, soos in die omgewing van Constitutional- Hanover- en Chiapinnistraat, gehad. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingwerkers en predikante het dienste sowel as dagskool gehou. Die bekende ds. Frans Lion-Cachet byvoorbeeld, het onderwys aan Christen- sowel as Moslemkinders gegee. Eerw. Van der Worm het hom spesifiek op die onderwys aan armes toegespits.[41] Die diensverenigings van die Groote Kerkgemeente het baie geld ingesamel om aan opheffingswerk te bestee. Die gemeente se kerkraad het ook onverpoosd gearbei om die nood te verlig. By geleentheid het laasgenoemde geskryf: "Dit is hier dat ons met die heidendom en die onkunde van die stad in aanraking kom en dit is hier dat ons ons tot die sendingwerk gedring sien. Hier is dit dat ons treur oor die ontoereikende middele om in die behoefte van die armes te voorsien".[42]

Indiwiduele weldoeners van die Groote Kerkgemeente het sogenaamde "werkgeselskappe" gevorm om die armes van klere te

---

40. H.S.K./4 Acta Sinodi 1883 (Rapport der Binnelandsche Zending Commissie); De Kerkbode, 1 Junie 1886-20; Augustus 1886, pp. 188-270. (Zendingarbeid onder de Gekleurden in Onse Kolonie); S5 1/1/1 Notule van die Vergadering van die Algemene Sendingkommissie, 23 Mei 1829, p. 4.
41. H.C. Hopkins: Die Moeder van ons almal, p. 219.
42. H.C. Hopkins: Die Moeder van ons almal, p. 233.

voorsien. Die twee vriendinne Elizabeth De Wet en Elizabeth White het verwaarloosde gekleurde kinders in die steë van Buitengracht- Rose- en Chiapinnistraat opgesoek en met 'n Sondagskool in 'n kamer van Paul Hendrikse in die Matrosegang begin.[43)]

Die welbekende begrafnisondernemers Goodall and Williams het baie armlastiges begrawe. Laasgenoemde het meestal uit gekleurdes bestaan. Ook die A.P.O. Burial Society het die gekleurdes in tye van dood bygestaan om hul gestorwenes te begrawe. Die armlastiges is darem nie net "weggegooi" nie. Die dienste van predikante van bekende kerkgenootskappe is verkry om die armes Christelik te begrawe.[44)]

Interessant was dat van die hospitale verder gegaan het as om net die siekes te versorg. Hulle het ook die kans benut om vir hul arm pasiënte te kollekteer. Dit moes aan diegene wat nie genoeg vervoergeld na hul tuistes gehad het nie, of maar net vir 'n versnaperinkie bestee word. Soms moes dit vir hulle wat by hospitaalverlating nog siek was, aanhelp totdat hul weer kon werk. Daar was juis 'n kollektebus vir die armes by die Somersethospitaal. Laasgenoemde bus is ook versterk deur wat as

---

43. H.C. Hopkins: <u>Die Moeder van ons almal</u>, p. 227.
44. H.O.S 4/6 Vol. 102; Goodall and Williams Pauper Burials Pauper Burial Record, 19 January 1927 - 24 March 1933, pp. 11-78.

Fund"[45] bekend gestaan het. In 'n stadium het die hospitaalowerheid bekend gemaak dat die stroompie na bogemelde bronne besig was om op te droog.

Die Kaapstadse General Board of Aid was 'n uitstekende voorbeeld van 'n instansie wat kniediep in die lief en leed van die armes van Kaapstad gestaan het. Liefdadigheid was hul prioriteit. Dit het hoofsaaklik uit die voorsiening van voedsel, kleding en medisyne aan die hulpbehoewendes bestaan.[46] Die Board was baie bedrywig gedurende die wêreldwye griepepidemie van 1919. Voorkeur is aan bejaardes, weduwees en weeskinders gegee. Die Board is egter in die wiele gery omdat "ordinary poverty has been aggravated by die enormously increased cost of living and the appalling advance in rents".[47] Wanvoeding was daardie spesifieke jaar aan die orde van die dag. Daarom het so baie mense aan tuberkulose gesterf.

'n Groot ervaring m.b.t. die mense se armoede was die afhanklikes van die teruggekeerde soldate van die Eerste Wêreldoorlog.[48] Die Board se kantore is met aansoek om hulp oorval. Daar was darem die sg. "Returned Soldiers Advisory Board" en die

---

45. Cape Times, 14 March 1931, p. 15.
46. First Report of the General Board of Aid (1919), 13 May 1919, p. 1-2.
47. First Report of the General Board of Aid (1919), 13 May 1919, p. 2.
48. First Report of the General Board of Aid (1919), 13 May 1919, p. 2.

"Governor-General's Fund" wat die broodnodige lewensmiddele aangevul het. Vroue van drosters uit die leër is egter nie deur eersgenoemde instansie gehelp nie en het hulle derhalwe in hul nood na die Board of Aid gewend. Die werk wat die Board afgehandel het en wat in sy verslag gereflekteer het, was indrukwekkend. "There have been 1547 visits"[49]. Die Board het 'n gedugte span siekebesoekers\sters wat verdienstelike gevalle aangemeld het, gehad. Getroudes en enkele persone, almal wat onder nood en lyding gebuk gegaan het, is materieel gehelp. Baie kinders, veral, is ook gehelp: 308 onder 6 jaar; 353 van 7 tot 13 jaar; en 182 wat 14 jaar en ouer was - 'n totaal dus van 843 kinders. Die oorgrote meerderheid van laasgenoemde was gekleurde kinders.[50] Die Board of Aid se Kaapstadse kantore was in Keeromstraat en daar is die kleurgroepe apart behandel. Die Board se benadering was heel metodies en wetenskaplik. Eers is met aansoekers onderhoude gevoer om hul behoefte te bepaal.[51] Daarna is die nodige vorms ingevul. Na hulle goedgekeur is, is voedselbestellings aan die applikant uitgereik. Dan kon hulle na sekere aangewese kruideniershandelaars gaan om hul kospakket te verkry.

---

49. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)
50. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)
51. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)

Daar is dan opvolgingswerk d.m.v. tuisbesoeke gedoen en om die aangeleentheid te kontroleer. Daar was eger nie so iets soos streng keuring nie. Feitlik al die aansoekers is weggehelp, al het dit ook beteken dat hulle hul voedselbestellings deur die pos gekry het.[52]

Die Board of Aid het kritiek verwelkom. As enige applikant gemeen het dat hy onregverdig behandel is, kon hy sy saak stel.[53] Dan is daar weer op sy saak ingegaan en gewoonlik is almal tevrede gestel. Aparte behandeling is egter as doodnormaal aanvaar. Die gekleurdes moes maar daarin berus.

Die Board het ook voortdurend kontak met ander soortgelyke organisasies opgebou en behou. Daar is bande met statutêre liggame soos die landdros se nie-onderhoudskaantoor (t.o.v. ongehude ouers), die Stad se Gesondheidsdepartement en die Arbeidsburo gesmee.[54] Ook die Vry Apteek en die Distriksverpleegstersorganisasie het bystand verleen. Dit was 'n gedugte front om armoede onder die geteisterde gemeenskap, veral dié van die gekleurdes, te beveg.

---

52. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)
53. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)
54. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)

In 1921 was alreeds 1126 nuwe gevalle van noodleniging afgehandel en is 4399 besoeke aan hulpbehoewendes gebring.[55] Vervolgens het die Board indringend oor sy behoeftes en probleme besin: 52 vergaderings is gehou en die Finansieskomitee het 11 keer ontmoet. "Relief" was die wagwoord en alles wat daarom gewentel het, is aangespreek. Gelukkig het die Board oor baie invloedryke openbare figure en groot weldoeners se vriendskap en bystand beskik.[56] Teenoor hulle was die Board groot dank verskuldig.

Gedurende 1919 is die bedrag van byna 2337 Britse ponde deur middel van subskripsies en skenkings ontvang. Die Provinsiale Raad en die Kaapstadse Stadsraad en die Afdelingsraad het ook ruim bygedra. Die Board was natuurlik ook baie dankbaar teenoor sy toegewyde personeel. Hulle was in die eerste instansie vir sy suksesrekord verantwoordelik.

Die Board het veral baie met werkloosheid en siekte te doen gekry. Dit het 'n groot aanslag op sy reserwes gemaak. Gedurende 1921 het die aanvraag om hulp daagliks toegeneem en die nooddruftiges het by die Board se kantore om hulp tougestaan. Die oorgrote meerderheid van die getroffenes was gekleurdes. Alles het op die "most extreme poverty and urgent need of assistance" gedui.[57]

---

55. Report of the General Board of Aid, 13 March 1919, (n.p.)
56. Annual Report of the General Board of Aid, 1 January to 31 December 1921, (n.p.)
57. Annual Report of the General Board of Aid, 1 January to 31 December 1921, (n.p.)

Gedurende 1921 moes die Board baie omsien na siekes wat op opneming in die Somersethospitaal gewag het. Hierdie hospitaal was hoofsaaklik vir gekleurdes aangewys.58) Ook moes na die nood van vroue wat deur hul mans in die steek gelaat is, omgesien word. Voorts het die Board sy fondse t.o.v. sy Kersfeesfonds d.m.v. straatkollektes gesterk. Vir die jaar 1925 is ongeveer 2947 Britse Ponde deur subskripsies, donasies en straatkollektes geïn. Die Board was gelukkig om weer eens 'n subsidie van die Provinsiale Administrasie en die Kaapstadse Korporasie te ontvang.59)

Gedurende die tydperk 1927-1928 was die Kaapstadse bevolking ongeveer 250 000. Die oorgrote meerderheid gekleurdes in die stad was arm. Die Board of Aid was in dié tyd baie bedrywig. Teen Desember 1928 is 5500 aansoeke om hulp gehanteer. Die damesbesoekers het 9400 besoeke afgelê en 32 515 kosbestellings is deur die kantore in Keeromstraat afgehandel. Daar is voortdurend met ander liefdadigheidsorganisasies byvoorbeeld die Kinderbeskermingsvereniging, die Ladies Benevolent Society, die Gemeenskapskas, die British Empire League en die Vry Apteek geskakel. Genoemde instansies het ook direk finansieel tot die Board se fondse bygedra.60)

---

58. Annual Report of the General Board of Aid, 1 January to 12 December 1921, p.1.
59. S.M. Koegelenberg: Honderd Jaar van verpleging in Suid-Afrika 1852-1952, p.3.
60. Annual Report of the General Board of Aid, 1 January to 1 December 1925, p.7.

Kenmerkend van die armoedetoestand was buite-egtelikheid. Die Magistraatskantore wat nie-onderhoudsgevalle moes hanteer, kon nie voorbly nie.[61] Die Board se hulp is ingeroep. Gelukkig was 'n magistraat by geleentheid 'n benoemde lid van die Board se "Relief Committee". Laasgenoemdes het 'n opdraende stryd gevoer om die ontsettende nood af te weer.[62] Soms het sterk en gesonde werkloses deeglik die goedhartigheid van die Board uitgebuit. Laasgenoemde het dit egter agtergekom en geweier om diesulkes te help. Aansoekers is onder die spreekwoordelike vergrootglas geplaas. Sporadies het die Board egter sy streng vereistes terwille van die noodlydendes verslap.

Die vermelde instansies het met hul prysenswaardige werk voortgegaan ten spyte van die armoedegety wat teen hulle aangerol het. Die staat het sy deel gedoen deur die uitbetaling van ouderdomspensioene aan sommige gekleurde bejaardes. Laasgenoemde se pensioentoelaes was gewoonlik oor die algemeen ongeveer die helfte van die van die wit bejaardes. Die gekleurde pensioentrekkers van stedelike gebiede o.a. dié van Kaapstad, was

---

61. Report of the General Board of Aid, 1927-1928, p. 6.
62. Report of the General Board of Aid, 1927-1928, p. 7.

egter ietwat beter daaraan toe. Die toelaes was uit die aard van die saak heeltemal ontoereikend. "The evidence clearly showed that the pensions granted are quite inadequate to provide food and cover for those in receipt of these grants".[63)]

Die staat se standpunt was dat hy hom by die reëls van die ekonomiese stelsel wat hy beoefen het, naamlik die kapitalistiese stelsel, moes hou. Suid-Afrika is nié 'n welsynstaat nie, is periodiek laat verstaan!

Weliswaar het daar op die oppervlak 'n onbeduidende getal gekleurdes welvarend geword. Dog, die oorgrote meerderheid het in teenstelling daarmee verder in die armoedemoeras afgesak.

Die armoede en sy bedmaats naamlik morele verval en materiële agteruitgang, het onbepaald en ongebonde bly voortsleep. Die uitsig was donker en wanhopig. Dit het geskyn asof permanente armoede die gekleurdes van Kaapstad se voorland was. Terwyl die witmense oor die algemeen groot voorspoed en bevoorregting geniet het, was die gekleurdes tot hul haglike situasie gedoem.[64)]

---

63. Report of the General Board of Aid, 1927-1928, p.9.
64. UG 54-1937 Report of commission of inquiry regarding Cape Coloured Population of the Union, p.127.

Wat die witmense, veral Afrikaanssprekendes betref, het hulle ook intense periodieke armoede gedurende die tydperk 1910-1933 beleef. 'n Stewige basis is egter vir hulle gelê want nog steeds was dit instansies soos die Ned. Geref. Kerk, die staat en kultuurorganisasies wat sterk infrastrukture besit het om 'n buffer teen armoede te vorm en wat hulle weereens te hulp gesnel het. Hulle sou beslis nie ondergaan en permanent armlastig bly nie. Met die gekleurdes was dit anders gesteld. Hulle het eenvoudig nie die nodige reserwes gehad nie maar hul leiers het op 'n breë politieke en maatskaplike front geveg om hul mense se lot te verbeter.[65] Dog; hul grootste struikelblok was hul politieke onmag en hul uiters beperkte inspraak m.b.t. die landsbestuur. Dis histories volkome korrek dat sedert 1910 hul konstitusioneel-politieke en sosio-ekonomiese lot verseël is.[66]

---

65. F. Wilson and M. Ramphele: Uprooting Poverty; the South African Challenge, p.189-201.
66. A.P.O., 14 March 1910, (n.p.); A.P.O., 1 April 1910, (n.p.)

# HOOFSTUK 4

## DIE WISSELWERKENDE EFFEK VAN ARMOEDE EN GESONDHEID.

Die fisiese gesondheid van 'n land se bevolking en van die gemeenskappe van 'n bepaalde gebied of stad is oor die algemeen 'n baie betroubare barometer m.b.t. hul armoede enersyds en hul welgesteldheid andersyds.[1] Dit openbaar ook in groot mate hoe die sentrale en plaaslike owerhede die situasie hanteer en die probleme probeer oplos om sodoende verligting vir sy landsburgers te bring. In daardie verband het bogemelde owerhede 'n uiters swak rekord en bepaald m.b.t. die nie-wit mense o.a. die gekleurdes gehad. Uit die staanspoor kan gekonstateer word dat die gekleurdes, en spesifiek diè van Kaapstad, deurgaans in die armoedekategorie geval het.

Sekere siektes hou beslis verband met die armoedetoestande van sekere gemeenskappe.[2] Party kindersiektes soos diarree (buikloop) en dermontsteking word inderdaad deur onsindelikheid,

---

1. Local Authorities Reports Cape Town; Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town for the year ended 29 June 1926, pp.11,28; UG 45-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp.90-91.
2. Local Authorities Reports Cape Town; Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town for the year ended 29 June 1926, p.11.; UG 45-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 91-94.

ondervoeding of wanvoeding veroorsaak of bevorder. Ondervoeding, weer, is by uitstek die resultaat van lae besoldiging waar die inkomste nie toelaat dat die broodnodige liggaamsopbouende -en liggaamsinstandhoudende voedsel gekoop kan word nie. Dit word dan in die hoë sterftesyfers by suigelinge en spesifiek by die gekleurdes, weerspieël.[3]

Tuberkulose is die uitstaande voorbeeld van 'n siekte wat hoofsaaklik deur onder- en wanvoeding veroorsaak word. Dit was kenmerkend van die eetgewoontes van die mense in die arm gemeenskap. Hulle kon net nie die broodnodige versterkende voedsel bekostig en bekom nie. Faktore wat daartoe bydra is oorbewoning, onsindelikheid en onkunde oor die siekte self. In die land in sy geheel was dit van die vroegste tye kenmerkend van die gekleurdes. Kaapstad self was 'n teikengebied met die gekleurdes se kroniese armoede as vername oorsaak.[4] Tuberkulose was dan ook die grootste maaier van menselewens in bogemelde gemeenskap.

Die eerste Tuberkulosekommissie is op 26 Februarie 1912 aangestel om indringend op die vraagstuk in te gaan.[5] Na 'n diepte-ondersoek het die Kommissie alle moontlike aanbevelings in sy verslag

---

3. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds): Studies in the History of Cape Town. Vol.5\1984, pp.138,152.)
4. Local Authorities Reports; Cape Town: The Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town for 1903-1923, p.11.
5. UG 30-'33 Annual Report: Department of Public Health 1912, p.37.

uitgestippel. Vreemd genoeg is dit nooit toegepas nie. Die Kommissie het egter die feit beklemtoon dat in Kaapstad alleen tuberkulosegevalle onder gekleurdes vier keer so hoog as onder witmense was. Dit het dieselfde vir die sterftesyfer gegeld.

Teen 1914 het tuberkulose, veral vir gekleurdes, nog 'n meer negatiewe beeld na vore gebring. Teen 1916 het die situasie verder versleg hoofsaaklik a.g.v. die hoër bevolkingsaanwas. In daardie stadium is tussen "kindertering" en "volwasse tering" onderskei.[6] Die "kindertype" is aan swak- of geen weerstandsvermoë toegeskryf. Die "volwasse type" was ook meer kronies van aard. Verdoemend was die uitspraak: "In Kaapstad komt de ziekte meer voor onder Gemengden Kleurlingen dan onder Europeanen. Verdere biezonderhede by de Kaapstadse lijkhuizen opgedaan, bewijzen de hogere sterfte wegen Tuberkulosis onder Gemengde Kleurlingen".[7]

Die slotsom waartoe belanghebbendes gekom het was dat oorbewoning, vuil woonkwartiere en onsindelikheid 'n leidende rol in die verspreiding van tuberkulose gespeel het. Waar wonings in haglike toestande was, is gesê: "We find that mortality from tuberculosis is more than usually excessive".[8]

---

6. UG 34-'14 Verslag van die Tuberkulosekommissie van 1914, p.4.
7. UG 34-'14 Verslag van die Tuberkulosekommissie van 1914, p.5.
8. UG 34-'14 Report of the Tuberculoses Commission 1914, p.42.

'n Groot rede vir die verspreiding van tuberkulose was die gebrek aan die nodige medikasie wat die arm mense nie kon bekostig nie. Daar was ook nie juis 'n toepassing van kwarantynmaatreëls nie. Gewoonlik is vanweë onkunde 'n teringlyer by voorbaat afgeskryf as 'n "lewende dooie" wat kort voor lank sou moet sterf. Die hoop op genesing het trouens nie bestaan nie. Die mediese wetenskap het ook in daardie stadium nie oor die kennis beskik om die gevreesde siekte effektief te bestry en te verslaan nie.

'n Groot gevaar was besmette voedsel, veral melk. Ondersoek is by die slagpale ingestel in hoeverre laasgenoemde vir die toedrag van sake verantwoordelik kon gewees het. Aanbevelings is in daardie verband gedoen en voorskrifte is opgestel sodat daar aan die nodige gesondheidsvereistes voldoen kon word.

Wat die situasie nog verder negatief beïnvloed het, was die hoë graad van werkloosheid, swak nywerheidstoestande, hoë pryse en die hoë lewenskoste.[9] Alkoholisme is ook as 'n hoofoorsaak van tuberkulose aangegee. Bogemelde faktore was veral prominent onder die gekleurdes aanwesig en het hulle op 'n baie lae sport van die sosiale leër geplaas.

---

9. UG 34-'14 Verslag van die Tuberkulosekommissie 1914, p.6; 3/CT 6/2 Letter Book of the Table Bay Relief Fund 1865-1919, p.35.

Die statistiek en bevindinge van die stadsowerheid was deurentyd kommerwekkend met betrekking tot tuberkulose want diè "moordenaar" het voortdurend onbeheersd onder die gekleurdes voortgewoeker.[10] Dit het slegs ook net op die amptelik-aangemelde gevalle betrekking gehad.

In die tydperk 1912 - 1931 is altesaam 18 927 gevalle van tuberkulose vir die hele land aangeteken. Daarvan was 15 451 gekleurdes en 3 475 witmense. Voorts was daar 6 049 gekleurdes en 2 685 witmense wat aan tuberkulose gesterf het. Die volgende uitspraak was betekenisvol en veelseggend: Die sterfgevalle onder die gekleurdes in Kaapstad was "viermaal zo groot als dat van Europeanen"[11]

---

10. UG 18-'24 Verslag van die Tuberkulosekommissie 1924, p.2.
11. Local Authorities Reports; Cape Town: Annual Report of the Medical Officer of Health for the year ended 30 June 1929 City of Cape Town. p. XXIX.

Die volgende tabel wat die Stadsgeesheer opgestel het, illustreer die situasie treffend:

LEADING STATISTICS, YEAR ENDED 30TH JUNE, 1929

| | Europ. | Non-Europ. | All Races | Europ. |
|---|---|---|---|---|
| Area: 42 873 Acres | | | | |
| Total Population | 131 800 | 125 195 | 256 995 | - |
| Population (exc. the native locations of Langa and N'dabeni) | 131 780 | 118 070 | 249 850 | - |
| | A | A | A | B |
| Birth rate | 21.40 | 50.50 | 35.15 | 22.29 |
| Death rate | 10.65 | 25.17 | 17.51 | 10.89 |
| Infant Mortality rate | 61.17 | 158.59 | 127.30 | 60.43 |
| Tuberculosis death rate | 0.65 | 4.48 | 2.46 | 0.68 |
| Enteric Incidence rate | 0.76 | 0.85 | 0.80 | - |
| Enteric Death rate | 0.10 | 0.21 | 0.15 | 0.10 |

Tegelykertyd is nuwe gevalle aangemeld, te wete 229 vir witmense en 972 vir nie-witmense.

Die Stadsgeneesheer was ook van mening dat daar nie genoeg vir die armes gedoen word wat gesondheidsdienste betref nie. Volgens hom moes met die ekonomiese toestande van die gemeenskap rekening gehou word - "the medical treatment of the poor is closely related to their other economic needs".[12] Hy het tuisbehandeling voorgestel en aanbeveel dat die Vry Apteekstelsel uitgebou moet word. Hy het hom ook oor die hospitaalsituasie uitgespreek want ook daar, veral wat beddens betref, het die nie-witmense aan die kortste ent getrek.[13]

Teen 1933 was tuberkulose hoog op die ranglys van aansteeklike siektes onder die gekleurdes van die Unie van Suid-Afrika. Die verderflike "Tubercle Baccilus" het steeds onverpoosd met sy vernietigingswerk voortgegaan.[14] Daar is deur die Kaapstadse owerheid spesiaal geld vir die bestryding van tuberkulose bewillig.[15] Daar is voorgestel dat, hoewel sanitoriumbehandeling in Kaapstad (veral m.b.t. gekleurdes) ontoereikend was, teringlyers maksimaal van die bestaande dienste gebruik moet maak. Belangrike aanbevelings ten slotte was: 1. 'n meer aktiewe veldtog teen die verspreiding van tuberkulose. 2. Die ge-

---

12. Local Authorities Reports Cape Town: Annual Report of the Medical Officer of Health for the year ended 30 June 1929, the City of Cape Town, p.4.
13. UG 30-'33 Annual Report of the Department of Public Health 1 1933, p.35.
14. UG 30-'33 Annual Report of the Department of Public Health 1933, p.37.
15. UG 30-'33 Annual Report of the Department of Public Health, p.37.

skiedenis van die siekte moet nagevors word en die administratiewe maatreëls t.o.v. tuberkulose opgeknap en doeltreffend toegepas word.

In die lig van bogemelde gegewens was dit dus onteenseglik duidelik dat die voorkoms van tuberkulose 'n betroubare barometer van die ekonomiese stand van die gekleurde gemeenskap van Kaapstad was. Dit was klinkklaar 'n baie arm gemeenskap.

Daar was ook baie ander siektes waaronder die gekleurdes by uitstek, gebuk gegaan en gesterf het. Dit het verder hul haglike sosio-ekonomiese toestand weerspieël. In 1913 is in Kaapstad 'n vlaag van ingewandskoors aangemeld.[16] Sedert 1915 was sterfgevalle onder gekleurde kinders baie hoog.

Dit is aan brongitis, longontsteking, buikloop en dermontsteking toegeskryf. Die gevreesde buikloop, veral, het baie slagoffers geëis - tot sowat 30 persent by gekleurdes. By witmense was dit 16,56 persent m.b.t. alle kindersterfgevalle. Gekontamineerde

---

16. 3/CT Volume 1/4/7/7 Health and Building Regulations Committee of the City Council of Cape Town; p.1.

voedsel is as die groot "sondaar" uitgewys.[17] Die stadsowerheid het hulle veral op die verspreiding van melk toegespits en streng steriliseringsmaatreëls is toegepas.[18] Daar is ook bevind dat daar groot onkunde m.b.t. die basiese gesondheids- en sindelikheidsreëls geheers het.

Aan die einde van 1915 was die sterfgevalle, wat sy oorsprong gehad het by die gebrek aan borsvoeding en siektes van die verteringsorgane, 7 381 vir witmense en 23 061 vir nie-witmense.[19] Laasgenoemde syfers was gegrond op gegewens wat van 100 000 geboortes verkry is.

Die Groot Griepepidemie ofte wel die Spaanse Influenza, wat in 1918 uitgebreek het en wat feitlik die hele wêreld in sy wurggreep gehad het, het ook Suid-Afrika getref.[20] Dit het sulke ernstige afmetinge aangeneem dat die maand waarin dit op sy felste was, as "Swart Oktober" bekend gestaan het. Diè griep was, volgens H. Phillips, een van die gevolge van die

---

17. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895 - 1980. A Broad outline.(C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds): <u>Studies in the History of Cape Town Vol. 5/1984</u>, p.138.)
18. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895 - 1890. A Broad outline.(C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds): <u>Studies in the History of Cape Town, Vol.5/1984</u>, p.51.)
19. Local Authorities Reports: Report of the Medical Officer of Health; City of Cape Town. 1903-1923, p.XIV.
20. UG 15-1919 Report of the Influenza Epidemic Commission, pp. 7-8; UG 3-'21 Report of the Police Commissioner, 1921, p. 29.

Eerste Wêreldoorlog (1914-1918).[21] Die lykbesaaide slagvelde van Europa, so word daar allerweë geglo, het die dodelike virus verskaf wat deur die winde oor die oseane gedra is. Die mens en sy skeppinge het ook die kieme gedra, byvoorbeeld die skepe en hul bemanningslede. Laasgenoemde was maar altyd aandadig aan die invoer van allerlei vreemde siektes, maar dit was veral die troepeskepe die "Jaroslav" en die "Veronej" wat die griepvirus by Kaapstad "afgelaai" het. Diè skepe se besoek aan Kaapstad het saamgeval met swart soldate wat van die oorlog teruggekeer het en die griep onder lede gehad het.[22] Dit was uit die staanspoor duidelik dat dit geen ordinêre griep was nie maar 'n "moordenaar" van die ergste graad. Vanuit Kaapstad het die gevreesde siekte oor die ganse land versprei.[23]

Die stadsraad is summier van versuim en nalatigheid t.o.v. die basiese voorsorgmaatreels teen die griep beskuldig. Die pers het die breë publiek se gevoel in onvleiende taal uitgedruk. Die publiek was ook verontrus deur die bewegings van die aangetaste

---

21. H. Phillips: "Black October": The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, pp.14-18.
22. H. Phillips: "Black October": The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, p. 24.
23. Die Kerkbode, 7 November 1918, p.1051; UG 15-1919 Report of the Influenza Epidemic Commission (1918), pp.8-10; (Vol. ADD 6/2) 3/CT Letter Book: Table Bay Relief Fund 1865-1919.

soldate in die kwarantynkampe. Hulle is oogluikend toegelaat om tussen gesonde mense te beweeg en is veral in Distrik Ses opgemerk.

Kaapstad se bevolking teen 1918 was 175 000 siele waarvan 95 000 witmense en 80 000 gekleurdes was. Die bestaande toestande van oorbewoning en saamhok was die ideale teelaarde vir die broei en verspreiding van die griepkiem. Dit het veral vir Distrik Ses en die sogenaamde Maleierbuurt gegeld. Die stadsraad het 'n spesiale kommissie aangestel om toestande in diè woonbuurte te ondersoek. Die kommissie het o.a. aanbeveel dat van die agterbuurtes soos die berugte Well's Square en Distrik Ses gesloop moet word.[24)] Hierdie gebiede was vuil en het nie die nodige sanitêre geriewe gehad nie. Die griepvirus het hier gefloreer. Die openbare mening het die stad se gesondheidsowerhede onophoudend oor bogemelde aspek "gebombardeer".

Die griep het soveel slagoffers geëis dat werkgewers begin kla het oor die afwesigheid van werksmense. Algaande het die Kapenaars die erns van die situasie besef.[25)] Met verloop van tyd het baie fabrieke gesluit en baie winkels, banke en restaurante het 'n tekort aan personeel ondervind. Melkerye en

---

24. 3/CT Volume 1/1/6/4/21 Town Clerk: Agenda and Reports Minutes of the meeting 23 August 1919, p.335.
25. SKG 71/3 Notules van die Kerkraadsvergadering van die Ebenezer-Ned. Geref.- Sendinggemeente Kaapstad, 15 November 1918,(n.p.)

bakkerye kon ook nie hul daaglikse verpligtinge nakom nie en openbare dienste soos diè van die poskantoor en die spoorweë het onder die toestande gely. Ook die hawens en die skole is swaar getref.[26] Dit het die swak ekonomiese klimaat van die werkers, hoofsaaklik die gekleurdes, verder laat versleg.

Die toestand het baie lewens geëis soos in die doodskolomme van die plaaslike koerante weerspieël is. Die volgende syfers spreek daarvan: op Saterdag 5 Oktober 1918 is 78 sterftes - 64 gekleurdes en 14 witmense - aangemeld; daarna was dit vir geruime tyd lank feitlik 10 sterfgevalle gemiddeld per dag. Die toestand is verder vererger toe ontdek is dat sterwende mense onversorgd gelê het. In sommige gevalle het lyke van vier tot vyf ure lank op die strate se sypaadjies feitlik "onopgemerk" gelê.[27]

Die stadsraad het toe depôts ingerig waar siekes gratis behandeling en medikasie ontvang het. Sopkombuise is inderhaas tot stand gebring. Firmas en hotelle het groot voorrade voedsame kos vir die hulpbehoewendes verskaf. Ook die Bolandse boere het nie op hulle laat wag om op die noodoproepe te reageer nie. 'n

---

26. UG 19-'20 Annual Report of the Department of Public Health 30 June 1926, pp. 30-55; The Cape Argus, 2 October 1918, p.7.
27. H. Phillips: "Black October": The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, p.37.

Spesiale subkomitee is gestig om begrafnisse te bespoedig en, nodeloos om te sê, is daar oortyd gewerk. Die Kindersorgvereniging het hoofsaaklik na die nood van die kinders van die lewendes sowel as die gestorwenes omgesien.[28]

Om geneeshere doeltreffend in te span is Kaapstad in 14 "distrikte" verdeel. Vyf van diè "distrikte" het binne Distrik Ses geval. Dit het die erns in diè bepaalde gebied beklemtoon.[29] Bogemelde skema was nie juis suksesvol nie want baie van die geneeshere het nie altyd by die voorgeskrewe reëls gehou nie. Wat die saak vererger het, was die gebrek aan hospitaalakkommodasie - iets wat alreeds voor die griep 'n probleem was. Die toestand is verder versleg deurdat van die hospitale se personeel ook die griep ten prooi geval het.[30]

Soos die griep toegeneem het, het die stadsbewoners van mekaar se bestaan bewus geword. Oproepe om hulp het nie op dowe ore geval nie. Alle klasse in die samelewing het begin meedoen om die nood

---

28. H. Phillips: "Black October": The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, p.38.
29. UG 15-'19 Report of the Influenza Epidemic Commission 1919, pp.7-10; <u>The Cape Argus</u>, 7 October 1918, p.4.
30. UG 54-'37. Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p.93.

te verlig. Alle godsdienstige grense is oorskry want Kaapstad se mense was in die nood.[31]

Ten spyte van al die pogings om hulp en noodleniging, het die griep versprei en het sy slagoffers by die dag toegeneem. Tussen 8 Oktober en 13 Oktober het gemiddeld 120 mense per dag in die Kaapse munisipale gebied gesterf. Op 10 en 11 Oktober het 441 en 401 mense onderskeidelik die lewe gelaat. Die oorgrote meerderheid was gekleurdes. Vir sommige het dit gevoel asof die stad se bevolking stelselmatig uitgeroei word.[32] Mettertyd is na Kaapstad as "die stad van die dood" verwys.

Dit was 'n alledaagse gesig om trekkarre met lyke oorlaai te sien. Dit was in baie gevalle nie eens met die gebruiklike seile bedek nie, en indien wel, kon die bene van die lyke, wat oor die trekkarre se bakke uitgehang het, gesien word. Soms was die etikette met die name van die gestorwenes wat na die begraafplase gekarwei is, sigbaar. Daar is daagliks tientalle lyke by huise "gekollekteer", ironies genoeg, met behulp van bandiete. Vir diè groot werk is hulle vonnisse verkort en in baie gevalle heeltemal opgeskort.[33] Die Moslems het, ooreenkomstig hul geloof, self

---

31. UG 15-'19 Report of the Influenze Epidemic Commission 1919, pp. 10-12; Die Kerkbode, 17 October 1918, p.992.
32. Die Kerkbode 31 Oktober 1918, p.131; UG 15-'19 Report of the Influenza Epidemic Commission, pp.37; Anonymous: A short history of St.Monica's Home 1919-1967, p.9; Die Kerkbode, 17 Oktober 1918, p.992.
33. H. Phillips: "Black October": The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, p.52.

hul gestorwenes na hul begraafplase gedra.[34]

Begrafnismaatskappye kon nie voorbly met die voorsiening van doodkiste nie en baie lyke, veral diė van nie-witmense, is in sakke toegedraai en sò begrawe.[35] Die griep het niemand ontsien nie. Met woongebiede was die siekte ook nie "selektief" nie. Seepunt en Distrik Ses was om't ewe! Tog was daar gekleurdes wat die gegoede witmense dit verwyt het dat hulle "nou eers", nadat hulle ook getref was, sò oor eersgenoemdes se welsyn begaan was.[36] Voorheen, is geredeneer, het die armes vir die welgestelde witmense nie bestaan nie; hulle was maar net die werkesels. Daar was ook gekleurdes wat die suspisie gekoester het dat die witmense se kommer en sorg net oor hulself gegaan het. Die griep moes desnoods onder die gekleurdes stopgesit word want dan sou dit nie na die witmense toe versprei nie!

---

34. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town, 1895 - 1980. A Broad outline.(C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.) Studies in the History of Cape Town. Vol.5\1984, p.34.); A. Davids:"The Revolt of the Malays" - A study of the reaction of the Cape Muslims to the Smallpox Epidemics of Nineteenth Century Cape Town. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds): Studies in the History of Cape Town. Vol.5\1984, p.71.)
35. H. Phillips: "Black October": The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, p.54; De Kerkbode, 17 Oktober, pp.993-994.
36. The Marion Institute Social Centre: A Brief History 1916-1953, p.3.

Baie wit werknemers was van mening dat van hul werkgewers agter die griep geskuil het want volgens eersgenoemdes het die werkafwesigheid handuit geruk. Die werkgewers het vermoed dat die werkers maar net lui en onverantwoordelik was. Hulle het egter nie altyd met die realiteit van die griepepidemie onder gekleurdes - veral die jeug - rekening gehou nie.[37]

Uiteindelik het die griep homself uitgewoed. Namate dit gebeur het, het die stadsraad amptelik na die gesondheidstoestande ondersoek ingestel. Betekenisvol was die verband wat die griep en die verspreiding daarvan met sosio-ekonomiese toestande van gemeenskappe gehad het.

Begaande individue en instansies het op onmiddellike en drastiese sosiale hervorming aangedring. Uiteindelik is die stadsvaders se gewetes geskud en is hulle tot optrede gedwing. Die hele stad moes van hoek tot kant skoongemaak word. Die gekleurdes se woongebiede sou desnoods voorkeur kry.[38] Alle instansies, statutêr sowel as vrywillige, sou hul organisasie opknap om toestande te verbeter en moontlike toekomstige rampe te kan hanteer. Een van

---

37. 3/CT 6/2 Letter book Table Bay Relief Fund 1865-1919 p.652; UG 4-'20 Report of the Housing Committee to enquire into matters concerning Housing Accommodation in the Urban Areas and the Amendment of the Unhealthy Areas Bill, p.55; The Cape Argus, 10 October 1918, p.5.
38. 3/CT 6/2 Letter Book. Table Bay Relief Fund 1865-1919, p.356; UG 15-'19. Report of the Influenza Epidemic Commission 1918, pp.9-18.

die prysenswaardigste pogings is deur die gekleurdes se eie organisasie, nl. die African Political Organization met die befaamde dr. A. Abdurahman aan die spits, geïnisieer. Dr. Abdurahman, in sy hoedanigheid as lid van die stadsraad se gesondheidskomitee, èn die A.P.O. het 'n hele aantal doelmatige huise vir gekleurdes laat bou.[39)] Ook die General Board of Aid het m.b.t. nood-leniging en hulpverskaffing hom goed van sy taak gekwyt. "Poor Relief" en nogmaals "Poor Relief" was die wagwoord.[40)]

Kaapstad en sy gemeenskap sou na die griep nooit weer dieselfde wees nie. Ten spyte van die voortgesette vooroordeel en wanbegrip onder sekere mense het die stadsbewoners 'n bewuswording van gemeenskaplikheid oor die algemeen ervaar. Die Spaanse griep was, met al sy tragedie en ellende, 'n bedekte seën want daardie goeie onderlinge menseverhoudinge wat in Kaapstad tot stand gebring is sou deur latere geslagte in groot mate geërf word. Dis iets só uniek wat feitlik geen ander stad in Suid-Afrika besit nie.

---

39. 3/CT Volume 1/1/6/3/25 Agenda and Reports of the Council of the City of Cape Town, pp.274,355; C.J. Botha: The Cape Hospital Board 1913-1948, p.9; R.E. Van der Ross: Say it out Loud, p. 12.
40. First Report of the General Board of Aid 13 May 1919. S.K.G 7 1/3 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Ned. Geref.-Sendinggemeente, Ebenezer Kaapstad, 15 November 1918, p.170.

Die Stadsgeneesheer se 1929-verslag het getoon dat die geboortesyfer vir nie-witmense twee keer so méér as vir witmene was. Daarteenoor was die sterftesyfer vir nie-witmense 2,4 maal so meer hoog as dié vir witmense. Dit was betekenisvol dat ruggraatkoors gedurende daardie tydperk grootliks onder die nie-witmense vele slagoffers geëis het. Die Stadsgeneesheer het ook daarop gesinspeel dat die nie-witmense wat hoofsaaklik uit die arbeidersklas was, 'n stryd moes voer om kop bo water te hou. Vir die oorgrote meerderheid witmense was die lewe makliker want hulle was van die "beterklas".[41)]

In die Departement van Gesondheid se jaarlikse verslag vir 1933 is vermeld dat tifuskoors een van die gevaarlikste siektes was. Dit was gewoonlik aan ekonomiese stres gekoppel. "Great poverty is almost invariably accompanied by lice which transmit the infection and malnourishment which greatly reduces resistance to the disease". In Kaapstad het dié siekte onder gekleurdes gemaai: 1606 gevalle en 232 sterftes is aangemeld in daardie verband. By witmense was dit 43 gevalle en drie sterfgevalle. Ook ingewandskoors het sy slagoffers gehad: 187 gevalle is aangemeld waarvan 100 nie-witmense en 87 witmense was. Dáárvan het 7 witmense en 18 nie-witmense gesterf. Die pasiënte m.b.t. hierdie hoogs aansteeklike siekte is in die Stadshospitaal opgeneem.[42)]

---

41. Local Authorities Reports, Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town 1924-1929, p. XXXV.
42. UG 30-'33 Annual Report of the Department of Public Health 1933, p. 44.

Hospitale en verwante inrigtings was, uit die aard van die saak 'n belangrike faktor m.b.t. gemeenskapsgesondheid en gesondheidsversorging. Daar was veral drie merkwaardige instansies wat spesifiek om die gekleurdes en hul siekenood gewentel het, te wete die Kaapse Hospitaalraad, die Somerset hospitaal en (die Monica's kraaminrigting).

Die Kaapse Hospitaalraad se vernaamste doelstelling was om sy gesondheidsdienste aan die publiek beskikbaar te stel. Swak toerusting en waglyste van pasiënte was probleme wat aan die orde van die dag was. .Daar kon nooit volledig aan die bestaande behoeftes van veral die armes voldoen word nie. Gratis medisyne is egter vermeerder om verligting te probeer bring.[43] Om die Distrik Ses-gebied se nood te probeer verlig, is 'n woning bekend as "Buckingham Lodge" op die hoek van Caledon- en Mountstraat, gekoop om as kraaminrigting vir gekleurde vroue gebruik te word. Hierdie gebou het spoedig te klein geword en in 1932 het die Goewerneur-generaal se gade, Lady Clarendon, 'n nuwe gebou vir genoemde doel geopen. Ruim skenkings is ontvang om die werk van die hospitale onder die armes uit te brei. Die owerhede het by wyse van teenprestasie d.m.v. subsidiëring ook ruim bygedra.

---

43. H.B.C. 4/6 Cape Hospital Board, p.6.; H.C.F. 4/6/6 Vol.2 (cases) no's 45,51,55; C.J. Botha: <u>The Cape Hospital Board 1913-1949</u>, p.10.

Die dertigerjare was, vanweë die Groot Depressie, vir die Kaapse Hospitaalraad donker dae. Die nodige middele om gesondheidsdienste effektief voort te sit, het ontbreek. Die noodlydendes, veral, het daaronder gely. "The position worsened and a trying time was experienced. The outlook of the country was indeed dark".[44)]

Genoegsame fondse was altyd 'n probleem vir die Hospitaalraad. Die owerheid het ook nie altyd genoeg geld gehad om in al die behoeftes te voorsien nie. Weer eens is op die goedhartigheid van die Kaapstadse publiek staatgemaak. Laasgenoemde het in sekere mate verantwoordelik teenoor hul medemense - die arm gekleurde-bewoners van Kaapstad - gevoel. Die sosiaal-bewuste element onder die gekleurdes het self ingespring om geld in te samel deur hul jaarlikse "Hospitaalbal" te hou, met die burgermeestersvrou as beskermdame. Voorts is straatkollektes en vermaaklikheidsprogramme van stapel gestuur om die fondse vir hospitalisasie te styf. Vanaf 1914 al was die Distriksverpleegstersorganisasie, deur die Hospitaalraad gestig[45], besig om oral in die Skiereiland onder die arm siekes te arbei.

---

44. UG 25-'27 Hospital Survey Committee 1932, pp.15-17; C.H. Botha: <u>The Cape Hospital Board 1913-1949</u>, p.112.
45. Minutes of the meeting of the Women's Mite and Missionary Society - A.M.E.-Church, Bethel Congregation Cape Town, 1 March 1926, pp. 35-36; C.J. Botha: <u>The Cape Hospital Board 1913-1949</u>, p.15.

Behoeftige pasiënte is ook finansieel ondersteun. Die arm gemeenskap is ook m.b.t. gesondheid en higiëne opgevoed. "The community as a whole reaped incalculable benefit from the lessons in elementary hygiene which the nurses brought to the homes of the poor".[46]

Met verloop van tyd is die Vry Apteek met hospitaaldienste gekombineer om vir arm buite-pasiënte meer beskikbaar te wees. 'n Uitstaande voorbeeld was die Nuwe Somerset hospitaal. Dit het ook die mediese studente van die Universiteit van Kaapstad met hul opleiding gehelp.[47] Voorts het die Vry Apteek 'n vaste, unieke instelling in Kaapstad geword.

Teen 1921 het die opleiding van gekleurde verpleegsters vir die Hospitaalraad 'n belangrike aangeleentheid geword. Akkommodasie vir opleiding was egter 'n struikelblok. Die Suid-Afrikaanse Mediese Raad en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Opgeleide Verpleegsters het egter daarop aangedring dat met eersgenoem-

---

46. The Cape Times, 2 November 1933, p.16; C.J. Botha: The Cape Hospital Board 1913-1949, p.15.
47. H.B.C. 4/69 Vol.102 The Treasurer of the Cape Hospital Board, pp. 246; C.J. Botha: The Cape Hospital Board 1913-1949, p.16.

genoemde aspek 'n begin gemaak moet word. Dit moes egter in aparte inrigtings geskied.[48] Hier is die kiem van diskriminasie gesaai wat die jare daarna kenmerkend van die situasie sou wees. Voorts het die Verpleegstersvereniging daarop aangedring dat gekleurde verpleegsters deur wit dosente opgelei moes word. In 1932 het die Hospitaalraad bepaal dat nie-wit verpleegsters nie aan die nuwe Groote Schuur hospitaal opgelei mag word nie. Diegene wat daarteen beswaar gemaak het moes uiteindelik in die diskriminasie en stiefbehandeling berus. Daar is gekonkludeer dat die besluite in die beste belang van alle rasse sou wees.![49]

Hospitale was altyd die onmiddellike toevlugsoorde vir siekes in die armgeteisterde gemeenskappe. Die Somerset hospitaal wat hoofsaaklik in die behoeftes van die gekleurde siekes voorsien, het, was meestal oorvol. Diė toedrag van sake het algaande versleg. Pasiënte is in die hospitaal behandel totdat hulle volkome genees was want hulle het nie die nodige kwarantyn, voeding en behandeling tuis gekry nie. Laasgenoemde het grotendeels na hulpbehoewende gekleurdes verwys.[50] Diė situasie het natuurlik die getalle laat ophoop. Kosvoorrade, veral melk, het 'n tekort begin toon. Tot die owerheid is vertoë gerig dat geriewe by die Stadshospitaal uitgebrei moet word om te poog om die probleem die hoof te bied.[51]

---

48. C.J. Botha: The Cape Hospital Board 1913-1949, p.22.
49. C.J. Botha: The Cape Hospital Board 1913-1949, p.21.
50. 3/CT Volume 1/4/7/1/1/7 Health and Building Regulations Committee of the City Council of Cape Town, p.1.
51. S.M. Koegelenberg: Honderd jaar van verpleging in die Somerset hospitaal 1852-1952, 'n Historiese oorsig, p.3.

Die toestande m.b.t. die Somerset hospitaal het o.a. die siektenood van die arm gekleurde gemeenskap weerspieël. "Die oprigting en beheer van 'n hospitaal is 'n geleentheid wat die gemeenskap ten nouste raak want dit is direk gemoeid met die gesondheid en welsyn van so 'n gemeenskap".52) Duisende pasiënte, veral kinders, is jaarliks by die Somerset hospitaal behandel. Die mediese personeel daar se mening was altyd: "The Somerset Hospital should be for the service of the sick poor only, and it is with this view that they give their services gratuitously".53)

Die akkommodasie by die Somerset hospitaal was die meeste van die tyd ontoereikend en baie ernstige gevalle moes weggewys word. Diè toedrag van sake is in 1911 effens verlig toe die Lightfoot-saal, aangebou is. Dog die Somerset hospitaal was per slot van rekening steeds die beste daaraan toe want van die 452 beddens in al die stadshospitale het eersgenoemde 263 gehad. "In geen geval word daar onderskeid gemaak tussen gekleurde- en Naturellepasiënte nie".54) het die Stadsgeneesheer betekenisvol beweer. Die arm en werkende klasse veral is swaar getref as

---

52. S.M. Koegelenberg: Honderd jaar van verpleging in die Somerset hospitaal, 1852-1952,'n Historiese oorsig, p.38.
53. UG 30-'25 Rapport van die Komitee van Ondersoek re: Volkshospitale 1925, p.28.
54. UG 30-'25 Rapporte van die Komitee van Ondersoek re: Volkshospitale, p.28.

hulle siek geword het. Baie vermoënde siek mense het die hospitaal misbruik en niks vir hul behandeling betaal nie. Die hospitaalbestuur was nie tevrede daarmee nie.

"It is obvious that the charity of the hospital is being abused by a certain class of patient and that the institusion is acting on an appreciable extent as a stepping stone to pauperism. The primary object at the hospital is to provide medical aid and treatment for the sick poor..."55)

Mettertyd is twee verpleegstershuise by die Somerset hospitaal geopen. Die verpleegpersoneel het ook uitgebrei. Dog; die hospitaalsale was klein en is verpleging en behandeling daaaaardeur bemoeilik. Gedurende 1929 en 1930 is al die hospitaalafdelings opgeknap en ten spyte van die gebrek aan ruimte het die hospitaal goed gefunksioneer. 'n Groot struikelblok m.b.t. die behandeling van veral gekleurde armes - hulle was in die meerderheid - was steeds die gebrek aan gekleurde verpleegsters. Kerklike- en maatskaplike organisasies het saamgespan om die saak te bevorder. Veral die Anglikaanse Kerk het hom beywer om in diè behoefte te voorsien.

---

55. S.M. Koegelenberg: Honderd jaar van verpleging in Suid-Afrika 1852-1962, 'n Historiese Oorsig, p.39.

Die belanghebbende gemeenskap oor die kleurskeidslyn heen het geen steen onaangeroer gelaat om aan gekleurde verpleegsters standaardopleiding te voorsien nie.

Die St. Monica's-tehuis was by uitstek diė kraaminrigting vir gekleurde vroue. Oorsponklik het dit uit die Anglikaanse Kerk se sending onder die Kaapstadse Moslems gegroei. Daar is eers van individuele huise gebruik gemaak. Dit was eers op 17 April 1917 "that the original maternity home first opened its doors to patients in this District". Dit was in Lionstraat net bokant die Maleierbuurt.[56)]

By die St. Monica's-tehuis is ook die eerste opleidingskool vir gekleurde vroedvroue in Kaapstad, trouens in Suid-Afrika, tot stand gebring.[57)]

Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging het nie met laasgenoemde se opleiding genoeë geneem nie. Hulle was daarteen gekant dat gekleurdes op gelyke voet met wit verpleegsters behandel moet word. Diė teenkanting is daadwerklik getoon deurdat hulle by die Koloniale Mediese Raad aanbeveel het dat gekleurde

---

56. Anonymous: <u>A short history of St. Monica's Home 1913-1967</u>, p.5.
57. UG 25-'27 Hospital Survey Committee 1919, p.10.

vroedvroue vir ʼn tweedegraad sertifikaat in aanmerking moet kom, dat hulle net onder toesig van wit verpleegsters moet werk, en tweejaar opleiding in plaas van die gebruiklike ses maande moet ontvang. Van dié vertoë het egter niks gekom nie. Die Mediese Raad het met sy vroeë besluite volstaan.

ʼn Dringende probleem in die arm gemeenskap was ongehude moederskap. In sommige gevalle het die verwagtende moeder die ondersteuning van die huisgesin tot op die laaste stadium van swangerskap en die geboorte van haar kind geniet. In baie gevalle was dit egter nie so nie en dan moes die verwagtende moeder op haar eie ʼn heenkome vind. Onder die baie menslike gevalle wat in St. Monica's se verslae opgeteken was, was dié van ʼn Moslemwasvrou wat ʼn Christenmeisie in haar nood teëgekom het. Sy het besluit om haar na St. Monica's te neem. Die verwagtende moeder se tydsberekening met die geboorte was egter foutief. St. Monica's was te ver en daar is op die pad besluit om by die Heilsleërtehuis, wat baie nader was, om hulp te gaan aanklop. Die kindjie is egter nog oppad daarheen gebore!

ʼn Ander probleem was ook ordentlike voor- en nageboortesorg. St. Monica's het alles in sy vermoë gedoen om dié toestand te verlig. Daar is selfs gepoog om die ongehude moeders in ʼn ordentlike omgewing te plaas en hulle van werk te voorsien.

Teen diè tyd was kraamgevalle onder die armer klasse in Kaapstad deur onopgeleide vroedvroue gedoen. Baie van die geboortes het ook nie in hospitale of inrigtings plaasgevind nie maar tuis, veral in Distrik Ses.[58] Die gelde wat gevra is was dertig sjielings. Kraamopleiding het dertig pond (Britse) gekos, maar waar dit nie bekostig kon word nie is skemas in die lewe geroep om verdienstelike gevalle te help. Derhalwe was algemene praktisyns gewoonlik gewillig om kraamdienste kosteloos te verrig.[59]

Sendingwerk en hulp in kraamgevalle het meestal hand aan hand gegaan. Tegelykertyd is daar ook letteronderwys gegee. Kersfeestye is spesiale programme gereël en snoeperye is uitgedeel. Almal, Christene sowel as Moslems, het in diè vreugde gedeel.[60]

---

58. UG 25-'27 Hospital Survey Committee 1919, p.10.
59. Anonymous: <u>A short history of St. Monica's Home 1913-1967</u>, p.8.
60. Anonymous: <u>A short history of St. Monica's Home 1913-1967</u>, p.8.

In Januarie 1919 is nuwe persele vir St. Monica's langsaan die Anglikaanse St. Paulus-kerkgebou in Breëstraat verkry. Dáár was meer beweegruimte en derhalwe het die werk verbeter. Baie gekleurde vroedvroue is daar opgelei en het na voltooiing van hulle studie oor die hele land heen gaan werk.

Die werk by St. Monica's is egter deurentyd deur gebrek aan toerusting gekortwiek. 'n Stoomsteriliseerder was dringend nodig. Voorts was die watertoevoer nie na wense nie a.g.v. die "drip-tank"-stelsel en die' elektrisiteit was ook nie voldoende nie. Die matrone het in 'n stadium aanbeveel dat die 50-kerskraggloeilampe liefs deur een van 25-kerskrag vervang moet word want die elektrisiteitsrekening het te hoog geword. Dit het op die arm gemeenskap waarin die inrigting hom bevind het, gedui.[61)] Bergingsplek vir vleis was ook 'n probleem. Twee keer is vleis op 'n Sondagaand gesteel! Daar was ook altyd finansiële probleme. Die moeders van die Kaapstadse Anglikaanse gemeentes is om hulp genader om veral hulpbehoewende leerlingverpleegsters te ondersteun. Pasiënte kon ook nie altyd bekostig om hul rekeninge te betaal nie. Daar is 'n beroep op die Administrateur gedoen om aan nooddruftige pasiënte toelaes te gee. Die toestande was simptomaties van die arm gekleurde gemeenskap.[62)]

---

61. N.G.S.K. SI 1/2 Notules van die Kerkraadsvergadering van die gemeente S.A. Gestig Kaapstad 1904-1915, 20 Junie 1912, p.268; 20 Augustus 1914, p.31; Die Kerkbode, 2 Februarie 1927, p.174.
62. UG 25-'27 Hospital Survey Committee 1932, pp.15-17; C.J. Botha: The Cape Hospital Board 1913-1949, p.112.

In 1920 het die Administrateur self aanbeveel dat St. Monica's as 'n liefdadigheidsinrigting geregistreer moet word. Dit het op 20 Mei 1920 'n werklikheid geword. Die alombekende kannunik S. Lavis is as verteenwoordiger van die inrigting op die Provinsiale Raad aangestel. Mediese studente het as deel van hul praktiese opleiding by St. Monica's diens gedoen. Sodoende is baie van die finansiële laste uitgeskakel. Die St. Monica's was soos 'n "pleegmoeder" vir Kaapstad en veral Distrik Ses se arm siekes.[63)]

St. Monica's is na gelang van finansiële bystand van owerheidsweë uitgebrei. Die basiese beginsel was opheffing en selfrespek. Vir moederlose suigelinge is betroubare pleegmoeders en 'n tuiste gevind. Terselfdertyd is geestelike opheffingswerk gedoen. Baie verpleegsters het na hul opleiding eie praktyke begin en die gemeenskap op so 'n wyse gedien.

Gedurende 1921 is 'n kraamnasorgkliniek in die lewe geroep. Dit was 'n progressiewe stap want baie geneeshere en verpleegsters het daarby betrokke geraak. Laasgenoemde het dit as 'n voorreg beskou om by St. Monica's diens te doen. Hulle het dit ook geniet.[64)]

Pasiënte van alle rasse in en om die hele Skiereiland het hulle

---

63. Anonymous: A short history of St. Monica's Home 1913-1967, p.11.
64. Anonymous: A short history of St. Monica's Home 1913-1967, p.12.

na St. Monica´s gewend. Die toerusting en geriewe was in die vroeg twintigerjare nie meer na wense nie. Die maksimum getal beddens is ingedruk maar selfs die beddens en matrasse het skaars geword. Soms is paraffiendose as bababeddens ingerig. "It does not sound very comfortable but it is the best we can do and "best", though poor is rich if it means the soul of a Mother and a baby kept safe for Christ".[65]

Pasiënte wat van Distrik Ses afkomstig was, se huislike toestande was oor die algemeen deur oorbewoning, vuilis en armoede gekenmerk. Die "huise" was niks meer nie as "underground hovels with no bed, bedding, or preparation for the expectant infant".[66] Die volgende verslag is genoegsame getuienis van die haglike situasie.[67]

> ´a recess under the stairs - the bed a stuffed sack on the stone floor - the nurses picking their way through sleeping forms in the room´.

> ´ladder - one rung missing - leading through a trap door to the family room above, 6ft. x 6ft. - four occupants´.

> ´ants were swarming everywhere, newspapers served as sheets. We sent back to the Home for clothing for the mother and infant´.

> ´a corrugated iron shack, patient, husband and three small children. The patient was on a torn mattress on the bare ground. The rain was pouring in through the roof. We managed to heat some water in a tin on a wood fire outside the shack´.

---

65. Anonymous: A short history of St. Monica´s 1913-1967, p.12.
66. Anonymous: A short history of St. Monica´s 1913-1967, p.12.
67. Anonymous: A short history of St. Monica´s 1913-1967, p.13.

> 'the only light in the room was a vaseline jar with a little hole made through the lid, with some oil in it and some tape. As soon as we moved, our fancy lamp went out and we were in darkness. We gave it up and used our torch for the rest of the confinement'.

> 'on arrival found the mother and baby lying in a tiny hut on the floor on some filthy rags. We had to creep into the hut to fetch them out and had them removed to the Home'.

> 'a family of thirteen living in one room with some chickens and kittens and the mother in labour'.

> 'arrived at a house strongly resembling a dog kennel in a backyard which had to be approached on all fours'.

> 'in one hovel, the two men fetched the nurses having nowhere else to go than the shared room in which the case was in progress, sat on the floor outside the door into the passage and played their ukeleles until the case was finished and the nurses left for home'.

In 1924 het St. Monica's sy eerste straatkollekte gehou. Dit het die totale bedrag ter waarde van 386 Britse ponde opgelewer. Dit is aan die instandhouding van die inrigting bestee. Eers teen 1929 het die Gemeenskapskas aan die St. Monica's hulp verskaf.[68] Die Suid-Afrikaanse Rooi Kruisvereniging het ook ruim bygedra deur beurse vir beginner-

---

68. Minutes of the meeting of the Board of Directors of the Community Chest, 13 February 1929, (n.p.)

studente beskikbaar te stel. Veral bloedverwante van diegene wat in die Eerste Wêreldoorlog diens gedoen het, het daarvoor in aanmerking gekom Ook die Anglikaanse Kerk van Kaapstad se susters-vereniging het beurse vir aspirantverpleegsters beskikbaar gestel.[69]

Ofskoon die werk by St. Monica's uitgebrei het, het die inrigting gesukkel om kop bo water te hou. Die Kaapstadse Stadsraad, ander stadsrade, die Gemeenskapskas, die Anglikaanse Kerk, die Provinsiale Raad, die Unieregering en die Universiteit van Kaapstad het bydraes gegee, maar dit alles kon in die behoeftes van die St. Monica's nie heeltemal voorsien nie. Weldoeners het van tyd tot tyd voedsel en kleding aan die inrigting geskenk. Vertoë in daardie verband is voortdurend aan liefdadigheidsorganisasies gerig. Al dié pogings en ondernemings was 'n manifestasie van die arm gemeenskap waarin St. Monica's gesetel was.[70]

In 1932 het die Hertogin van Clarendon, gade van die destydse Goewerneur-generaal, deur haar belangstelling d.m.v. besoek aan en navrae in verband met die werk by St. Monica's die uitbreiding daar 'n hupstoot gegee. Met Kersfees 1932 daardie jaar was daar 'n groot feesviering.

---

69. Anonymous: A short history of St. Monica's Home 1913-1967, p.13.
70. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 13 February 1929, n.p.; UG 54-1937 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 19-133; Cape Times, 4 March 1931, p.18; Cape Times, 13 March 1931, p.11.

Verrassingspakkies, sogenaamde "mystery bags", is aan die pasiënte uitgedeel. Die pasiënte en die personeel is by daardie geleentheid die gebruiklike kersete aangebied. Soms het die legendariese "Christmas Choirs", eintlik was dit snaarorkeste, opgetree. Op Kersoggend het van die verpleegsters hul op die strate van Distrik Ses begeef om geskenkpakkies aan die arm bewoners, veral oud-pasiënte, uit te deel.

Die St. Monica's-tehuis was voorwaar 'n oase en toevlugsoord in die woesteny van armoede in Kaapstad. Die Kaapstadse Stadsraad en instansies wat met gemeenskapsgesondheid gemoeid was, was daarvan oortuig dat armsorg en algemene noodleniging 'n belangrike rol in die bekamping van siektes en die hoë sterftesyfer kon speel.

Armsorg aan siekes is gedurende 1924-1929 deur veral die Cape Town General Board of Aid behartig.[71] Die Burgermeester het as beskermheer van laasgenoemde se pogings opgetree. Diè liggaam se finansies was van donateurs en subskripsies afhanklik. Laasgenoemde is deur die Provinsiale Raad en die Stadsraad voorsien. In 1928 het die Board die volgende gegewens verskaf: 5500 aansoeke om bystand is van hulpbehoewende siekes ontvang; 9400 gevalle is deur die Board se span huisbesoekers aan siekes afgehandel; sowat 40000 voedselbestellings is uitgevoer. Ook laas-

---

71. Local Authorities Reports, Cape Town: Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town 1924-1929, pp.10-11.

genoemde hulp is veral aan siektegeteisterdes en bejaardes verleen. Die huisbesoekers het vasgestel dat wanvoeding een van die vernaamste oorsake van siektes, veral tuberkulose, was.[72] Om dit te beheer was versorging en hulpverlening broodnodig. Dit sou ook geldelike verligting bring. Die regering het darem ook finansiële hulp aan die sogenaamde "Committed Children" (uiters sorgbehoewende kinders) verskaf. Toelaes van R4 (destyds 2 Britse ponde) vir witkinders en R2 (destyds 1 Britse pond) vir nie-witkinders kon verkry word deur by die magistraat daarom aansoek te doen.[73] Hierdie toelaes is deur die Kinderbeskermingvereniging uitgedeel. Vir die jaar 1929 is hulp aan 214 witkinders en 493 nie-witkinders verskaf.[74] Afgesien van laasgenoemde syfers, wat 'n verkeerde indruk kon skep, was dit in daardie stadium al duidelik dat selfs met hulpverskaffing, diskriminasie 'n "normale" en aanvaarde verskynsel was.

Deur bogemelde pogings het die sentrale regering en plaaslike owerhede probeer om die nood te verlig, siektes te bestry en die hoë sterftesyfer onder bedwang te bring.

---

72. Local Authorities Reports, Cape Town: Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town 1924-1929, p.11.
73. Local Authorities Reports, Cape Town: Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town for the year ended 29 June 1929, p.11.
74. Local Authorities Reports, Cape Town: Annual Report of the Medical Officer of Health of the City of Cape Town for the year ended 29 June 1929, p.11.

Een van die opvallendste faktore in die arm gemeenskap wat siektes bevorder het, was die haglike toestande van die strate en bouvallige en vuil huise. Die strate was altyd met vuilis bestrooi. Baie van die steë het in sg. "court yards" geëindig en diè was met onverwyderde vuilis besaai. Dit het beslis op nalatigheid van die stadsraad se kant t.o.v. die gekleurdes se gesondheidsdienste gedui. Daar het ook altyd te veel wasgoed gehang en die agterplase was die meeste van die tyd sopnat van die seperige wasgoedwater.

Aspeling, Johnstone- en Rosestraat was voorbeelde van vuil strate in die arm gemeenskap. Dit het daar van allerlei soort goggas gewemel. Distrikte 2 en 3 se strate was voortdurend vuil en onversorgd en daar was gedurig klagtes in daardie verband. Dit was ook gevaarlik om enige tyd daar te loop. Op 1 Oktober 1915 het die Stadsgeneesheer sy verslag aan die Public Health and Buildings Regulations Committee voorgelê en spesifiek o.a. na "the conditions prevailing in the poorer parts of the City with regard to private lanes and courts, street cleansing....."verwys.[75]) Veral die Kinderbeskermingvereniging was bekommerd oor bogemelde toestande. Die swak sanitêre toestande het veral betrekking op die swakste klasse gehad. Hulle het in en om Canterbury-, Ka-

---

75. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.1.

steel- en Commercialstraat en Brinklaan gewoon. Die Stadsgeneesheer het ´n dringende beroep op die Stadsraad gedoen om genoeg geld beskikbaar te stel om die strate skoon te hou. Dit sou ´n voorbeeld aan die inwoners stel. Distrik Ses, veral, was sò ´n teikengebied.

Die huise waarin die arm gekleurdes gewoon het was oor die algemeen bouvallig, vuil en oorlaai. Dit het groot kommer by die Stadsraad gewek want dit was die broeiplek van allerhande soort siektes.[76)] Huisdiere het in sommige gevalle saam met mense in die huis gebly: "premises stated to be filthy and two goats together on the stoep". Die stadsraad het ook klagtes m.b.t. die volgende ontvang: "the general condition of these premises was very dirty and in a state of disrepair".[77)] Voorts is die verklaring afgesluit met die uitspraak dat die "huise" nie voldoende vir menslike gebruik was nie.[78)]

Die Stadsraad se Gesondheids- en Behuisingskomitee het soms, wanneer klagtes ontvang is, in die agterbuurtes van Distrik Ses

---

76. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.2.
77. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.78.
78. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.78; R. Rive: "Buckingham Palace": District Six. (Back of Book Cover).

en die Tivoligebou in Buitekantstraat, inspeksie gaan doen. Daar is gerapporteer:

"The rooms are stated to be small and dark. Each is inhabited by one family. Underneath the staircase is an old cistern containing stagnant water, also a collection of old pipes and scrap iron. Flies abound all the year round".[79]

Die berugte Well's Square, bymekaarkomplek van die agterbuurtes se gevaarlikste misdadigers en leegleërs, was telkemale "in die nuus". Sommige geboue soos dié in Stonestraat se vuilheid en bouvalligheid was in die ergste graad.[80]

"It is stated that the rooms swarm with vermin. Overcrowding is a marked feature of these premises, one room occupied by father, mother and six children."[81]

Die gesondheidsinspekteur was egter van mening dat sy informant ietwat oordryf het!

---

79. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.2.
80. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.2; G. Manuel: <u>District Six</u>, p.3.
81. 3/CT Volume. 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.2.

Voorts is daar oor 'n vuil stal en onsindelike winkels in die omgewing van Rosestraat gerapporteer. Ou en onverkoopte groente het altyd by die winkels rondgelê.[82] Die Stadsraad se vuilisverwyderingsdiens het veral m.b.t. bogemelde toestande onder verdenking gestaan. Die indruk wat gekry word is dat die Stadsraad gerieflikheidshalwe gewoonlik bogemelde haglike sake na die agenda van "die volgende vergadering" verskuif het. Intussen is plegtig beloof dat "iets aan die saak gedoen moet word"; d.w.s. sodra die nodige fondse en die mannekrag beskikbaar was...! Die Stadsraad het darem woord gehou t.o.v. die sloping van bouvallige en gevaarlike geboue!

Na aanleiding van bogemelde uiteensetting was die siektetoestande onder Kaapstad se gekleurde armes akuut gedurende 1910 en 1933. Hoewel heelwat, veral deur die breë publiek en sekere instansies, in die stryd gewerp is om die krisis die hoof te bied, is die haglike sosio-ekonomiese situasie van bogemelde gemeenskap nooit opgelos nie. Slegs met gelykberegtiging sou die probleem sinvol aangepak kon word.

---

82. 3/CT Volume 1/4/7/1/1/7 The Health and Building Regulations Committee of the Corporation of the City of Cape Town, p.2.

## HOOFSTUK 5

## ONDERWYS EN ARMOEDE

Enige gemeenskap, van die primitiefste tot die beskaafdste, het deur die eeu heen sy besondere unieke instellings of inrigtings gehad waar die jeug opgelei en opgevoed is.[1] Onderwys aan en toerusting van die jeug was en is van die allergrootste belang want die jeug was, en is, die gemeenskap of volk in wording en van die toekoms.[2]

Onderwys, ook in die moderne sin van die woord, is een van die fondamentstene waarop 'n geordende en beskaafde gemeenskap behoort te rus en voort te bou. Die onderwys lewer die "masjinerie" en die agente en hulle weer die "produkte", d.w.s. die manne en vroue wat op hul beurt na die gemeenskap terugkeer en laasgenoemde op allerlei gebiede moet bedien. Hulle is uit die gemeenskap, van die gemeenskap en vir die gemeenskap. Die gemeenskap het in hulle belê en tot hul vorming bygedra en hoë verwagtinge word van hulle gekoester.[3] Diegene wat oor

---

1. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 139-143, R.G. Macmillan, P.D. Hey, J.W. Macquarrie (Eds.): Education and our expanding horizons, pp. 88-90, 90-94. C. Fensham: Die Veelkleurige kleed: Agtergrondsketse oor die ou Nabye Ooste en die Bybel, p. 33.
2. A.P.O., 6 December 1919, p. 4; R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People. 1880-1970 Parts 1 and II, p. 657.
3. A.P.O., 23 December 1921, p. 9; Educatio Eerstekwartaaluitgawe 1987 Vol XI nr. 1, p. 23; R.E. Van der Ross(Ed.): Say it out loud, p. 78.

die gemeenskap of gemeenskappe heers moet dus alle middele aanwend sodat kwaliteitsprodukte gelewer kan word. Indien hulle dit nie doen nie, is die aanklag teen hulle verdoemend.[4] Hulle staan dan nie net veroordeel in die oë van hul eie gemeenskap nie, maar ook in dié van die ganse mensegemeenskap.[5] Hulle sal egter per slot van rekening, verantwoording vir hul pligsversuim moet doen.

Die onderwys is ook 'n betroubare barometer van 'n samelewing se beskawingspeil. As die internasionale gemeenskap sy aandag pertinent gevestig het op die onderwys van al die inwoners van Suid-Afrika, sou hy, veral wat die gekleurde gemeenskap betref, 'n gebrekkige opvoedingstelsel aangetref het.[6]

Dit is ironies en ook ondenkbaar dat dit die geval moet wees.

---

4. A.P.O., 23 December 1921, p. 9; A.P.O., 14 February 1920, p. 4.
5. F. Wilson and M. Ramphele: Uprooting Poverty, the South African Challenge, pp. 340-342; 148-149.
6. A.P.O., 10 October 1919, p. 4; Die Burger, 12 April 1990, p. 5; E.G. Malherbe: Education in South Africa,Vol. 2 Preface pp. VIII-IX; B. Nasson and J. Samuel (Eds.): Education: From Poverty to Liberty. Report for the Second Carnegie. Inquiry into Poverty and Development in South Africa, pp. 1-2,5.

Hierdie land besit die erfenis van die begaafdste klassieke volkere en by uitstek die Grieke en die Romeine.[7] Daarby het hy die geestelike erfgoedere van die sg. Westerse beskawing ontvang. Bo-alles is hy draer van die Joods-Christelike beskawing en bely hy konstitusioneel en op regeringsvlak die Christelike geloof.[8] Die oorgrote meerderheid van die landsburgers is Christene, maar ook van hulle wat dit nie is nie maak aanspraak op die Monoteisme, die geloof in Een Ware God, te wete die Jode en die Moslems. Laasgenoemde se klassieke erfenis moet ook nie uit die oog verloor word nie want in 'n stadium toe die sg. Westerse kultuur in groot gevaar van verwoesting verkeer het, het die Islamitiese kultuur dit vir hom gehelp behou en bewaar;[9] meer nog dit het dit ook deursuur. Suid-Afrika is bevoorreg om ook van die afstammelinge van daardie merkwaardige kultuur in sy midde te hê![10] Voorts is hulle deur die Voorsienigheid binne die arm gekleurde gemeenskap, spesifiek in Kaapstad, geplaas.

Van die belangrikste vraagstukke m.b.t die Onderwys waarmee die

---

7. Plato: The Republic (Translated into English by J.L. Davies.)
8. Kerk en Samelewing. 1986, pp. 50-56; J.C. Adonis: Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou, p. 137; J. Kinghorn: Die N.G.-Kerk en Apartheid, pp. 48-49.
9. T. Van Wyk and S.B. Spies (Eds.): Western Europe, from the Decline of Rome to the Reformation, pp. 44-46; P. Bamm: Vroeë Bakens van die Christendom, pp. 173-174; J.M. Roberts: The Hutchinson History of the World, pp. 341-345; 374-381; I. Shapiro (Ed.): The Universal History of the World Vol 5, pp. 382-384.
10. UG 54-1937 Report of Commission of Inquiry regarding Cape Coloured Population, p. 8; Cape Times, 18 June 1925, p. 6; F.R. Bradlow and M. Cairns: Early Cape Muslims, pp.9-17, 86-89; A. Davids: The Mosques of Bo-Kaap, pp. 16-25.

gekleurdes te kampe gehad het, het o.a. met verpligte onderwys, die haglike toestande in die Sendingskole, besoldiging van leerkragte en diskriminerende praktyke te doen gehad. Armoede het dit verder verpes en sy letsels op die gemeenskap gelaat.

Teen 1910 toe die groot konstitusionele mylpaal van Uniewording bereik is,11) het die wit kinders onderwys van hoë kwaliteit ontvang.12) Verpligte onderwys, een van die fondamentstene m.b.t. die onderwys in 'n moderne samelewing wat nie vir gekleurde kinders beskore was nie, was toe alreeds stewig gevestig.13) Hierdie toedrag van sake is deur die gekleurde gemeenskap en veral hul leiers heftig gekritiseer. Dié mense wou onderwys en geleerdheid vir hul kinders hê!14) Dis 'n mite dat gekleurdes kwansuis onverskillig teenoor die onderwys van hul

---

11. Cape Times - Commemoration Number, 31 May 1910, p. 5; A.P.O., 16 July 1910, p. 1; F.A. Van Jaarsveld: From Van Riebeeck to Vorster 1652-1974, pp. 228-231.
12. Educatio First Quarter Edition Volume XI no. 1, p. 18; H.J. Harmse, M.E. Du Toit, M.M. Broeksma (Reds.): Opvoeding vir die Lewe, pp. 3-4; E.L. Maurice: The development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 195.
13. D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, p. 83; H.J. Harmse, M. E. Du Toit, M.M. Broeksma (Reds.): Opvoeding vir die Lewe, pp. 3-4; C.C.P. 7/1 Vol. 4/5/8 Report of the S.G.E. 1910, p. 5.
14. A.P.O., 16 Julie 1910; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 69; B. Nasson and J. Samuel (Eds.): Education: From Poverty to Liberty. Report for the Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa, p. 180.

kinders gestaan het. Die mense was arm maar dit moes nie in hul kinders se pad staan om onderwys te bekom nie.[15] Die ouers was bereid om daarvoor op te offer.

Waarom was die gekleurde gemeenskap so begaan oor verpligte onderwys? Hulle het geglo dat 'n groot onreg teenoor hulle gepleeg is. Omdat hulle arm aan stoflike besittings was, was hul kinders vir hulle dierbaar en kosbaar en derhalwe hul "rykdom". Vir hulle het die gevleuelde gesegde gegeld: "al vat hulle alles van jou af; jou geleerdheid kan hulle nie afvat nie". Verpligte onderwys het daardie geleerdheid gewaarborg.

Die owerheid het, uit die staanspoor, 'n paternalistiese houding m.b.t. verpligte onderwys van gekleurdes aangeneem.[16] Die tyd daarvoor was glo nie"ryp" nie, ouers sou finansieel swaar gekry het en moontlik sou die owerheid dit nie "oor die hart kon kry"

---

15. Minutes of the Meeting of the Women's Mite and Missionary Society A.M.E.-Church Bethel-congregation, 23 August 1921, p. 71; C.J. Kriel: Die Geskiedenis van die Ned. Geref-Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1956, p. 182; E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 179.
16. K.P.I.-27 Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys 1925-1926, p. 5-6.

indien gekleurde ouers t.o.v. versuim om hul kinders skool toe te stuur met die gereg sou bots en moontlik in die gevangenis sou kon beland.

Die African Political Organization het op sy jaarlikse kongres van 1913 heftig teen die ongelyke behandeling van die gekleurde kind en veral t.o.v. leerplig te velde getrek.[17)] ´n Voorstel is aanvaar dat leerplig landswyd ingestel moet word. Hierdie besluit is ook geneem om o.a. die volgende rede: "in view of the large number of coloured children not attending school and to counteract the consequent spread of hooliganism".[18)] Laasgenoemde oproepe het op dowe ore geval. Die A.P.O. se reaksie was dat: "the School Boards are neglecting one of their most important functions - the country will pay in future for this neglect".[19)] Die was ´n profetiese uitspraak! Die pers het dié sentimente weergalm: ´Free Compulsory Education is the Coloured people´s birthright".[20)] Die mense is ook aangespoor om in bogemelde verband te verenig en nie net op hul leiers te wag nie.

Vir die gekleurdes was die verpligte onderwyskwessie ´n groot turksvy. Dit het by hulle ´n obsessie geword dat hul kinders verpligte onderwys moet ontvang.[21)] Hulle het tereg geglo dat die onderwys, onder andere, as hefboom sou dien om hul kinders

---

17. A.P.O., 6 December 1913, p. 7.
18. A.P.O., 6 December 1913, p. 7.
19. A.P.O., 26 Augustus 1911, p. 6.
20. Cape Sun, 5 May 1932, p. 4.
21. A.P.O., 25 October 1913, p. 7; A.P.O., 6 August 1911, p. 6; Cape Sun, 8 December 1933, p. 6.

uit die armoedemoeras waarin hulle vir geslagte lank vasgevang was te lig. Wat vir hulle nie beskore was nie wou hulle aan hul kinders laat toekom. Verpligte onderwys moes, wat hulle betref het, desnoods in hul formele onderwys ingebou word.

Die Kommissie wat aangestel was om die aangeleentheid te ondersoek was verras deur die respondente se reaksie op hul vrae.[22] Die oorgrote meerderheid respondente wou leerplig ingestel sien. Hulle het dit in geen onduidelike terme nie aan die onderwysowerhede uitgespel. Laasgenoemde was egter van mening dat leerplig moontlik net in die stede toegepas kan word. Vir die platteland was dit glo nie werkbaar nie! Die Kommissie was van mening dat op die platteland 'n ander soort skool as die in stedelike gebiede ingestel moes word.[23]

Bogemelde houding het die gekleurdes net meer vasberade gemaak om vir ordentlike onderwys vir hul kinders te veg. Teen 1925 het feitlik die hele gekleurde stadsgemeenskap standpunt t.o.v. verpligte onderwys ingeneem.[24] Hulle was arm maar verpligte onderwys wou hulle opsluit hê. Die teendeel was vir hulle die ergste vorm van veronregting. Die wit kind was in alle opsigte bevoordeel wat die onderwys betref.

---

22. K.P.I.-27 Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys 1925-1926, pp. 1-11.
23. K.P.I.-27 Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys 1925-1926, p 6.
24. K.P.I.-27 Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys 1925-1926, p. 6.

In daardie stadium het die gekleurdes en hul leiers besef dat 'n opdraande stryd voorgelê het. Hulle was egter bereid om die strydbyl op te neem en alles in die stryd te werp om behoorlike onderwys vir hul kinders te kry.[25] Dit was vir hulle 'n uitdaging. Hul teiken was dit wat die wit kind alreeds in beginsel besit het, naamlik volwaardige en nuttige burgerskap: "They are cushioned from the crèche and nursery school stage all the way op to the highest level of academic achievement and research".[26] Die enigste troos en belofte wat die gekleurde kinders gehad het was dat verpligte onderwys vir hulle ingestel sou word "indien die nodige geriewe beskikbaar was".[27] Dis 'n historiese feit dat laasgenoemde 'n pypdroom was.

Teen 1933 was leerplig vir gekleurdes nog nie ingestel nie. Die tyd was, volgens die onderwysowerhede, nog steeds "nie ryp" nie. Daar was in daardie stadium ongeveer 1000 gekleurde kinders binne die munisipale grense van Kaapstad wat nie onderwys ontvang het nie.[28] Daarvoor was daar goeie redes benewens die gebrek aan leerplig. 'n Groot deel van daardie getal het geen formele onderwys ontvang nie omdat hulle verplig was om kinderarbeid te gaan verrig.

---

25. C.C.P. 7/1 Vol. 4/5/8 Report of the S.G.E. 1910, p. 10; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June-28 June 1933, p.30.
26. <u>Cape Times</u>, 6 April 1910, p. 6; Al.J. Venter: <u>Coloured: A profile of two million South Africans</u>, p. 309.
27. H.J. Harmse, M.E. Du Toit, M.M. Broeksma (Reds.): <u>Opvoeding vir die Lewe</u>, p. 3.
28. <u>Cape Times</u>, 2 November 1933, p. 16.

Tydens die 1933-jaarkongres van die Teacher's League of South Africa is die probleem van verpligte onderwys vir gekleurde kinders pertinent aangespreek. Ook armoede in daardie verband was op die agenda. 'n Mosie is ingedien dat verpligte onderwys vir gekleurde kinders ingestel moet word. Die kongres het dit eenparig aanvaar.[29] Armoede sou nie in die weg daarvan staan nie.

'n Gemeenskap se attribute én sy gebreke word onder andere deur die onderwys weerspieël. In die skool "verteenwoordig" die kind sy huisgesin en sy gemeenskap. Al die behoeftes word onverbloemd geopenbaar. Die gekleurde kind was 'n sprekende voorbeeld.[30] Die skool, op sy beurt, is die beeld van sy kinders en die gemeenskap na die buitewêreld. In die geval van die gekleurdes van Kaapstad, veral, was dit glad nie 'n opbeurende en positiewe beeld nie. Benewens die betrokkenes se armoede, het die onderwysowerhede bitter min gedoen om die toestand te verlig.[31]

Hoe het die gekleurdes se skole gelyk waar die kinders formeel onderwys ontvang het? Wat en deur wie is hulle kinders onderrig? Watter fisiese toerusting was beskikbaar?

---

29. A.P.O., 23 Junie 1933, p. 1.
30. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 152-177; B. Nasson and J. Samuel (Eds.): Education: From Poverty and Liberty, Report for the Second Inquiry into Poverty and Development in South Africa, pp. 1-2.
31. M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Muslim Mission Primary School in Cape Town and environs 1860-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Muslim-orientated schools, pp. 320-322; E.L. Maurice: The Development of policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 202.

Onderwys aan gekleurde kinders het sy beslag in die nie-formele sending- of kerkskool gekry.[32] Van die vroegste tye af, d.w.s. toe die owerheid besluit het om skoolkinders op grond van ras en kleur te skei, was gekleurde kinders op die sendingskool aangewese. Hierdie soort skool is uit die staanspoor deur armoede gekenmerk.

Teen 1910 was die Sendingskool landswyd 'n vaste instelling. Die kerkgenootskappe waaronder die sendingskole grotendeels geressorteer het, was onder andere, die Ned. Geref.- Sendingkerk, die Rynse-, die Anglikaanse-, die Morawiese-, die African Methodist Episcopal-, die Metodiste-, en die Rooms-Katolieke Kerk.[33] In hierdie skole het die leerlinge godsdienstige sowel as sekulêre onderrig ontvang.

Die owerheid se skynbare onwilligheid en traagheid om skoolgeboue vir gekleurdes op te rig het die betrokke kerkgenootskappe genoop

---

32. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking p. 139-140; C. J. Kriel: Geskiedenis van die Ned. Geref. Sendingkerk 1880-1956, p. 176; R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970. Parts I and II, p. 658.
33. K.A. S.G.E. 1/25 Letters received from Missionaries 1\4 Rev. J. Bennie - S.G.E. 23 February 1855; K.A. S.G.E. 1\25 Letters received from Missionaries 1\78; Rev. P. Teske - S.G.E. 13 September 1884; Minutes of the Meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E.-Church, Bethel-congregation, 2 August 1921, p. 69; Minutes of the Vestry Meeting, St. Mark's Church Cape Town, 9 March 1917. (n.p.)

om self die fisiese behoeftes aan te spreek.[34] Op enkele uitsonderings na is die kerkgeboue gebruik om in dié behoefte te voorsien. In die kerkgebou is dikwels van afskortings gebruik gemaak om die verskeie standerds te akkommodeer. Die onderwysowerhede het die kerkgenootskappe in sulke gevalle vir die gebruik van die geboue vergoed.[35] Die gebruik van die kerkgebou vir eredienste en skool het in 'n mate 'n saambindende- en samehorigheidsgevoel onder die gemeenskap bewerkstellig.[36]

Die plaaslike leraar het as "bestuurder" in beheer van die skool gestaan. As sodanig was hy die skakelpersoon tussen die onderwysowerhede, die skoolpersoneel en die kinders. Dit was 'n hegte, geslote kring wat enersyds skadelik kon inwerk indien die "bestuurder" tiranniek van aard was. Andersyds was dit ook heilsaam indien die "bestuurder" sy taak as herder en opsiener prakties, positief en, soos dit hom as Godsgesant betaam het, uitgevoer het. Oor die algemeen was die "bestuurder" self nie welgesteld nie. Baie van hulle, met die uitsondering van

---

34. C.C.P. 7/1 Volume 1/1/11 Rapport: Waarnemende S.G.O. vir jaar eindigende 30 September 1915, p. 3; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June-28 June 1933, p. 28.
35. A.P.O., 2 October 1920, p. 7; UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 164.
36. Minutes of the meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E.-Church Bethel-congregation, 24 April 1923, p. 149; R.R. Langham-Carter: The Church on Clifton-Hill: A history of St. Mark's: District Six, pp. 12-17.

byvoorbeeld die Anglikaanse of Ned. Geref.-sendingkerkleraars, het nie juis 'n vaste traktement of stipendium ontvang nie, en was van die periodieke "kerkgeld" van hul gemeentes, baie karig en ongereeld, afhanklik.

Bogemelde stelsel het egter stremmend op die gekleurdes se onderwys ingewerk want dié mense het nie in die hoofstroom van formele gespesialiseerde en kwaliteitsonderwys en in die finansiële bevoorregting wat vir die wit skoolkinders beskore was, gedeel nie.

Die sendingskole was uit die aard van die saak ook nie goed toegerus nie. Leermiddele was gebrekkig en daar was 'n algemene gebrek aan die nodige ameublement.[37] Voorts was daar te veel kinders in die onderskeie standerds en die bestaande lokale. Daar is onomwonde in daardie verband verklaar: "they were overcrowded, inadequately staffed, ill-equipped, poorly housed and scholastically ineffective".[38] Die toelaes wat die kerkskole ontvang het, was ook gering en heeltemal as ontoereikend[39] bestempel.

---

37. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1065 Dr. Abdurahman - School Board 24 October 1912, S.G.E. 1/125 Vol. 3/402 Inspeksieverslag Trafalgar skool 6 Maart 1915. S.G.E. Vol. 2/376 Inspeksieverslag: St. Paul's kerkskool 15 February 1915.
38. E.L. Maurice: <u>The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1949</u>, p. 169.
39. C.C.P. 7/2 Vol. 1/1/11 Rapport: Waarnemende S.G.O. vir jaar eindigende 30 September 1910, p. 3; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June-28 June 1933, pp.27-28.

Vir die gekleurdes was dit onmoontlik om sulke skole te onderhou. Ten spyte van hul haglike ekonomiese toestande was hulle egter bereid om vir hul kinders se onderwys op te offer.[40)]

Die toenmalige Administrateur van Kaapland, sir Frederick de Waal, het by geleentheid erken dat die staat tot in daardie stadium weinig vir gekleurde skoolkinders gedoen het.[41)] Sy mening was dat daar eers na die wit skoolkinders se behoeftes omgesien moes word.[42)] Nie-kerkskole vir gekleurdes sou volgens de Waal, 'n te duur onderneming wees. Met die kerkskole moes voortgegaan word en dit moes uitgebou word.

Die destydse Superintendent-generaal van Onderwys, dr. T. Muir, wat segregasie tussen wit- en gekleurde skoolkinders ingestel het, het erken dat hulp aan die skole vir gekleurdes beperk was. Nietemin het hy sy waardering vir die Kerk se bydrae tot gekleurde onderwys uitgespreek: "carried on in the face of considerable financial difficulty".[43)]

---

40. Minutes of the meeting of the Home and Foreign Mission Society of the A.M.E.-church, Bethel-congregation 16 January 1926, p. 213; E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 179.
41. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of the Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 202.
42. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of the Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 202.
43. C.C.P. 7/1 Vol. 4/5/8 Report of the S.G.E. 1910, p. 3; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June-28 June 1933, p. 27.

Segregasie in skole het teen 1911 reeds groot veld gewen. Selfs die Hooggeregshof het op grond van die 1905 School Board Act (wat skeiding tussen wit en nie-wit kinders op skool ingebou gehad het) beslis dat 'n sekere Carl Moller van Keimoes wat met 'n gekleurde vrou getroud was se kinders nié die nie-kerkskool mag bywoon nie.[44)]

Die eerste jaar van die Eerste Wêreldoorlog (1914) het veral die gekleurde skole swaar getref. Die "tightness of the money market" en "the increased cost of living which naturally affected more adversely the generally lower living standards of the non-European people",[45)] het die armoedetoestand onderstreep.

Die Kaapstadse kerkskole was in die hagliksté gebiede geleë. Enige besoeker is ten aanskoue daarvan met weersin vervul. 'n Besoekende joernalis, byvoorbeeld, "expressed his repugnance for the conditions in which the poor of Cape Town lived".[46)] Die onderwysowerhede was daarvan bewus want die inspekteurs "van skole" (soos hulle destyds genoem is) het dit in hul verslae gerapporteer. Daar is egter niks aan gedoen nie. "In the city of seething poor, appalling sanitary conditions visited by frequent con-

---

44. A.P.O., 26 August 1911, p.5; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp.16-17.
45. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of the Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 211.
46. M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Muslim Primary School in Cape Town and environs 1860-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Muslim -orientated schools, p. 135.

tagion the working class was generally people of colour".[47]
Hierdie sindroom is in die klaskamers oorgeplaas. Derhalwe het die skoolkinders nie die gewenste vordering gemaak nie. Die gemeenskapsleiers het egter die uitdaging aanvaar en op so 'n wyse hul mense se lief en leed gedeel en vir hulle in die bresse getree [48].

Gebrekkige sekondêre- en tersiêre onderwys vir gekleurdes was voortdurend 'n probleem. Van diegene wat st.5 of 6 geslaag het, het teen 'n geringe loon as sogenaamde kwekeling ofte wel hulpleerkrag diens gaan doen. Later sou diegene teen 'n ewe geringe besoldiging as "opgeleide" leerkrag na 'n sendingskool "promoveer".[49] Die aspirantleerkrag kon dit nie bekostig om verder te gaan studeer om hom of haar behoorlik te bekwaam nie.

Ten spyte van die knellende finansiële omstandighede het die sendingskole gepoog om die beste in die kind na vore te bring.[50] Die onderwysleiers het hul mense gemaan om hulle nie aan die wanhoop oor te gee nie.

---

47. M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Muslim Mission School in Cape Town and environs 1860-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the Modernization of Muslim orientated schools. p. 135.
48. A.P.O., 14 February 1920, p. 4; R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970 Part I and II, p. 670.
49. G. Manuel: Kampvegters, p. 1.
50. Minutes of the meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E.-church, Bethel-congregation, 23 August 1921, p. 71; A.P.O., 17 January 1920, p. 6.

Aan kultuurbedrywighede, veral in Kaapstad, het dit nie ontbreek nie. Die kinders se natuurlike akteurs- en sangtalente is ten volle benut. Die A.M.E.-kerkskool in Distrik Ses, het jaarliks 'n "Education Day" gehou. Dan is daar lesings gehou en debatte gevoer. Referate soos "Practical Education" het die leerkragte geïnspireer om hul beste aan die armgeteisterde kinders te gee. Gewoonlik is sulke verrigtinge met dringende oproepe om "onderwys vir ons kinders!"[51] en "eenheid onder die gekleurdes" afgesluit. En nooit is nagelaat om vir die "Education Fund" van die Kerk bydraes te vra nie. Dit was 'n belangrike instelling want dit moes die toelaes van owerheidsweë vir behoeftige leerlinge aanvul. Hierdie soort bedrywighede was kenmerkend van feitlik al die Kaapstadse sendingskole.

Teen 1922 is 'n toegewing aan sendingskole gemaak, naamlik 'n korting van 50% op alle uitgawes t.o.v. skoolboeke en skooltoerusting tot standerd Vier. Dit was ietwat van 'n verligting vir die arm ouers.[52]

Wesenlike probleme het die skole in die oë gestaar. Die swak skoollokale was gebrekkig geventileer en swak belig.[53] Dit het

---

51. Minutes of the meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E.-church-Bethel-congregation, Cape Town 23 August 1914, p. 72.
52. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of the Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 218.
53. C.C.P. Vol. 4/5/8 Report of the S.G.E. 1910, p. 15; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June-28 June 1933, pp. 25-26.

die kinders se gesondheid en leervermoëns nadelig beïnvloed. Voorts was die skole, wat leerkragte betref, onderbeman. Die meerderheid leerkragte was ongekwalifiseerd of net eenvoudig onbevoeg.[54] Verder was daar lang waglyste vir leerlinge omdat daar nie voldoende huisvesting vir gekleurde kinders van skoolgaande ouderdom was nie. Dié situasie was onhoudbaar: teen 1925 was die skoolgaande korps onder gekleurde kinders tussen 6 en 15 jaar ongeveer 40%. Selfs die Superintendent-generaal van Onderwys het dit as sorgwekkend beskou. Kinders is ook van die skool weggehou deurdat hulle peuselwerkies, meestal vir witmense, moes doen om die gesin se inkomste aan te vul. Sommige moes ook as kinderoppassers optree terwyl die moeders moes gaan werk om huis en haard aan die gang te hou.[55]

Nogtans het ouers gehelp om geld te kollekteer en funksies soos konserte en basaars te hou om fondse te styf om klaskamers vir hul kinders aan te bou. Selfs 'n traumatiese en verlammende gebeurtenis soos die Depressie (1930-1933) kon hul geesdrif nie demp nie.[56]

'n Ander probleem waarmee die sendingskole te kampe gehad het was die oproeriges en misdadigers in hul midde. Eerw. R. Lemmertz,

---

54. C.C.P. Vol. 4/5/8 Report of the S.G.E. 1910, p. 4.
55. E.L. Maurice: <u>The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940</u>, p. 222.
56. E.L. Maurice: <u>The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940</u>, p. 223; <u>De Kerkbode</u>, 24 Desember 1930, p. 1221.

die bestuurder van die Morawiese kerkskool, byvoorbeeld, het oor die boewery in die omgewing en die "demoralizing influence of the hooligans in the neighbourhood upon our school children" gekla.[57] Dit het die molestering van die dogters en daggarokery ingesluit. Die polisie se hulp het ook nie die gewenste resultate opgelewer nie. Hulle was nie gretig om in die agterbuurtes op te tree nie.[58] Hierdie tendens was 'n openbaringssimptoom van die swak omstandighede waaronder die mense geleef het. Tragies genoeg was die sendingskool, derderangs soos hy was, boonop die slagoffer en teiken van die boewe-element.[59]

Terwyl die arm minderwaardige sendingskole teen 'n slakkepas gefunksioneer het en hulle om meer en beter klaskamerakkommodasie gesmeek het, is 'staatskole vir witkinders teen 'n vinnige tempo opgerig".[60] Dié skole het natuurlik al vir 'n geruime tyd bestaan maar skoolbouprogramme was op die platteland en die stad

---

57. S.G.E. 1/25 Vol. 1381 Rev. R. Lemmerz - S.G.E. 18 February 1915.
58. S.G.E. 1/25 Vol. 1381 Rev. R. Lemmertz - S.G.E. 18 February 1915.
59. S.G.E. 1/25 Vol. 2/376 Inspection Report: Aspeling Street (Moslem School) 19 January 1914; D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, p. 83; M. Ajam: The 'Raison Detre' of the Muslim Mission School in Cape Town and environs 1860-1980 with special reference to the role of Dr. A. Abdurahman in the modernization of Muslim-orientated schools, p. 699.
60. H.J. Harmse, M.E. Du Toit, M.M. Broeksma, (Reds.): Opvoeding vir die Lewe, p. 4; R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970 Parts I and II, p. 671.

goed op dreef. Provinsiale beheer oor die onderwys het toestande vir die gekleurde skoolkinders nie verbeter nie. Diskriminasie op bykans elke gebied het in Kaapland hoogty gevier. Die provinsies het van hul prerogatief gebruik gemaak en dit maksimaal benut. Provinsiale Onderwysbestuur het vir die wit skoolkind goed gesorg maar die belange van die gekleurde skoolkind het agterweë gebly.

Die Kaaplandse Provinsiale Administrasie het byvoorbeeld die voortou in daardie verband geneem. Die ekonomies-bevoorregte wit ouers het geesdriftig saamgewerk. Die ander provinsies het nie agterweë gebly nie.

Die gekleurde leerkragte wat formele onderwys moes gee het 'n groot rol in die opheffing van die gemeenskap gespeel. Hul swak besoldiging was egter van meet af aan vir hulle 'n probleem. Aanvanklik het die gekleurde onderwyspersoneel geen vaste salaris ontvang nie. Die arm gemeenskap moes self daartoe bydra. Skoolbestuurders, wat hul leerkragte goedgesind was, het 'n verbete stryd gevoer om die owerhede te probeer oortuig om 'n ordentlike "toelaag" aan die betrokke leerkragte toe te staan.[61] Herhaalde vertoë is aan die Onderwysdepartement gerig om leerkragte se "salarisse" te verhoog, want dit was onvoldoende om hul gesinne te onderhou.[62]

---

61. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1972 Rev. F. Gow - S.G.E. 18 February 1911; S.G.E. 1/25 Vol. 1/1255 Dr. A. Abdurahman - S.G.E. 17 August 1914; S.G.E. 1/25 Vol. 1/1472 S.G.E. - Education Department 27 October 1916.
62. A.P.O., 29 July 1911, p. 5.

By geleentheid het die A.P.O.-koerant op die dalende status van die gekleurde leerkrag gewys. Die beminde titel "skoolmeester" het nie meer gesag en respek afgedwing nie.[63] Dit was die gevolg van die owerheid se houding teenoor gekleurde onderwysers:

"The pay of our mission school teacher is indeed a disgrace and it is difficult indeed to see how a civilized government can tolerate such a state of affairs in its schools"[64] ´n Tipiese voorbeeld van bogemelde was: "wanted, teacher, male, for D.R.C. Mission School, salary 45 pounds. Apply to the Rev. J.H.B."[65]

Voorts is daar verwys na ´n leerkrag met uitstekende professionele universiteitskwalifikasies wat vyf Britse ponde (ongeveer R10) per maand verdien het. ´n Leerkrag by ´n gewone wit stadskool het toe tussen 75 Britse ponde (ongeveer R150) en 500 Britse ponde (ongeveer R1000) per jaar verdien. Die skoolhoof van ´n kerkskool kon hom gelukkig ag indien hy 100 Britse ponde (ongeveer R200) per jaar verdien het.[66]

In baie gevalle het gekleurde leerkragte dieselfde kwalifikasies as hul wit eweknieë gehad, maar dit het nie in hul guns getel

---

63. A.P.O., 29 July 1911, p. 1; P.N. Pillay: The Development and underdevelopment of Education in South Africa (B. Nasson and J. Samuel (Eds.): Education: From Poverty to Liberty. Report for the Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa, p. 46.
64. A.P.O., 29 July 1911, p. 1.
65. A.P.O., 29 July 1911, p. 1.
66. A.P.O., 29 July 1911, p. 5.

nie. Vir die gekleurde leerkrag was dit moeilik om 'n normale, ordentlike bestaan te kon voer, want hy was self uit 'n arm gemeenskap afkomstig; 'n gemeenskap wat ekonomies te swak was om sy onderwystoestande self te verbeter. Die haglike toestand is deur die volgende uitspraak beklemtoon: "Furthermore, when the parent of a European child was unable to pay school fees he was exempted, but in the case of the coloured parent, he must pay the school fees or take his child out of school".[67] Die regering het aan die wit kind bystand verleen om 'n goeie opvoeding te bekom; "so far nothing was being done to improve the present education of the Coloured child",[68] aldus die A.P.O.

'n Ander ernstige probleem wat die gekleurde onderwys die hoof moes bied was die praktyk van wit werkgewers wat wyn as vergoeding aan gekleurde kinders van skoolgaande ouderdom gegee het.[69] Voorts moes gekleurde kinders gereeld seisoenwerk op plase verrig. Die plaasskoolbestuurders en boere het onderling gereël (met die owerheid se medewete) dat die skooldae so ingeruim word dat dit kon geskied.[70] Maar voortdurend het slagspreuke soos: "Wij willen toch ook gelijke rechtvaardige rechten hebben in ons eigen land"[71] van vroeg reeds weergalm. Dit het ook op die onderwys van die gekleurde kind betrekking gehad.

---

67. A.P.O., 22 February 1913, p. 6.
68. A.P.O., 22 February 1913, p. 6.
69. A.P.O., 16 July 1910, p. 11.
70. K.P. 1-27 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. Kleurlingonderwys. 1925-1926, p. 10.
71. A.P.O., 16 Julie 1910, p. 11.

In 1920 het die staat volle verantwoordelikheid vir vrye onderwys in primêre skole en die salarisse vir gekleurde leerkragte vir sy rekening geneem.[72] Meer en meer stemme het opgegaan dat die Departement van Onderwys gekleurde onderwys as geheel moet oorneem.[73] Vroeg in die dertigerjare het die gekleurde skoolbevolking in Kaapland reeds sowat 100 000 getel waarvan die oorgrote meerderheid in sendingskole was.[74]

Die skoolleerplanne vir gekleurde skoolkinders was deurentyd ingerig om aan die gemeenskap se vermoëns en vooruitsigte te voldoen. Lees, skryf en rekene is as basiese vakke aangebied. Oor die algemeen was dit die grondslag van hul formele onderwys. Daar is egter ook praktiese onderrig in tuinbou en huishulpkunde gegee; want die gekleurdes moes allereers as arbeiders opgelei word om die wit mense en hul belange te dien.[75]

Die bestaande stelsel het duidelik uitgekristalliseer: enkele gekleurdes het op 'n bepaalde tydstip die tersiêre onderwysvlak

---

72. C.J. Kriel (Opsteller): Die Eerste Eeu Geskiedenis van die Ned.Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika 5 Oktober 1881-5 Oktober 1981, p. 99.
73. C.J. Kriel (Opsteller): Die Eerste Eeu Geskiedenis van die Ned. Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika 5 Oktober 1881-1981, p. 183; UG 54-'37 Report of the Commission regarding the Cape Coloured Population of the Union of South Africa, p. 167.
74. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 151.
75. K.P. 1-27 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Kleurlingonderwys 1925-1926, p. 10; H. Hellman (Ed.): Handbook on Race Relations in South Africa, p. 350; Education. First Quarter Edition 1987, Vol. XI, no. 1, pp. 17-19.

bereik; as behoorlik toegeruste leerkragte het hulle weer sekondêre onderrig gegee.[76] Tegniese en professionele opleiding soos in die Regte en in die Medisyne, was toe heeltemal buite die gekleurde kind se bereik.[77]

Vanaf 1920 is formele primêre onderwys in sendingskole ingevoer.[78] Dit was 'n belangrike stap vorentoe en die mense het dit goed benut. Gedurende die dertigerjare het gekleurde seuns wat hulle vir vakleerlingskap in die boubedryf beywer het, gesorg dat hulle 'n standerd Ses- of Sewe-sertifikaat ontvang.[79] Die leerinhoud was egter gebrekkig. Hulle sou slegs gekwalifiseerde handearbeiders bly.[80] Vir witkinders, daarenteen, was daar die vooruitsigte van administratiewe-, toesighoudende-, beherende- en besturende posisies aangesien hulle leerplanne daarvoor voorsiening gemaak het. Dit sou onbepaald waarborg dat hulle as toekomstige heersers die septer in alle opsigte sou swaai.[81]

---

76. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970 Parts I and II, p. 660.
77. The First National Coloured-European Conference 1933, p. 30.
78. C.J. Kriel: Die Eerste Eeu Geskiedenis van die Ned. Geref. Sendingkerk 5 Oktober 1881-5 Oktober 1981, p. 100.
79. R.E. Van der Ross: A Social and Political History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 661.
80. Cape Times, 6 April 1910, p. 6; Al.J. Venter: Coloured: A Profile of two million South Africans, p. 309-311; F.G. Backman: A Comparative study of the salary and service conditions of the Coloured teacher for the period 1920-1981, p. 98.
81. A.P.O., 14 February 1920, p. 6; Educatio. First Edition 1987. Volume XI No. 1, p. 87.

Teen 1925 is vier beginsels óf deur wetgewing óf deur die howe bepaal, naamlik (i) alle primêre en sekondêre skole moes onder die Provinsiale onderwysbestuur se beheer wees, (ii) skole vir wit- en gekleurde kinders moes apart wees (iii) onderwys sou deur die Sentrale Regering deur subsidies gefinansier word.(iv) subsidies was op rassegrondslag bepaal. Laasgenoemde het geïmpliseer dat onderwys aan gekleurde kinders minderwaardig sou wees. Die ekonomiese toestande het ook 'n groot uitsaksyfer onder gekleurdes veroorsaak. Die volgende statistieke spreek vir hulle self:[82] Teen 1930 was van al die gekleurde kinders op skool nie minder nie as 35,49% in die eerstejaar (Sub-standerd A), 16,73% in die tweede jaar (Sub-standerd B) en 14,99% in die derde jaar (st.1), d.w.s. 'n totaal van 67,21% in die eerste drie standerds van die Primêre skool. Net 2,29% was in die Sekondêre skool (st. 8 destyds) waarvan 0,03% in die finale jaar in die hoërskool uitgekom het.

Gedurende 1926 was daar steeds baie probleme in gekleurde onderwys.[83] Faktore soos beheer en organisasie, opleiding van onderwysers, skoolleerplanne, skoolgeboue, skoolbehoeftes en verpligte skoolbesoek, het onder die loep gekom. Godsdienson-derwys is beklemtoon. Die toelatingvereistes vir gekleurde leerkragte sou ook verhoog word maar dit sou nie onmiddellik toegepas word nie. Moontlik is die ouers se finansiële situasie

---

82. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970 Parts I and II, p. 673.
83. K.P. 1-27 Kommissie van Ondersoek insake Kleurlingonderwys 1925-1926, pp. 1-12.

in aanmerking geneem. Teen 1925 het die staat 'n subsidie van R14 aan die wit kind en ongeveer R7,50 aan die gekleurde kind toegestaan. Tussen 1925 en 1930 het die getal gekleurde skoolkinders van 50 000 tot 74 000 gestyg.84) Die ouers het dus ten spyte van hul gebrekkige omstandighede hul kinders skool toe gestuur.

Derduisende het egter nog steeds geen formele onderwys ontvang nie. In 1927 was daar net 785 gekleurde leerlinge by hoërskole teenoor 13128 wit leerlinge ingeskryf.85) Die staat was nie geneë om voldoende fondse vir gekleurde onderwys beskikbaar te stel nie. Die Kerk en die arm gemeenskap moes self die finansiële las dra. Die geld wat geïn is, is by wyse van die weekliks skoolgelde, kollektelyste en skoolbasaars byeengebring. Die arm gemeenskap het alles in die stryd gewerp om hul kinders se onderwys te verseker.86)

Teen 1930 egter, het daar verligting gekom toe skoolgelde vir kinders onder vyftien jaar afgeskaf is. Losies en vervoerbeurse

---

84. M. Ajam: A Comparative study in the enforcement of Compulsory attendance in a South African and American urban community, p. 33.
85. I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.41.
86. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1065 Rev. A.F. Weich - S.G.E. 19 April 1912; The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the Proceedings 26 June-28 June 1933. p. 27-28; F.G. Backman: A Comparative study of the salary and service conditions of the Coloured teacher for the period 1920-1981, p. 80.

is ook toegestaan. Meer kinders kon skool bywoon.

Die Depressiejare (1930-1933) het groot eise aan die Kaapstadse gekleurde gemeenskap gestel. Industrialisasie en die gevolglike verstedeliking het toegeneem. Die toestroming van witmense na stede soos Kaapstad, was ´n voldonge feit. Dit het ´n nadelige uitwerking m.b.t. werksaangeleenthede vir gekleurdes gehad.[87]) Die onderwys is ook daardeur geraak aangesien baie gekleurdes werkloos was en minder gekleurde kinders op skool gehou kon word. Gedurende daardie traumatiese jare is ook van die standpunt uitgegaan dat "Kleurlingonderwys" nie ´n Hoofinspekteur van Onderwys nodig gehad het nie![88])

Voorts is besluit dat weens ´geldskaarste" die owerheid nie bereid was om die opvoeding van die gekleurde kind te onderneem nie. Die enigste lig in die tonnel was die moontlikheid dat stedelike gebiede iewers in die toekoms addisionele subsidiëring van die staat sou ontvang.[89])

Alhoewel die meeste kinders van Distrik Ses teen 1930 Standerd een bereik het, het getalle drasties tot soveel as 30% gedaal wanneer standerd vyf bereik is. Selfs vir diegene wat die skool

---

87. M. Ajam: A Comparative study in the enforcement of Compulsory attendance in a South African and American Urban Community, p. 35.
88. K.P. 1-27 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Kleurlingonderwys 1925-1926, p. 11.
89. K.P. 1-27 Verslag van die Kommissie van Onderwys insake Kleurlingonderwys 1925-1926, p. 11.

bygewoon het was dit algemene praktyk om afwesig te wees omdat die skoolgaande kinders by ander bedrywighede betrokke was. Sommige was kinderoppassers en ander was 'brandwagte" vir sjebeens. (Hulle moes betyds waarsku indien die polisie in aantog was). Ander weer, het koerante verkoop. Op so 'n manier is die gesinsinkomste aangevul. Kaapstad het in die dertigerjare 'n aansienlike korps stokkiesdraaiers van skoolgaande ouderdom gehad. Baie van laasgenoemdes het vir wit mense gewerk. Hul besoldiging was karig en sommige wit werkgewers het selfs lyfstraf toegedien.[90] Van 1930 af het kinderbendes ook ontstaan en o.a. die Parade hul tuiste gemaak.

Heelwat buitengewone knelpunte het m.b.t. die formele onderwys van gekleurdes oor die algemeen voorgekom. Dit het die armoedefaktor sterk na vore gebring. Van die gekleurde skole moes byvoorbeeld self die omheining van skooleiendom en speelplek vir hul kinders voorsien. Die fondse vir sulke behoeftes het egter ontbreek. Nogtans het die onderwysowerhede daarop aangedring dat die sendingskole self daaraan aandag moes gee.[91]

---

90. A.P.O., 29 July 1911, p. 5.
91. S.G.E. 1/25 Vol. 1/972 S.G.E. - General Correspondence Branch, 15 February 1911.

Die Opleidingskool Zonnebloem in Distrik Ses[92] se bestuur het ook gekla dat die toelaes wat aan dié inrigting toegestaan is heeltemal ontoereikend was. Die onderwysowerhede het nie juis van dié soort klagtes gehou nie.[93] In sulke gevalle het kleurvooroordeel gebotvier.[94]-

"In many cases the children are almost white and yet are not considered as desirable in Coloured schools...and on the other hand the white children attending a school with Malays and other definitely coloured children".[95]

Somtyds is daar na die donkervellige kinders as "Eurafrican" verwys. Vir 'n tyd lank is hulle saam met die wit kinders verduur maar die owerhede het daarop gestaan dat dié kinders so gou as moontlik van die wittes geskei moes word.

Die St. Michael's Rooms-Katolieke skool het 'n soortgelyke

---

92. Cape Sun, 24 November 1933, p. 1.
93. S.G.E. 1/25 Vol. 1/972 S.G.E. - General Correspondence Branch, 16 September 1911; S.G.E. 1/25 Vol. 1/1255 S.G.E. - General Correspondence Branch, 20 July 1914.
94. A.P.O., 26 August 1911, p. 5; The African World 25 July 1925, p. 4; S.G.E. 1/25 Vol. 1/1255 Rev. L.P. Booth - S.G.E. 9 May 1915.
95. S.G.E. 1/25 Vol. 1/972 S.G.E. - Education Department, 15 March 1911.

probleem gehad. Ofskoon al die leerlinge oënskynlik wit was, het dit aan die lig gekom dat van hulle "gekleurde wortels" gehad het. Die Moederowerste kon nie die nodige verklaring verskaf nie en die owerhede was daarmee nie tevrede nie en het geëis dat "other provision will have to be made for these forty children".[96] Die S.G.O. het bepaal dat die skool net vir wit kinders toeganklik was.

Inspeksieverslae het ook ander probleme blootgelê. Die geboue van die Moslemsendingskool in Aspelingstraat in Distrik Ses was nie geskik vir skoolgebruik nie. Die leerlingtal het ook begin afneem want baie van hulle het met hul skoolgelde agterstallig geraak. Omdat die nodige fondse ontbreek het kon daar nie met uitbreiding voortgegaan word nie en die nodige ameublement kon nie aangeskaf word nie. Uit pure moedeloosheid het dr. Abdurahman, bestuurder van die skool, aansoek om 'n rentevrye lening gedoen. Die owerheid was nie daarvoor te vinde nie. Laasgenoemde wou ook nie onderneem om een of ander toelae aan die skool toe te staan nie. Selfs dr. Abdurahman se vertoë tot die Administrateur was onsuksesvol.[97]

By geleentheid het die skoolinspekteur die skoolhoof op die

---

96. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1157 S.G.E. - Education Department, 11 November 1913.
97. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1255 Letter from Dr. A. Abdurahman - Administrator 25 August 1914.

vingers getik omdat laasgenoemde versuim het om aansoek te doen om ′n Moslemgodsdienstige dag te vier. Daardie dag het die leerlinge wederregtelik van die skool weggebly. Die inspekteur het afgesluit deur die skoolhoof die versekering te gee dat indien hy wel in bogemelde verband aansoek gedoen het, die owerheid dit sou toegestaan het.

Die skoolgebou van die A.M.E.-kerkskool, Bethel in Kaapstad was ook in ′n treurige toestand. Die mure se pleister het begin afskilfer en was met graffiti bevuil. Die omliggende inwoners het hul wasgoed op die skoolgrond gedroog omdat die skool nie omhein was nie.[98)] Die gemeente kon dit nie bekostig om self die nodige verbeteringe aan te bring nie.

Die St. Paul′s-kerkskool was midde-in ′n omgewing waar boewery en geraas aan die orde was. Die kinders was ongedissiplineerd, hulle het na willekeur gekom en gegaan en ongereeld die skool besoek.[99)] Dit was egter deel van die armoedesindroom.

Die Trafalgar Tweedeklasskool (ietwat van ′n verhewe status) het by tye toegang aan kinders geweier omdat die skoolgelde nie bekostig kon word nie. Skoolhuisvesting was ook ′n probleem.

---

98. S.G.E. 1/25 Vol. 2/376 Inspection Report: A.M.E.-Bethel-Mission School, Cape Town 15 February 1914.
99. S.G.E. 1/25 Vol. 2/376 Inspection Report: St. Paul′s Mission School, 16 June 1916.

By die Teacher's League of South Africa se jaarkongres in 1933 was die oorheersende besprekingspunt die vraag: "Is the system of Education in vogue present sufficiently scopeful for every Coloured Child...to get the best out of life"?[100] Dié probleem was slegs simptomaties van die haglike toestand waarin die onderwys vir gekleurdes gedompel was.[101] Dit was duidelik dat die georganiseerde onderwyskorps begaan was oor o.a. die ekonomiese vooruitsigte van die gekleurde kind.

Om die nodige perspektief te kry word enkele feite i.s. onderwys in wit skole belig.

Teen 1911 was Suid-Afrika se skoolkinders formeel op grond van kleur grootliks geskei.[102] Gekleurde kinders sou voortaan nie tot die voorregte en bevoorregting wat die wit skoolkinders geniet het toegang hê nie. Van die gekleurde leiers het dit soos volg opgesom:.

"We are excluded - not because we are disloyal, not because it has been proved that we are inferiorly endowed and unfit for higher education, but because although sons of the soil,

---

100. Cape Sun, 23 April 1933, p. 1.
101. Cape Sun, 20 January 1933, p. 5; Cape Sun, 23 June 1933, p. 5.
102. M. Ajam: A Comparative study in the enforcement of compulsory attendance in a South African and American urban community, p. 32; E.L. Maurice: The Development of policy in regards to the education of Coloured pupils at the Cape 1880-1970, p. 168.

Gods creatures, and British subjects, we are after all black".[103]

Vir die gekleurdes was armoede en minderwaardigheid sinoniem.

Tegelykertyd het groepsverhoudinge versleg wat deur allerlei negatiewe faktore m.b.t. die onderwys van gekleurdes verder aangeblaas en bevorder is.[104] Wit kinders was op 'n sekere ouderdom al bewus van hul besondere bevoorregte en heersersposisie [105]

Inspeksieverslae oor wit skole, veral in die stad, was oor die algemeen gunstig. Die skole was in die meeste gevalle goed toegerus en waar daar wel rede tot klagte was en behoeftes bestaan het, is sake spoedig in die reine gebring. Skoolbywoning was uit die aard van die saak altyd baie goed.[106] Akkommodasie, so is vermeld, was met enkele uitsonderings bevredigend. Die wit skole se biblioteke was goed toegerus of indien daar tekortko-

---

103. E.L. Maurice: The Development of Policy in regard to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 168.
104. A.P.O., 22 November 1919, p. 4; A.P.O., 22 February 1913, p. 6.
105. A.P.O., 14 February 1920, p. 6; Educatio: Eerste kwartaaluitgawe 1987. Vol. XI nr. 1, p. 17; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp. 133-134.
106. S.G.E.1/25 Vol. 2/350 Inspection Report: East Park 4 Primary School June 1913; S.G.E. 1/25 Vol. 2/397 Inspection Report:Brooklyn Primary School, 25 January 1911; S.G.E. 1/25 Vol. 1/1255 Memorandum by Dr. T. Muir to teachers in the Cape Province, 23 July 1914, S.G.E. 1/125 Vol. 1/1381 comparison of state expenditure on European and Coloured Pupil-teachers 1915; Inspeksieverslag: East Park 4 Brooklyn Primary, 16 February, 19 February 1917.

minge was sou dit aangevul en uitgebrei kon word. Sendingskole het feitlik nie iets soos biblioteke gehad nie! Soms het van die vermoënde gekleurde ouers probeer om hul kinders by wit skole ingeskryf te kry. Ongeag die kinders se begaafdheid is hulle toegang geweier. Selfs die befaamde dr. A. Abdurahman moes dit aanvaar! "The A.P.O. suggested that this was due to colour prejudice".[107)]

Voorts is diskriminasie deur die volgende bevestig: Teen 1922 was die per kapita-besteding aan gekleurde en wit skoolkinders R33,60 en R6,34 onderskeidelik.[108)] Teen 1925 was die subsidie vir die gekleurde kind in al vier provinsies R10,50 terwyl dit vir die wit kind in Kaapland R28 en in die ander provinsies R32 was.[109)]

Vooruitsigte vir gekleurde kinders in vergelyking met wit kinders was maar droewig. Van die onderwysowerheids se kant is dit erken: "that the coloured pupils were being given a very inade-

---

107. E. Everette: Zainnunissa Gool 1897-1963, p.2.
108. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 672.
109. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 672.

quate equipment for life".[110] Die skoolgaande kinderkorps van Suid-Afrika het in die dertigerjare reeds in twee aparte, vreemd-vir-mekaar-wêrelde geleef.[111] Die grondslag vir vervreemding en onkunde, wat in die verre toekoms rampspoedig sou blyk te wees, was reeds stewig gelê. Die eksponente van skeiding in bogemelde verband sou dit verder uitbou en verskans.[112]

Elke dorp of stad het sy kleurryke persoonlikhede gehad. So was dit ook in die geval van die onderwys. Twee uitstaande toonbeelde van deursettingsvermoë en opoffering ten spyte van armoede in Kaapstad, was Harold Cressy[113] die formeel-opgeleide intellektueel en Janet Jackson die onopgeleide, onortodokse skooljuffer.[114]

Harold Cressy was 'n baanbreker want hy het tot die tradisionele "witleerlingvakke" soos Algebra en Meetkunde tot by Matriek deurgedring en dit met lof geslaag.[115] Sy armoedige agtergrond het

---

110. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 241.
111. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 660.
112. H.J. Harmse, M.E. Du Toit, M.M. Broeksma (Reds.): Opvoeding vir die Lewe, p. 5.
113. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1472 Letter from S.G.E. - to Cape Town Trafalgar School, 20 May 1914; G. Manuel: Kampvegters, p. 4-8.
114. G. Manuel: Kampvegters, pp. 57-64.
115. G. Manuel: Kampvegters, p. 3.

hom nie daarvan weerhou om die bastions van geleerdheid te probeer binnedring nie. By die Universiteit Rhodes en die Universiteit van Stellenbosch is hy vanweë sy kleurafkoms afgewys. Die Universiteit van Kaapstad het hom egter aanvaar en hy was die eerste gekleurde om die B.A.-graad aldaar te verwerf.[116)] Deur die bemoeienis van dr. A. Abdurahman, toe alreeds bekend as verbete kampvegter ten behoewe van gekleurde onderwys, is Cressy as die hoof van die eerste gekleurde "hoërskool", of wat 'n Tweedeklasskool genoem is, aangestel. Dit het as die beroemde Trafalgar Second Class School bekend gestaan.[117)] Onder Cressy se leiding het die skool merkwaardig gegroei. Hy het selfs in sy vrye tyd belowende maar behoeftige jong seuns vir die Matrikulasie-eksamen voorberei. Hy het ook sy onderwysers opgelei om hulle kwalifikasies te verbeter.[118)]

Voorts het hy leerkragte, met die oog op 'n onderwysersliggaam, georganiseer.[119)] In 1913 het hy die beroemde Teachers's League of South Africa gestig.[120)] (Dr. Abdurahman het ook 'n groot

---

116. G. Manuel: *Kampvegters*, p. 7.
117. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1472 S.G.E. - Dr. A. Abdurahman, 27 October 1916; G. Manuel: *Kampvegters*, p. 7; Al.J. Venter: *Coloured: A profile of two million South Africans*, pp. 71, 33.
118. G. Manuel: *Kampvegters*, p. 8.
119. *A.P.O.*, 10 Augustus 1909, (n.p.).
120. *Educatio*: Eerste Kwartaaluitgawe, Vol. XI, Nr. 1, p. 19; G. Manuel: *Kampvegters*, p. 8; F.G. Backman: A comparative study of the salary and service conditions of the Coloured teacher for the period 1920-1981, pp.90-92.

aandeel daarin gehad.) Die T.L.S.A. sou die spreekbuis en "advokaat" vir gekleurde onderwys word.[121] By die Liga se eerste kongres op 23 Junie 1913 was die arm, nie-bevoorregte gekleurde kind prominent op die agenda.[122]

Cressy het in sy ywer sy liggaamskragte nie gespaar nie. Sy gesondheid is daardeur geknou en hy is op jeugdige leeftyd oorlede.[123] Daardeur is die gekleurde onderwys oor die algemeen en die arm gekleurde gemeenskap van Kaapstad in die besonder van ´n uitmuntende akademiese- en gemeenskapsleier beroof. Die dag van sy begrafnis het die gemeenskap vir ´n paar ure tot stilstand gekom om hulde aan ´n geliefde onderwysman te bring. By geleentheid van die onthulling van ´n gedenkplaat by die Trafalgar Hoërskool ter ere van Cressy, het dr. Abdurahman, sy lewenslange vriend, beskermheer en mentor gesê: "Hy was ´n beminlike man en het sy lewe aan die stryd om onderwysgeriewe vir die kleurlingkind gewy. Hy het binne die skool en daarbuite gelewe vir sy beroep".[124] Die Hoërskool Harold Cressy in Kaapstad is na hom vernoem.

---

121. Rules and Bye-laws of the Teacher´s League of South Africa Cape Town; S.G.E. 1/25 Vol. 1/1472 S.G.E. - School Board 16 March 1916; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp. 14-16.
122. M. Ajam: The ´Raison Detre´ of the Muslim Mission Primary School in Cape Town and environs 1860-1980 with special reference to the role of dr. A Abdurahman in the modernization of Muslim-orientated schools, pp. 75-76.
123. S.G.E. 1/25 Vol. 1/1255 S.G.E.- Dr. A Abdurahman, 17 August 1914.
124. G. Manuel: Kampvegters, p. 8.

Die naam Janet Jackson is, soos uit die geskiedenis blyk, onder die Kaapstadse gekleurde gemeenskap bekend en bemind.[125] As selfopgeleide leerkrag was sy ´n goeie voorbeeld van nie-formele onderwys. Sy het as klein dogtertjie saam met haar ouers uit Amerika na die Kaap verhuis. Sy het in die arm gemeenskap opgegroei en die lief en leed daarvan gedeel. Diep in haar hart was daar altyd die brandende begeerte om daardie gemeenskap d.m.v. die onderwys te dien.[126] Sy wou die arm kindertjies leer en help om hulself te help. Janet se ouers was egter net so arm soos die meeste gekleurde mense in die gemeenskap. As jong meisie het sy haar been in ´n ongeluk verloor en moes sy met ´n houtbeen oor die weg kom. Haar liefde vir die natuur, vir mense en die arm kindertjies het haar laat besluit om haar lewe aan die onderwys te wy. Aangevuur deur haar diep kinderlike godsdienssin, het sy sonder die sekuriteit van ´n gereelde salaris en enige skoolgeriewe haar werk van stapel gestuur. Dit was ´n suiwer geloofsaak. As "prinsipaal" het sy slegs primêre skoolopleiding gehad.

---

125. G. Manuel: Kampvegters, p. 37.
126. G. Manuel: Kampvegters, pp. 57-58.

Janet Jackson het haar skooltjie "Sowing the Seeds" genoem, maar in die omgang was dit as "Teacher Houtbeen se skool" bekend.[127] Die skooltjie was deurentyd vol want al die omgewing se kinders wou by "Teacher Houtbeen" skoolgaan. Janet se skool moes noodwendig uitbrei. Dit is toe in nabygeleë huise gehuisves.

Janet Jackson se skool was in alle opsigte 'n "privaatskool" maar dit het natuurlik nie die status van die wit "eweknie" besit nie. Die skool het ook nie staatsondersteuning geniet nie. "Die kinders het hul pennies en hul "tiekies" (driepennie-muntstuk) gebring en dit was genoeg vir Janet". Mettertyd het die Anglikaanse Kerk hom oor Janet Jackson ontferm en haar skool onder sy vleuels geneem. Van toe af het sy 'n klein vergoeding vir haar arbeid ontvang.[128] In 1931 is Janet Jackson se skool in 'n ou fabrieksgebou gehuisves. Dit was geleë in 'n berugte agterbuurt wat die betekenisvolle naam "Sebastopol" gehad het.[129]

Teëstand soos byvoorbeeld sloping van geboue en stootskrapers kon vir "Teacher Houtbeen" nie onderkry nie. Haar skool was 'n ware vuurtoring en baken van ongekunstelde, eenvoudige Christelike onderwys aan die arm gekleurde gemeenskap.[130]

---

127. G. Manuel: Kampvegters, pp. 58-59; G. Manuel: District Six, p. 104.
128. G. Manuel: Kampvegters, p. 58.
129. G. Manuel: Kampvegters, p. 59; G. Manuel: District Six, p. 104.
130. G. Manuel: Kampvegters, pp. 59-163.

Teen 1933 was die gekleurde se skole steeds swak toegerus en leerkragte was nie altyd opgewasse vir hul taak nie - hulle was steeds on- of ondergekwalifiseerd. Voorts is die leerkragte swak besoldig en was hul prioriteit noodgedwonge hul stryd om liggaam en siel en gesin aan mekaar te hou. Dit het vir die formele sowel as die nie-formele onderwys gegeld. Dit het 'n nadelige uitwerking op hul onderwystaak gehad.

Die gekleurde skoolkind was oor die algemeen 'n honger kind. Die meeste van sy "skoolmaats" was buite op straat en "geëmployeerd". Die leerplan was steeds van minderwaardige standaard. Sou die kinders volwassendheid bereik sou hulle ontdek dat hul volle potensiaal nooit benut en bereik is nie en dat hulle nie volwaardige landsburgers in die toekoms sou word nie.

Die Kommissie wat in 1934 aangestel is om op o.a. gekleurde onderwys in te gaan, te analiseer en aanbevelings te maak, was geneig om vir alles verskonings aan te bied.[131)] Daar is ook na die verlede verwys. Onomwonde is egter verklaar dat die skuld voor die deur van die kroniese armoede gelê moet word: "the causes of all these problems was poverty".[132)]

---

131. UG 54-1937 Report of the Commission of Inquiry regarding Cape Coloured Population of the Union, pp. 143, 166, 170.
132. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 161.

Wat die Kommissie (en dit geld nie vir al sy lede nie) nagelaat het om te konstateer en te erken was dat die regeringsstelsels deur die land se geskiedenis heen met al sy ingeboude strukture, die grondoorsaak van al die probleme was. Die armoede van die gekleurdes, o.a., dié in Kaapstad, wat ook in die onderwys neerslag gevind het, was een van die eindprodukte van daardie stelsels.

Baie ouers in die armgeteisterde gemeenskap het egter nie die gebrekkige onderwys sonder meer aanvaar nie. Hulle het die inisiatief geneem en op informele wyse onderwys aan hul kinders verskaf. Die Moslemgemeenskap het die voortou daarin geneem. Die Madressa, eweknie van die Christelike Sondagskool en kategeteklas, was 'n goeie voorbeeld daarvan. Daar is egter ook by sommige Madressas sekulêre onderwys gegee.

Reeds in die vroegste dae van die Kaapse geskiedenis het die imams (Moslempriesters) onderwys in hul huise gegee. Kinders het onderrig in Engels, Nederlands, Handskrif, Lees en Rekeningkunde ontvang. Terwille van hul godsdiens is in Arabies en Maleisies onderrig gegee.[133)] Dit was duidelik dat die onderwys van hoogstaande gehalte was. Die ouers van die gemeenskap was die imams dankbaar vir dié diens wat hulle verrig het Ook kinders uit Christenhuise het by dié huisskole onderwys ontvang. Baie van hulle is tegelykertyd in die Moslemgeloof opgeneem.

---

133. J.S. Mayson: The Malays of Cape Town, p. 23.

Die leerkragte is deur ´n sogenaamde Plaaslike Komitee besoldig. Bogemelde tradisie is voortgesit.[134]

´n Interessante feit is dat Afrikaans, veral as geskrewe taal, onder die gemeenskap deur die imams bevorder is.[135] Hulle het as´t ware die Kaapse Hollands "gearabiseer" en dit was hoofsaaklik vir leesdoeleindes. Dit het later tot ´n soort geskrewe Arabies—Afrikaans ontwikkel en baie tot die ontstaan van Kaapse Afrikaans bygedra. Ook het Afrikaans later oor die algemeen daarby gebaat. Dit is ook algemeen bekend dat Afrikaans Maleisies-georiënteerde woorde b.v. piesang, kaparang, bobotie, sosatie, kramat, ens. geërf het.

In die Christelike gemeenskap is ook op eie houtjie pogings aangewend om informele onderwys aan die kinders te gee. Begaande individue en van die stad se sendelinge het hierin die voortou geneem. Baie van hulle het skoollokale eiehandig opgerig en is deur toegewyde lidmate bygestaan. Van dié skole is later by die sendingskole ingeskakel.

Baie leerkragte het onderwys buite skoolverband aan hulpbehoewende kinders gegee. Laasgenoemde is toegelaat om die Onderwysdepartement se eksamens af te lê.

---

134. I.D. Du Plessis: The Cape Malays, p. 52.
135. R. Shell: Rites and Rebellion: Islamic conversion at the Cape, 1908 to 1915. C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the History of Cape Town Vol 5\1904 p. 24.)

Daar was ook enkelinge met ondernemingsgees wat op eie stoom hulself opgehef het. Hulle was die "selfgemaakte" geleerdes wat hul tyd by die Parade se boekstalletjies, in die museum en die talryke boekwinkeltjies deurgebring het. Om hul boeke aan te koop het hulle allerlei peuselwerkies verrig. Hulle het met allerhande mensetipes in die Kaapstadse nie-wit gemeenskap gemeng, hulle bestudeer en sodoende waardevolle mensekennis opgedoen. Hulle het hulle boeke tot die beskikking van die minderbevoorregtes gestel. Dit het dan vir laasgenoemde aangemoedig om hul eie boeke aan te skaf. Voorts het hulle sogenaamde studiekringe gestig waar gestudeer, gedebatteer en praktiese probleme opgelos is.

Die ouers se pogings om hul kinders op te voed het ook 'n kulturele inslag gehad. Dit het veral by musiek neerslag gevind. Kinders is van kleinsaf in koorsang opgelei. Dit is met musiekinstrumente afgewissel. Soms is epiese verhale, ballades en sages uitgebeeld.[136)] Die Nederlandse taal is ook in hul liedjies bewaar.[137)] Daardeur is die eie kultuur en tradisies lewend gehou. Bogemelde was hoofsaaklik uit die Moslemgemeenskap.

Bogemelde individue, groepe en instansies het 'n merkwaardige diens gelewer en in 'n groot behoefte voorsien.

---

136. I.D. Du Plessis: The Cape Malays, pp. 40-47.
137. I.D. Du Plessis: Maleise Liedereskat, pp. 1-57; I.D. Du Plessis: The Cape Malays, p. 40.

# HOOFSTUK 6

## ARMOEDE EN ARBEID

Die gevleuelde Goddelike uitspraak: "Die arbeider is geregtig op sy loon"[1] het die stempel van die Christelike etiek op arbeid en besoldiging geplaas. In die Suid-Afrikaanse opset, egter, is daardie ideaal vanaf die vroegste tye al weinig nagestreef. Die oorheersende kenmerk m.b.t. dié arbeid was feitlik deurgaans swak besoldiging, negatiewe verhoudinge tussen welgestelde werkgewers en arm werknemers en haglike werksomstandighede.

Van die vroegste tye af was Suid-Afrika 'n agrariese gemeenskap gebaseer op 'n eienaar-slaaf-werksverhouding. Later het dit die meer eufemistiese heer- en dienskneg-verhouding geword. Deurgaans het regeerders en werkgewers binne die kapitalistiese stelsel as bondgenote die botoon gevoer,[2] terwyl die werkers, veral diegene van nie-wit oorsprong, en spesifiek die gekleurdes, altyd aan die kortste ent getrek en dié onderspit gedelf het. Die besoldiging van gekleurde broodwinners in 'n stad soos Kaapstad, was nooit voldoende om in hulle gesinne se onmiddellike materiële behoefte te voorsien nie.

---

1. Die Bybel, Lukas 10:7 1 Timoteus 5:18 (Nuwe Vertaling) 1983; Hastings J. (Ed.): Encyclopaedia of Religion and Ethics Vol.X. pp. 141-143; 774-775.
2. M. Lipton: Capitalism and Apartheid 1910-1986, p. 257.

Kaapstad het teen 1910 ´n beduidende geskoolde sowel as ongeskoolde arbeiderskorps gehad. Hulle het uit die staanspoor egter baie mededinging van hul wit eweknieë ervaar. Die stryd was vir hulle opdraand om werk te bekom en om hulle gesinne te onderhou.

Voorts is daar ook tussen "bekwame" en "rowwe" en "eersteklas" en "tweedeklas" ambagsmanne geonderskei. Gewoonlik is gekleurdes as die laasgenoemde tipes bestempel. Dit het baie met die minderwaardige sosiale status van die gekleurde werker te doen gehad.

Teen 1910 was daar reeds ´n merkbare nie-statutêre kleurslagboom tussen wit en gekleurde werkers van Kaapstad. Die wit werkers het ook in daardie stadium die mag van arbeidsorganisering terdeë besef. Dit sou ´n bolwerk teen die indringing of selfs oorname deur gekleurde werkers op hul arbeidsgebied vorm.

Die gekleurde werkers was teen daardie tyd nog nie só bedag op die monstering van sy arbeidsmag nie. Hy was hoofsaaklik individualisties ingestel want dit het vir hom in die eerste instansie om die onmiddellike daaglikse brood gegaan. Gevolglik was die gekleurde werker, ook in Kaapstad voortdurend in ´n bestaanstryd gewikkel en dit het alles van hom geverg om homself in die arbeidsopset te handhaaf.

Met die ontdekking van goud en diamante het industrialisasie ʼn demografiese verskuiwing teweeggebring.[3] Baie mense het veral van die plase af na die stede, veral Johannesburg, getrek met die verwagting om gou rykdom te bekom.[4] Die Depressies en Droogtes het die verskuiwings aangemoedig. Dié rampe het baie boere gedwing om hul plase te verkoop en in die stede ʼn heenkome te gaan soek.

Teen 1910 was verstedeliking, vanweë industrialisasie, ʼn voldonge en aanvaarde feit. In daardie stadium was die geldmag hoofsaaklik in die Engelssprekendes se hande. Die stedelike nie-witmense, o.a. die gekleurdes, was die arbeiders, die nie-

---

3. W.M. Macmillan: Complex South Africa, pp. 46, 516-517; F.A. Van Jaarsveld: Van Riebeeck tot P.W. Botha, p. 185; B. Nasson and J. Samuel (Eds.): Education: From Poverty to Liberty, Report for the Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa, p. XIV (Preface); H. Holland: The Struggle - A History of the African National Congress, pp. 24-30; UG 21-'14 Annual Report on Labour of the Department of Mines and Industries for the year 1913, p. 74.
4. G. Cronje: Voogdyskap, p. 53; H. Holland: The Struggle - A History of the African National Congress, pp. 24-40; F. Meli: A History of the African National Congress - South Africa belongs to us, pp. 41, 59, 82.

besitters en die onderhoriges.

Vroeg in 1910 reeds is van die uiterste armoede by gekleurdes en ongekende rykdom by 'n groot gedeelte van die witmense melding gemaak. Die nie-witmense, hoofsaaklik swartmense, was meestal verantwoordelik vir die delf van die edelgesteentes terwyl die geldmagnate daardeur verder verryk is. Welgestelde werkgewers het groot landgoedere besit terwyl die oorgrote meerderheid gekleurdes skaars 'n stukkie grond gehad het om 'n bestaan op te maak. Dit het die arbeiders tot op die rand van hongersnood gedryf.[5] Die welgestelde wit werkgewers het hul rykdom op die goedkoop arbeid van die nie-wit werkers gebou.

Teen 1913 was daar in die nywerheid al 'n groot mate van vooroordeel teenoor gekleurde werkers. In Transvaal, byvoorbeeld, is die geskoolde gekleurde arbeiders belet om te werk waar witmense werksaam was.[6] Gevolglik is heelwat gekleurde bouers ontslaan.[7] Genadelose werkgewers het die posisie uitgebuit en gekleurde arbeiders teen lae lone in diens geneem.

---

5. A.P.O., 26 March 1910, p. 1.
6. A.P.O., 6 December 1919, p. 9; M. Lipton: Capitalism and Apartheid in South Africa 1910-1986; A.P.O., 17 January 1920, p. 11.
7. A.P.O., 8 March 1913, (n.p.).

Gedurende 1913 was die besoldiging in Kaapstad vir die gekleurdes karig. "For long they have lived on the crumbs that have fallen from the table of Dives".[8] Wanneer die arbeiders geprotesteer het, is hulle met die gereg gedreig. Laasgenoemde het die kant van die ryk werkgewers gekies; "...Law and Order is another of those doctrines which have been so successfully preached by the members of the caste who hold power."[9]

Die lae lone was, ironies genoeg, tot so vroeg as 1914 vir gekleurde werkers aanvaarbaar omdat dit aan baie van hulle werk verskaf het. Om op gelyke besoldiging met wit geskoolde arbeiders mee te ding was gevaarlik want die wittes se bevoorregte status was hulle waarborg.[10] Aan die ander kant is die gekleurde arbeiders, hulle gesinne en die gekleurde gemeenskap nadelig getref. Die besoldiging was ontoereikend. Dit was nie naastenby genoeg om hulle uit hul swak ekonomiese posisie te lig nie. Voorts was hulle slegs werknemers met geen administratiewe, toesighoudende of uitvoerende verantwoordelikhede nie - nie in daardie stadium of in die afsienbare toekoms nie. "It is remarkable how long the masters managed to keep the lower wages for coloured artisans in force".[11]

---

8. A.P.O., 12 June 1913, p.5.
9. A.P.O., 12 June 1913, p.5.
10. W.G. James and M. Simons (Eds.): The Angry Divide, p. 105.
11. W.G. James and M. Simons (Eds.): The Angry Divide, p. 110.

Die Eerste Wêreldoorlog het baie gekleurdes swaar getref. Hulle was grotendeels op noodlenigingswerk teen 50 sjielings (50c) per dag aangewese. Daar is voortdurend na die gekleurdes se werkloosheid verwys maar net 'n klein persentasie gekleurdes was inderwaarheid werkloos. Die meeste van hulle was bereid om selfs teen geringe vergoeding te werk.[12)] Noodlenigingswerkgewers is met aansoeke oorval ten spyte van die feit dat die vergoeding slegs 5 sjielings per dag was, en dit was in elk geval onvoldoende om 'n gesin aan die gang te hou.[13)] Kaapstad se gekleurdes is aangeraai om op die plase te gaan werk, maar hulle was nie daarvoor te vinde nie. Diegene wat dit wel op die proef gestel het, het spoedig teruggekeer.

Onder dié omstandighede het die stedelike gekleurdes se arbeidsituasie al verder verswak. Van die gekleurde leiers was van mening dat gekleurdes produsente en werkgewers moet word. Dit was egter onmoontlik want dit sou beteken dat hulle hul eie mense in diens sou moes neem en van lewensmiddele sou moes voorsien. Hulle sou dan ook bereid moes wees om hul winste te deel en maatskappye te stig.[14)] Dit sou veral in die kleremakers- en timmermansbedryf kon plaasvind, is geredeneer. Hierdie boodskap

---

12. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 80.
13. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 80.
14. UG 29-'11 Annual Report on Labour of the Department of Mines for the year 1910, p. 25, The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 31.

moes nie net in stede soos Kaapstad nie, maar ook na die platteland uitgedra word. Hierdie strewe, het hulle gehoop, sou ook 'n bydrae tot volwaardige burgerskap vir gekleurdes kon maak. Die vraag egter was of hulle genoeg geld kon genereer en tegelykertyd teen die wit mense se geldmag en hulle monopolie van die ekonomie opgewasse was. Die tipiese gekleurde eenmansaak was eerder daarop ingestel om winste tot sy eie voordeel te maak. Gekleurde leiers het gemeen dat bogemelde ideale bereikbaar was [15] want daar moes bewys word dat:

"race to race he is as good a citizen as the latter (the white man) and that he is equally able to contribute to the economic life of the Union will he obtain equal rights of citizenship".[16]

'n Kenmerk van die gekleurde arbeiders, benewens hul bestaande armoedestaat en swak besoldiging was die feit dat baie van hulle nie versekering- en beskermingsmaatreëls teen werkloosheid gehad het nie. 'n Tipiese voorbeeld was 'n aflosdokwerker en vader van ses kinders met "no other means of income and does not belong to any Benefit Society".[17] Dit het ook vir ander ambagte en onge-

---

15. UG 29-'11 Annual Report on Labour of the Department of Mines for the year 1910, p. 19.
16. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 85.
17. H.C.F. Cape Town. Free Dispensary. Volume 1-1915, p. 1.

skoolde arbeiders gegeld. Versekering en werkloosheidsvoordele was vir dié mense 'n weelde. Trouens, die meeste gekleurdes het daarvan niks geweet nie.

Wit Afrikaanssprekendes was daarteen gekant dat gekleurde- en wit meisies saam moet werk. Dit het veral vir die fabrieke gegeld. Hulle sou glo te familiêr met mekaar word en die gekleurdes sou dan mettertyd 'n "oorlamse", parmantige en aanmatigende houding begin aanneem het.[18] Dit sou kwansuis nie bevorderlik vir goeie verhoudinge wees nie! Voorts sou die karige lone wat albei groepe soms saam ontvang het 'n gemeenskaplike onderwerp wees waaroor hulle dan te veel met mekaar sou praat! Dit sou glo oorbodige kommunikasie en verkeer in die hand kon werk![19]

Ten grondslag van sommige struikelblokke het vooroordeel en diskriminasie gelê. Die gekleurde jeug, byvoorbeeld, is daardeur dubbel so swaar getref. Die meeste van hulle was werkloos. Dus was die gesinsinkomste minder en die broodsgebrek groter. Die gekleurdes se armoedesiklus is daardeur vergroot.

---

18. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town. (Journal of the Economic Society of South Africa. Volume 3, no. 2, 1930, p. 54.)
19. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town. (Journal of the Economic Society of South Africa. Volume 3, no. 2, 1930, p. 54.)

In 1924 was die Stadsgeneesheer van mening dat swak besoldiging 'n baie groot bydraende faktor tot swak gesondheid was. Hy wou weet wat die algemene publiek kon doen "for tempering the disaster which faces the working class individual or family when the breadwinner is laid aside by sickness or finds himself out of work",[20] aangesien die ervaring van ander lande getoon het dat dit vir die hele gemeenskap voordelig was om in die gesondheid en welsyn van die armes te belê.[21]

Teen 1924 was die regering bekommerd oor die werksvooruitsigte van wit skoolverlaters.[22] Daar is beweer dat ongeskoolde arbeid vir hulle grotendeels geslote was. 'n Steekproef by werksdepôts en sekere poskantore het getoon dat uit 3 922 wit aansoekers net 821 werk gekry het terwyl 271 by noodleniging betrek is. In Kaapstad is 700 gekleurdes as werkloos geregistreer terwyl 410 werk gekry het.[23] Noodlenigingswerk was nog aan die orde van die dag. Belanghebbendes het egter gemeen dat werkloosheid in Kaapstad darem nog nie 'n krisispunt bereik het nie.[24]

---

20. UG 45-'26 Medical Officer of Health, Report 1924-1926. City of Cape Town, Appendix 9, p. IX.
21. UG 45-'26 Medical Officer of Health, Report 1924-1926. City of Cape Town, Appendix 9, p. IX.
22. UG 14-'26 Report of the Economic and Wage Commission 1925, p. 98.
23. UG 14-'26 Report of the Economic and Wage Commission 1925, p. 103.
24. UG 45-'26 Report of the Economic and Wage Commission 1924-1926. City of Cape Town Appendix 9, p. IX.

Teen 1929 was die Kaapstadse gekleurde gemeenskap steeds 'n werkersklas. Die witmense is voortdurend as die "beter klas" bestempel.[25] Dit is hoofsaaklik aan die swak ekonomiese en sosiale toestande van die tydperk toegeskryf. Laasgenoemde faktore was egter die uitvloeisel van die gekleurde werkers se swak besoldiging. Die oorgrote meerderheid van hulle het onder die broodlyn geleef. Sommige se gemiddelde loon was ses sjielings per week, baie ander het minder verdien "and it may be expected that it is impossible for a normal family to live healthily on such an income".[26] Werkloosheid het dié mense se situasie verder laat versleg.

Swak behuising het, vanweë die swak werksomstandighede, die probleem vererger en dus ook op die arbeidsterrein neerslag gevind. 'n Groot getal gekleurdes het in enkelkamerwonings gebly; in die meeste gevalle het meer as drie persone in een kamer saamgewoon. Sulke woontoestande het, uit die aard van die saak, allerlei faktore soos gesondheid, gesinsbou, matigheid (i.v.m. sterk drank) en bestaande armoede negatief beïnvloed.[27]

---

25. UG 45-'26 Report of the Medical Officer of Health Corporation of the City of Cape Town year ended 30 June 1929, p. 8.
26. UG 45-'26 Report of the Medical Officer of Health Corporation of the City of Cape Town year ended 30 June 1929, p. 8.
27. UG 45-'26 Report of the Medical Officer of Health Corporation of the City of Cape Town year ended 30 June 1929, p. 9.

Die wêreldwye Depressie van 1929-1933 het ook Suid-Afrika swaar getref.[28] Veral werkloosheid het onrusbarende afmetinge aangeneem. Die Kaapstadse gekleurde dokwerkers, byvoorbeeld, is voortdurend swaar getref. Stedelike arbeiders is ook deur die instroming van werkloses uit die noordelike provinsies oor die algemeen, nadelig geraak.[29] Dit was 'n tydperk van gebrek aan lewensnoodsaaklike middele: enersyds was dit feitlik onverkrygbaar en, andersyds, kon die armes dit nie aldag bekostig wat wel beskikbaar was nie.

Veral gekleurde jeugdiges, wat in fabrieke gewerk het, was in 1930 'n "normale", aanvaarde verskynsel. Spoedig het die jong mense egter in die aanvaarbaarder beroepe opgegaan. Die munisipale gesondheidsbesoekers het die regte en higiëniese beginsels m.b.t. voedselgebruik by die jeugdiges se ouers beklemtoon. Laasgenoemde het daarby gebaat.[30] Die Fabriekswet van 1918 wat baie voordelig vir die werknemers was, het werkgewers ontmoedig om jeugdiges in diens te neem. Eersgenoemdes kon

---

28. De Kerkbode, 24 Desember 1930, p. 1221; De Kerkbode, 11 Januarie 1933, p. 60.
29. G.P. A6 - 0'8 Report of the Select Committee on imported Contract Labour, pp. 22-31.
30. UG 33-1930 Annual Report of the Chief Inspector of Factories for the year ended 1929, p. 11.

aanspraak maak op mediese inspeksie, korter werksure, beperking op oortyd, verpligte halfdag-vakansie en streng toesig. Die fabrieksbase was ook verplig om die tyd -en loonregisters noukeurig by te hou. Daar is ook oor Sondagarbeid 'n wakende oog gehou.[31]

Werkskaarste was voortdurend 'n ernstige arbeidsprobleem. Reeds so vroeg as 1913 was werk in Kaapstad só skaars dat gekleurde werkers 'n protesoptog gehou het. Die tweede keer toe dit plaasgevind het, het 'n aantal vroue die optog gelei. In dié proses is 19 brode en 4 Britse ponde, drie sjielings en ses pennies asook botter en vleis in die hande gekry. Dit is nie geplunder nie maar by wyse van "donasies" van goedgesinde toeskouers bekom. Daar is besluit om nog sulke protesoptogte te hou want dit was die mense se enigste metode om die owerheid te verplig om verligting te bring.[32]

Teen 1931 het die getal noodlenigingswerkers toegeneem. In Kaapstad alleen was in Februarie 983 en in Maart 923 geregistreer. Dit was buiten die ongeregistreerdes. Daar is kennis geneem van die baie bystand wat aan die werkloses gegee is.

In 1933 het sommige staatsamptenare, soos landdroste, in 'n stadium gemeen dat dit goed sou wees dat gekleurde rondlo-

---

31. UG 33-1930 Annual Report of the Chief Inspector of Factories for the year ended 1929, p. 11.
32. <u>Cape Times</u>, 13 March 1931, p. 11.

perkinders na plase gestuur moes word om goedkoop arbeid te verrig. Dit sou hulle glo goed doen om uit Kaapstad weg te kom om 'n tydjie op die platteland deur te bring![33] Die toenmalige Department van Arbeid, is in sommige kringe beweer, was net in die wit werker se noodleniging geïnteresseerd: "For the coloured people (also hungry and thirsty because of want and unemployment) absolutely nothing is done".[34]

Die stede het a.g.v. industrialisasie vir die plattelandse gekleurdes en hul kinders - veral t.o.v. die Onderwys - 'n beter toekoms beloof.[35] Arbeidsburo's wat o.a. in Kaapstad in die lewe geroep is, het vir die gekleurdes aanvanklik goeie werk verrig. Mettertyd het die wit mense voorkeurbehandeling ontvang. Die gekleurdes se toegang tot die buro's het geleidelik beperk geword.[36]

---

33. Cape Times, 11 April 1931, p. 12.
34. Cape Times, 4 August 1933, p. 3.
35. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 35.
36. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 52.

Teen 1933 het die werkverskaffing aan witmense dié van gekleurdes oortref. In daardie verband was die Buro's en die wit werkgewers bondgenote en is o.a. ook aan dié wit jeugdiges voorkeur gegee, omdat hulle verpligte onderwys geniet het en derhalwe goeie kwalifikasies besit het.[37)]

Gekleurde arbeid is ook deur kinderarbeid gekenmerk. Hulle was "wage-earners before they have completed the primary school curricula. They are thrown into the labour market where they compete with their parents".[38)]

Die gevreesde woord in arbeidskringe was "undercutting". Dit het beteken dat gekleurde arbeiders bereid was om geskoolde sowel as ongeskoolde arbeid teen laer lone as wit arbeiders te verrig. Dit het laasgenoemde vyandig gemaak omdat hulle van mening was dat die gekleurdes op daardie wyse die brood uit hul mond geneem het. Sommige wit politieke en akademiese leiers het die gekleurdes onwyse raad gegee om met hul praktyke voort te gaan. Wat hulle verswyg het was dat indien die swart werker ook soos die gekleurdes sou optree, hy 'n saak gehad het.[39)] Die swart ongeskoolde werker was in daardie stadium 'n bedreiging vir die

---

37. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 53.
38. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 98.
39. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 99.

gekleurde ongeskoolde werker en die politieke ideoloë het dit deeglik by laasgenoemde ingevryf. Die voorafgaande relaas het 'n agtergrondbeeld van die gekleurde arbeider en sy nood geskilder. Dit het die basiese knelpunte, naamlik die "brood-en-botter", en onmiddellike probleme in perspektief gestel. Daaruit het die posisie en die vermoëns van die gekleurde arbeiders uitgeskristalliseer. Die gekleurdes van Kaapstad het, hul haglike sosio-ekonomiese omstandighede ten spyt, 'n reuse bydrae, relatief gesproke, tot die instandhouding van die ekonomiese stabiliteit van die Westelike Provinsie in die geheel, en Kaapstad in die besonder, gelewer. Hulle was die bouers, produseerders, geldgenereerders (by wyse van goedkooparbeid) en die werkers wat die welsyn en welwese van die wit mense verseker en verskans het. Onder laasgenoemde soort werkers het die huisbediendes, die bodes, die tuiniers, die smouse en die aflos- en peuselwerkers geressorteer. Hulle was te eniger tyd en teen enige vorm van besoldiging vir en tot die diens van hul meesters beskikbaar.[40)]

Gedurende die tydperk 1912-1913 was daar 'n opbloei van gekleurde geskoolde arbeid in Kaapstad. Hul dienste, op grond van hul bekwaamheid op daardie gebied was in aanvraag; "the Cape Town master builders could not do without him and became ever

---

40. UG 54-'37 Report of the Commission of Inquiry regarding Cape Coloured Population of the Union, pp. 67-70; The First National Coloured-European Conference 1933, pp. 40-41.

less hesitant to employ his services".[41] Die hoofrede was dat hy bereid was om teen 'n laer loon te werk.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het baie gekleurdes vir aktiewe diens aangemeld. Meer as ooit tevore is hulle in die ambagte opgeneem as gevolg van die leemte wat deur wit ambagslui wat by die leër gaan aansluit het, gelaat is.[42] Na die oorlog is baie gekleurdes in die boubedryf opgeneem.[43] So betekenisvol was die situasie dat baie arbeidsleiers gemeen het dat 'n nuwe beleid, gemik op die nie-rassige organisering van werkers, toegepas moet word.[44]

Die boubedryf was altyd 'n stabiele bron van arbeid vir die gekleurdes. Daar was egter altyddeur allerlei woelinge en struwelinge, soos byvoorbeeld periodieke stakings. Die owerheid het altyd vrede en kalmte probeer bewerkstellig deur hulle te maan dat geskille deur werkgewers en werknemers self opgelos moet word.

---

41. W.G. James and M. Simons (Eds.): The Angry Divide, p. 103.
42. W.G. James and M. Simons (Eds.): The Angry Divide, p. 104.
43. UG 10-'12 Report of the Commission of Trades and Industries, p. 144.
44. W.G. James and M. Simons (Eds.): The Angry Divide, p. 104.

Teen 1929 het meer gekleurdes skilderwerk in die boubedryf verrig. Bykans 90% van die skilders was gekleurdes.[45] Maar die stigma van ongeskoolde arbeid het bly steek. Op daardie tydstip was 40% van alle timmermanne en 50% van alle messelaars in die Kaap gekleurdes.

Die Spoorweë was altyddeur 'n groot bron van arbeid oor alle kleurgrense heen. Die gekleurdes, o.a., het hoofsaaklik ongeskoolde arbeid daar verrig. In 1911 het die destydse Minister van Spoorweë, J.W. Sauer, gemeen dat daar te veel gekleurdes in diens van die Spoorweë was, en dat hulle ontslaan moet word en na die plase, van waar baie van hulle gekom het, teruggestuur moet word. Daar sou hulle vir tien sjielings per maand kon werk. Die wit werkers wat hul plek op die Spoorweë sou inneem, sou tien sjielings per dag ontvang. Die African People's Organization se reaksie hierop was: "a more heartless and damnable policy has never yet been proclaimed by any responsible minister".[46]

Teen 1913 is die Minister se aanbevelings geïmplimenteer, "to make room for poor Whites".[47] Laasgenoemdes het boonop glo ook gratis huisvesting en onderwys vir hul kinders ontvang.[48] Die

---

45. W. G. James and M. Simons (Eds.): The Angry Divide, p. 105.
46. A.P.O., 29 November 1911, (n.p.).
47. A.P.O., 22 February 1913, (n.p.).
48. A.P.O., 22 February 1913, (n.p.).

gekleurde arbeiders wat wel by die spoorweë aangebly het, het van 3s 6d. tot 3d. per dag ontvang.[49] Sommige gekleurdes het tog tot by "bevorderingsposte" soos spanleier, wagter en bagasiedraer gevorder.

Die vrugte- en groentesmous was 'n kenmerkende figuur in Kaapstad, en veral in Distrik Ses.[50] Hy was nie juis op groot profyt ingestel nie en wou slegs genoeg geld maak om 'n bestaan te maak. Dit was grotendeels 'n "eenmansaak" en daarop ingestel om 'n diens aan die gemeenskap te lewer. By hom kon die arm mense baie minder vir hul ware betaal as by die winkels in die Middestad of selfs in die omgewing. Die kopers kon ook hoop om, na baie gekibbel (wat 'n "kuns" was en deel van die transaksie uitgemaak het) met 'n winskopie weg te loop. Soms het die smouse dit tot in die hoofstrate van Kaapstad gewaag. Daar moes hulle egter hul lisensie kon toon, iets waarop hulle nie so gesteld in hul eie gebied was nie.

Die smouse se grootste "konkurrente" in die gekleurde gebiede was die talryke straathoekwinkeltjies.[51] Laasgenoemde was vir die meeste mense in die arm gemeenskap die enigste heenkome m.b.t. die verkryging van die noodsaaklike lewensmiddele. Die winkeleienaars was altyd bereid om goedere "op die boekie" (op

---

49. The First National Coloured-European Conference Cape Town. Report of the proceedings 26 June - 28 June 1933, p. 79.
50. G. Manuel: District Six, pp. 39-59.
51. G. Manuel: District Six, p. 57.

skuld)[52] tot die einde van die maand of week te gee. Hierdie soort winkel was 'n toevlug vir die swakbesoldigde werker. By hierdie winkels kon soms van die beste en skaarsste kruie en speserye verkry word, iets wat die groot stadswinkels nie aldag beskikbaar gehad het nie. Soms het ook buite- en binnelandse toeriste 'n draai by daardie winkeltjies gemaak om die nodige "mitterjale" vir hul kospotte en disse te bekom! Dit het, vanweë die Oosterse atmosfeer, sterk aan die "bazaars" in die Midde-Ooste herinner. Baie besoekers was van mening dat as hulle nie by dié "eksotiese" dele van Distrik Ses aangedoen het nie, hul vakansie in Kaapstad onvoltooid was!

Van die gekleurdes in Kaapstad was ook tuiemakers, haarkappers, snyers, hoedemakers, seepkokers, kersmakers en sandalemakers (van die soort wat "Kaparang" genoem is en wat so eie aan die oorspronklike maleierskoeisel was.)[53]

Die vroue van Distrik Ses het ook as huisbediendes vir die witmense in Kaapstad en die voorstede (o.a. See-, Groen- en Mouillepunt) gewerk.[54] Hulle was feitlik onontbeerlik in die wit huishouding. By baie van die wit huisgesinne was hulle meer as net huisbediendes. Hulle was die "nannies" wat die wit kinders, in baie gevalle van suigelingstadium af, liefderik grootgemaak

---

52. G. Manuel: District Six, p. 59.
53. G. Manuel: District Six, pp. 40-45.
54. G.V. Doxey: The Industrial Colour Bar, p. 10; New Nation's People's History Vol. 1, p. 99; I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.45.

het. Vir baie werkgewers was hulle soos een van die gesin[55] en daar was van hulle wat nie in eersgenoemdes se testamente vergeet is nie. Ongelukkig het baie van die huisbediendes swak lone ontvang; soms net genoeg vir hul reisgeld van en na hul werkplek, d.w.s. as hulle nie by die werkgewer "ingeslaap" het nie. Daar het ook baie vroue by die munisipale washuise in Kaapstad gewerk.[56] Dr. Abdurahman, veral, het hom vir werkverskaffing in daardie verband beywer.

Voorts was baie Kaapstadse gekleurdes ook bodes, tuiniers en algemene handlangers. 'n Klein persentasie van die gekleurdes (ongeveer 10%) het werk van klerklike aard verrig.[57]

Baie van die Skiereilandse gekleurdes was vissermanne.[58] Hulle was 'n gehegte korps en het hulself as onontbeerlik vir die hele gemeenskap, maar veral vir hul eie mense beskou. Die gekleurde vissers van Roggebaai was so 'n span. Hulle was egter altyddeur die slagoffers van allerlei reëls en regulasies en die georganiseerde visbedryf. In 1918, byvoorbeeld, is 'n regulasie uit-

---

55. G. Manuel: District Six, p. 79; G. Manuel: Kampvegters, p. 92.
56. 3/CT Vol. 1/1/6/4/26 Town Clerk: Agenda and Resumé 1921, p. 705; 3/CT Vol. 1/1/6/4/30 Town Clerk: Agenda and Resumé 1925, p. 367.
57. UG 37-1933 Report of the Department of Labour 1933, p. 8.
58. G. Manuel: District Six, p. 43; D. Grant: Bokkoms, Boycotts and the Bo-Kaap, p. 10.

gevaardig wat die verkoop van vis aan die "skippers" sowel as hul bemanning aan bande gelê het.[59] Op die vissermanne wat hul vis direk van die bote gekry het, is ook beperkinge, m.b.t. hul verkoopsgebied gelê. Hulle kon net tussen die vismark en die hawehoof sake doen. Toe het die "middelman" boonop sy verskyning gemaak. Laasgenoemde het dit vir die "klein" vissermanne, hoofsaaklik gekleurdes, baie moeilik gemaak want hy het ook sy aandeel in die transaksies uitgebuit en baie geld daarvoor geëis.[60]

Die gekleurde vissermanne se direkte toegang tot die vismark is ook versper en hy is daardeur benadeel. Wedywering van die kant van sekere Italiaanse vissermanne het dit ook nie juis maklik vir hulle gemaak nie. Eersgenoemde se gebruik van sekere soort nette het hulle bo die gekleurde vissers, wat soms handlyne gebruik het, bevoordeel.[61]

Voorts het visverskaffing en verkope begin daal. Pryse het die hoogte ingeskiet. Ook m.b.t. die gekleurde vissermanne se stryd het dr. A. Abdurhaman 'n groot rol gespeel en hul belange probeer bevorder. Hy het hulle egter aangeraai om uitgediende en verouderde metodes van visvang te laat vaar indien hulle sou hoop om te oorleef.

---

59. Cape Argus, 12 June 1918, p. D. Grant: Bokkoms, Boycotts and the Bo-Kaap, p. 49.
60. 3/CT Vol. 4/1/4/178 Meeting of the Cape Town Municipal Markets, Public Gardens and Tree Committee, 17 January 1911.
61. D. Grant: Bokkoms, Boycotts and the Bo-Kaap, p. 49.

Die gekleurde vissermanne en hul gemeenskap het 'n opdraande stryd gevoer. Sekere mense uit die wit gemeenskap het oor vuil en onhigiëniese toestande by die visverkopers asook oor die steurnis wat hulle sou veroorsaak het, gekla.[62] Vertoë is tot die stadsraad gerig om stappe teen die vissermanne te doen. Goedgesinde individue het egter die klaers se houding as inbreuk op die vissermanne se bestaan en hul bedrywighede beskou en die stadsvaders versoek om hulle oor die "arm vissermanne" te ontferm. Hulle het ook daaraan toegevoeg dat hulle sou bid dat die raadslede met "deernis en genade" toegerus word![63] Die vissergemeenskap was immers self arm en moes boonop in die noodsaaklike behoefte van hul arm gemeenskap voorsien.[64]

Die Kaapstadse Stadsraad het met verloop van tyd in 'n getwis met die vissermanne beland. Dit het hoofsaaklik oor regulasies en reëlings gehandel wat laasgenoemde traag was om na te kom.[65] Die bordjies is egter verhang en die goeie verhoudinge van voorheen is herstel want daar is besef dat albei partye bondgenote m.b.t. die verskaffing van 'n noodsaaklike soort voedsel is.

---

62. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940. Parts I and II, p. 535; G. Manuel: District Six, p. 46.
63. 3/CT Vol. 4/1/4/178 Petition to the Cape Town Municipality 1920. Re: The closing of Roggebaai.
64. 3/CT Vol. 4/1/4/178 Roggebaai Fish Sales 1907-1910; 3/CT 4/1/4/178 Meeting of the Markets, Gardens and Tree Planting Committee, 3 May 1910.
65. 3/CT Vol. 4/1/4/78 Roggebaai Regulations, 3 June 1920.

Laasgenoemde onderlinge verhouding het by tye gefluktueer na gelang van omstandighede en m.b.t. nuwe amptenare wat in die Stadsraad aangestel is. Daar is egter voortdurend besef dat vis 'n té belangrike voedsel m.b.t. die mense se gesondheid was en dat die verskaffing daarvan nie ondermyn moet word nie.[66] Die stryd om te leef en te oorleef sou egter altyddeur die voorland van die gekleurde vissers en hul gemeenskap wees.[67]

Arbeidswetgewing was al van die vroegste tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis vir die regeerders van primêre belang. Vanaf 1910 het dit egter 'n eskalerende faktor geword.

Vanweë die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling en die gepaardgaande beklemtoning van kleur, ras en klas het die arbeidsituasie altyd groot konflikpotensiaal ingehou. Omdat die wit man die septer oor die ekonomie geswaai het, het hy derhalwe jaloers oor sy houvas van die belangrikste aspek daarvan nl. die arbeid, gewaak. Enige poging, dus, van anderskleuriges om op daardie terrein te infiltreer of 'n vastrapplek te kry, ismet vasberadenheid afgeslaan en hy sou beswaarlik sy heerskappy in daardie verband prysgee.

---

66. G. Manuel: District Six, p. 46.
67. 3/CT Vol. 4/1/4/178 Minutes of the meeting of the Markets Committee, 7 June 1920; Cape Times, 4 June 1920, p. 1; Cape Argus, 11 June 1921, p. 2; A.P.O., 12 June 1920, p. 5.

Dit was dus te verwagte dat die witman die status quo wat destyds geheers het met al die mag tot sy beskikking sou wou behou. Hy het hom dus tot sy magtigste wapen, sy politieke mag, gewend en dit maksimaal geïmplimenteer. Vir hom het dit nie saak gemaak tot welke mate dit sy anderskleurige landgenote nadelig en selfs rampspoedig sou raak nie. Dit moes enkel en alleen sy belange en posisie beskerm en verskans.

Een van die diskriminerendste wette teenoor die gekleurdes was die fabriekswet van 1918.[68] Dié wet het geïmpliseer dat wit fabriekswerkers voorkeur bo nie-witmense moet ontvang. Die fabrieksinspekteurs moes toesien dat die beleid geïmplimenteer word.[69] Om verstaanvare redes het baie van die gekleurde fabriekswerkers hul werk verloor. Voorts is bepaal dat daar skeiding van die rasse m.b.t. toilette, ruskamers en eetlokale in die fabrieke handhaaf moet word. Mettertyd is baie nie-witmense, o.a. gekleurdes uit die vervaardigingswese ontslaan.

Die Vakleerlingwet van 1922 het veroorsaak dat baie gekleurde on-geskoolde werkers hul werk verloor het. Die Wet het st. 7. as toelatingsvereistes tot vakleerlingskap bepaal en die oorgrote meerderheid gekleurdes het nie daardie kwalifikasie besit nie.[70]

---

68. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 786.
69. S. Marks and S. Trapido: The Politics of Race, Class and Nationalism in 20th Century South Africa, p. 166.
70. S. Marks and S. Trapido: The Politics of Race, Class and Nationalism in 20th Century South Africa, p. 166.

Oor die Vakleerlingwet het dr. Abdurahman hom soos volg uitgelaat: "the most potent weapon ever forged for the purpose of carrying on a callous and brutal one-sided war against the Coloured youth".[71]

Allengs het al minder gekleurde kandidate hulle vir opleiding vir geskoolde arbeidsrigtings aangemeld.[72] Net in die meubelmakerybedryf het die getal gekleurdes konstant gebly. Die rede was dat dit die kortste leergang m.b.t. vakleerlingskap was. Die behoeftige gekleurde seuns kon nie die finansiële vereistes wat vir 'n volledige tegniese kursus voorgeskryf was, nakom nie. Na twee jaar se opleiding was die vakleerling se loon so hoog as wat hy vir ongeskoolde werk kon kry. Tussen die jare 1926 en 1928 was daar maar min gekleurde kandidate in die ingenieurs- drukkers-, leer-, bou- en meubelbedryf.[73]

Sommige arbeids -en vakbondleiers was van mening dat die Vakleerlingwet arbeid in Suid-Afrika benadeel het. "The Apprenticeship system, instead of increasing the wealth of the country as it was intended to do, is creating a scarcity of the things that make up

---

71. S. Marks and S. Trapido: The Politics of Race, Class and Nationalism in 20th Century South Africa, p. 166.
72. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town, (Journal of the Economic Society of South Africa, Volume 3 no. 2, 1930), p. 59.
73. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town. (Journal of the Economic Society of South Africa Volume 3 no. 2, 1930), p. 57.

the nation's wealth".[74] Voorts het hulle geredeneer dat die duur van kursusse m.b.t. die verskillende bedrywe onlogies en ongebalanseerd was. Moontlik het hulle gemeen dat 'n eenvormige toelatingsstandaard en 'n redelike en gebalanseerde tydsduur van kursusse toegepas moet word. Die gebrek aan verpligte onderwys by gekleurdes het 'n verdere struikelblok in hul weg gelê. Baie min van hulle het Standerd Ses behaal. Die volgende statistiek het die wanbalans in die stelsel blootgelê.[75]

| | | |
|---|---|---|
| Europeans: | VI | 13,182 |
| | VII | 6,824 |
| Coloureds: | VI | 785 |
| | VII | 142 |

Die tragedie van bogemelde aangeleentheid was dat die negatiewe faktore tot hul volle konsekwensies in die reeds arm gemeenskap uitgekring het. Dit het alle fasette van die gekleurdes se lewens in daardie verband geraak en dit in die ergste graad geaffekteer.[76] Polities, ekonomies en sosiaal (waarby onderwys ingesluit word) het die Vakleerlingwet die wit jeugdige en sy

---

74. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town. (Journal of the Economic Society of South Africa Volume 3 no. 2 1930), p. 60.
75. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town. (Journal of the Economic Society of South Africa Volume 3 no. 2 1930), p. 61.
76. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 54; R.E. Van Der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 787.

gemeenskap in alle opsigte bevoordeel. Vir die gekleurdes, egter, het dit opwaartse beweging belemmer.[77] Voorts het dit die oorgrote meerderheid van swakopgevoede gekleurdes van geskoolde arbeid uitgesluit.

Arbeidsverhoudinge was ook in daardie stadium, d.w.s. in die vroeg twintigerjare, baie gespanne. Dit het op die terrein van die vakbonde sowel as in die werksituasie neerslag gevind. Die gees van wantroue, kleurdiskriminasie, onreg teenoor die gekleurdes, ekonomiese en politieke oorheersing deur die witmense, het die arbeidsituasie gedomineer. Dit het vir die platteland sowel as vir die stede gegeld.

In 1924 is die sogenaamde Beskaafde Arbeidsbeleid van stapel gestuur. Hierdie beleid was die "breinkind" van die Paktregering wat in 1924 aan die bewind gekom het. Dit is soos volg omskryf: "The labour rendered by persons whose standard of living conforms to the standard generally recognized as tolerable from the usual European standpoint".[78] En "onbeskaafde arbeid" was "labour rendered by persons whose aim is restricted to the bare requirements of the necessities of life as understood among barbarous and underdeveloped peoples".[79] Laasgenoemde omskrywing het on-

---

77. I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.42.
78. G.H. Calpin: There are no South Africans, p. 188.
79. G.H. Calpin: There are no South Africans, p. 188.

teenseglik, wat die wit mense betref, op o.a. die gekleurdes betrekking gehad. So het "Beskaafde Arbeid" uit die staanspoor sinoniem met wit arbeid geword.[80]

Diegene wat "Beskaafde Arbeid" verrig het sou ook die hoogste loon ontvang, naamlik die bedrewe ambagsmanne. Dit was dus duidelik en voor-die-handliggend dat daardie beleid die wit werker sou bevoordeel.[81] Aangesien die nie-witmense, o.a., gekleurdes, nie die hoë lewensstandaard van die witmense kon handhaaf nie (alhoewel dit die oorgrote meerderheid se strewe was), het hulle a.g.v. die "Beskaafde" Arbeidsbeleid dieper in armoede verval. Die wit werkers was instaat gestel om die arbeidsmark heelhuids in te palm.

Die gekleurde werkers van Kaapstad was ook hoogs verward oor die hele situasie. Voorts was die volgende stelling waar: "Die ekonomiese posisie en die lewensstandaard van die oorgrote meerderheid van die gekleurdes van die arbeidstipe ten tyde van die invoering van die beleid van beskaafde arbeid...is beslis benede dié van die blanke arbeidersklas in die algemeen".[82] Bogemelde

---

80. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 37.; S.R.P. 7/15 Offical Year Book 1926-1927, p. 202.; A.J. Western: Outcast Cape Town, p. 137.
81. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 37; I. Golden: Making Race- the politics and economics of coloured identity, p.43.
82. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 43.

aanhaling is deur die volgende stelling bevestig: "The Civilized Labour Policy of 1924 onwards, which reserved during a period of economic depression a specified proportion of jobs in various occupations for those who could attain "civilized" living standards, in meaning and practice this requirement 'for whites only'".[83] Die Minister van Spoorweë het bevestig dat die gekleurdes van die witmense verskil en daarom anders behandel moet word.[84]

Die eksponente van "Beskaafde Arbeid" het ook nie juis hul pogings om diskriminasie toe te pas weggesteek nie. Hulle het dit doelbewus gedoen.[85] Die gekleurde leiers, veral dié in Kaapstad, het heftig teen gemelde wetgewing geprotesteer. Hulle wou die onreg aan die kaak stel en het op hoër lone, minder ure en beter diensvoorwaardes vir hul mense aangedring. 'n Groot getal gekleurdes van Kaapstad, het hulle bygevoeg, was ambagsmanne en hulle moes die reg hê om hul ambagte te beoefen. Wette en regulasies moes nie in hul pad staan om hul brood te verdien nie en dit moes ook vir die hele land geld.[86]

"Beskaafde Arbeid" is met vasberadenheid geïmplimenteer want die Paktregering was o.a. tot die bevordering van die wit werker se

---

83. A.J. Western: Outcast Cape Town, p. 11.
84. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 133.
85. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1820-1940 Parts I and II, p. 786.
86. UG 16-'21 Interim Report of the Unemployment Commission March 1921, p. 14; W.G. James: Our Precious Metal,African Labour in South Africa's Gold Industry, 1970-1990, p.4

belange verbind. "Beskaafde Arbeid" was maar een van die Kleurslagboomstrukture en het in groot mate die grondslag van toekomstige arbeidspatrone gelê.[87] "The Colour Bar Act which aim at the protection of the "Civilised Labour" of the white man and the coloured man against the black; it is the outstanding rock of offence in inter-racial relations. Alongside of it has been brought into prominence of late the political problem of the Franchise..."[88] Dit was eers in 1929 dat die nadelige gevolge (vir gekleurdes) van die "Beskaafde Arbeidsbeleid eers werklik na vore gekom het.[89] Dat dit egter die gekleurde arbeider volkome beskerm het, kan bevraagteken word.

Rondom die implementering van bogemelde stuk arbeidswetgewing o.a. het daar baie negatiewe faktore in die arbeidsituasie ontstaan. So laat as 1931 is beweer dat die swartmense die gekleurdes van werksgeleenthede ontneem.[90] Die jeugdiges is, o.a., daardeur getref. Die timmermansbedryf is ook deur bogemelde "uitdrywing" (van gekleurdes) nadelig geaffekteer. Die indringing van swartmense in die Wes-Kaap is inderdaad deur witmense sowel as gekleurdes gevrees. Dit het veral vir arbeid gegeld, want die Westelike Provinsie is histories as die gekleurdes se

---

87. UG 37-1933 Report of the Department of Labour 1933, pp. 25-26; UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 45-47.
88. I. Golden: Making Race- the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.43.
89. J.H. Hofmeyr: South Africa, p. 171.
90. Cape Times, 27 April, p. 11.

tradisionele tuiste beskou.[91] Die swart werkers was bereid om teen heelwat laer lone ongeskoolde arbeid te verrig. Die feit was dat die wit werker se vrese ongegrond was. Die bestaande arbeidswette het hom in daardie stadium alreeds goed beskerm.

Die Nywerheidsversoeningswet van 1924 het hoofsaaklik ten doel gehad om vrede en stabiliteit in die arbeid te bewerkstellig. Die onrus en geweld wat deur die stakings, veral dié een van 1922, veroorsaak is het grotendeels daartoe aanleiding gegee dat bogemelde wet aangeneem en geïmplementeer is.[92] Dit was die belangrikste stuk arbeidswetgewing wat die Smutregering voor sy neerlaag in 1924 deurgevoer het. Die Paktregering wat die bewind oorgeneem het was op arbeidsvrede ingestel. Dié wet het geïmpliseer dat werkgewer en werknemer onderlinge geskille en probleme moet aanspreek en tot 'n vergelyk en 'n oplossing kom. Van die owerheidskanale moes ook gebruik gemaak word. Hierdie reëlings het ook op nie-pasdraende swart werkers betrekking gehad.

Deur die toepassing van die Nywerheidsversoeningswet is werkers se pogings om te staak effektief gefnuik want volgens dié wet was dit onwettig. Aan die ander kant het die wet die ge-

---

91. C.H. Neveling: Farm Labour in South Africa.(Journal of the Economic Society of South Africa 1930), p. 24.
92. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 74; W.G. James: Our Precious Metal African Labour in South Africa's Gold Industry, 1970-1990, p.3.

kleurdes toegelaat om hul saak te stel. Dog; dié wet is as verdrukkend deur die meerderheid beskou. Daar is verklaar dat die Nywerheidsversoeningswet eintlik die "Coloured Oppression Act" moet heet![93)]

Die Loonwet van 1925 het ook aandag aan die lone van ongeskoolde arbeiders geskenk. Amptelik het dit geen onderskeid op grond van ras of kleur gemaak nie maar in die praktyk het dit daarop neergekom dat dit slegs op die beskerming van veral die wit werker gemik was. Dit was in sy wese nadelig vir die gekleurde werker. Die Loonwet het die basis vir die "Beskaafde" arbeidsbeleid gevorm. Werkers is volgens hul "beskaafdheid" (as wit vertolk) enersyds en "onbeskaafdheid" (vertolk as nie-wit) andersyds besoldig.[94)]

Die Loonraad, in 1925 gestig, was oppervlakkig beskou as 'n nuttige en regverdige instrument vir alle werkers, veral die wat nie aan vakbonde behoort het nie of die wat tegnies minder gekwalifiseerd was. Dog; in werklikheid was dit die magtigste en tog mees subtiele kleurslagboomstruktuur wat ooit in werking ingestel is.

---

93. I. Golden: Making Race - the politics and economics of Coloured identity in South Africa, p.42.
94. C.M. Tatz: Shadow and substance in South Africa, p.139.

Opsommenderwys moet die Paktregering se Arbeidswetgewing in die lig van die optrede en houding van genl. Hertzog teenoor die gekleurdes op die politieke terrein gesien word. Daar is prontuit verklaar dat Hertzog 'n nuwe bedeling vir die gekleurdes in gedagte gehad het.[95)] Voorts het hy van die standpunt uitgegaan dat "Economically, industrially and politically the coloured man must be incorporated with us".[96)] Hertzog het inderdaad in 'n stadium die gekleurdes se voorkeur nagestreef. Dit was juis gedurende 1924 tot 1929 dat hy by elke verkiesing die gekleurde stem probeer werf het. Tegelykertyd wou hy die gekleurdes se stemreg na die noorde uitbrei. Gevolglik is die Afrikaner Nasionale Bond onder die gekleurdes gestig. W.B. De Villiers het met die gekleurde steun die Stellenboschsetel vir die Paktregering in 1924 gewen. In die Nasionale Party het Hertzog egter teëstand i.v.m. sy planne met die gekleurdes se stemreg ondervind en dit is nooit tot sy volle konsekwensies uitgevoer nie. Hy was ook genoodsaak om vanweë die Depressie, armblankes as ongeskoolde werkers in die plek van gekleurdes in te druk. Hertzog was in elke geval nie bereid om stemreg aan gekleurde vroue te gee nie. Dit was betekenisvol dat terwyl Hertzog juis met die gekleurde stem "geflankeer" het, sy negatiewe arbeidswetgewing jeens hulle in volle gang was. <u>Dit</u> en sy skielike ommeswaai wat hulle betref was die toppunt van teenstrydigheid.

---

95. G. Lewis: <u>Between the Wire and the Wall</u>, pp.119-127.
96. I. Golden: <u>Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa</u>, p.37.

In die lig van die voorafgaande relaas m.b.t. arbeidswetgewing moet die opkoms van die nie-wit vakbondwese onder die loep geneem word.

Teen 1913, toe wit Witwatersrand se mynwerkers gestaak het was gekleurde werkers vatbaar vir organisering en vereniging. Bykans ses jaar sou verloop voordat dit sou materialiseer.[97] Eerstens was daar 'n kleurgevoel onder die nie-wit werkers self. Baie gekleurdes wou slegs hul eie mense tot hul verenigings toelaat. Onderlinge leierskapstryd was ook 'n remskoen. Die wit verenigings wat ook by tye gekleurdes as lede toegelaat het, het verdeeldheid onder laasgenoemde gesaai. Weens swak ekonomiese toestande en 'n tekort aan finansies kon die nie-wit verenigings ook nie na behore fungeer en hul ideale bereik nie.

Oor die algemeen is gekleurde werkers sover as moontlik uit die groot wit vakbonde gehou.[98] Hulle het goedkooparbeid verrig en het dus nie aan "wit standaarde" voldoen het nie. In 1918 is die groot invloedryke nie-wit vakbond die Industrial and Commercial Union deur Clements Kadalie gestig.[99] Die I.C.U. is uit die staanspoor nie deur die owerheid erken nie want die wit werkers moes eers daartoe toestem! Kadalie 'n gerespekteerde persoon in vakbondkringe was 'n verbete kampvegter vir sy volgelinge.

---

97. A.P.O., 6 December 1919, p.9; M. Lipton: Capitalism and Apartheid in South Africa 1910-1986, pp.263-269.
98. A.P.O., 8 Maart 1913, n.p.; M. Lipton: Capitalism and Apartheid in South Africa 1910-1986, p.265.
99. C. Kadalie: My Life and the I.C.U., pp.40-41; New Nation People's History, Vol. 1, p.29.

Eerstens het Kadalie hom tot die Kaapstadse dokwerkers om steun en vir mobilisering gewend. Hy het met kenmerkende welsprekendheid en dinamiese retoriek die dokwerkers tot stakings en eise om hoër lone aangehits.[100] Dit was egter nie suksesvol nie. Swak organisering en drastiese polisie-optrede het dit egter wiele gery.

In 1920 het die owerheid tóg toegegee en 'n minimale loonverhoging aan werkers toegestaan. Dr. A. Abdurahman en sy African Political Organization het sy steun aan Kadalie toegesê maar eersgenoemde het egter teen stakings gewaarsku want dit was onwettig.[101] Dit sou net vir die owerheid 'n verskoning sal bied om geweldadig op te tree.[102] Weens die Smutsregering se hardvogtige hantering van die Bondelswartsopstand in 1922, het Kadalie hom tot genl. J.B.M. Hertzog om steun gewend.[103] Laasgenoemde het Kadalie goed ontvang en was baie simpatiek teenoor hom:

"He (genl. Hertzog) received us both cordially (Kadalie en sy metgesél). The General was interested to see me...arrangements were also made with Keerom Street (Nationalist Headquarters

---

100. C. Kadalie: My Life and the I.C.U., p.213; I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.48.
101. A.P.O., 14 January 1922, pp.9-10.
102. H. Bradford: A Taste of Freedom. The I.C.U. in Rural South Africa 1924-1930, pp.162-170.
103. A.P.O., 6 September 1919, p.3.

in Cape Town) to receive me kindly and that the General election issue of "The Workers Herald" (official organ of the I.C.U.) be printed by the Nationalist press. Ten thousand copies of our paper were accordingly printed free of charge and were distributed freely throughout the Cape Province".[104)]

Die toenadering tussen Kadalie en genl. Hertzog het eersgenoemde van dr. Abdurahman vervreem omdat laasgenoemde ´n geswore teëstander van Hertzog was. Die bordjies is egter geleidelik verhang en die A.P.O. en die I.C.U. is weer met mekaar versoen. Dit kon net geskied a.g.v. die twee leiers se grootmoedigheid en hul statuur m.b.t. hul volgelinge.[105)] Die groeiende I.C.U. het ook daarin geslaag om A.P.O.-lede by hom te laat aansluit. Net na 1926 het die I.C.U. sy hoogtepunt bereik, maar dit het ook geleidelik tekens van verbrokkeling begin toon. Onderlinge geskille en interne rassewrywing (tussen swartes en gekleurdes) het die organisasie van binne gerysmier en teen 1929 was dit besig om heeltemal tot niet te gaan. Die volgende stelling het dit bevestig: "by 1929 the I.C.U. had become more of a peasant´s revolt than a trade union".[106)]

---

104. C. Kadalie: My Life and the I.C.U., pp. 47, 203.
105. A.P.O., 14 February 1920, p. 10.
106. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 105.

Teen die einde van 1929 het die sterk I.C.U. verdere en ernstiger tekens van ineenstorting begin toon en geleidelik het dit in splinterfaksies opgebreek.[107] Kadalie was ook in die stadium 'n gemerkte persoon by die owerhede en dit sou nie lank duur voordat hulle hom sou arresteer.[108]

Die "dood" van die I.C.U. was egter die "geboorte" van groot vakbondbewegings onder die nie-wit mense. Eerstens is gepoog om die verdeeldheid in eie geledere uit te wis. Samehorigheid en eenheid is doelbewus nagestreef. Tweedens is die stryd teen die owerheid, wat tradisioneel skepties en wantrouig teenoor veral nie-wit vakbonde gestaan het, verskerp.

Die A.P.O. was op die voorpunt van arbeidsaangeleenthede. Deur hulle toedoen het die Federation of Labour Unions in 1919 tot stand gekom.[109] Dit is as instrument ingespan om vir die gekleurdes se politieke aspirasies te stry en om hul ekonomiese toestand, veral t.o.v. hul armoede, te verbeter. Dr. Abdurahman het uit die staanspoor dit duidelik gestel dat die gekleurde en swart werkers moet saamwerk om die wit werker se monopolie oor

---

107. F. Meli: History of the A.N.C. - South Africa belongs to us, p. 71.
108. Cape Times, 27 January 1930, p. 9.; H. Bradford: A taste of Freedom, the I.C.U. in rural South Africa, pp. 137-175.
109. A.P.O., 26 September 1919, p. 15; Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town (Journal of the Economic Society of South Africa, Vol. 3, no. 2., 1930, p. 57.; I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.35.

die ekonomie en die groot geldmag te breek.[110] Abdurahman wou 'n vasgestelde minimumloon en beskermende wetgewing, veral vir huisbediendes en plaaswerkers, bekom. Hy het ook die gekleurde pleistermanne en messelaars aangeraai om hulself te organiseer om wit wedywering in hul onderskeie ambagte teë te werk. Ook is die Kaapstadse gekleurdes wat op die Spoorweë gewerk het aangemoedig om te verenig om 'n bolwerk teen die, vir hulle, negatiewe arbeidsbeleid te vorm.

Tegelykertyd het die A.P.O. geglo dat alles ingespan moet word om die arm gemeenskap se ekonomiese posisie te verbeter. Die A.P.O. het werklik en opreg die welsyn en die belange van die gekleurde werkers op die hart gedra.

Die A.P.O. het voortgegaan om hom vir die opheffing van veral die kleurlinge op politieke, ekonomiese en sosiale gebied te beywer. Dr. Abdurahman het daarna verwys as: "the 'great battle' for the solution of the Coloured people's problems".[111] Hy het voorts beweer dat die gekleurdes as die laagsbesoldigde werkers 'n sterk faktor in die arbeidsituasie kon word indien hulle hulself kon organiseer.

---

110. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 96.
111. A.P.O., 2 October 1920, p. 4; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp. 96-97.

Vir Abdurahman was industriële organisasie selfs belangriker en dringender as die verkryging van universele stemreg![112]

Stakings het periodiek in die Dokke plaasgevind. Reeds in 1919 al het ongeveer 400 gekleurde dokwerkers in Kaapstad om hoër lone gestaak. Die werkers het 8 sjielings en 6 pennies vir alle nie-wit gewone dokwerkers en 12 sjielings vir voormanne ofte wel sogenaamde "serangs" (spanleiers) per dag geëis. Die dokwerkers het voorts geweier om voedselprodukte te hanteer want die voedsel wat hulle moes koop se pryse was aan die styg. Die staking was nie suksesvol nie want sekere wit werklose werkers was bereid om die plek van die stakers in te neem.[113]

Teen 1920 was daar ongekende bedrywigheid in Kaapstad in gekleurde vakbondgeledere.[114] Laasgenoemde was sterk in die industriële sektor verteenwoordig soos uit die volgende tabel blyk.[115]

---

112. A.P.O., 26 September 1919, p. 15; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 100.
113. A.P.O., 17 January 1920, p. 11.
114. A.P.O., 2 October 1920, p. 7.
115. Leslie, Prof.: Coloured Labour and Trade Unionism in Cape Town. (Journal of the Economic Society of South Africa Vol. 3, no. 2, 1930), p. 56.

| Union | Estimate of % of Coloured Members in Cape Town | Period of Minimum Apprenticeship in Cape Town | Standard for Apprentices in C.T. |
|---|---|---|---|
| Amalgamated Engineering Union | Practically none | 5 years | 7 |
| S.A. Typographical Union | 30 | 7 " | 7 |
| National Union of Leather Workers | 60 | 5 " | 5 |
| Western Province Building Trades Union- | | | |
| Carpenters | 40 | - | - |
| Bricklayers | 50 | - | - |
| Painters at least | 90 | - | - |
| Plasterers | 90 | - | - |
| Operative Bakers', Confectioners' and Conductors' Union | 80 | No decision yet. Committee recently appointed. | |
| Furniture Workers' Union of South Africa. | 90 | - | 6 |
| Bedding making | - | 3 years | - |
| Cabinet polishing | - | 4 " | - |
| Other trades | - | 5 " | - |

Die gekleurde vakbonde het ook relatief baie lede gehad. 80 persent van die Garment Workers' Union en bykans 60 persent van die Biscuit Makers and Packers byvoorbeeld, was gekleurdes. Die Cape Town Stevedoring and Dock Workers' Union wat in 1920 gestig is het ook maar baie min wit lede gehad. Die arm, laagbesoldigde gekleurde arbeiders het in daardie stadium hul krag m.b.t. solidariteit en vakbondlidmaatskap terdeë besef.[116])

---

116. J.G.P. Maree (Ed.): The Independent Trade Unions, 1974-1984, pp. 1-11.

Die 1922-staking aan die Rand en die hardhandige hantering daarvan deur die Smutsregering het grootliks tot laasgenoemde se val bygedra.[117)] Die nie-wit werkers het hulle nie met die staking vereenselwig nie; trouens, hulle het hul steun aan die polisie en teëstanders van die staking gegee. In Kaapstad egter, het die nie-wit werkers gedurende die staking 'n protesvergadering op die Parade gehou om hulle griewe en eise uit te spel. Dié vergadering is deur dr. Abdurahman en Clements Kadalie toegespreek. Hulle het hulle solidariteit met hul noordelike kleurgenote uitgespreek.

Teen 1930 het die invloed van die A.P.O. begin kwyn. Dit kon feitlik nie eers meer as kampvegter vir gekleurdes se stemreg optree nie. 'n Groot getal ambagsmanne het ook die Organisasie verlaat.[118)]

Die South African Trades and Labour Council wat in 1930 gestig is se beleid was om alle rasse in sy geledere op te neem.[119)] Dit het egter onmiddellike teëstand van die "suiwer" wit South African Steel and Trades Association ervaar. Van toe af was daar die tendens dat vakbonde op grond van ras en kleur tot stand

---

117. A.P.O., 14 January 1922, p. 9.; M. Lipton: Capitalism and Apartheid - South Africa 1910-1986, p. 260.
118. I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.40.
119. R.E. Van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1940 Parts I and II, p. 794.

gekom het. Wit en nie-wit werkers kon mekaar nie vind nie en het apart begin organiseer. Die nie-wit werker, veral, het besef dat sy krag en bedingingsvermoë sterker in afsondering lê . Die S.A.T. and L.C. het egter met sy pogings om wit en nie-wit werkers te werf voortgegaan en om sy oogmerke te bereik.

"the ideal of a United labour movement embracing most, if not all, of the South African trade unions and commanding attention by reason of its ability to express a broad consensus among union leaders on common problems has remained elusive in South African labour history".120)

Dit was teen daardie tyd baie duidelik dat sake in die Suid-Afrikaanse arbeidsopset ongesond was. Dié wat egter die slegste daarvan afgekom het was die nie-wit werkers, o.a., die gekleurdes van Kaapstad.121)Teen 1933 het diskriminasie in die geskoolde arbeidsektor hoogty gevier en is gekleurdes effektief daarvan uitgesluit.122) Die arbeid, dié bron waarvan hulle hoofsaak-

---

120. W.H. Thomas: Labour perspectives on South Africa, p. 56; W.G. James and M. Simons: The Angry Divide, p. 119.

121. UG 37-1933 Report of the Department of labour 1933, p. 25; UG 14-'26 Report of the Economic Wage Commission 1925, pp. 8, 25-26; UG 16-'21 Interim Report of the Unemployment Commission March 1921; A.P.O., 31 Janaury 1920, p. 10; A.P.O., 22 November 1919, p. 16.

122. I. Golden: Making Race - the politics and economics of coloured identity in South Africa, p.43

lik vir hul voedsel afhanklik was, was gebrekkig. Dit kon aan die wanhantering en manipulering van die arbeid deur die politieke en ekonomiese gesagvoerders toegeskryf word.[123])

---

123. A.P.O., 21 August 1920, p. 8.; A.P.O., 2 October 1920, p. 4; C. Ziervogel: Brown South Africa, pp. 42-43; W.G. James: Our Precious Metal. African Labour in South Africa's Gold Industry, 1970-1990, pp.1-4.

## HOOFSTUK 7

## ARMOEDE EN DIE SOSIALE LEWE

'n Samelewing se sosiale geskiedenis sluit enersyds die gewone, alledaagse aktiwiteite in en andersyds beklemtoon dit ook bepaalde terreine van so 'n samelewing.[1] Die donker, negatiewe kant van laasgenoemde is só 'n spesifieke terrein.[2]

Waar noodsituasies by 'n gemeenskap kop uitsteek, organiseer die geteisterdes self en bring hul 'n masjinerie op die been om hulself te help. Wanneer hulle egter so verswak is, soos in die geval van die gekleurdes oor die algemeen, snel ander meer vermoënde gemeenskappe hulle tegemoet. Wat die dryfveer in daardie stadium is, is nie ter sake nie. Die sosiale gewete dwing mense tot optrede.[3]

In Kaapstad was dit veral sosiale organisasies soos die Gemeenskapskas, die Marion-instituut, die Young Men's Christian

---

1. Racial Relations: Official Organ of the South African Institute of Race Relations. Nov.-Dec. 1933, pp. 8-9.
2. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 25-37; S.W. Lavis: Overcrowding and the open sore of the slums, pp. 2-10.
3. S.W. Lavis: Christian Ideals and the Social Order, pp. 4-6; De Kerkbode, 14 Junie 1933, p. 1094; H. Phillips: Black October: The impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa, pp. 68,78,82,121.

Association (Y.M.C.A.), die Heilsleër en die Independent Order of True Templars (I.O.T.T.) wat kniediep in die sosiale lewe van die gekleurdes gestaan het.[4]

Dit was nogal kenmerkend van die sosiale noodtoestand dat die getroffenes daadwerklik deel aan bogemelde instansies gehad het en by hul werksaamhede betrokke was. Die armoedegeteisterdes was ook welkom by die instansies: Hulle was nie net altyd toeskouers en ontvangers nie maar ook deelnemers en in baie gevalle ook van die hoofkarakters.[5]

Kaapstad wat die grootste saamtrekpunt van mindergegoede gekleurdes in Suid-Afrika was, was die ideale teelaarde vir allerlei sosiale euwels omdat hulle weerloos en kwesbaar was.[6] Allerlei euwels het hoogty gevier. In veral die agterbuurtes se nou strate en gangetjies het vele misdade, boosdoenery en onsedelikheid gebotvier.[7] Die tonele het van die uiterste armoede

---

4. The War Cry, 1 July 1917, p. 5; Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 13 March 1929, pp. 1-2; Minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 21 September 1929. (n.p.)
5. Anonymous: The Marion Institute: Brief History 1916-1955 and Financial statement, January 1st December 1953, pp. 2-5; Anonymous: Die Gemeenskapskas, 1928-1988 - 60ste Jaarverslag. (n.p.)
6. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 19-33.
7. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 28-30; UG 3-'21 Report of the Police Commissioner 1921, p. 30.

en verwaarlosing gespreek: "Ziet u die moeder daar een weinig verder omring door haar tien kleinen in schamele vuile kleding; blote voeten, vermagerde aangezichten?"[8] Sy het tevergeefs op haar man gewag om iets te ete vir haar en hul kinders te bring. As hy wel opgedaag het sou hy "bedwelmd deur die drank, sonder geld, sonder voedsel" wees. Verder in die steeg het daar 'n ouerpaar beweeg albei diep onder die invloed van drank; al waggelend, gevolg deur hul kind, "vlenters gekleed".[9]

Die blyk dus dat baie agterbuurt-gekleurdes van Kaapstad in 'n dranksindroom vasgevang was.[10] Dié mense, hul armoede ten spyt, het hulle aan dié euwel vergryp.[11] Miskien was dit die gevolg van die armoede omdat dit tydelike ontvlugting gebied het. Onder die invloed van drank het hulle dan alle grense van selfrespek oorskry. Dit het gewoonlik op hewige argumente en barbaarse gevegte uitgeloop: "daar op de grond onder de schaduw van de 'bar' liggen er twee halfbeschonken jongens de een boven de ander, overwinnaar en overwonne," laasgenoemde "in bloed gewenteld en met zyne aangezicht op gruwelike wijse geschonden".[12]

---

8. A.G.H. Loubser: <u>De Achterbuurten van Kaapstad</u>, p. 28.
9. A.G.H. Loubser: <u>De Achterbuurten van Kaapstad</u>, p. 28.
10. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 24-25; <u>De Kerkbode</u>, 13 Junie 1918, p. 561; <u>De Kerkbode</u>, 28 November, p. 131.
11. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, pp. 26-27; <u>De Kerkbode</u>, 26 Januarie 1927, p. 135.
12. A.G.H. Loubser: <u>De Achterbuurten van Kaapstad</u>, p. 34.

Sulke gebeure het 'n alledaagse verskynsel geword. Dit was as't ware 'n lewenswyse, 'n sub-kultuurverskynsel, 'n bose kringloop wat sy begin gewoonlik by die vader, die broodwinner gehad het. Laasgenoemde het sy verantwoordelikheid heeltemal oorboord gegooi. Sy karige loon is feitlik alles deur drankmisbuik opgeslurp. Die weerlose kinders het gewoonlik aan die kortste ent getrek en met verloop van tyd was die vader 'n goeie "kandidaat" om 'n misdadiger te word.[13] Sy inkomste moes desnoods aangevul word en was nie altyd uit eerlike bronne nie. Trouens, drankmisbruik en misdadigheid was die twee kante van dieselfde muntstuk.[14]

Drankmisbruik was egter ook 'n vorm van "tydverdryf". Sosiale geriewe was, wat gekleurdes betref, buite die kwessie. Die gewildste sosiale bymekaarkomplek was die sg. "sjebeen" ofte wel smokkelhuis. Dit het van "elite" kwartier tot die veragtelikste kaiatjie gewissel waar drank van lae gehalte en soms skadelike brousels vrylik beskikbaar was.[15]

---

13. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 20.
14. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 24; UG 3-'1921 Report of the Commissioner of Police. 1921, p. 8.
15. UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 27.

Alkoholmisbruik was een van die hoofoorsake en gevolge van die arm ekonomiese toestand van 'n groot getal gekleurdes. Kortom, dit was 'n wisselwerkende situasie.[16]

Dobbelary en drankmisbruik het hand aan hand gegaan. Straathoeke was die gewildste bymekaarkomplekke vir die dobbelsteentjiespel. Die deelnemers het alle ouderdomsgroepe ingesluit. Dit was natuurlik 'n onwettige tydverdryf. Daarom is "wagte" aangestel om die dobbelaars teen die polisie te waarsku. Die sein was altyd: "Pasop!, daar kom die kērel (diener) aan".[17] Die polisie het min sukses in die bekamping van dobbelary gehad.[18]

In Kaapstad het misdaad gefloreer.[19] Die witmense in hul "heerlike huizen en lieflike paleizen en aangename buurten in onze skone stad" was salig onbewus van die ellende en boosheid wat hom in die agterbuurtes afgespeel het.[20]

---

16. UG 3-'21 Report of the Police Commissioner 1921, pp. 6, 23; UG 54-'37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 27.
17. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 34.
18. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 34.
19. UG 43-1930 Annual Report of the Commissioner of Police for the year 1929-1930, pp. 12-15; UG 24-1929 Annual Report of the Department of Public Health 30 June 1926, p.54; Cape Times, 4 March 1931, p. 18.
20. UG 43-1930 Annual Report of the Commissioner of Police for the year 1929-1930, pp. 12-18; Cape Times, 13 March 1931, p. 11; S.R.P 7/15 Official Year Book 1926-1927, p. 328; S.R.P 7/15 Official Year Book 1928-1929, p. 312.

Die berugte Well's Square was 'n sinnebeeld van die sosiale haglikheid van die veragterde gemeenskap "gelegen in't hartje van Distrik Ses in de verliederlikt en hachlijken toestanden".[21]) Hier het die opdrifsels van die gemeenskap saamgekoek.[22]) Die kroeë soos byvoorbeeld die "Eagle Tavern" was deurentyd oorvol.[23]) Voorts het die onguurste van karakters daagliks in "Coffee Lane", "Dry Docks" en "Jerry Lane" rondgedrentel en leeggelê.[24])

Verwaarloosde en veragterde witmense is in die geteisterde gekleurde gemeenskap aangetref. Daar was baie kinders waarvan 'n aansienlike getal buite-egtelik was. Die polisie het hul hande vol gehad om wet en orde te handhaaf en misdadigers aan die man te bring.[25]) Die voetpatroleerders het die beste resultate gelewer maar dit was veral "Black Maria", die polisievangwa, wat misdadigers die skrik op die lyf geja het. Beskonke vroue was ook 'n algemene verskynsel. Die polisie moes met oorleg met die teenoorgestelde geslag te werk gaan!

---

21. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 44.
22. 3/CT 1/1/6/4/21 Minutes of the meeting of Cape Town City Council - Agenda and Resumé-, 23 August 1917, p. 335.
23. 3/CT 1/1/6/4/23 Minutes of the meeting of Cape Town City Council - Agenda and Resumé-, 22 December 1919, p. 836.
24. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p.60; G. Manuel: District Six, p. 44.
25. UG 3-'21 Report of the Police Commissioner 1921, pp. 6-7; G. Manuel: District Six, p. 44.

Maandagoggende was die landdroshof van Caledonplein baie bedrywig. Dan het al wat misdadiger en beskonkene wat oor die naweek "opgetel" was, voor die regbank verskyn. "Loitering and failing to give a satisfactory account" was 'n "gewilde" en tipiese aanklag.[26] Sulke persone het gewoonlik die reputasie van uitlokking en prostitusie gehad. Van hulle is ook vir dieremishandeling en selfs aanranding van polisie-amptenare aangekla. Laasgenoemde het soms terwyl die polisie 'n klopjag op "een schlect huis" gedoen het, plaasgevind.

Die berugte "steengroeve" was een van die versamelpunte van die misdadiger- en onsedelike elemente. Ordeliewende, ordentlike mense het dit daar naby nie gewaag nie. Hierdie "Rendezvouz" het geen kleurskeidslyn geken nie. Dit was die nagtelike "toevlugsoord" van wat as die "skuim van die gemeenskap" bekend gestaan het.[27]

Hier het onsedelikheid en dronkenskap hoogty gevier. Bedags het die betrokkenes doelloos in die strate rondgeluier en snags het hulle hul na die onheilshool, die "Steengroeve" gewend.[28]

---

26. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p.46.
27. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 54.
28. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 58.

Bekommerde individue en instansies het egter nie bogemelde situasies sonder meer gelate aanvaar nie.[29] Selfs die alombekende dr. A. Abdurahman het op sy vele kruistogte t.o.v. politieke regte vir die gekleurdes, die kwessie van drankmisbruik onder laasgenooemdes aangespreek. Hy het na "the drink evil, the drink curse, the greatest curse that can afflict any people..."verwys.[30] Hy het tegelykertyd die gekleurdes aangemoedig deur te verklaar: "by leading honest, moral lives that you are entitled to the fullest political freedom".[31] Dit was per slot van rekening die allesoorheersende en allesbeslissende faktor m.b.t. die gekleurdes se algemene welsyn.

´n Ander merkwaardige persoon wat haar oor die ellendiges in hul benarde maatskaplike toestand ontferm het, was die legendariese Suster Nannie wat aanvanklik selfstandig opheffingswerk onder die gevallenes in die agterbuurtes van Kaapstad

---

29. S.W. Lavis: Overcrowding and the open sore of the slums, pp. 4-15; S.W. Lavis: The Pity of it! and Bethlehem, pp. 1-4; S.W. Lavis: The South African Poverty-stricken Proletariat, pp. 1-8; Minutes of the meeting of the Women´s and Missionary Society of the A.M.E.-Church-Bethel Congregation, 14 September 1920, (n.p.)
30. A.P.O., 9 April 1910, (n.p.)
31. Minutes of the meeting of the Women´s Mite and Missionary Society of the A.M.E.-Church-Bethel Congregation, 24 April 1923, (n.p.); G. Manuel: Kampvegters, p. 88; Anonymous: Y.M.C.A-Leadership in crucial times. "Let us build",pp.1-2.

gedoen het.[32] In 1929 het die Ned. Geref. Sendingkerk haar amptelik aangestel om haar "reddingswerk", soos sy dit self genoem het, voort te sit.[33]

Suster Nannie se regte naam was Anna Tempo. Sy was die dogter van Magove en William Tempo, ´n slawe-egpaar uit Mosambiek. Reeds as kind is sy in die Christelike lewenswyse grootgemaak. As gevolg van haar agtergrond het sy aanvoeling en meegevoel met die uitgestotenes en vertraptes besit.

As jonge dogter het Anna in diens van ´n mej. H. Schreiner (suster van die vermaarde Olive Schreiner en die bekende W.P. Schreiner, die Kaapse Parlementslid) getree.[34] In daardie stadium het die nood van haar mense haar aan die hart gegryp en aangemoedig en geïnspireer deur haar vrome werkgeefster het sy haar na die strate van Distrik Ses begeef om ´n reddende hand na

---

32. S.K.G. 7 2-1 Brieweboek Ned. Geref. Sendingkerk Ebenezer-Kaapstad, 30 November 1929, (n.p.); S.K.G 7 2-1 Brieweboek Ned. Geref. Sendingkerk Ebenezer Kaapstad, 12 November 1929, (n.p.) G. Manuel: Kampvegters, p. 27.
33. Anonymous: Y.M.C.A. Leadership in crucial times: "Let us build", p. 2; G. Manuel: Kampvegters, p. 20.
34. S.K.G 7.2-1 Brieweboek. Ned. Gerf. Sendingkerk Kaapstad, 30 Januarie 1929 (n.p.) G. Manuel: Kampvegters, p. 95.

die arme en euwelgeteisterdes uit te steek.[35] Saam met die alombekende getroue sendingwerker A.G.H. Loubser het sy die donker gange en steë van die agterbuurtes aangedurf.[36] Weldra het sy die geliefde naam "Suster Nannie" verwerf. Die benaming "Nannie" (eintlik 'n baie liefderyke titel) is veral deur die stedelike witmense se kinders en hul moeders aan hul nie-wit oppasters wat hulle feitlik grootgemaak het (soms gesoog het!) gegee. Dit is ook later veral in Kaapstadse kringe, aan die ou eerbiedwaardige gekleurde vroedvroue, in baie gevalle ongekwalifiseerd, maar toebedeel met ryke ervaring en toewyding, gegee.

Suster Nannie se primêre teiken was die gevalle ongehude moeders en verwaarloosde straatvroue.[37] Sy het terselfdertyd die Evangelie verkondig want Suster Nannie het ook die sieleheil van dié ongelukkige mense op die hart gedra. Saam het sy en die manmoedige mnr. Loubser die lief en leed gedeel en die gevare getrotseer wat die arbeid van hul bedryf ingehou het.[38] Hulle het die armoede en die ellende wat daaruit voortgespruit het, tot in hul diepste wese ervaar.[39]

---

35. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 21-57; G. Manuel: Kampvegters, pp. 95-98.
36. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 102-103; G. Manuel: Kampvegters, p. 97.
37. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 39.
39. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 37-39; Cape Sun, 8 September 1933, p. 1; G. Manuel: Kampvegters, p. 96.

Suster Nannie se vorige werkgeefster, Mej. Schreiner wat intussen mev. Stakesby-Lewis geword het, het haar die pos as matrone van die hostel, (die latere bekende Stakesby-Lewishostel) wat sy self tot stand gebring het, aangebied.[40]) Suster Nannie was die geskikste en ideale kandidaat want met haar ervaring en ambisie om ander, veral die minderbevoorregtes te help, sou sy haar uitstekend van genoemde taak kon kwyt. Sy het ook oor die nodige eienskappe beskik om 'n sukses van die onderneming te maak. Suster Nannie het die aanbod aangeneem en tegerlykertyd 'n "Reddingshuis", die Suster Nanniehuis, gestig. Hier is die arm verwaarloosde jong vroue, die meeste ongehuud, wat sy van die strate aangekeer het, versorg en geleer om die basiese vaardighede van was en stryk aan te leer.[41]) Hulle sou dan hulself as "deskundiges" op daardie gebied aan die witmense kon verhuur wanneer hulle die "Reddingshuis" verlaat het. Dit sou hulle van 'n eerbare en eerlike inkomste verseker.

Suster Nannie was vir die gesonkenes en die mense van die agterbuurtes soos 'n skutengel. Haar nagedagtenis word deur die ganse

---

40. G. Manuel: Kampvegters, p. 96.
41. Anonymous: Y.M.C.A.- Leadership in crucial times - "Let us build". p. 2; G. Manuel: Kampvegters, p. 98.

Ned. Geref. Sendingkerk in ere gehou.[42)]

'n Naam wat sinoniem met Distrik Ses was dié van Christiaan Ziervogel. Hy het ten spyte van al die haglike omstandighede waarin hy geleef het homself veral akademies opgelei en toegerus. Terselfdertyd het hy ook ander minderbevoorregtes gehelp. Hy was die toonbeeld van die "selfgemaakte" mens.

Armoede was 'n struikelblok wat hy met deursettingsvermoë oorkom het deur o.a. allerlei peuselwerkies te doen. Deur privaatstudie het hy akademies ontwikkel. Hy het in die Teologie belanggestel maar die finansiële eise was buite sy bereik om sy ideale in daardie rigting te verwesenlik. Hy het as lekeprediker opgetree en dikwels op die Kaapstadse Parade gepreek. Hy het ook liefdadigheids- en opheffingswerk onder vervalle elemente van die Kaapstadse gekleurde samelewing verrig.[43)]

Ziervogel se arbeidsveld was die skemerwêreld waar diefstal, dobbelary, onsedelikheid en die bendes gebotvier het.[44)] Hy wou die vervallenes "hervorm". Die muur waarteen hy homself soms vas-

---

42. Anonymous: <u>Y.M.C.A.-Leadership in crucial timmes - "Let us build</u>, (n.p.)
43. Al J. Venter: <u>Coloured: A profile of two million South Africans</u>, p.70; G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 32; C. Ziervogel: <u>Know this Brown South Africa</u>, pp. 1-8.
44. UG 3-1921 Report of the Police Commissioner 1921, p.30.

geloop het, was gedug. Die mense was vasgevang in die armoedesindroom en die gemeenskap en sy leiers het nie oor die finansiële vermoëns en bystand van buite beskik om hulle daaruit te bevry nie.[45]

Ziervogel was 'n entoesiastiese versamelaar van boeke. By die boekstalletjies op die Parade het hy soveel boeke moontlik gekoop. Mettertyd het hy 'n goeie biblioteek opgebou.[46] Hy was 'n "wandelende ensiklopedie" en was as die "Professor van Distrik Ses" bekend. Hy was baie geïnteresseerd in die geskiedenis van die gekleurdes en het deur sy pennevrug en sy lesings baie daartoe bygedra.[47] Baie intellektueles het van Ziervogel se boekeversameling gebruik gemaak en hy het dit ook tot die beskikking van die mindergegoedes gestel. Sy naam was ook by sekere hoogaangeskrewe buitelanders bekend en 'n voormalige ondervoorsitter van die Verenigde Volke-Organisasie, dr Ralph Bunche, het tydens 'n besoek aan Kaapstad van Ziervogel se biblioteek gebruik gemaak. Selfs 'n wêreldbekende Amerikaanse koerant soos die Christian Science Monitor het van Ziervogel se voortreflikhede gewag gemaak.

---

45. C. Ziervogel: Brown South Africa, pp. 26,43; S.W. Lavis: The Pity of it! and Bethlehem, p. 4; A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 28-34.
46. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 156; G. Manuel: Kampvegters, pp. 34-35; Al J. Venter: Coloured: A profile of two million South Africans, p. 70.
47. G. Lewis; Between the Wire and the Wall, p. 156; G. Manuel: Kampvegters, pp. 34-35; Al J. Venter: Coloured: A profile of two million South Africans, p. 70.

By tye het dit gelyk of Ziervogel soos die spreekwoordelike profeet "nie in sy eie land geëer word nie". Dog; hy het voortgegaan om die nood van sy mense te bepleit en om invloedrykes se aandag daarop te vestig. In dié proses het hy sy mense aangemoedig om hulself te help en veral die onderwys as instrument daarvoor te benut.[48] Hy het in sy mense se potensiaal geglo en het dit ook só uitgedruk: "As die bruinmense die geleentheid kan kry om meer te verdien en dus meer tot die nasionale inkomste kan bydra sal hy ook 'n beter burger kan word en tot die ontwikkeling van die land kan bydra".[49]

Soos baie van sy geesgenote het Ziervogel homself vir sy saak uitgebrand en op redelike vroeë ouderdom op 1 November 1957) gesterf.[50]

Die instansie wat hom by uitstek vir die bestryding van drankmisbruik onder gekleurdes beywer het, was die Independent Order of True Templars (I.O.T.T.) Dié beweging het drankmisbruik as die enkele grootste rede vir die gekleurdes se ondergang, beskou.[51] Daarby was die lede van die organisasie verbete eksponente van geheelonthouding.

---

48. G. Manuel: Kampvegters, p. 36-37; C. Ziervogel: Know this Brown South Africa, pp. 1-12.
49. G. Manuel: Kampvegters, p. 36.
50. G. Manuel: Kampvegters, p. 37.
51. De Kerkbode, 13 Junie 1918, p. 561; De Kerkbode, 28 November 1918, p. 1311; A.P.O., 29 July 1911, p. 1.

Die I.O.T.T. het sy wortels ver na die gryse verlede teruggevoer te wete die talryke ridderordes wat veral gedurende die Middeleeue ontstaan het. Die beweging se naam is spesifiek aan die Ridders van die Tempel van Salomo ontleen.[52] In 1851 het dit as die International Order of Good Templars onder leiding van John Fox Smith in Suid-Afrika begin arbei. Met verloop van tyd is die organisasie stewig in Kaapstad gevestig. In 1890 het die I.O.T.T. wat uitsluitlik onder gekleurdes gearbei het, afgestig. Dit het as doelwit gehad:

"To serve God and their fellow-men"[53] en "not to make, sell, buy, use, give, or cause to be given to others, any kind of intoxicating liquor, or any drugs, and will try as far as possible to reclaim those who have fallen into the sin of drunkenness and to drive this destroying curse out of our land".[54]

Die "Ware Tempeliere" soos hulle hulself genoem het, was onverbiddelike kruisvaarders teen drankgebruik en het veral hewig teen die berugte dopstelsel te velde getrek.[55]

---

52. G. Manuel: Kampvegters, p. 42.
53. J.M. Maurice: Centenary Souvenir with History of the Independent Order of True Templars (I.O.T.T.) 1875-1975, p. 6.
54. J.M. Maurice: Centenary Souvenir with History of the Independent Order of True Templars (I.O.T.T.) 1875-1975, p. 6.
55. De Kerkbode, 28 November 1918, p. 1131.; A.P.O., 24 December 1910. (n.p.) Minutes of the meeting of the Women's Mite and Missionary Society of the A.M.E.-Bethel congregation, Cape Town, 22 February 1921, p. 31.

Hulle het ook die Kerk, ofskoon hulle interdenominasionaal was, as bondgenoot probeer betrek. Hulle het ook noodlenigingswerk verrig as die geleentheid hom voorgedoen het en was veral met die 1918-Griepepidemie behulpsaam.[56]

Distrik Ses was vir die Tempeliere een van die tergendste uitdagings, o.a. omdat soldate van die ou kaserne en seelui van vele lande hulle snags na die bordele en sjebeens van Distrik Ses begeef het.[57] Dit was een van die gevaarlikste situasies, maar die Tempeliere het geen vrees geken nie en hul taak meedoëloos voortgesit. Gelukkig kon hulle op die bystand van die polisie en dié van die sendinggenootskappe staatmaak.

Die I.O.T.T. het ook die ekonomiese nood van die gekleurdes van Kaapstad se agterbuurtes raakgesien. Hulle was armlastig, werksku en sorgloos. Baie van hulle moes geleer word om geld eerlik te verdien, te waardeer, oordeelkundig te bestee en te spaar. 'n "Penniebank" is gestig en pennies en "tiekies" (drie pennies) is Saterdae in die "bank" opgeneem.[58] Die bedrae van

---

56. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 42.
57. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 42.
58. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 45.

die "beleggers" is sorgvuldig opgeteken tot op 'n dag byvoorbeeld Nuwejaarsdag, wanneer hulle dit nodig sou kry. Dié onderneming was nogal suksesvol. Die I.O.T.T. het van krag tot krag gegaan en sy werksaamhede het op vele terreine uitgebrei. Waar die I.O.T.T. bedrywig was, het misdaad 'n afname getoon. Daar is ook om politieke regte, veral die stemreg, gestry.[59)]

Die I.O.T.T. het ook 'n kindervleuel, ñl. die Band of Hope, in die lewe geroep.[60)] Die kinders is van jongs af teen die drankeuwel en sy ellendige en tragiese nasleep gewaarsku. Kaapstad het spoedig 'n hele paar van dié Band of Hope-takke, veral by die kerke, ingeskakel gehad. Die "Band" het baie daartoe bygedra om die kinders van die strate af te hou.[61)]

Die I.O.T.T. het baie bekwame leidsliede gehad waaarvan een van die voortreflikste die heer Bennie Barron was.[62)] Hy was 'n vurige kampvegter en kruisvaarder vir sy organisasie en was by geleentheid "die tweede Hoofd Tempelier in Reizende Zendeling" in

---

59. J.M. Maurice: Centenary Souvenir with History of the Independent Order of True Templars (I.O.T.T. 1875-1975, p. 6.
60. Cape Sun, 25 November 1932, p. 7; A.P.O., 2 October 1920, p. 3. Book no.2. Record of Income and Expenditure of the Bethel African Methodist Episcopal Congregation Cape Town: Letter dated 5 October 1910, (n.p.); Letter dated 11 February 1914, (n.p.)
61. Cape Sun, 25 November, 1932, p.7.
62. Book no. 2: Record of Income and Expenditure of the Bethel African Methodist Episcopal Church: Letter dated 5 October 1910, (n..p.); Letter dated 11 February 1914, (n.p.)

die Kaapprovinsie.[63] Op die platteland sowel as in Kaapstad was Bennie Barron bedrywig. Sy ywer om die gevallenes te help, op te hef en te red het geen perke geken nie. Die naam van Bennie Barron en die I.O.T.T. was sinoniem.[64]

Daar was ook ander sendingwerkers wat hul oor die nood van die arme gekleurdes van Kaapstad ontferm het.[65] Ds. G.B.A. Gerdener (later dr.) die bekende sendingkenner, het die kinderoord "Uitkomst" in 1916 vir "verwaardloosde kinderen" gestig.[66] Die werk is deur private bydraes en skenkings van weldoeners aan die gang gehou. Dié koste in laasgenoemde verband was ongeveer 30 Britse ponde per maand. Die matrone was 'n mej. Martha Murray. Tydens en na die Groot Griepepidemie (1918) het die getal kinders by die "kinderoord" toegeneem en is aan uitbreiding gedink.[67] Die kinders is opgelei in veral "praktiese zaken, sodat zij later hien eigen brood zullen kunnen verdienen.[68]

Die "Inrichting vir Kleurling Jongens" in St. Phillipstraat, Distrik Ses is in 1910 opgerig. Dit het onder leiding van die here L. Frylinck en E. Abrahamse gestaan. Hulle is deur mev.

---

63. G. Manuel: Kampvegters, pp. 38-47.
64. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 107.
65. G. Manuel: Kampvegters, p. 96.
66. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 81.
67. 3/CT Vol. 1/1/6/4/23 Cape Town City Council. Agenda and Resume, p. 56.
68. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 82.

Frylinck, ´n mej. Julius en "eenige jongens uit die bekeerlingen" bygestaan. Hierdie inrigting het arm verwaarloosde gekleurde kinders gehuisves. Hulle was gewoonlik "geboren in die diepte van armoede en in huise ver van rein".[69] Die jong kinders is direk van die straat na die inrigting geneem. Na baie jare van intensiewe bearbeiding en oneindige geduld is van hulle tog gerehabiliteer.

Die heer F.G. Lowe het met "Reddingswerk" by Rutgerstraat 65 in Distrik Ses begin. Dit was geleë in een van die armoedigste dele van die gebied. Die werksaamhede is later na "Coffee Lane" in die berugte Well´s Square uitgebrei.[70] Later het die here R.A. Stewart en G. Hollingshead hul gewig by die heer Lowe ingegooi.[71] By inrigtings is o.a. soggens en saans dienste gehou en gratis maaltye bedien.

"´n Aansienlike gedeelte van die Kaapse Kleurlinge kan as ´n maatskaplik versonke bevolking bestempel word".[72] Dit was o.a. die gevolgtrekking na ´n intensiewe ondersoek in die vroeë dertigerjare oor die gekleurdes. Daarvolgens is beweer dat die gekleurdes inherent nie sleg was nie. Die meeste van hulle was begaan oor hul fisiese en sedelike welsyn en het

---

69. A.G.H. Loubser: <u>De Achterbuurten van Kaapstad</u>, p. 83.
70. 3/CT Vol. 1/1/6/3/28 Town Clerk. Agenda and Reports, p. 38.
71. A.G.H. Loubser: <u>De Achterbuurten van Kaapstad</u>, p. 90.
72. UG 54-1937 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 19.

daarna gestreef om ordentlike lewens te lei.[73] Die mense was egter deur armoede getref; iets wat hulle nie kon hanteer nie. Hulle het nie genoeg kos gehad nie, m.a.w. ondervoeding en slegte voeding was aan die orde van die dag.[74] Daarbenewens het hulle ook feitlik niks besit nie. Daar het dus ook 'n selftrots m.b.t. eienaarskap by hulle ontbreek.

Bejaarde gekleurdes veral was deur armoede geteister. Die meeste van hulle het by hul kinders ingewoon en gevolglik in die gesin se armoede gedeel. In sommige gevalle was dié oues van dae vir die gesin 'n bate aangesien hulle ouderdomspensioene ontvang het. In baie gevalle het juis hulle a.g.v. hulle weerloosheid aan die kortste ent getrek.

Teen 1928 was gekleurdes se pensioentoelae oor die algemeen 18 Britse ponde per jaar.[75] Wit pensioentrekkers het 30 Britse ponde per jaar ontvang. In stedelike gebiede was dit 30 sjielings per maand; in plattelandse gebiede was dit 10-15 sjielings per maand. Dit was vir die betrokke mense heeltemal ontoereikend om liggaam en siel aanmekaar te hou.

---

73. UG 54-1937 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 19.
74. UG 54-1937 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 20.
75. UG 54-1937 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 138.

Ook was die ouderdomsperk vir gekleurde vroue om as pensioentrekkers te kwalifiseer, te hoog. Die meeste van die arm ou mense kon, toe hulle nog hul arbeidskragte gehad het, nie in hul oudag voorsien nie. Met die besoldiging wat hulle toentertyd ontvang het, was dit onmoontlik.[76] Dit was moreel verkeerd om die arm ou mense as voorwerpe van liefdadigheid te beskou. Die meeste van hulle het deur hul arbeid tot die ekonomie van die land en die groei van die bevolking bygedra. Die staat en die gemeenskap het 'n verpligting teenoor hulle gehad, 'n verpligting wat nie tot sy volle reg gekom het nie.

Die Gemeenskapskas was by uitstek die instansie wat sosiale probleme soos bogemelde aangespreek het. Die Gemeenskapskas is vandag 'n Kaapse sowel as 'n nasionale sosiale instelling.[77] Van die begin van sy ontstaan was die Gemeenskapskas by veral die minderbevoorregtes en behoeftiges van Kaapstad betrokke. Hieronder het die gekleurdes, uit die aard van die saak, geressorteer.

Die gedagte van 'n "gemeenskapskas" is vir die eerste keer op 'n vergadering van die Kaapse Rotariërs op 18 Augustus 1927 geopper.

---

76. UG 54-1937 Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kleurlingbevolking, p. 138.
77. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 13 February 1929-30 October 1930; Anoniem: Die Gemeenskapskas 1928-1988, 60ste Jaarverslag, Weekend Argus, 3 March 1990, p. 2.

Dit het aanvanklik teenstand ervaar omdat geredeneer is dat die Kas "die menslike element uit liefdadigheid sou haal".[78] Selfs die Kaapstadse Stadsraad is moeilik oortuig dat die Kas 'n bestaansreg gehad het. Na vele beraadslagings is die Gemeenskapskas op 4 April 1928 gestig. Die eerste fondsinsameling ten behoewe van hulpbehoewendes is op 28 November 1928 van stapel gestuur en dié onderneming was hoogs suksesvol. Na alles afgehandel was, het die opbrengs ongeveer 7812 Britse ponde beloop. Die Gemeenskapskas se noodsaaklike betrokkenheid by die arm gemeenskap is met die volgende uitspraak gestaaf: "Die instellings wat sonder voorbehoud of uitsondering van die Kas afhanklik is vir ondersteuning getuig dat die Kas uit hulle oogpunt 'n algehele sukses is en dat opskorting van sy bystand 'n ramp sou wees.[79]

Die Gemeenskapskas het hom oor die jare wat gevolg het, vir die volgende maatskaplike probleme beywer nl. dienste aan bejaardes, kindertehuise, die werkende jeug, rehabilitering van liggaamlike en geestelike gestremdes, gesinsorg en opvoedingssentra. Die Kas het sedertdien "tot 'n uiters professionle fondsinsamelingsliggaam ontwikkel wat deur 'n klein kern van heeltydse werknemers en duisende vrywilligers volgens sake beginsels bedryf word".[80]

---

78. Anoniem: Die Gemeenskapskas 1928-1988, 60ste Jaarverslag, (n.p.).
79. Anoniem: Die Gemeenskapskas 1928-1988, 60ste Jaarverslag, (n.p.).
80. Anoniem: Die Gemeenskapskas 1928-1988, 60ste Jaarverslag,. (n.p.).

Die Gemeenskapskas was by uitstek ´n koördinerende fondsinsamelaar. Hy het soveel as moontlik liefdadigheidsinstansies onder sy sambreel en vleuels probeer kry. Sy donateurs en medewerkers was o.a. maatskappye, hoogaangeskrewe en gewone individue. Benewens sy gewone fondsinsamelingsveldtogte het hy ook sy reserwes d.m.v. salarisaftrekkings, boedels en trustsdividende en rente, toelaes en promosies aangevul.[81)]

Die Gemeenskapskas het ´n gedugte en ywerige uitvoerende korps gehad. Hulle het uit die geledere van gemeenskapsorganisasies soos die Marion Institute, die Young Men´s Christian Association, die St. Monica´s kraaminrigting en die General Board of Aid gekom. Die ou "kruisvaarder", staatmaker onder die arm gekleurdes van Kaapstad en eerbiedwaardige kerkman Biskop S.W. Lavis, was ook een van die Gemeenskapskas se ondersteuners.[82)]

Op ´n komiteevergadering van die Gemeenskapskas op 28 Augustus 1928 is veral op die faktor van verbondenheid aan lede klem gelê. Die volle implikasies m.b.t. die groot werk van die Kas is ook aan lede uitgespel.

---

81. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 13 March 1929, p. 1.; Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 16 August 1928, p. 1.
82. Cape Argus, 9 June 1928, p. 2.

Die plaaslike koerante het ook die saak van die Gemeenskapskas probeer bevorder. Hulle het veral verwys na ongemagtigde kollektante en het die publiek in daardie verband gewaarsku. Hulle het beweer dat daardie ongeoorloofde kollektante groot bedrae geld op onwettige wyse ingesamel het.[83] Daar is ook gemaan dat kollektante van ander welsynorganisasies nie onder die vaandel van die Gemeenskapskas moet kollekteer nie. Die Gemeenskapskas wou graag 'n welwillende gesindheid teenoor soortgelyke organisasies openbaar. Hy wou ook graag by die liefdadigheids- en sosiale behoeftes van die gemeenskap en die werk van die verskillende organisasies wat die nood verlig het, betrokke wees.[84] Die arm gemeenskap en sy probleme het by die Kas voorop gestaan. Dit was egter baie duidelik dat die Kas ook volgens die strengste sakebeginsels bedryf is. Van tekorte moes daar hoegenaamd geen sprake wees nie.[85]

Op die vergadering van 13 Februarie 1929 van die Raad van Direkteure van die Gemeenskapskas, is die volgende statistieke vrygestel.[86] Dit was die vrug van die arbeid van die ledeverenigings van die Kas: 1. Oor die 1800 maaltye is aan hulpbehoewende kinders en skole in die Skiereiland verskaf. Dit

---

83. Cape Argus, 9 June 1928, p. 3.
84. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 17 February 1928, (n.p.)
85. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 13 February 1929, (n.p.)
86. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 13 February 1929, (n.p.)

was benewens die sopkombuise en melkklubs. 2. Aan duisende arm weduwees en gesinne is noodleniging verskaf. 3. Hulp is verskaf aan vriendelose meisies en vroue in hul uur van nood., o.a. kraamhulp. Daarna is hulle na vriende gestuur en onder gesonde omstandighede geplaas. 4. Versorging, kos en hulp is aan teringlyers voor en na sanatoriumbehandeling verskaf. 5. Honderde hulpbehoewende weeskinders, gekleurdes ingeslote, is in tehuise versorg en opgelei en voorberei vir toekomstige burgerskap. 6. Fabrieks- en ander nie-wit meisies is opgelei om as huisbediendes te gaan werk. 7. "Reddingswerk" onder die Reddingswerkkomitee van die Ned. Geref. Sendingkerk. Dit het hoofsaaklik om gevalle van verwaarloosde en ongehude gekleurde meisies gewentel. 8. Die versorging van blindes m.b.t. werkverskaffing, voedsel en kleding. 9. Nagenoeg 1000 ontslane gevangenes is behandel en met die nodige raad en bystand aan hul afhanklikes, na simpatieke werkgewers gestuur.

Daar is voorts op bogemelde vergadering besluit om 'n beroep op die publiek te doen om die Kas se kollektante simpatiek te ontvang. Die vrug van laasgenoemde se ondernemings is immers tot die voordeel van die hele sorgbehoewende gemeenskap aangewend. "Gee met blymoedigheid" moes die wagwoord wees.[87)] Daarvoor

---

87. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 25 February 1929, (n.p.)

sou vireers 'n groot openbare vergadering onder voorsitterskap van die Burgermeester in die stadsaal gehou word.

Op die vergadering van die Gemeenskapskas op 25 Februarie 1929 is gerapporteer dat finansiële vooruitsigte nie baie rooskleurig was nie.[88] Dit is veral toegeskryf aan beloftes van voornemende donateurs wat nie gematerialiseer het nie. Laasgenoemdes sou beslis aangespreek word. Daar sou ook met die spreekwoordelike vergrootglas na kollektelyste gekyk word om onreëlmatighede te voorkom en die maksimum benutting daaruit te haal. Sommige instansies het ook toestemming van die Kas gevra om hul eie kollekte-ondernemings te loods. Dit sou hul fondse direk kon versterk. Die Kas het egter besluit dat geldelike voorskotte aan sodanige instansies gemaak sou word sodat hulle hul verpligtinge kon nakom.[89]

Van toe af het die Gemeenskapskas homself hart en siel in die noodsituasie van die noodlydendes ingewerp. Tegelykertyd het die arm gemeenskap self ook van die waarde van die Gemeenskapskas kennis geneem. Daar is berig dat "Kaapstad (het) sy geloof in

---

88. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 25 February 1929.
89. Anoniem: Die Gemeenskapskas 1928-1988, 60ste Jaarverslag, (n.p.).

die Gemeenskapskas dermate laat blyk dat in die tien jaar van die Kas se bestaan, die bydraes vir die jaar genoeg was om aan alle aansprake gehoor te gee".[90] Die deure van die Kas het vir enigiemand wat behoefte ervaar het oopgestaan. Alhoewel die Kas hoofsaaklik op die ondersteuning van bepaalde instansies en inrigtings ingestel was, is individue wat persoonlik in hul nood om hulp kom aanklop het, nie met leë hande weggestuur nie.[91]

Die Gemeenskapskas het met verloop van tyd in die harte van die hele gemeenskap van veral Kaapstad, rykes sowel as armes, ingekruip. Vir laasgenoemdes was dit 'n "toevlugsoord". Voorts was die Kas as die morele en maatskaplike gewete van die mense beskou. Die Kas is ook bestempel as 'n liggaam wat omgegee het. Die Moederstad se minderbevoorregtes en o.a. die arm gekleurdes was vir hom 'n werklikheid. Die Gemeenskapskas het hom dit ten doel gestel om daardie werklikheid daadwerklik aan te spreek.

Op die vergadering van 14 Maart 1929 was hulpbehoewende kinders hoog op die agenda.[92] Die verteenwoordigers van die verskeie organisasies wat in die Gemeenskapskas se direksie gedien het,

---

90. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 30 October 1930. (n.p.)
91. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 14 March 1929, (n.p.)
92. Minutes fo the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 14 March 1929, (n.p.)

het beloof dat hulle hul donateurs sou aanspoor om die Kas ook te ondersteun.[93] Die nood onder die armes van Kaapstad was groot en skenkings, kollektes en subskripsies sou beslis vermeerder moes word.[94] Voorts is besluit dat na meer organisasies - godsdienstig sowel as sekulêr - vir aansluiting by die Kas uitgereik moet word. Hulle moes almal by die Kas se werksaamhede betrek word. Daar kon nie toegelaat word dat die armes gebrek moes ly nie.

Die drie inrigtings vir gekleurdes in Kaapstad nl. die Nanniehuis, die Marion Institute en die St. Monica-tehuis is deur die Gemeenskapskas ondersteun.[95] Die skenkings aan die General Board of Aid en die Y.M.C.A. is ook o.a. aan die arm gekleurdes bestee.

Op 'n Vergadering van die Gemeenskapskas op 31 Julie 1929 is melding gemaak dat vyf nuwe instansies, naamlik die Athlone-skool vir Blindes, die Civilian Blind Association, die Care Committee vir tuberkulose-pasiënte, die Girl Wayfarers Association ('n junior-afdeling van die Marion-instituut) en die Cape Province Remedial Clinic, om finansiële hulp aansoek gedoen het.[96] Met

---

93. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 14 March 1929, (n.p.)
94. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 14 March 1929, (n.p.)
95. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 14 March 1929, (n.p.)
96. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 31 July 1929, (n.p.)

die uitsondering van laasgenoemde instansie is almal se aansoeke goedgekeur. Die kliniek is egter nie sonder meer afgeskryf nie. Hulle kon verder onderhandelinge voer. Die nood onder die mense was immers te groot om hul aansoeke sommer so voor die voet af te wys.

Die Gemeenskapskas het glad nie geskroom om sy voelers na die groot finansiële instellings soos die banke, uit te steek nie. Veral die Standard- en die Barclays Bank is genader.. Groot waarde is geheg aan en peil getrek op die plaaslike hoogwaardigheidsbekleërs, nl. die Burgermeester en die Administrateur se ondersteuning want dit het groot simboliese betekenis gehad. Hul aansien in die gemeenskap sou die Gemeenskapskas se saak versterk. In daardie stadium het die werksaamhede van die Kas onder die armes ver buite die grense van die Skiereiland gestrek.[97)]

Op die vergadering van 10 Oktober 1929 is 'n brief van die African National Congress voorgelees.[98)] Laasgenoemde het 'n ondersoek na die toekenning van R384 (destyds ongeveer 192 Britse ponde) aan die Nannie-huis aangevra.

---

97. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 21 July 1929, (n.p.)
98. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 10 October 1929, (n.p.)

Die brief het gesuggereer dat die fondse in bogemelde verband nie reëlmatig bestee was nie. Daar is besluit dat die gemelde toelae voorlopig opgeskort word. Ook die politieke organisasies het nie onverskillig teenoor die gemeenskap se probleme gestaan nie! Uit bogenoemde besluit het 'n voorstel gevloei dat ook ander gevalle ondersoek moes word.

Op die vergadering van 11 Oktober 1929 is voorgestel dat die struktuur van die Gemeenskapskas doeltreffender ingerig moet word. Bepaalde ampsdraers moes bepaalde "distrikte" bedien. Daar sou op sekere gebiede gekonsentreer word.[99] Daardeur sou die armes doeltreffender bereik word. Die insamelingsveldtogte moes ook opgeknap word en op stelselmatige wyse toegepas word.

Voorts moes meer publisiteit aan die Kas en sy aktiwiteite verleen word.[100] Van die hoogstes tot die eenvoudigstes moes tot gemeenskapsdiens opgeroep word. Die sorgbehoewendes was almal se verantwoordelikheid.

Een van die merkwaardigste sosiale inrigtings wat onder die

---

99. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 10 October 1929, (n.p.)
100. Minutes of the meetings of the Board of Directors of the Community Chest, 11 October 1929, (n.p.)

gekleurdes van Kaapstad m.b.t hul armoedesituasie ontstaan het, was die Marion-instituut. Dit wou in die eerste instansie 'n toevlugsoord vir uitgeworpe, verwaarloosde gekleurde meisies wees en om hulle maatskaplik en moreel op te hef, op te lei en op te voed:

"The Institute is established for the social and moral uplifting of coloured girls" en "the Institute shall be designated "The Coloured Girls" Institute.[101]

Dit was die vrug op die pogings van die National Council of Women, mev. Carter, die gade van die destydse Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad en 'n sekere mev. Emile Solomons (latere Moderator van die Congregational Kerk) om 'n meisiesklub in Distrik Ses tot stand te bring.[102] Die klub is aanvanklik deur 'n sekere diakones, Julia, gestig wat dit na haar vriendin Marion Trist genoem het. Die Instituut het sy eerste intrek in 'n eenvoudige geboutjie op die hoek van Queen- en Chapelstraat, Distrik Ses geneem.

Die Marion-instituut was uit die staanspoor uit 'n heenkome vir die arm gemeenskap van Distrik Ses.[103]

---

101. The Draft of Constitution: Marion Institute. The Coloured Girls' Institute, (n.p.)
102. Anonymous: The Marion Institute Social Centre: Brief History, 1916-1953, p. 2.
103. Anonymous: The Marion Institute: Social Centre: A.P. History, 1916-1953, pp. 2-5.

Die getroue leidster, diakones Julia, en haar helpers het dag en nag onverpoosd geswoeg om in die siekes, die gestorwenes en laasgenoemde se naasbestaandes se nood te voorsien. Diakones Julia het kort voor lank uit diens getree en is deur 'n aantal onbekende persone opgevolg.[104] In 1921 het 'n mej. Jesse Seth Smith uit Engeland aangekom om die leiding van die Marion-instituut oor te neem.[105] Sy het haar onmiddellik in die opheffingswerk gewerp. Die sanitêre toestande was glad nie gunstig by die Instituut nie maar deur die geesdrif van mej. Smith en die bystand van haar niggie mej. Ursula Smith, is die probleem gou opgelos.[106]

Die Marion-instituut was gou by die gemeenskap betrokke en eersgenoemde het derhalwe by wyse van sy jaarlikse verslae verantwoording teenoor laasgenoemde gedoen.[107]

Allereers is op die broodnodigste, naamlik voedselvoorsiening, gekonsentreer. Sopkombuise is opgerig wat vir die hele

---

104. Anonymous: <u>Marion Institute Social Centre: A brief History 1916-1953</u>, p. 3.
105. Anonymous: <u>Marion Institute Social Centre: A brief History 1916-1953</u>, p. 3.
106. The Marion Institute: Report 1921 - The Marion Institute Report: 1st January 1931 - December 31st 1932.
107. The Marion Institute: Report 1924, p. 3; <u>Cape Times</u>, 25 April 1931, p. 13.

buurt toeganklik was. Dit is goed deur die gemeenskap benut en aanvanklik is in 'n stadium 60 huisgesinne bedien. By tye is die nominale bedrag van een pennie per koppie sop gevra. In 'n stadium kon die organiseerders met trots vermeld dat 1269 bekers sop vir daardie jaar uitgedeel was. Dit was benewens die 955 gratis etes![108]

Die Marion-instituut het hom ook oor die meisies wat by die konfyt-, beskuitjie-, klere-, en papierfabriek in die omgewing gewerk het ontferm. Baie van hulle was wees en eensaam; vreemdelinge in die groot stad. Aan hulle is goedkoop maaltye verskaf.[109] In die mees kritieke gevalle is gratiskaartjies vir etes aan hulle geskenk. Die Instituut se eetsaal was dus ook, uit die aard van die saak, 'n gewilde "sosiale" bymekaarkomplek vir die meisies.

Getrou aan die Marion-instituut se doelstellings en roeping het hulpverlening hand aan hand met opvoeding gegaan. Daar was naaldwerk-, brei- en borduurwerkklasse.[110] Dit was baie gewild

---

108. The Marion Institute: Report of January 1st - December 31st 1932, p. 5.
109. The Marion Institute: Report of January 1st 1928- March 31st 1929, p. 2.
110. The Marion Institute: Report of 1919-1922, (n.p.).

onder die meisies van die omgewing en het spoedig uitgebrei. Voorts is klasse in Bybelstudie, noodhulp en tuisverpleging gegee. Die klasse is stoflik goed deur die gemeenskap ondersteun en soms is daar skenkings in die vorm van blomme, groente en materiaal ontvang. Die Instituut het op sy beurt van die leerlinge se werk ten toon gestel.[111] By sulke geleenthede is kollektes opgeneem en daardeur is tot die selfversorging van die Instituut bygedra.

In die lig van laasgenoemde het die Marion-instituut se leiers self nie op hulle laat wag dat donasies self na hulle toe moet kom nie. Hulle het hul voelers na veral die invloedrykes in die gemeenskap uitgesteek. Die Burgermeester van Kaapstad en sy gade asook die destydse Goewerneur-generaal (Burggraaf Clarendon) en sy gade (Lady Clarendon) was beskermhere van die Instituut. Welbekendes soos die parlementariër J.W. Jagger en die Anglikaanse kerkman Kannunik S.W. Lavis was ook groot ondersteuners. By geleentheid is deur eersgenoemde se bemiddeling 'n tuinkermis gehou. Dit is deur Haar Koninklike Hoogheid Princess Alice geopen.[112] Laasgenoemde was in elk geval bekend vir haar ondersteuning vir liefdadigheid. By bogemelde geleentheid

---

111. The Marion Institute: Report of 1927, p.3.
112. The Marion Institute: Report of 1927, p.3.

is ongeveer 112 Britse ponde ingesamel wat tussen Marion-instituut en die Bethany-huis ('n inrigting vir hulpbehoewendes) verdeel is.[113)]

In 'n sekere stadium het die stadsowerheid geweier om sy toestemming vir 'n straatkollekte te gee. Die Burgermeestersvrou, as beskermeesteres van die Marion-instituut, het by haar gade gaan voorspraak maak om sy invloed te gebruik dat dit wel gehou kon word.[114)] Die stadsraad het voor die Burgermeester geswig en die straatkollektes is gehou.[115)]

Tegelykertyd is daar ook 'n "pound week" gehou. Op dié wyse is ongeveer 40 pond (gewig) kruideniersware, 5 gelling paraffien en sowat vier Britse ponde, twee sjielings en ses pennies in kontant ingesamel.[116)]

Voorts is daar talle funksies gehou. Op so 'n wyse het die Marion-instituut ook ietwat van 'n kultuursentrum geword.[117)] Klavieruitvoerings is aangebied en toneelstukke soos "Midsummer Night's Dream" van Shakespeare en "Hiawatha" van Longfellow is op die planke gebring.[118)] Daar is ook bioskoopvertonings (toe nog

---

113. The Marion Institute: Report of 1927, p.3.
114. The Marion Institute: Report of 1927, p.3.
115. The Marion Institute: Report of 1927, p.6.
116. Minutes of the meeting of the General Commmittee of the Marion Institute, 21 September 1929.
117. The Marion Institute: Report of March 1929-February 1930, p.2.
118. The Marion Institute: Report of January 1st-December 31st 1931, (n.p.).

as die "towerlantern" bekend) gehou. Aktiwiteite soos bergklim, konserte, lesings oor godsdiens, sakevernuf, en troeteldiere is gereeld aangepak. Sportbedrywighede soos netbal en swem het ook die meisies besig gehou. Die hoogtepunt was natuurlik die uitstappies na Clifton-strand.[119] Die meisies het ook die Ou Somerset hospitaal gereeld besoek.[120] Daar is die pasiënte vermaak en vergas en geskenkpakkies is uitgedeel.

Een van die jaarlikse hoogtepunte was die Kersfeesvieringe. Dan was die Marion-instituut en die gemeenskap soos een.[121] Partytjies is gehou, kersliedere is gesing en geskenkpakkies is uitgedeel. By 'n sekere geleentheid van so 'n aard is 130 koekies seep, 130 naaldpakkies, kussingspelde, skryfblokke en 130 sakdoeke uitgedeel. Rokers kon selfs op hul tabak reken![122]

Die Marion-instituut het ook die Wayfarers, 'n onderafdeling van die bekende Girl Guides, in die lewe geroep.[123] Dit sou poog om

---

119. The Marion Institute: Report of March 1929-February 1930, p.4.
120. The Marion Institute: Report of March 1929-February 1930, p.4.
121. Minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 29 April 1932.
122. The Marion Institute Social Centre: Brief History 1916-1953, p.4.
123. The Marion Institute: The Report of 1930-1931, p.5.

gekleurde meisies op ´n vroeé ouderdom by die Instituut se werksaamhede te betrek. Die Wayfarers is uitgebrei en ´n groter organisasie nl. die "Girls Wayfarers Association" is gestig.[124] Laasgenoemde het na langdurige samesprekinge stewiger bande met die nasionale "Girl Guides"-beweging gesmee. Haar Koninklike Hoogheid prinses Alice was beskermmeesteres van die 'Wayfarers" en met eersgenoemde se permanente vertrek na Engeland is swaar afskeid van haar geneem. By daardie geleentheid is op 22 Februarie ´n groot gekombineerde afskeidserediens te Zonnebloem gehou. Al die verrigtinge het in drie, tale nl. Engels, Afrikaans en Xhosa plaasgevind.[125] Die hele gemeenskap was by die funksie betrek.

Die Marion-instituut was nie net tot die versorging van jong dogters beperk nie. Die seuns van die omgewing het ook naderhand aansoek om toelating gedoen. ´n Sekere Eerwaarde C.J. Skett het toe die Boys´ Friday Evening Club gestig wat onder die vleuels van die Instituut geressorteer het.[126] ´n Sogenaamde "Woman´s Settlement" is ook in die lewe geroep. Dit sou ´n heenkome vir die hulpbehoewende vroue van die omgewing bied. So iets was "badly needed in District Six where there is so much poverty,

---

124. Anonymous: <u>The Marion Institute Social Centre: Brief History 1916-1953</u>, p.5.
125. The Marion Institute: Report of 1921, p.4.
126. The Marion Institute: Report of 1921, p.4.

sickness and suffering..."[127] Daar het 'n kragtige oproep om hulp m.b.t laasgenoemde onderneming uitgegaan.[128] Derhalwe is daar op 'n ruimhartige reaksie van die publiek se kant op die oproep om finansiële hulp gehoop.[129]

Voorts het die Marion-instituut ook sy stem m.b.t. die opleiding van gekleurde verpleegsters laat hoor.[130] Daar was groot nood onder die gekleurdes in daardie verband. Die Instituut het tot die uiterste toe van sy invloedryke beskermhere en weldoeners gebruik gemaak om bogemelde saak te bevorder. Laasgenoemde het altyd spoedig en positief gereageer want die Instituut se leidsters se geesdrif en deursettingsvermoë was aansteeklik.[131]

Die Marion-instituut se werksaamhede het ook na vele terreine uitgekring. Oorbewoning, ongesonde, onsindelike huise, gevaar op straat, ontoereikende skole het ook aandag gekry. "Die Marion-instituut, die enigste in sy soort, se leuse was 'vriendskap,

---

127. The Marion Institute: Report of 1921, p.4.
128. The minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 27 February 1931, p.2.
129. The minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 27 February 1931, p.2.
130. The Marion Institute: The Report of 1924, p.4.
131. The minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 27 September 1929, (n.p.).

dissipline, algemene opleiding en die ideale van waarheid, reinheid en doeltreffendheid"..."[132]

Die Marion-instituut het ook na die hospitalisasiebehoeftes van armes in die gemeenskap omgesien. Onder laasgenoemde was daar baie wat aan tering gelei het.[133] Ondervoeding was aan die orde van die dag. Daarom is daar 'n beroep op mense gedoen om meer geldelike bydraes i.v.m. bogemelde saak te maak. Die geteisterde mense kon inderdaad nie eens bekostig om die basiese medikasie te bekom nie. Daar is 'n beroep op die publiek gedoen om noodhulpmiddels aan te stuur. Die Rooi Kruisvereniging veral, het pragtig daarop gereageer.[134] Teen daardie tyd was die gemeenskap deeglik bewus van die "treurige omstandighede waaronder die hulpbehoewendes geleef het.[135] Voorts was die Marion-instituut bekommerd oor die morele standaarde van die gemeenskap. Daar moes teen die "goedkoop, bose en suggestiewe boeke, onsedelike rolprente, goedkoop danssale en die geleenthede

---

132. The Minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 27 September 1929, (n.p.)
133. The Marion Institute: Report of the March 1929 - February 1930, p.2.
134. The Marion Institute: Report of March 1929 - February 1930, p.2.
135. The Marion Institute: Report of 1926, p.1.

vir drankmisbruik gewaak en gestry word.[136] Om die jong meisies se ledige ure te help vul het die Instituut sy eie leeskamer in die lewe geroep. Daar kon hulle hul vrye middagsessies in die Instituut se "stille kamer" deurbring. Vir die musiekbegaafdes was daar 'n klavier tot hul beskikking.[137]

Die Marion-instituut het ook skakeling met ander soortgelyke instansies nagestreef. Daar is selfs uit sy beperkte fondse hulp aan laasgenoemdes toegestaan. Die Athlone-skool vir Blindes, die mense van Tristan Da Cunha (wat sporadies deur hul vuurspuwende berg geteister is), die "Bellville Quarry School" en die "Friendless Girls" het gereeld skenkings van Marion-Instituut ontvang.[138] Ook die Kinderbeskermingsvereniging was nou by die Instituut betrokke. Van laasgenoemde het juis 'n oproep uitgegaan dat nood- en voorkomingswerk gekoördineer moet word.[139]

Soos die Marion-instituut se bedrywighede uitgebrei het, het ook die nood toegeneem. Voortdurend is daar beroep op die

---

136. The Marion Institute: Report of March 1929 - February 1930, p.3.
137. Minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute, 4 March 1923, (n.p.).
138. The Marion Institute: Report of 1925, p.3.
139. The Marion Institute: Report of January 1st 1932 - December 31st 1932, p.8; Minutes of the meeting of the General Committee of the Marion Institute 29 December 1933; The Draft of the Constitution of Marion Institute - the Coloured Girls Institute.

gemeenskap gedoen om hulp te verleen. Hierin is die Instituut nie teleurgestel nie. Dit was voorwaar 'n groot aanwins vir die arm gemeenskap.[140] Die hele gemeenskap, armes sowel as gegoedes, het die waarde van die Marion-instituut besef.

Die Marion-instituut het die moeilike tye oorleef en bly voortleef. Dit kon hoofsaaklik aan sy geïnspireerde, toegewyde en roepingsbewuste leidsters en personeel toegeskryf word. Sy weldoeners en beskermhere verdien ook hul plek in sy ererol. Marion-instituut was voorwaar <u>uit</u> die arm gemeenskap, <u>in</u> die arm gemeenskap en <u>vir</u> die arm gemeenskap, d.w.s. die gekleurde arm gemeenskap.[141]

Nog 'n bekende en gewaardeerde maatskaplike instansie onder die gekleurdes van Kaapstad, was die Young Men's Christian Association (Y.M.C.A.). Dit was a.g.v. die feit dat dit die sg. Stakesby-Lewis-hostels oorgeneem en beheer het.[142] Laasgenoemde

---

140. Anonymous: <u>Y.M.C.A.-Leadership in crucial times -"Let us build</u>," p.1.
141. P. Lewis and D. Saul; <u>The story of a drummer boy and his family</u>, pp. 35-36; <u>Cape Sun</u>, 24 November 1933, p.5.
142. Anonymous: <u>Y.M.C.A.-Leadership in crucial times -"Let us build</u>," p.1; 3/CT Vol. 1/1/6/30 Cape Town City Council: Agenda and Resume, p. 308.

is in 1914 deur die bekende mev. Stakesby-Lewis, gebore Schreiner in die lewe geroep.[143] Die Y.M.C.A. en die Stakesby-Lewis hostels het met verloop van tyd feitlik sinoniem onder die Kaapstadse gekleurdes geword. Dit het, o.a., die huisvesting van jong werkende mans, stedelik sowel as plattelands, ten doel gehad. Die hostels was 'n bestiering want Kaapstad was verpes met misdaad, dronkenskap, prostitusie en dobbelary. Voorts was die stigter en haar helpers ingestel op: "Complete dedication to the task of improving the lot of their less privileged fellow-citizens.[144]

Die eerste taak was om geskikte persele en geboue te bekom. Dit het op 11 Julie 1914 gematerialiseer en 'n "Temperance Cafe" is geopen.[145] Die organisasie was op geheelonthouding ingestel en was nie onbekend in matigheidskringe nie. Die kafee het voedsame maaltye teen redelike pryse verskaf. So het een van die tipiese spyskaarte daar uitgesien:- Prompt attention to your wants at

---

143. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times: "Let us build," p.2.
144. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times: "Let us build," p.2.
145. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times: "Let us build," p.4.

reasonable prices:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tea or Coffee | 1d. | Stew and Rice | 4d. |
| Bread Rolls | 1d. | Fruit fritters | |
| Hot Soup | 1 | Buns, Scones, Cakes | 1d. |
| Fish Fricadel | 1d. | Aerated Drinks | 1d. |
| Fried Fish | 3d. | Ice Cream | 1d. |

En baie betekenisvol was die volgende gepaardgaande opmerking "A hearty welcome awaits you irrespective of race or colour"! [146)]

Die "Temperance Cafe" moes egter later noodgedwonge sluit. Dit is nie genoeg ondersteun nie.[147)] Die bewoners van die omgewing was self te arm om só 'n kommoditeit te benut. Vir hulle was dit 'n luukse. Hul voorland was grotendeels liefdadigheid. 'n Ander rede vir die sluiting van die kafee was die groot getal besopenes wat die plek op horings geneem het. Hulle het veral daar opgedaag wanneer die kantiene - daar was ongeveer twintig in die omgewing - gesluit het. 'n Vrou van die gemeenskap met ondernemingsgees het egter op eie houtjie begin om maaltye aan die loseerders van die hostels te verskaf. Dit het die geslote kafee se diens vervang.[148)]

---

146. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times; "Let us build", p.4.
147. A.P.O., 31 January 1920, p.3; Cape Times, 17 October 1933, p.10. G. Manuel: Kampvegters, p.10.
148. Anonymous: Y.M.C.A.- Leadership in crucial times; "Let us build", p.4.

Die omvang van die werk in die hostels het vergroot. Die toerusting van die inrigtings het egter nie daarmee tred gehou nie. Van die personeel moes soms op die vloer slaap sodat van die daklose arm kinders in die hostels se beddens kon slaap.

Die hostels was 'n ware toevlugsoord vir die nooddruftiges.[149)] Baie van die ingesetenes, veral van die meisies, is gerehabiliteer maar sommige het ook na hul ou verkeerde lewenswyse teruggekeer. Andere het egter volhard. "two of the worst cases died in hospital but saved; rejoicing".[150)] Die Y.M.C.A. se werk het ook sy weerklank in die Ewigheid gevind!

Die Stakesby-Lewis hostels het uitgebrei en nuwe persele is bekom. Die plek is verfraai en onderburggravin Lady Buxton, gade van die destydse Goewerneur-generaal, het dit geopen. Sulke geleenthede het groot geloofwaardigheid en status aan die inrigting gegee. Dan het ook ander hoë lui, wat beskermhere van en weldoeners aan die inrigting was, hulle op tasbare wyse met laasgenoemde vereenselwig.[151)]

Die Stakesby-Lewis hostels het op velerlei gebiede uitgebrei.

---

149. Cape Times, 17 October 1933, p.10; Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times, "Let us build", p.5.
150. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times, "Let us build", p.5.
151. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times, "Let us build", p.7.

Daar was byvoorbeeld die koshuis vir swartmense in Napierstraat 32, Kaapstad. Ook die oprigting van die Cyrene-tehuis vir swartmans was 'n trotse prestasie. Was Simon van Cirene wat Christus se kruis vir Hom help dra het dan nie 'n swartman uit Afrika nie, is heel tereg gevra?

Gedurende 1919 het die Stakesby-Lewis-hostels harde bene gekou en is die komitee amper uit hul kwartiere te Rosestraat 32, Kaapstad gesit. Die goedhartige Eerw. T.E. Marx, wat hul al tevore te hulp gekom het, het weer eens 500 Britse ponde geskenk om die situasie te red.[152)]

Die Stakesby-Lewis hostels was nie op wins ingestel nie. Daar was oor die honderd beddens in die drie hostels beskikbaar. Losies kon op daaglikse, weeklikse en maandelikse basis verkry word. Tipiese pryse was: "A night's lodging at 9d to 1\3d. A meal at 1\2d. Tea or coffee at 2d".[153)] Die armes van Kaapstad het ten spyte van hul haglike ekonomiese posisie ook tot die hostels bygedra. 'n Geldstukkie het byvoorbeeld van 'n baie arm verstote vrou gekom. Sy het aan die

---

152. Anonymous: <u>Y.M.C.A.-Leadership in crucial times</u>, "Let us build," p.3.
153. Anonymous: <u>Y.M.C.A.-Leadership in crucial times</u>, "Let us build," p.7; 3/CT Vol. 1/1/6/4/30. Cape Town City Council Agenda and Resumé, p.268.

befaamde Suster Nannie, toe matrone van die inrigting, gesê: "Ek sou al gered gewees het as u vroeër gekom het".[154] Dieselfde nag het die vrou toe sy na haar "tuiste" terugkeer in 'n toestand van dronkenskap die trappies afgeval en haar nek gebreek!

Gedurende 1928 het daar 2488 mense deur die deure van die hostels gegaan. Baie van hulle het nie net by die verblyf en voedsel gebaat nie maar ook by die kultuurbedrywighede. Debatte, besprekings en lesings m.b.t. sake van die dag is gereeld gehou. Die Stakesby-Lewis hostels was nie skaam om homself te adverteer en aldus by die gemeenskap bekend te stel nie.[155]

Die Stakesby-Lewis hostels het baie aan sy leidsters, veral die pioniers, te danke gehad.[156] Hulle was onverbiddelik m.b.t. die handhawing van goeie, gesonde gemeenskapsdiens. Hulle was lief vir die armes en omgekeerd. Hulle was ook getrou aan hul leuse"...to extend Christ's Kingdom by spreading the Gospel, Total Abstinence and Prohibation truths".[157] Die inrigting het steeds onder die beskerming van die Y.M.C.A. ver buite die provinsie en selfs die landsgrense bekend geword. Dit was ook, in

---

154. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times, "Let us build," p.7.
155. Anonymous: Y.M.C.A.-Leadership in crucial times, "Let us build," p.3.
156. P. Lewis and D. Saul: The story of a drummer boy and his family, pp. 57-58.
157. B. Tuck: The History of the Salvation Army in South Africa 1883-1983, pp. 22-25; B. Tuck: Salvation Safari, pp.7-9.

eie reg, 'n toevlugsoord vir die arme gekleurdes van Kaapstad.[158]

Een van die sosiale organisasies wat uitmuntende noodlenigings- en opheffingswerk, stoflik sowel as geestelik, onder die arm gekleurdes van Kaapstad verrig het, was die Heilsleër.[159]

Die Heilsleër is in 1865 deur genl. William Booth gestig en sy primêre doelstelling was om die Christelike boodskap van Verlossing deur die Here Jesus Christus te verkondig. Dit moes met daadwerklike materiële hulp gepaard gaan. Die slagoffers van armoede moes te hulp gekom word.

Die Heilsleër was bekend as "a Lifesaving Army" en was op militêre lees, wat rangordes betref, geskoei. Die welbekende blaas- en slagorkes sou ook sinoniem met die Leër word.

Die Heilsleër se goeie werk is nie juis met onnodige ophef bedryf nie. Die Leër se groot werk het in Kaapstad, begin.[160] Van sy eerste gekleurde bekeerlinge was juis Kapenaars.

---

158. B. Tuck: The History of the Salvation Army 1883 South Africa 1883-1893, p.23; De Kerkbode, 3 September 1930, 436.
159. The War Cry, 8 May 1915, p.6.
160. The War Cry, 10 February 1915, p.8.

Die Heilsleër het sy werk in die stad met die sogenaamde "Holiness Meetings" van stapel gestuur. Die eerste daarvan is in Mei 1883 gehou. Gewoonlik is by bogenoemde saamtrekke die Verlossingsboodskap gebring en daarna is 'n oproep op aanwesiges gedoen om hulle tot die Here te bekeer en om by die Heilsleër aan te sluit. Soms is van die onguurste karakters gewerf.161) Dog, dit was juis waarvoor die Heilsleër tot stand gekom het. Die organisasie se teiken was, soos met stigting, die verworpenes en die opdrifsels van die samelewing.

Van die Heilsleër se eerste sosiale verpligtinge t.o.v. die hulpbehoewendes was die verskaffing van maaltye, besoekwerk aan kroeë en bordele en die oprigting van versorgingsinrigtings vir die gevallenes en armes.162) Vir die gekleurdes is juis só 'n inrigting in Constitutionalstraat, naamlik "Toevlucht voor mannen" opgerig. Laasgenoemde was die grootste van "de instellingen des Legers voor mannen".163) Daar was ruimte "voor 100 aparte afdelingen voor blank, gekleurde en naturel".164) Die inrigtings het jaarliks gemiddeld 2492 maaltye voorsien en 1304 beddens tot sy beskikking gehad.

---

161. The War Cry, 14 October 1914, p.15; B. Tuck: The History of the Salvation Army in South Africa 1883-1983, p.25.
162. 3/CT 1/4/2/7/12 Streets and Drainage Committee of the Corporation of the City of Cape Town: Minutes of the meeting of 18 April 1916, p.27; The War Cry, 1 July 1916, p.5; B. Tuck: Salvation Safari, pp. 23-27.
163. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 100.
164. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 97.

Voorts het die Heilsleër ook 'n "noodskuilplek" (Men's Shelter) uitsluitlik vir sorgbehoewende gekleurde mans in Anchorstraat Kaapstad ingerig. Hier is die werkloses en die slagoffers van drankmisbruik en misdaad, opgeneem en versorg. Ook die siekes en die gewone kroniese armes is hier te hulp gekom. Die bogemelde inrigtings se instandhouding is deur weldoeners geborg. Soms het die hoofopsiener en ondergeskikte amptenare van die inrigtings baie van die werkloses aan geskikte arbeid gehelp. Geeneen van die ingesetenes, wat ook al hul toestand was, is as finaal en nutteloos afgeskryf nie. Die mees vervalle drankverslaafde is met taaie geduld, die regte voedsel, medikasie, opbouende peuselwerkies en geestelike versorging weer op die regte pad geplaas. Laasgenoemde het vir jong sowel as ou alkoholiste gegeld.[165)] Baie eerbare, werklose manne het na so 'n tydelike verblyf by die inrigtings weer op die been gekom.

Voorts het die Heilsleër ook 'n tehuis vir ongehude gekleurde moeders in Kaapstad gehad.[166)] Ongeveer 300 gevalle is tussen 1913 en 1916 behandel. Die gebou het net ruimte vir 30 persone gehad en "er is ook een afdeling voor blanke meisjes".[167)]

Die standplase waarvan die Heilsleër sy werk van stapel gestuur

---

165. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 99.
166. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 100.
167. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, p. 100.

het, was as die Metropool bekend. In Kaapstad was dit Metropool I en II, en laasgenoemde het na die gekleurdes se afdeling verwys.[168] Daarvandaan is die breë publiek se armes bedien. Daar is baie opheffingswerk en liefdadigheid verrig. Gedurende Mei 1914 is by hierdie Metropole 127 mans geakkommodeer, 3651 maaltye bedien en 102 mans geldelik gehelp. Daarbenewens is ook hospitale en gevangenisse besoek.[169] Gedurende Julie 1914 is 3279 mense finansieël gehelp en baie is van arbeid voorsien. Gedurende Augustus 1914 is 3574 beddens en 3108 maaltye verskaf en 104 mense is geldelik gehelp. Ook werkloses is aan arbeid gehelp.[170]

Die Heilsleër het deurentyd na die heil van ontslane gevangenes omgesien. Daar is geen onderskeid tussen ras of klas gemaak nie. In die eerste instansie het hulle hul deure vir bogemelde karakters wyd oopgegooi. Na fisiese versorging is hulle geestelik bearbei. By geleentheid het 'n destydse Administrateur, sir Frederick de Waal, die Heilsleër vir sy onpartydige hulp en bystand aan die ongelukkiges uit die samelewing bedank. Hy self is geïnspireer om voortaan vir diesulkes in die bresse te tree.[171]

---

168. The War Cry, 31 January 1918, p.8; The War Cry, 20 June 1914, p. 11.
169. The War Cry, 20 June 1914, p. 11.
170. The War Cry, 3 November 1914, p. 3.
171. The War Cry, 14 April 1914, p. 3.

Die Heilsleër was besorg oor en gemoeid met kinderwelvaart. Periodieke konferensies is gehou om oor dié aspek in die armoede te besin en dit aan te spreek. Die Heilsleër het daarop aangedring dat sy eie leiers op die voetspoor van die Groot Kindervriend aandag aan kinders in hul noodsituasie skenk.[172] Hul leuse was "voorkomen is beter dan genezen".[173] Vir hulle was die bearbeiding van die mens in sy vroegste jare van kardinale belang. In dié verband het die Heilsleër ook baie op die steun van hooggeplaastes in die gemeenskap staatgemaak. Die Goewerneurs-generaal en hul gades gedurende hul ampstermyne het moreel sowel as konkreet hul ondersteuning aan die Heilsleër gegee. Voorts het die Heilsleër ook 'n beroep op die staat gedoen om na al die land se kinders om te sien; die noodlydende in die besonder. Slegs só kon "de toekomst van het Zuid-Afrikaansche volk" gewaarborg word.[174] Die Heilsleër was voorwaar nie eng groepsgerig in sy benadering tot en met die bearbeiding van sy medemens nie!

Die Heilsleër het ook sy eie hospitaaldienste gelewer. Dit het vir alle klasse in die samelewing voorsiening gemaak. Hul groot hospitaal was juis in Breëstraat, Kaapstad geleë.[175] Daar is

---

172. De Strydkreet, 14 April 1917, p. 7.
173. De Strydkreet, 14 April 1917, p. 7.
174. De Strydkreet, 14 April 1917, p. 7.
175. The War Cry, 8 July 1916, p. 7.

baie armlastiges vir kraamgevalle en ander siektes behandel. Die Leër het ook 'n distriksverplegingsdiens gehad en dit was ingestel op die behandeling en versorging van mense in hul eie huise.[176] Gedurende Julie 1916 is 323 gevalle in die hospitaal, 431 gevalle in eie huise en 220 gevalle elders in die distrik behandel. Die "armere klassen" het baie baat by bogemelde dienste gevind.[177]

Die Heilsleër het ook sy eie verpleegsters opgelei en laasgenoemde se diplomas is deur die Koloniale Mediese Raad uitgereik. Baie van daardie verpleegsters het na hul opleiding by die Leër se hospitaal aangebly terwyl sommige na die sendingvelde gegaan het. 'n Hele aantal het ook as private verpleegsters gepraktiseer.

Gedurende 1916 was die fasiliteite van die hospitaal ietwat beperk. Dit het byvoorbeeld net 24 beddens gehad. Die Leër het egter gehoop dat met die steun van welwillende donateurs die werk ten behoewe van die arme gemeenskap uitgebrei sou word.[178]

---

176. The War Cry, 8 July 1916, p. 7.
177. The War Cry, 8 July 1916, p. 7.
178. The War Cry, 8 July 1916, p. 7.

Gedurende 1915 het die Eerste Wêreldoorlog hoë eise ook aan die Heilsleër gestel. Baie siek soldate is deur die organisasie behandel en stoflik gehelp. Van hulle het op die Leër se "Ontspanningsplase" soos dieeen by Rondebosch, gaan aansterk.[179] Gedurende daardie tydperk is 3117 maaltye bedien, 4557 beddens verskaf en 211 geldelik gehelp.[180]

Die Heilsleër het ook sy sosiale funksies van stapel gestuur om sy fondse te styf en tegelykertyd die gemeenskap te vergas. As 'n nie-winsgewende instansie het die Leër grootliks op die steun van die gemeenskap staatgemaak. Gewoonlik was daar die sg. "General and Social Appeal". Die Heilsleër het die hoop uitgespreek dat mense positief daarop sou reageer.[181]

'n Hoogtepunt van die jaar se funksies was die sg. "Oesfees". Die opbrengs van die aarde nl. vrugte en groente, is aangedra en in die Heilsleër se bymekaarkomsaal, die "Citadel", en ander sale uitgestal.[182] Dan is daar danksegging aan die Here van die Oes gegee. Daarna is die aanwesiges op toepaslike musiek en verversings getrakteer. Tegelykertyd is aan die lede van die

---

179. The War Cry, 7 August 1915, p. 3.
180. The War Cry, 7 August 1915, p. 3.
181. The War Cry, 26 September 1914, p. 4.
182. The War Cry, 17 March 1917, p. 6.

Leër wat in daardie jaar gesterf het, gedink. Daarna is die produkte gretig deur die aanwesiges teen baie billike pryse opgekoop. Die geld het die fondse, wat vir liefdadigheid onder die armes aangewend is, gestyf. Dié spesifieke fonds was as die "self-denial Fund" bekend.[183]

Die Kersfeesvieringe was dié hoogtepunt van die jaar. Spesiale dienste is gehou, 'n groot kersboom is opgerig, partytjies is dan gehou en presente is aan die hulpbehoewende kinders uitgedeel. Alle groepe het in hierdie vreugde gedeel. Die plaaslike lede van die Heilsleër was geesdriftig met die verpakking en versending van geskenkpakkies en het dit feitlik net soveel as die ontvangers geniet. Bykans 300 pakkies is op Kersdag 1916 onder die sorgbehoewendes uitgedeel.[184] Soms het die feesvieringe 'n week lank na Kersfees voortgeduur. Dan is daar deur die kinders musiek- en voordragitems gelewer.[185] Daarna het hulle op die heerlike versnaperings "beslag" gelê. Vir baie van die arm kinders was dit die enigste vermaak en traktering vir die hele jaar! Op Nuwejaarsdag is van die minderbevoorregte kinders op uitstappies, gewoonlik na die see, geneem.

---

183. The War Cry, 17 March 1917, p.6
184. The War Cry, 30 December 1916, p. 6.
185. The War Cry, 29 December 1916, p. 4.

Voorts het die Heilsleër ook, deur sy klem op musiek, gekleurdes die kans gegun om uiting aan hul natuurlike musiekaanleg te gee. Hulle het die musiekinstrumente in die orkes van hul plaaslike Heilsleërtak bespeel.[186)]

Sondae was die "Citadel" die hoofsaal van die Heilsleër in Kaapstad; van hoek tot kant gevul. Almal was welkom om na die bekeringsboodskappe te kom luister. Dit het met luisterryke musiek gepaardgegaan. Na die oproep tot geestelike oorgawe en skuldbelydenis is die diens afgesluit.[187)] Die hongeres is nooit met leë mae weggestuur nie. Getrou aan die Meester se voorbeeld is daar gepreek en gevoed. Somtyds het die leërorkes, op tipiese wyse, die leërlidmate in gelid deur die strate van die Stad gelei. Dan is daar op strategiese plekke vertoef om weer eens die Reddingsboodskap aan die sosiaal verstotenes te bring.[188)] Baie van laasgenoemdes het uit skuheid dit nie in die "Citadel" gewaag nie, maar op straat het hulle tog die Evangelie gehoor. Straatdienste het 'n kenmerk van die Heilsleër se werksaamhede geword. En die legendariese blaasorkes was sinoniem en onlosmaaklik met die Heilsleër verbind.

---

186. The War Cry, 11 November 1916, p. 7.
187. The War Cry, 15 January 1916, p. 5.
188. The War Cry, 1 July 1916, p. 7.

So het die Heilsleër in Kaapstad met sy werk van "versorging vir die lydendes en die ongelukkiges" voortgegaan.[189] Sy werk was feitlik allesomvattend want "all Salvation Army work is more or less life-saving in every sense".[190] Voorts het die Heilsleër geglo dat die maksimum getal armes bereik moet word.[191] Hulle was die "Moeder" vir die gemeenskap wat afsaksels en verstotenes is.[192] Metropol I en II was ware toevlugsoorde vir die sorgbehoewendes en die noodlydende gekleurdes van Kaapstad.[193] Die "Citadel" op sy beurt was inderdaad 'n ware vesting van die Koninkryk van God in Kaapstad![194]

Die Eerste Wêreldoorlog wat in 1914 uitgebreek het, het ook sy uitwerking op politieke, ekonomiese en sosiale gebied in Suid-Afrika gehad.[195] Die regering van die dag het besluit om, as deel van die Britse Ryk, Groot-Brittanje en sy bondgenote

---

189. The War Cry, 1 July 1916, p. 5.
190. The War Cry, 1 July 1916, p. 5.
191. The War Cry, 11 December 1916, p. 7.
192. The War Cry, 14 April 1917, p. 3.
193. The War Cry, 24 July 1915, p. 6; The War Cry, 7 August 1915, p. 3; The War Cry, 29/12/1917, p. 4; The War Cry, 14 October 1914, p. 3; The War Cry, 18 November 1916, p. 6.
194. The War Cry, 18 December 1915, p. 6; The War Cry, 1 July 1917, p. 7; I.D. Difford: The story of the 1st Battalion Cape Corps (1915-1919), pp. 17-23.
195. De Kerkbode, 5 April 1917, p. 333; J.J. Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 10-22; T.R.H. Davenport: South Africa A Modern History, p. 273-274; F.A. Van Jaarsveld: From Van Riebeeck to Vorster 1652-1974, pp. 236-238.

(die Geallieerdes) in sy stryd teen Duitsland en sy bondgenote (die Sentrale Magte) te steun. Daar was geweldige teenkanting van veral van die wit Afrikaanssprekendes. Dit het selfs in 'n Rebellie oorgegaan; iets wat verreikende politieke gevolge vir genl. Botha en sy regering gehad het. Die oorgrote meerderheid gekleurdes het die oorlogspoging gesteun en hulle derhalwe vir aktiewe diens aangemeld.[196] Met hul trotse militêre tradisie sou hulle hul uitstekend van hul taak kwyt en op só 'n wyse 'n betekenisvolle bydrae tot die nederlaag van oordrewe militarisme en onderdrukkende imperiale oorheersing maak.[197]

Die gekleurdes het oorwegend om drie deurslaggewende redes tot die oorlog toegetree. 1. 'n histories-tradisionele sentiment en lojaliteit teenoor Groot-Brittanje. 2. die sosio-ekonomiese situasie veral m.b.t werkloosheid in die land. 3. die mens se inherente sug en soeke na avontuur. Die wêreldbekende Kaapse Korps is in die lewe geroep (1915) en dit sou die kern en eenheid uitmaak wat die gekleurdes (Kleurlinge om spesifiek te wees) sou huisves. Die oorgrote meerderheid van die rekrute was uit die

---

196. E. Hellmann and G. Cumberlege (Eds.): Handbook on Race Relations, p. 536; Al J. Venter: Coloured: A Profile of two million South Africans, p. 257.
197. W. Hoods: The Cape Coloured Corps and the Educational development of the Coloured People of South Africa 1795-1977, pp. 141-142.

arbeidersklas.[198] In Kaapstad was hulle die geskoolde en ongeskoolde arbeiders. Hulle was gekies vir hul "aanhou-en uithouvermoëns" saam met hul "kenmerkende opgewektheid en dit onder uiters moeilike omstandighede" wat natuurlik hul armoedesituasie ingesluit het.[199]

Terwyl die rekrute gewerf is, was daar elke dag groot opgewondenheid in Kaapstad veral by die Stadsaal waar die registrasiekantore ingerig was. Daar het die gekleurdes hul vernuf met musiek getoon. Daar is orkessaamtrekke gehou en die plaaslike Church Lads' Brigade (Die Anglikaanse Kerk se Seunsbrigade[200])) het gewoonlik die leiding geneem. Daar is die grondslag vir die tradisie van die Kaapse Korps se militêre orkes gelê. Hulle het geen formele musiekopleiding gehad nie, maar dit was ook nie nodig nie (hulle was natuurlike musiekmakers!) Van hulle kon die Laaste Taptoe of die Reveille met gemak op die beuels blaas. Hulle was uit die geledere van die armes en onbevoorregtes van Kaapstad, maar hul natuurlike aanleg en talente het hulle bruikbaar gemaak.[201] Daar is aanvanklik 25 000 gekleurdes in

---

198. A.J.B. Desmore: With the 2nd Cape Corps thro' Central Africa,p. 7.
199. A.J.B. Desmore: With the 2nd Cape Corps thro' Central Africa, p. 7; I.D. Difford: The story of the 1st Battalion Cape Corps (1915-1919), p. 27.
200. A.J.B. Desmore: With the 2nd Cape Corps thro' Central Africa, p. 8.
201. A.J.B. Desmore: With the 2nd Cape Corps thro' Central Africa, p. 8; W. Hoods: The Cape Coloured Corps and the Educational development of the Coloured People of South Africa 1795-1977, p. 145.

die Unieverdedigingsmag opgeneem.[202] Hulle sou in Oos-Afrika, Egipte, Palestina, Noord-Rhodesië (tans Zambië) Portugees-Oos-Afrika, (Mosambiek) asook in Engeland en Frankryk diens gaan doen. Hulle het huis en haard (baie min van hulle het sô iets besit) en hul arm gesinslede en bloedverwante agtergelaat om in die vreemde vir "King and Country", soos dit in die omloop bekend was, te gaan veg.

Die Oorlog het baie groot ontwrigting en verdere ellende vir veral die onbevoorregte en arm gekleurde gemeenskap meegebring.[203] Die gekleurdes het in elk geval geen seggenskap m.b.t. staatkundige besluite gehad nie. Hulle was uitgelewer aan die gevolge wat 'n oorlog van wêreldomvang ontketen het. Hulle was onder die toustaners, die koeponhouers en die hoed-in-die-handkorps.[204] Hulle het geen hooggeplaastes geken of vriende en familielede in invloedryke kringe gehad wat vir hulle in die bresse kon tree of dit vir hulle maklik kon maak nie. Die oorlogsmaalstroom en sy droewige sleepsel het hulle meedoëloos meegesleur.[205] Hul ellende is van owerheidsweë weinig van kennis geneem en nie volledig amptelik gedokumenteer nie.

---

202. E. Hellmann and G. Cumberlege (Eds.): Handbook on Race Relations, p. 536.
203. I.D. Difford: The story of the 1st Battalion Cape Corps (1915-1919), pp. 322-328; De Kerkbode, 5 September 1918, p. 847; G. Manuel: Kampvegters, p. 33.
204. A.P.O., 20 January 1919, (n.p.)
205. A.P.O., 26 September 1919, p. 8; G. Manuel: Kampvegters, p. 33 en pp. 95-97; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 85.

Gedurende die afwesigheid van baie van die broodwinners moes die moeders allereers uitspring om die gesin aan die gang en bymekaar te hou.[206] Die getal huisbediendes in daardie jare het toegeneem en die gekleurdes was aangewese op hul ryk wit "landgenote" vir werk en voedsel. Dit was ook gedurende daardie tydperk dat die gekleurde kind se onderwys en opvoeding sy grootste knou gekry het.[207] Die kinders moes noodgedwonge peuselwerkies gaan verrig en kinderarbeid was aan die orde van die dag. Kinders het ook, vanweë die afwesigheid van leerplig vir gekleurdes, groter verskoning vir nie-skoolbywoning gehad en die wit werkgewers het dit ook tot die maksimum uitgebuit. Daarbenewens het tientalle, of liewer honderde van hulle in die strate rondgedwaal; verhongerd, verflenterd en ontaard.[208]

Die las, verpligtinge en eise wat ´n oorlog aan ´n land stel, het die lewenskoste opgestoot.[209] Verbruikersartikels- en voedselpryse het die hoogte ingeskiet en was feitlik van staatsweë

---

206. W. Hoods: The Cape Coloured Corps and the Educational development of the Coloured People of South Africa 1795-1977, p. 142.
207. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 211.
208. E.L. Maurice: The Development of Policy in regards to the Education of Coloured pupils at the Cape 1880-1940, p. 239.
209. Minutes of the Vestry Meetings of the Parish Church of St. Mark´s District Six Cape Town, 12 August 1915, (n.p.).

ongekontroleerd. Die lewenskoste het daagliks gestyg. Die gewone mense het swaar gekry, en die armes nog meer. In Kaapstad veral was die situasie haglik. Die pryse van voedselware het elke dag gestyg en die armes kon dit nie bekostig nie. Brood, die mense se stapelvoedsel, se prys het met 50% gestyg.

Op-skuld-koop ("op die boekie") tot "die einde van die week of maand" was ´n huishoudelike uitdrukking en het ´n vanselfsprekende lewenswyse geword. Tegelykertyd het die mense se skuld opgehoop. Gewetenlose winkeliers het die situasie uitgebuit en buitensporige pryse gevra. In vele gevalle het die skuld handuit geruk en het die winkeliers hulself die reg toegeëien in om die mense se roerende besittings (sic) te konfiskeer as delging vir hul skulde. Laasgenoemde was ´n nimmereindigende bose kringloop gedurende daardie tydperk. Die mense was in elk geval werkloos en wanneer hulle wel gewerk het, was dit vir ´n hongerloon.[210)]

Van die groothandelaars in Kaapstad het die situasie uitgebuit en ´n kartel gevorm om die pryse van noodsaaklike voedsel en ander gebruikersartikels te manipuleer.[211)] Die regering was genood-

---

210. E.A. Mantzaris: The promise of the impossible revolution: The Cape Town Industrial Socialist League 1918-1921,; (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol. 4/1984), p. 171.
211. E.A. Mantzaris: The promise of the impossible revolution: The Cape Town Industrial Socialist League 1918-1921,; (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol. 4/1984), p. 146.

saak om noodmaatreëls te tref. Die "Public Welfare and Moratorium Act" is gepasseer ingevolge waarvan 'n voedselprysbeheerraad ingestel is om voedselpryse te reguleer en waar moontlik te beheer.[212)]

In Kaapstad self het die gekleurdes teen die finansiële krisis te velde getrek. Politieke partye soos die African Political Organization het verset begin organiseer[213)] - "these sections of the working population (verwysende na die gekleurdes) were hit hardest by the unemployment following the First World War".[214)] Bogemelde het maar net bewys dat ekonomiese en politieke aangeleenthede mekaar oorvleuel het; meer nog, ineengestrengeld was. En die leiers van die gekleurdes se politieke partye het dit besef en as sulks verkondig.[215)]

---

212. D. Lombard:The Cape Town Police Strike of 1918.(C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol.5\1984, p. 171.
213. D. Lombard:The Cape Town Police Strike of 1918.(C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol. 5\1984, p. 171.
214. E. Mantzaris: The promise of the impossible revolution: The Cape Town Industrial Socialist League 1918-1921.(C.Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol. 4/1984, p. 148.
215. E. Mantzaris: The promise of the impossible revolution: The Cape Town Industrial Socialist League 1918-1921.(C.Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol. 4/1984, p. 147; G. Lewis: Between the Wire and the Wall, p. 85.

Gedurende die oorlogstydperk is huisgesinne ook swaar deur siektes getref. Onstabiliteit en verbrokkeling in huisgesinne het die situasie vererger. "Sosiale" siektes soos tuberkulose, buikloop, entiritis, brongitis en longontsteking het hoogty gevier en baie lewens in die gekleurde gemeenskap afgemaai.[216]

Die mense het nie die nodige geld gehad om die broodnodige medikasie te bekom nie en die dienste t.o.v. owerheidsweë was ontoereikend. Die soldy van die broodwinner aan die oorlogsfront was net genoeg om die gesin m.b.t. voedsel aan die gang te hou.[217] Die tipe voedsel wat die gesinne wel op hul tafels gehad het, het aan die nodige voedingstowwe soos proteienes, vitamines en minerale mank gegaan. Koffie, tee en brood was vir baie kinders tot op die ouderdom van elf jaar die daaglikse hoofdis.[218] Melk, eiers, vleis, vis, vars vrugte en groente was buite bereik vir baie van die arm mense.

---

216. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the history of Cape Town, Vol. 5/1984, p. 138.
217. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers. Vol. II 1920, pp. 275-276.
218. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the history of Cape Town Vol. 5/1984, p. 144.

Dit is verstaanbaar dat die mees weerlose slagoffers van die bogemelde situasie, die suigelinge, die slegste daarvan sou afkom. Daar het baie gekleurde kinders gedurende die tydperk 1914-1918 gesterf! Die stelling dat die slagoffers se kwesbaarheid t.o.v. die siektes hoofsaaklik deur ondervoeding vergroot is het voorwaar betrekking op die suigelinge gehad.[219)]

Wat ook die situasie vererger het was die saamhokking van mense. Die stroom na die stede wat gedurende daardie tydperk plaasgevind het, het groter gesondheidseise aan die owerhede gestel.[220)] Die arm gekleurde gemeenskap was in elk geval 'n verwaarloosde gebied m.b.t. gesondheidsdienste. Gebrek aan sanitêre- en rioolgeriewe het dus sy bydrae tot die siektes en die dood bygedra.

Miskien was bogemelde toestand ook toe te skryf aan die feit dat diie Stadsraad volkome by die oorlogspoging betrokke was. Kaapstad moes die eise wat die oorlog aan haar gestel het, nakom.[221)] Die Burgermeester en sy Raad was totaal daarby inge-

---

219. P. Buirski: Mortality rates in Cape Town 1895-1980. A Broad outline. (C. Saunders, H. Phillips, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith (Eds.): Studies in the history of Cape Town Vol. 5/1984, p. 138
220. 3/CT 1/4/7/1/1/1/7. Report of the Health and Building regulations of the Corporation of the City of Cape Town: 1 October 1915, pp. 1-3.
221. A.J.B.Desmore: With the 2nd Cape Corps thro' Central Africa, pp. 7-14; Supplement to the Argus, 26 February 1982, p. 33.

trek. Plaaslike aangeleenthede sou menigmaal van sekondêre belang wees. Dit sou noodwendig onbevoorregte gemeenskappe nadelig tref. Hulle belange is op die agtergrond geskuif, terwyl hulle dierbares juis in die oorlogsloopgrawe gelê het.[222]

Die Eerste Wêreldoorlog en sy nasleep van sedelike verval en nooddruf het ook sy spore in o.a. Distrik Ses nagelaat. Boewery het hoogty gevier en bendes soos die Jesters, die Globes en die Killers het 'n skrikbewind gevoer.[223] Weens sy berugtheid het die gebied later die benaming "Kasbah" gekry.[224] Laasgenoemde was die verbode misdaadgebied in Tangier in Algerië in Noord-Afrika. Die teruggekeerde soldate wat daar diens gedoen het, het heelwat herinneringe daarvandaan teruggebring en oorvertel. Die boewe-element het daarvan te hore gekom en sommer gou "hul" gebied daarna vernoem.

Tegelykertyd het sosiale euwels toegeneem. Sedelose vroue, smokkelaars, dobbelaars en onwettige drank- en daggahandelaars het toegeneem.[225] Misdaad het oor die algemeen 'n "opbloei" beleef.

Baie skepe het, uit die aard van die saak, by Kaapstad aangedoen. Die Moederstad was bekend as die "Tavern of the seas". Dog; die onsedelike elemente onder die bemannings het ook hul weë na die

---

222. E. Hellmann and G. Cumberlege (Eds.): <u>Handbook on Race Relations</u>, pp. 536-537; Al J. Venter: <u>Coloured: A Profile of two million South Africans</u>, p. 257.
223. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 33.
224. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 33.
225. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, p. 44.

bordele van die agterbuurtes van o.a. Distrik Ses gevind.[226] Verwaarloosde en eensame vroue, baie van hulle oorlogsweduwees en die wat hul soldate-eggenotes "afgeskryf" het, het in die donker steë van die agterbuurtes in die dokkegebiede rondgedool.[227] Hulle het desnoods hul inkomste, om hul eie liggame en siele en dié van hul huisgesinne aanmekaar te hou, aangevul. Weliswaar was daar egter die "professionele straatvrouens", die gesoute ou garde vir wie dit al ʼn lewenswyse was. Vir albei groepe was die aandoenende skepe feitlik "goudmyne"!

ʼn Belangrike aspek van die Oorlog en sy naweë was die teruggekeerde soldate. Met betrekking tot laasgenoemde was die gekleurdes se situasie nie juis rooskleurig nie.[228] Hulle was oor die algemeen werkloos en ongevestigd met weinige vooruitsigte van plasing in die arbeidsmark. Die boubedryf was die enigste sektor waarin die geskoolde ambagsman opgeneem is.[229]

---

226. G. Manuel: Kampvegters, p. 44; UG 3-1921 Report of the Police Commissiioner 1921, pp. 28-29; pp. 6-7 (Appendix "C")
227. A.G.H. Loubser: De Achterbuurten van Kaapstad, pp. 46; 105-106; G. Manuel: Kampvegters, p. 44; SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II 1920, pp. 56; 274-290; Minutes of the meetings of the Home and Foreign Mission Society of the A.M.E. Church Bethel-congregation(Book no.2), 28 March 1917, (n.p.); The War Cry, 15 January 1916, p. 5; A.P.O. 26 September 1916, p. 5.
228. W.G. James and M. Simons: The Angry Divide, p. 103.
229. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, p. 275.

Voorts was die regeringstoelaag vir gekleurde oudgediendes maar karig. Hul pensioentoelaes was slegs drie-vyfdes van hul wit eweknieë.[230] Verminkte gekleurde oudsoldate het die powere bedrag van ongeveer 50 Britse ponde by ontslag ontvang. Voorts is daar ook nog verder op grond van kleur in sekere afdelings van die Leër gediskrimineer. Bogemelde besoldiging was heeltemal ontoereikend om 'n gesin aan die lewe te hou. Die sg. Goewerneur-generaal se fonds is geïmplimenteer om finansiële verligting te bring maar ook dit was beperk.[231] Daarteenoor het wit oudgediendes heelwat baat by dié fonds gevind.

Wit oudsoldate was in alle opsigte beter behandel en beter daaraan toe as hul gekleurde kamerade.[232] Hulle het politieke regte en seggenskap gehad wat op sy beurt ekonomiese bevoorregting gewaarborg het. Derhalwe het hul op sosiale gebied kop en skouers bo die ander uitgetroon.[233]

---

230. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II 1920, p. 57.
231. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II 1920, p. 277.
232. Minutes of the meeting of the Foreign Mission Society of the A.M.E. Church Bethel-congregation, (Book no.2) 23 May 1917.
233. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, p. 286; E.H. Brookes: The Colour Bar Problems of South Africa, p. 7; The Cape Coloured Corps and the Educational development of the Coloured People of South Africa 1795-1977, p. 160.

Die "Cape Corps Comforts Committee" het hul bes gedoen om finansiële verligting vir die gekleurde oudsoldate en hul gesinne te bring. Die arm weduwees wat hul mans en seuns op die oorlogsfront verloor het was egter verplig om werk te soek om die gesin aan die lewe te hou. Hul besoldiging was egter nie genoeg om hul huishuur en die voedselrekeninge vereffen nie.[234] En dan is die huishuur nog voortdurend verhoog. Die huisbase (landlords)het die situasie gewetelooε uitgebuit. Die meeste van wat "huise" genoem is was inderwaarheid eintlik skuilings en die mense moes boonop daarvoor betaal; soms tot soveel as 17 sjielings per week. Die afhanklikes van die gekleurde oudgediendes, dood of lewendig, was maar sleg daaraan toe.

Die volgende is 'n tipiese voorbeeld in bogemelde verband:

"Rent for two rooms, food for father, mother and four children at the rate of 1 shilling per head per day; 9 pounds: clothing 1 pound ten sjillings insurance, club payments etc. 10 shillings, sundries of lighting, fuel etc. 10 shillings; giving a total of 14 pounds and 10 shillings".[235]

---

234. A.P.O., 29 January 1919, (n.p.)
235. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers. Vol. II,1920, p. 278; Minutes of the meeting of the Home and Foreign Mission Society of the A.M.E. Church Bethel-congregation, (Book no. 2), 28 March 1917, (n.p.).

Dit was dus duidelik dat die gekleurde oudsoldate se toelaes hopeloos ontoereikend was.[236] Voorts was die volgende 'n alledaagse verskynsel: "Coloured districts (where) one will see half-starved little children ready to succumb to any disease that comes along".[237]

Dit was baie duidelik dat dit vir die gekleurdes om kop bo water te hou 'n stryd van lewe en dood was. Daar is van die regering verwag om die toelaes aan gekleurde oudsoldate te verhoog. Daar was positiewe tekens in daardie verband. Die gekleurdes het baie m.b.t. die oorlogspoging opgeoffer en dit was uiters laakbaar dat hulle só derderangs behandel is. Hulle het glad minder besoldiging ontvang as voor hul toetrede tot die oorlog![238] Die manne van die beroemde Kaapse Korps het hulle uitmuntend onderskei en het beter behandeling verdien. Hulle moes ten ene male nie toegelaat word om as leeglêers wat uitsluitlik van liefdadigheid afhanklik was te leef nie. En die meeste van die manne was bereid om te werk want "Coloured men adapt themselves very well indeed to work in factories or workshops.....they are equal to whites in aptness".[239]

---

236. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, pp. 278-279.
237. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, pp. 278-279.
238. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, p. 281.
239. SC 3-'20 Reports of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, p. 287.

Die gekleurde oudgediendes het aan die kortste ent getrek. Die grootste seer vir hulle as lojale burgers was egter dat die beter bedeling waarop hulle gehoop het nooit gematerialiseer het nie.[240] Die Unie-regering en Groot-Brittanje het hulle skromelik in die steek gelaat. Die rebelle wat die versetplegers teen die oorlogspoging was, dié en hul volksgenote het op die lange duur die beste daarvan afgekom.[241]

Die gekleurde oudsoldate en hulle mense is in alle opsigte skandelik behandel. Dit het selfs sy weerklank in die Britse Parlement gevind. Van daardie parlementslede was opsigtelik skaam oor hulle regering se optrede.[242] Die internasionale gemeenskap, hul eie mense en die Geskiedenis sal hulle egter as dapper krygsmanne onthou. Elke keer wanneer die seremoniële woorde "we will remember" by gedenkbyeenkomste m.b.t. die Eerste Wêreldoorlog of die begrafnis van 'n oudsoldaat uitgespreek word, sal ook aan die gesneuweldes uit die Kaapse Korps gedink word.

---

240. W. Hoods: The Cape Coloured Corps and the Educational development of the Coloured People of South Africa 1795-1977, p. 142; SC 3-'20 Report of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, p. 284.
241. SC 3-'20 Report of the Select Committee on War Pensions and Returned Soldiers, Vol. II, 1920, p. 290.
242. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp. 86-87; R.E. van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, pp. 25-26.

Om die gekleurdes se sosio-ekonomiese situasie in sy totaliteit te kan waardeer, na waarde te skat en in perspektief te sien, is dit ook nodig om die ligtere sy van hul maatskaplike lewe te ondersoek en te bespreek.

Ten spyte van hul armoede en swaarkry het die gekleurdes van Kaapstad tog ook gelag en gedans. Hulle was 'n musikale en musiek-liefhebbende gemeenskap wat nooit toegelaat het dat wanhoop en somberheid die oorhand oor hulle kry nie. Hul sonnige geaardheid het in hul sang uitdrukking en vergestalting gekry.[243)] Omdat hulle uit die normale sosiale lewe van Kaapstad uitgesluit was, het hulle 'n eie, unieke kulturele lewe ontwikkel.[244)]

Reeds sedert slawetyd was "georganiseerde" musiek die gekleurdes se geliefkoosde tydverdryf.[245)] Hulle het baie kere in orkeste by die swierige balle van die ryk, hooggeplaaste nedersetters opgetree. Hulle het ook vir hulself en hul gemeenskap pret gemaak. Die grondslag vir hierdie georganiseerde musiek en jolytmakery is gelê toe die Amerikaanse "Christy Minstrels"

---

243. A.P.O., 16 May 1914, p. 28.
244. A.P.O., 10 October 1919, p. 9; A.P.O., 29 August 1919, p. 9; A.P.O., 29 Janaury 1919, (n.p.); Al.J. Venter: Coloured: A profile of two million South Africans, p. 257; W. Hoods: The Cape Corps and the educational development of the Coloured People of South Africa, 1795-1977, p. 162; H. Helmann (Ed.): Handbook on Race Relations, p. 536.
245. Al J. Venter: Coloured: A Profile of two million South Africans, pp. 342-350.

Kaapstad in 1838 besoek het.[246] Met hul kleurryke kostuums en swartgesmeerde gesigte en wit kringe om die oë, het hulle Kaapstad in oproer met hul uitvoerings gehad. Die plaaslike musiekmakers het hul nageboots en hul eie "coon"- bewegings gestig.

Die "Coons", ofte wel die Kaapse Klopse, het 'n onlosmaaklike deel van die sosiale plesierlewe van die Kaapstadse gekleurdes geword. Hulle was diegene uit die mees nie-bevoorregte element van die gemeenskap. Die volgende uitspraak het dit raak beskryf: "...almost all rank and file participants were of lower-class origin...unskilled or semi-skilled".[247]

Die Kaapse klopse se "Groot Dae" was eintlik die Eerste-, Tweede en Derde Nuwejaar.[248] Dit het met grootskaalse organisering gepaardgegaan. Tegelykertyd was dit in groot "geheimsinnigheid" gehul. Laasgenoemde aspek het veral om die kleredrag gegaan. Daar moes hoegenaamd niks daarvan uitlek nie want die kostuums moes vir almal 'n verrassing wees. Die "Klopskamers" was byeneste van bedrywighede en die gemeenskap se mees bedrewe vak-

---

246. Cape Times, 20 April 1910, p. 9; Cape Times, 27 April 1910, p. 16; A.P.O., 10 October 1919, p. 7.
247. L.G. Green: Grow lovely, growing old, p. 195.
248. G. Manuel: Kampvegters, p. 46.

manne uit die snyerskorps is daarby betrek.[249] Wat die snyerskuns betref kon niemand in die ganse land by daardie manne kers vashou nie! Dit was hul mees jaloers-gekoesterde tradisionele ambag. Hulle was uitsluitlik uit die Moslem-gemeenskap.

Weldra het die "troepe" ofte wel "teams" hul na die strate van Kaapstad begeef en die ou Moederstad behoorlik op horings geneem. Dan is die stad aan hulle gegun want dit was die "vakansiedag van die Bruinman van Kaapstad".[250] Dan het hulle pretgemaak, gedans en gesing en vrolike welwillendheid aan een en almal betoon".[251] Hoe groter die organisering van die Klopse geword het hoe meer gekommersialiseerd het dit geword.[252] Daardeur het dit meer kompeterend geword, maar daar is van die spontane vreugde ingeboet. Van die hekopbrengste is egter aan liefdadigheid geskenk.

Die 'Klopse' was egter altyd 'n kontroversiële aspek en politieke turksvy by baie gekleurdes.[253] Dit was vir hulle 'n karikatuurvoorstelling van hulself en 'n belediging.

---

249. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 601.
250. C.W. Kamp: Hoe die Kaapse Kleurlinge "Tweede Nuwejaar" vier. (Die Huisgenoot, 3 Januarie 1925, pp. 20-21.)
251. C.W. Kamp: Hoe die Kaapse Kleurlinge "Tweede Nuwejaar" vier. (Die Huisgenoot, 3 Januarie 1925, pp. 20-21;) S. Jeppe: Coon Carnival (Ada, 1st and 2nd quarter 1990, pp. 20-23.)
252. G. Manuel: Kampvegters, p. 46.
253. Cape Times, 3 January 1930, pp. 8,12; G. Manuel: Kampvegters, p. 46.

Daar was juis in sekere wit kringe die opvatting dat hulle te ligsinnig, verspot en kinderagtig was om politieke regte te waardeer. Daar is gesê dat:

"Coons are both loved and despised, regarded as unique and deplored as abhorrent and typical eagerly anticipated and avoided accepted as natural and rejected as part of a vile philosophy of oppression".[254]

Tog was die Klopse oorspronklik, maar net vir die verarmdes van Kaapstad die geleentheid waardeur hulle hulself kon uitleef en Kaapstad hul "eiendom" kon maak. Dit was hul jaarlikse ontvlugting en ontsnapping uit die gevangenisskap van ellende waarin hul vasgevang was.[255]

Daar was talryke sosiale verenigings onder die gekleurdes van Kaapstad, die arm element onder hulle inkluis.[256] Van so vroeg af as 1901 was daar al die kebeienaars- en drywersverenigings, welsyn-, liefdadigheidsorganisasies en begrafnismaatskappye. Laasgenoemde het gewoonlik teen minimale koste moontlik, mense begrawe.

---

254. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 599; G. Manuel: Kampvegters, p. 46.
255. L.G. Green: Grow lovely, Growing old, p. 194.
256. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880- 1970, Parts I and II, p. 598.

Daar was ook die "groot getalle florerende sportklubs en 'n hele paar gekleurde "Masonic lodges".[257] Saam met die politieke organisasies en by uitstek die African Political Organization was hul hoofdoel om die sorgbehoewende onder die gekleurdes te hulp te kom asook om uitdrukking aan hul politieke aspirasies te gee. Ook dansorkeste het soos paddastoele oornag ontstaan en hulle het kulturele trots aan die gekleurdes verleen. Die orkeste het ook voor almal - rykes en armes - opgetree. Baie van hul lede was immers produkte uit die minderbevoorregte element van die gemeenskap.

Die skole het die voortou in die kulturele bedrywighede geneem.[258] Ofskoon hulle swak toegerus was en 'n gebrek aan fasiliteite soos sale gehad het, het hulle allerlei vertonings van kulturele aard op die planke gebring. Die sogenaamde koorsangkompetisies het legendaries onder die gekleurdes se gemeenskap geword. Hierin het die gekleurdes se hoogsgerespekteerde Teachers' League of South Africa die voortou geneem.[259] Dit was kulturele hoogtepunte van die jaar in die gemeenskap en gegoedes sowel as armes het daaraan deel gehad. Dit was hul ver-

---

257. G. Manuel: <u>Kampvegters</u>, pp. 45-46; L.G. Green: <u>Grow lovely, Growing old</u>, p. 193.
258. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 33.
259. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 33.

toonvenster aan die wit gemeenskap en tegelykertyd 'n sein en boodskap aan laasgnoemde dat hulle, wat talente betref, vir niemand agteruit hoef te staan nie; al was alles ook teen hulle "gelaai!"[260] Die beoordelaars, wat gewoonlik wit mense was, moes dit ook só aan hul gemeenskap en die onderwysowerhede oordra. Die resultate was nie alte suksesvol nie.

Drama was eie aan die gekleurdes van Kaapstad.[261] Hulle het, ten spyte van hul armoede, 'n lus vir die lewe gehad en dit het heelparty dramaklubs en juis in die arm gebiede soos Distrik Ses tot gevolg gehad.[262] Die mense was natuurlike akteurs en konserthou was vir hulle tweede natuur. 'n Eenvoudige vrypostige vrugteventer kon met sy kwinkslag en sêgoed en bypassende potsierlike gebare daarby, binne enkele minute 'n gehoor om hom versamel. Die arm Kaapstadse gebiede was soms die natuurlike "werkswinkels" van die kulturele ondernemings van die gekleurdes. Daarna is na die luukse sale van Wit Kaapstad uitbeweeg om daar op te tree. Almal was teenwoordig; van die hooggeplaastes tot

---

260. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 588.
261. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 588; A.P.O., 12 June 1913, p. 7.
262. G. Lewis: Between the Wire and the Wall, pp. 12-13; 75,89.

die eenvoudigste stadsbewoner.[263] Die gekleurdes wou ook die heersers oortuig dat hulle ook verdien om as ware landsburgers gereken te word. Baie van die wit leiers was daarvan oortuig dat die saak reggestel moet word, maar vrees vir kritiek en vooroordeel het altyd die oorhand gekry.[264]

Die dertigerjare (1930) was veral die bloeitydperk van debatsverenigings onder Kaapstad se gekleurdes.[265] Hier kon hulle uiting aan hul politieke en sosio-ekonomiese frustrasies gee. Dit was betekenisvol dat die onderwerpe meestal polities van aard was. By geleentheid is daar oor 'The Colour Bar" gedebatteer. Dit was dus 'n mite dat gekleurdes polities-apaties was. Die teendeel was waar, naamlik dat in soverre hul armoede en haglike toestande dit toegelaat het, hulle hulself polities georganiseer het. Die African Political Organization met die befaamde dr. A. Abdurahman as sy hoofleier was juis grotendeels uit die minderbevoorregtes van Kaapstad. Deur middel van laasgenoemde organisasie as forum het die gekleurdes hul saak gestel.

---

263. G. Manuel: District Six, p. 29; G. Manuel: Kampvegters, pp. 69-73; R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 591.
264. G. Manuel: Kampvegters, pp. 58-63; R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 590.
265. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, pp. 290-292; Cape Sun, 17 November 1933, p. 7.

Die veelgeroemde Eoan-groep voer sy wortels terug na 1933.[266] Hierdie kulturele organisasie wat 'n huishoudelike naam onder nie-wit sowel as witmense geword het, het groot hoogtes op opvoedkundige en kulturele gebied bereik. Dit het bykans alle soorte kulturele aktiwiteite soos die opera, operette, drama, dans, ballet, voordrag en sang beoefen. [267] Die Groep se "werkswinkels" was in die hartjie van Distrik Ses en sy lede en leerlinge het oor die hele spektrum van dié gemeenskap gestrek. Van hulle het groot nasionale en internasionale roem verwerf. Die Eoan-groep het in later jare in politieke troebel waters beland; aangesien toegelaat is dat die destydse sg. Departement van Kleurlingsake dit feitlik "oorgeneem" het deur dit te subsidieer. Die Groep het veral in intellektuele en opvoedkundige kringe ongewild geraak. Die Groep se verdediging m.b.t. sy optrede was egter dat daar 'n finansiële krisis ontstaan het. Die gemeenskap wat dit bedien het was te arm om dit te onderhou. Die organisasie moes dus noodwendig sy skrede na die betrokke owerheid wend.

---

266. D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, pp. 100-105; Al.J. Venter: Coloured: A Profile of two million South Africans, p. 13, 513; R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 591.
267. A.P.O., 6 December 1919, p. 11; R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970 Parts I and II, pp. 591-592.

Die sosiale geskiedenis van die gekleurdes van Kaapstad is 'n armoedegeskiedenis. "Poverty-stark poverty - is written across the lives of thousands, their dwellings, their food, their clothing".[268] Terwyl die oorgrote meerderheid van ellende krepeer het, het baie welwillende organisasies en individuele weldoeners hulle in hul nood te hulp gesnel. Die liefdadigheidsorganisasies en die goedhartige donateurs het feitlik die rol van die staat vervul. Laasgenoemde het hul verpligtinge teenoor die ellende-geteisterde gruwelik verwaarloos, of op sy beste, vierderangs behandel.[269] Tog was dié swak behandelde gemeenskap 'n sieraad vir die Moederstad, hul swakhede (soms van kunsmatige oorsprong en nie altyd inherent nie) ten spyt. Hulle het tot Kaapstad se kosmopolitiese karakter, sy internasionale roem, geloofwaardigheid en status bygedra en hulself aan hul vaderland en die wêreld bekendgestel.[270]

---

268. R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, pp. 591-592.
269. G. Manuel: Kampvegters, p. 69; G. Manuel: District Six, pp. 29-31; R.E. van der Ross: A Political and Social History of the Cape Coloured People 1880-1970, Parts I and II, p. 604.
270. S.W. Lavis: "The Christian ideal in Social work". Paper read at Volkskongres oor die armblankevraagstuk, Kimberley 1934, p. 202.

# HOOFSTUK 8

## SLOTBESKOUING: 'N KRITIESE EVALUERING

Armoede is 'n wêreldwye verskynsel wat vanaf die mens se verskyning op die aarde af sy ontstaan het. Elke volk of land het deur die eeue heen armoede op een of ander wyse ervaar. Die Goddelike uitspraak dat "die armes het julle altyd by julle"[1] het die stempel op daardie historiese feit en kosmiese waarheid geplaas.

Die begrip armoede is 'n relatiewe begrip met verskillende maatstawe, barometers en opvattings daaroor en uiteenlopende interpretasies daarvan. Benewens dit sal verskillende gemeenskappe waar ookal en gedurende verskillende tydperke, uiteenlopende menings daaroor koester en verskeie norms daaraan heg. Dog, in die lig van bogemelde aspekte sou die gekleurde gemeenskap van Kaapstad (1910-1933) gerieflik aan die etiket "'n arm-gemeenskap" voldoen.[2] Hulle het, objektief beskou, al die elemente wat op armoede betrekking het sigbaar en tasbaar ervaar. Hulle was inderdaad arm omdat die oogrote meerderheid van hulle

---

1. Die Bybel. (Nuwe Vertaling 1983.) Johannes 12:8, Markus 14:7, Matteus 26:11, Deuteronomium 15:4,11.
2. B.H. Kinhead-Weekes: A History of Vagrancy in Cape Town. (Second Carnegie. Inquiry into poverty and development in Southern Africa. p.3.

honger gely het, nie behoorlike huisvesting gehad het nie, karig besoldig is, onder die broodlyn geleef het, aan al die "armmansiektes" gely het en as armlastiges begrawe is. Dit was dus 'n bose kringloop van die wieg tot die graf.

Voorts was die gekleurdes feitlik van die tydperk af toe hulle as sulks bekend begin raak het d.w.s. reeds teen 1865 al,[3] van betekenisvolle strukture waarin verkose woordvoerders hul saak moes en kon bepleit en bevorder, verstoke.[4] Hul volkome afhanklikheid van 'n welvarende heersersklas het hul onderhorige posisie verder verskans. Dit sou hul voorland vir die volle twee dekades, d.w.s. wat die proefskrif betref, wees.

Die dilemma van die gekleurdes se armoedetoestand was dat dit oordraagbaar oftewel oorerflik was. Dit was egter nie toevallig nie. Dit is willens en wetens bepaal deur agtereenvolgende heersers en spesifieke wetgewing wat hulle toegepas het. Daar was ook nooit, veral ná die Vrystelling van Slawe (1834) 'n program van sosiale opheffing en hulp van owerheidsweë nie.[5] Die staat het altyd in gebreke gebly om ál sy landsburgers gelykregtig te behandel.

---

3. I. Golden: Making Race - the politics and economics of Coloured identity in South Africa, p.15.
4. A. Odendaal: Vukani Bantu - The beginnings of Black politics in South Africa to 1912, p.229.
5. R.E. Van der Ross: The Rise and Decline of Apartheid, p.7.

Besorgde individue en instansies het vir die gekleurdes in die bresse getree maar hul optrede, hoewel prysenswaardig, was slegs ´n druppel aan die emmer. Hulle is meestal deur ´n gebrek aan fondse aan bande gelê.

Die volgende vraag, m.b.t. kwessies soos bogemelde, hang altyd oor die geskiedskrywer: "What is the use of being an historian in such a situation? Is there anything we can do as individuals to alleviate in some measure the appalling ´burden of the present´?"[6] Die antwoord is ´n besliste "Ja"! Die navorser onderesteun laasgenoemde opvatting want hy is ´n dissipel van dié gedagteskool nl. dié van die New History (1876-1949) wat daardie geskiedenisfilosofie te wete "to explain the past in the interest of the present" verkondig.[7]

Een van die kwellendste oorsake van die sloerende historiese erfenis van armoede t.o.v. die gekleurdes was dat hulle, en veral van 1910 af, vir baie jare lank nie werklik op sinvolle wyse deel aan die regering van hul vaderland gehad het nie. Uit die staanspoor, by die Nasionale Konvensie (1908-1909) was dit

---

6. R. Hallet: Violence and Social Life in Cape Town in the 1900´2 (C. Saunders, H. Phillips. (Eds.): Studies in the history of Cape Town. Vol 2\1984, p.176.
7. B.J. Liebenberg: Unisagids 1. Geskiedenis B.A. Hons. (Vr.2), pp.107-110.

duidelik dat hul belange van sekondêre aard was. Enkele ligpunte soos die Verskanste Artikel m.b.t. hul stemreg (Kaaplandse) het vir hul weinig troos ingehou. Die Konsepgrondwet was vir hulle 'n politieke belediging. Dr. A. Abdurahman het dit as "wicked, unjust and un-British" bestempel.[8)] Die Suid-Afrika-Wet self is heftig deur die nie-wit mense teengestaan. Die A.P.O. het hierin 'n leidende aandeel gehad. Daar is besluit om die feestelikhede m.b.t. Unie-wording te boikot.

Die land se bestuurstrukture was vir hulle in groot mate ontoeganklik. Die magtige hefboom van politieke mag en wat byvoorbeeld daartoe bygedra het dat die verarmde wit Afrikaanssprekendes veral in die dertigerjare uit hul armblankedommoeras uitgelig is was nie vir die gekleurdes beskore nie.[9)] Dit was en is steeds 'n voldonge feit dat politieke onmag, nie-deelname en nie-seggenskap die enkele, grootste gebrek m.b.t. die gekleurdes se armoede was.[10)] Dit was vir die volle drie dekades onder bespreking nl. tot 1933 die geval.

Vir baie dekades het die gekleurdes die bestaande toedrag van sake gelate aanvaar en daarin berus. Dit was nie vanweë lafhartigheid of slapheid nie. Die oorgrote meerderheid van hulle het

---

8. L.M. Thompson: The Unification of South Africa 1902-1910, p.32.
9. C.W. De Kiewiet: Poor Whites and Poor Blacks, p.216.
10. A.P.O., 4 April 1914, p. 5. N. Rhoodie: Sosiale stratifikasie en Kleurlingskap, p.213.

maar net ´n ingebore vredeliewendheid gehad wat met ´n diep religieuse geloof en hoop gepaard gegaan het dat sake wel eendag reg sou kom. ´n Geliefde uitspraak en versugting van die oumense was: ´God slaap nie"! Die bordjies sou egter verhang word. Hulle sou met verloop van tyd met mag en mening terugslaan.

Na Unie-wording in 1910 het die gekleurdes onder die vaandel van die A.P.O. (in 1902 gestig) met dr. A. Abdurahman aan die spits landswyd polities begin organiseer. Hulle het in groot getalle by die beweging aangesluit en daar moes met hul organisasie rekening gehou word. Terselfdertyd het dr. Abdurahman se statuur meteories gestyg. Hy het respek by die volksleiers veral genls. J.C. Smuts en J.B.M. Hertzog afgedwing. Hy was ´n leier van formaat op nasionale sowel as plaaslike gebied. Dr. Abdurahman, ´n Moslem, was geliefd by sy geloofsgenote sowel as by Christene. Hy was van staatsmanformaat en sou van 1905 tot 1940 ´n oorheersende rol in die gekleurdes se politiek speel.11)

Soos deur geskiedenis bewys is was die arm nie-witmense tussen 1910 en 1933 die kwesbaarste t.o.v. die land se wisselende ekonomiese situasies. Die ryk potensiaal van Suid-Afrika se mannekrag, mits dit reg ingespan en benut was was egter instaat om

---

11. I Golden: Making Race - The politics and economis of Coloured Identity in South Africa, p.33; R.E. Van der Ross: (Ed.): Say it out Loud, pp.8-13.

'n ekonomiese klimaat daar te stel waarin almal in voorspoed en sonder broodsgebrek kon leef. Die land se ryk natuurlike bronne was instaat om sy burgers te voed. Vanweë 'n wanbalans aan volksbesteding en die feit dat die vrug van ekonomiese voorspoed altyd na sekere groepe gekanaliseer is was die ideaal van geregtigheid in die ekonomie buite die kwessie.

Volksgesondheid is een van die fondamentstene van die struktuur van die nasionale huishouding. In die hoofstuk daaroor word daar in diepte op ingegaan. Die land se historiese rekord t.o.v. die nie-witmense, en in dié geval die gekleurdes is, om die minste daarvan te sê, swak. En dit skyn of weinig gedurende die dekades en veral gedurende die tydperk onder bespreking (1910-1933) verander het. Een van die beste voorbeelde om die stelling te staaf is die gevreesde "moordenaar" tuberkulose. Dit is deeglik in die teks uiteengesit en met toepaslike statistiek toegerus. Tuberkulose het, soos deur die navorser aangetoon, sy meedoëlose, ongebreidelde slagting onder die gekleurdes voortgesit.[12)] Daar is op wetenskaplike wyse aangedui dat swak gesondheid en siekte tegelykertyd oorsaak sowel as gevolg van armoede was.[13)]

Onderwys is een van die hoofpilare van 'n geordende samelewing. Die nasie se jeug moes met die beste akademiese en geestelike

---

12. U.G. 34.-'14 Verslag van die Tuberkulose Kommissie van 1914.
13. U.G. 34.-'14 Verslag van die Tuberkulose Kommissie van 1914, p.42.

paraatheid toegerus wees. Die staat moes nie skroom en daarvan teruggedeins om maksimaal in die onderwys die land se jeug te belê nie. Hoe vanselfsprekend dit ook al vir enige selfrespekterende, soewereine land was, was dit nie die geval in Suid-Afrika nie.[14] Verdoemend is die uitspraak: "Suid-Afrika het klaaglik te kort geskiet om behoorlike onderwysgeriewe aan al sy mense te verskaf".[15]

In die betrokke hoofstuk word die onderwysopset t.o.v. die gekleurdes (1910)-1933) op diepgaande wyse behandel. Om standaardonderwys vir hul kinders te verkry was al klaar ´n probleem vir die gekleurdes, maar die gebrek aan verpligte onderwys was voorwaar ´n groot leemte op sigself. Dit het beteken dat gekleurde ouers hul kinders skool toe kon stuur wanneer en hoe hulle wou. Hulle kon nie wetlik vervolg word soos dit met wit ouers die geval was indien hulle in gebreke gebly het om hulle kinders skool toe te stuur nie. Verpligte onderwys was ´n belangrike hefboom t.o.v. bevoorregting en ´n gewaarborgde leierstoekoms in die samelewing.[16] Tot op 1933 het daarvan, wat die gekleurdes betref, niks tereggekom nie. Dit is histories bewys.

Gedurende die tydperk 1910-1933 was daar ´n groot getal gekleurde nie-skoolgaande kinders. Gedurende 1933 self was daar binne

---

14. F. Wilson and M. Ramphele.: Uprooting poverty. The South African Challenge, pp.138-147.
15. Die Burger, 24 April 1990, p.15.
16. A.P.O., 16 Julie 1910, pp.1 and 5; A.P.O.,4 April 1914,p.5.

die munisipale grense van Kaapstad alleen ongeveer 1000 van hulle wat geen onderwys ontvang het nie. En dit was slegs die amptelik-opgetekende syfer.[17]

Die "goedbeplande" leerplanne het beslis tot die historiese agterstand van die gekleurde kinders bygedra. Hulle sou nooit hulle volle potensiaal kon bereik nie. Die leerplanne sou hulle ook as volwassenes onbepaald onderhorig op elke gebied hou.

Die legendariese Sending- of Kerkskool met al sy gebreke (wat reeds teen die agtiende eeu sy beslag gekry het) het ´n ereplek in die gekleurdes se onderwys en harte verower.[18] Daar word steeds met piëteit en dankbaarheid na die Kerkskool teruggekyk. Uit die Kerkskool het die gekleurdes se akademiese, politieke en geestelike leiers gekom.

Vir baie van die sendelinge was dit as´t ware ´n goddelike opdrag om, benewens hulle geestelike roeping nl. die verkondiging van die Evangelie, onderwys aan die nie-wit kinders te verskaf. Hulle het hulle geroepe gevoel om dit te doen omdat die staatsowerheid ´n traagheid en onwilligheid aan die dag gelê het om dit te doen.

In die teks is ook bewys dat gekleurde leerkragte se salarisse

---

17. Cape Times, 2 November 1933, p.16.
18. U.W.C. Campus Bulletin Vol. 2 no. 11., 2 May - 8 May 1990, p.3.

deur die dekades heen en wel tot op 1933 steeds karig was en nie aan die standaarde van die onderwysprofessie voldoen nie. In ag genome die groot verskil in kwalifikasies sou wit leerkragte seker ´n saak hê. Waar gekleurde leerkragte egter wel dieselfde kwalifikasies as hul wit eweknieë gehad het is eersgenoemde swakker besoldig. Die sendingskoolleerkragte se salarisse was in elk geval so power as wat kon wees.[19)]

